

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)



SAKELYS vir die VYFDE SINODE gehou te Pretoria

16 - 21 September 1991

VERTROULIK!

Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat die Sinode oor sake daarin besluit het nie.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

INHOUDSOPGAWE

1. INHOUDSOPGAWE.....	i - ii
2. VOORWOORD.....	iii
3. ORDEREËLINGS.....	iv - v
4. DAGPROGRAM.....	vi - x
VERSLAG VAN	
5. SENTRALE KERKEKOMMISSIE.....	1 - 17
6. VERTEENWOORDIGER BY BYBELGENOOTSAP.....	18 - 19
7. KOMITEE VIR RADIO- EN TV-UITSENDINGS.....	20 - 21
8. BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE.....	22 - 38
9. KURATORIUM.....	39 - 50
10. KOMMISSIE VIR GEMEENTELIKE BEDIENING.....	51 - 57
11. JEUGKOMMISSIE.....	58 - 65
12. KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING.....	66 - 72
13. KOMMISSIE VIR KAPELAANSDIENSTE.....	73 -
14. KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENS.....	74 - 75
15. KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE.....	76 - 85
16. KOMMISSIE VIR FORMULIER EN LITURGIE.....	86 - 87
17. KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK.....	88 - 93
18. KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME.....	94 - 115
19. KOMMISSIE VIR BYBELVERTALING.....	116 - 123
20. KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE.....	124 - 158

21. AD HOC-KOMMISSIE: VOLKEREVERHOUDINGE.....	159 - 192
22. KOMMISSIE VIR FINANSIES.....	193 - 217
23. KOMMISSIE VIR ARGIEF.....	218 - 219

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

VYFDE SINODE 16 - 21 SEPTEMBER 1991

VOORWOORD

Ongeag die feit of ons dit nou noem 'n sakelys (oënskynlik met 'n effens doodse klankie) of agenda (dinge wat gedoen moet word - dit herinner aan aksie!) - behandel sal ons die sake moet behandel wat hierin verskyn. Binne die afgebakende tydperk 16 - 21 September 1991 eis die Vyfde Sinode rekenskap van sy kommissies oor hulle werksaamhede van die afgelope jaar.

Uit die verslae in hierdie sakelys verneem ons duidelik die polsslag van 'n jong kerk wat deur die genade van die Here onstuitbaar lewe - soms kinderlik, soms met die ontstuiptheid van puberteit - maar steeds deel van die blomende bruid van Christus.

Afgevaardigdes wat bevoorreg is om hulle kerkrade by dié sitting te verteenwoordig, word vriendelik dog dringend gevra om

- * die inhoud van die sakelys as vertroulik te beskou totdat die Sinode dit afgehandel het
- * die hele sakelys in die paar weke vóór die sitting aandagtig te bestudeer; *die inhoud sal tydens die sinodesitting as gelese beskou word;*
- * 'n eksemplaar van die Kerkorde saam te bring na die Sinode
- * die "Ordereëls vir Kerklike Vergaderings" op bl. 33-36 in die Kerkorde aandagtig te lees en te eerbiedig tydens die sinodesitting
- * onderling te reël dat na afloop van die Sinode, en na ontvangs van die Handeling, een afgevaardigde uit elke gemeente sy volledige stel sinodestukke aan die kerkraad vir bewaring en naslaandoeleindes oorhandig
- * gereeld voorbidding vir die komende Sinode te doen.

Mag u almal 'n wonderlik geseënde tyd belewe so na aan mekaar "saam op pad" (= sinode).

MC ADENDORFF

(Skriba van die SKK)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

ORDEREËLINGS

1. Waarnemende Voorsitter ooreenkomstig KO Bepaling 41E totdat Voorsitter gekies is: Dr JD Malan.
2. Waarnemende Skriba totdat Skriba verkies is: sal deur die SKK aangewys word.
3. Opening deur waarnemende Voorsitter: Skriflesing, sang en gebed
4. Verwelkoming deur
 - 4.1 Waarnemende Voorsitter
 - 4.2 Voorsitter, Kerkraad APK Pretoria-Oos
5. Verslag van Tydelike Kommissie vir geloofsbriewe
6. Konstituering
7. Aanwysing van stemopnemers en -tellers
8. Kennisname van Ordereëls vir Kerklike Vergaderings - word as gelese beskou
9. Verkiesing (Artikel 40 en Bepaling 41B)
 - * 9.1 Voorsitter (wat na verkiesing stoel inneem)
 - * 9.2 Ondervoorsitter
 - * 9.3 Skriba
 - * 9.4 Hulpskriba
 - * 9.5 Aktuaris
10. Benoeming van tydelike kommissies (voorlopige indeling deur SKK-Dagbestuur volgens voorkeure en bekwaamhede deur afgevaardigdes vooraf op vorm Sin.3 aangedui).
11. Vasstelling van Sakelys en Dagprogram
12. Openingsrede deur Voorsitter van vorige Sinode
13. Verslae van Permanente Kommissies
14. Nagmaal op uitnodiging van APK Pretoria-Oos
15. Verslae van Tydelike Kommissies vir
 - * A. Kerkregtelike Sake
 - * B. Finansies

- * C. Jeug en Verbondsonderrig
- * D. Barmhartigheidsdienste
- * E. Kapelaansdienste
- * F. Argief
- * G. Formuliere en Liturgie
- * H. Getuienis en Dissipelskap
- * I. Kerkleer en Etiese Norme
- * J. Besluiteregister van Sinodale besluite vir aandag van Kerkrade
- * K. Kerkmusiek en Kerksang
- * L. Mediaskakeling
- * M. Onderwys en Opvoeding
- * N. Samestelling van Permanente Kommissies
- * O. Ringsgroepering
- * P. Sending
- * Q. Algemene Sake
- * R. Verlofaansoeke
- * S. Notule
- * T. Literatuuruitstalling
- * U. Foto's
- * V. Geloofsbriewe
- * W. Akkommodasie
- * X. Administrasie en Administratiewe hulpmiddels
- * Y. Bybelvertaling
- * Z. Boodskap van Sinode aan gemeentes

16. Verkiesing van 5 lede (met sekundi) van SKK

17. Indeling van gemeentes in Ringe

18. Indeling van Ringe in groepe

19. Verkiesing deur Ringsgroepe van verteenwoordigers op SKK, met sekundi

20. Verkiesing van lede van Kuratorium

21. Verslag van Tydelike Kommissie vir Samestelling van Permanente Kommissies

22. Konstituering van Permanente Kommissies

23. Konstituering van RKA

- * 23.1 Vergadering van RKA waartydens verslag van BRKA behandel word
- * 23.2 Verkiesing van 5 lede (met sekundi) van BRKA

24. Mosies

25. Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

DAGPROGRAM

LET WEL:

- * 1. Die Sinode is geslote vir openbare media totdat die vergadering moontlik anders daarvoor besluit.
- * 2. Indien 'n afgevaardigde vanweë dringende omstandighede vir 'n tydperk afwesig moet wees uit die vergadering moet hy betyds - minstens die vorige dag voor 16:00 - by die Verlofkommissie aansoek doen op die voorgeskrewe vorm.

MAANDAG 16 SEPTEMBER 1991

09:00 - 12:00	Registrasie: 1. vir Sinode en 2. vir verblyf, etes en verversings. Let wel: Registrasie moet voor 12:00 afgehandel wees!
12:00 - 13:00	Kommissie vir Geloofsbriewe stel ná registrasie-verslag op.
13:00 - 14:00	Etenspouse
14:00	Sinodesitting neem 'n aanvang en program verloop soos in Ordereelings punte 1 - 11 en 13.
16:00 - 16:30	Koffiepouse
16:30 - 17:40	Verslag van Sentrale Kerkekommissie 1
17:40 - 18:00	Verlofaansoeke en aankondigings
18:00 - 19:00	Aandete
19:00 - 20:00	Verslag van Sentrale Kerkekommissie 2
20:00 - 20:45	Openingsrede
20:45 - 21:15	Teepouse
21:15	Tydlike Kommissies vergader

DINSDAG 17 SEPTEMBER 1991

07:00 - 08:00	Ontbyt
08:00 - 08:20	Bidstond
08:20 - 08:30	Aankondigings en reëlings
08:30 - 10:30	Konstituering as RKA en verslag van BRKA
10:30 - 11:00	Teepouse
11:00 - 12:45	Verslag van die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie (BRKA) Verkieping van 5 lede met sekundi vir BRKA
12:45 - 13:00	Aankondigings en uitdeel van notule van vorige dag
13:00 - 14:00	Etenspouse
14:00 - 15:45	Konstituering as Sinode Verslag van Kuratorium Verkieping van Kuratoriumlede
15:45 - 16:00	Aankondigings
16:00 - 16:30	Koffiepouse
16:30 - 17:30	Verslag van Sentrale Kerkekommissie 3 Verslag van Kommissie vir Gemeentelike Bediening (KGB)
17:30 - 18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke, aankondigings
18:00 - 19:00	Aandete
19:00 - 19:30	Behandeling van notule van vorige dag
19:30 - 20:30	Verslag van Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig
20:30 - 21:00	Teepouse
21:00	Tydlike Kommissies vergader

WOENSDAG 18 SEPTEMBER 1991

07:00 - 08:00	Ontbyt
08:00 - 08:20	Bidstond
08:20 - 08:30	Aankondigings en reëlings
08:30 - 09:00	Verslag van Tydelike Kommissies
09:00 - 10:30	Verslag van Kommissie vir Onderwys en Opvoeding Verslag van Kommissie vir Kapelaansdienste

10:30 - 11:00	Teepouse
11:00 - 12:45	Verslag van Kommissie vir Barmhartigheidsdiens Verslag van Kommissie vir Sending en Evangelisasie Verslag van Kommissie vir Formuliere en Liturgie
12:45 - 13:00	Aankondigings en uitdeel van notule van vorige dag
13:00 - 14:00	Etenspouse
14:00 - 15:00	Verslag van Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme
15:00 - 16:00	Verslag van Ad hoc-kommissie vir Volkereverhoudinge
16:00 - 16:30	Koffiepouse
16:30 - 17:30	Verslag van Finansiële Kommissie (FK 1)
17:30 - 18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke aankondigings
18:00 - 19:00	Aandete
19:00 - 19:30	Behandeling van notule van vorige dag
19:30 - 20:30	Verslag van Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS 1)
20:30 - 21:00	Teepouse
21:00	Tydlike Kommissies vergader

DONDERDAG 19 SEPTEMBER 1991

07:00 - 08:00	Ontbyt
08:00 - 08:20	Bidstond
08:20 - 08:30	Aankondigings en reëlings
08:30 - 10:30	Verslag van Kommissie vir Kerkregtelike Sake 2
10:30 - 11:00	Teepouse
11:00 - 12:45	Verslag van Kommissie vir Kerkregtelike Sake 3
12:45 - 13:00	Aankondigings en uitdeel van notule van vorige dag
13:00 - 14:00	Etenspouse
14:00 - 14:30	Verslae van Tydlike Kommissies
14:30 - 15:45	Verslag van Kommissie vir Kerkregtelike Sake 4
15:45 - 16:00	Aankondigings
16:00 - 16:30	Koffiepouse
16:30 - 17:30	Verslag van Kommissie vir Kerkang en -musiek

17:30 - 18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke en aankondigings
18:00 - 19:00	Aandete
19:00 - 19:30	Behandeling van notule van vorige dag
19:30 - 20:30	Verslag van Argiefkommissie
20:30 - 21:00	Teepouse
21:00	Tydlike Kommissies vergader

VRYPDAG 20 SEPTEMBER 1991

07:00 - 08:00	Ontbyt
08:00 - 08:20	Bidstond
08:20 - 08:30	Aankondigings en reëlings
08:30 - 09:00	Verkieping van 5 lede met sekundi vir SKK Verslae van Tydelike Kommissies
09:00 - 10:00	Verslag van Kommissie vir Bybelvertaling
10:00 - 10:30	Verslag van Verteenwoordigers op Streeksraad van SA Bybelgenootskap Toespraak en beantwoording van vrae deur ds Sep Boshoff, SA Bybelgenootskap
10:30 - 11:00	Teepouse
11:00 - 12:45	Verslag van Finansiële Kommissie 2
12:45 - 13:00	Aankondigings en uitdeel van notule van vorige dag
13:00 - 14:00	Etenspouse
14:00 - 15:45	Verslag van Finansiële Kommissie 3
15:45 - 16:00	Aankondigings
16:00 - 16:30	Koffiepouse
16:30 - 17:30	Konstituering van Permanente Kommissies
17:30 - 18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke en aankondigings
18:00 - 19:00	Aandete
19:00 - 19:30	Behandeling van notule van vorige dag
19:30 - 20:30	Nagmaalsviering
20:30 - 21:00	Teepouse

- 21:00 - 21:15 Konstituering van BRKA
- 21:15 Vergadering van ringsgroepe om streekverteenwoordigers op SKK
aan te wys.

SATERDAG 21 SEPTEMBER 1991

- 07:00 - 08:00 Ontbyt
- 08:00 - 08:20 Bidstond
- 08:20 - 08:30 Aankondigings, reëlings, uitdeel van notule van vorige dag
- 08:30 - 09:30 Verslae van Tydelike Kommissies
- 09:30 - 10:00 Behandeling van notule van vorige dag
- 10:00 - 10:30 Mediaverslag, en sake wat oorstaan
- 10:30 - 10:50 Mosies
- 10:50 - 11:00 Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE 16 - 21 SEPTEMBER 1991

VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE

TYDPERK: 22/9/1990 TOT 4/7/1991

1. PERSONEEL

1.1 Lede deur die Vierde Sinode verkies:

Prof WJG Lubbe, Di. IA Brink, MC Adendorff, Dr AG Burger, Dr. CI van Heerden

Sekundi, in dié volgorde:

Prof FAH van Staden, di. NJ Rautenbach, JJ(Jurie) Venter, Oudle. WLV Fick, JF du Plessis.

Tabel 1

RINGSGROEP	PRIMARIUS	SEKUNDUS
Noordkaap	Dr JA Scholtz	Di PG Stans NRJ van Zyl
Oos-Kaap	Ds GG le Roux	Oudle SB Treurnicht en SW Malan
Wes-Kaap	Ds PR Jonker	Di S Botes WFLiebenberg
Vrystaat	DsJEngelbrecht	DsJAC Erasmus
Natalia	Dr MFM Pretorius	Ds CJJ v Rensburg oudl HCG Bester
N-Transvaal	Ds JA du Plessis	Dr E Friis Ds M Eilers
PWV en S-Tvl	DsNJ Rautenbach	Di AJ Taute DR Schwartz
Wes-Tvl	Ds MJ Hartzenberg	Di AJ Taute JJ Venter
Oos-Tvl	Ds A Boshoff	Ds JH vd Walt
Etosha	Dr EM Viljoen	Oudle WS Blaauw, JP Fouché

1.2 Verteenwoordigers deur ringsgroepe benoem:

Sien tabel 1 (links onder).

1.3 DAGBESTUUR

Op sy eerste vergadering het die SKK sy Dagbestuur soos volg verkies:

Voorsitter: Prof WJG Lubbe
 Ondervoorsitter: Ds IA Brink
 Skriba: Ds MC Adendorff
 Hulp-skriba: Ds NJ Rautenbach
 Addisionele lid: Dr CI van Heerden

2. VERGADERINGS

Die SKK het tot op 4 Junie 1991 ses keer vergader en wel op 22/9/1990, 25/10/1990, 21/11/1990, 22/1/1991, 21/2/1991 en 4/6/1991. Een vergadering word nog beplan vir 6/8/1991. By elke vergadering is verslag gelewer oor die werksaamhede van een of meer subkomitees en/of verteenwoordigers wat onder toesig van die SKK werk.

Dié verslae sluit in:

2.1 Dagbestuur:

Verslag oor die werksaamhede van die Dagbestuur wat tot 4 Julie 1991 17 keer vergader het en waaroor gereeld by die SKK verslag gedoen word.

2.2 Publikasiekomiteeverslae:

Die Dagbestuur tree ook op as Publikasiekomitee en verslag oor publikasies is by elke gewone Dagbestuursvergadering gelewer. (Kyk Aanvullende verslag van SKK)

2.3 Verslag van die verteenwoordiger van die APK by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika:

(Kyk Bylae SKK .A)

2.4 Verslag van die APK-waarnemer op Serkos.

Geen verslag aan Sinode ontvang nie.

2.5 Verslag van die komitee vir Mediaskakeling.

2.6 Verslag van Komitee vir Radio en TV - Bylae SKK .B

3. SAKE NA SKK VERWYS DEUR DIE VIERDE SINODE

3.1 Okkultiese bedrywighede (Hand. bl. 497)

Opdrag om toenemende okkultiese bedrywighede onder aandag te bring van onderwysdepartement, SAUK, TV en die Publikasieraad

Die SKK het van verskillende persone inligting aangevra oor die onderwerp, maar nog geen reaksie is op die skrywes ontvang nie. Die opdrag van die Sinode kon dus vanweë gebrek aan inligting nie uitgevoer word nie.

3.2 Steun aan Suid-Afrikaanse Polisie (Hand. bl. 498)

Stryd teen Satanskultusse

Ten einde sinvolle en gemotiveerde steun aan die SAP te bied in die poging om wetgewing teen Satanskultusse daar te stel, is inligting aangevra van 'n kenner op die gebied, nl. Maj. Jonker. Hy het egter vanweë die sensitiwiteit van die aangeleentheid nie sy weg oopgesien om inligting beskikbaar te stel nie, en daarom kon ook dié opdrag vanweë gebrek aan inligting nie uitgevoer word nie.

3.3 Pamflette:

Verslae oor Islam, Hindoeïsme, Bevrydingsteologie, Satanisme en Demone in pamfletvorm (Hand. bl. 498) Dié aangeleenthede is verwys na PKKEN, en daar word nog gewag op reaksie van dié kommissie.

3.4 Sondagheiliging

(Hand. bl. 542: Versoek dat owerheid voorbeeld stel)
'n Duidelike skriftuurlike beskouing oor die heiliging van die Sondag is opgestel en aan die owerheid besorg. Dit is ook in "Die BoodsAPPER" gepubliseer.

3.5 Godsdienskarakter van Radio- en TV-uitsendings

(Hand. bl. 542)
Die saak geniet nog aandag van die subkomitee vir Radio en TV.

3.6 Versoek aan Staatspresident

(Hand. bl. 565)
Die versoek is skriftelik aan die Staatspresident oorhandig tydens die gesprek met hom waaroor later in hierdie verslag berig word.

3.7 Appèlsaak, lidmate van Belfast

(Hand. bl. 571)
'n Afvaardiging van die SKK het saam met 'n afvaardiging van die KKS 'n broederlike

gesprek met betrokke gemeentede, die Ringskommissie en lede van die kerkraad gevoer op 5/12/1990. Gesindheid het verbeter maar KKS is gevra om nogtans met die ondersoek soos deur die Sinode opgedra, voort te gaan.

3.8 Voortbestaan van SKK

(Hand. bl. 577)

Die saak geniet steeds aandag en verslag daaroor sal in die Aanvullende verslag van die SKK opgeneem word.

3.9 Vroueaksie en Vrouesake

(Hand. bl. 587 - 589)

In opdrag van die SKK het die Dagbestuur drie lede, t.w. ds IA Brink, dr CI van Heerden en ds NJ Rautenbach aangewys om deel te neem aan die gesprek tussen verteenwoordigers van die SKK, KKS en PKKEN en die AK van die Vroueaksie. Meer as een gespreksgeleentheid is gehou en verslag daaroor sal in die Aanvullende verslag van die SKK aangebied word.

3.10 Onderwys

(Hand. bl. 612)

Die SKK het die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding gevra om 'n konsepbrief op te stel waarin die owerheid gevra word dat Christelik-volkseie onderwys aan alle opvoedkundige inrigtings in ons land gehandhaaf sal word. Sodra die konsep ontvang word, sal die SKK die opdrag uitvoer.

3.11 Hospitaalbesoek

(Hand. bl. 614)

Wanneer lidmate vanuit verafgeleë gemeentes in stedelike hospitale opgeneem word, kan gemeentes steeds soos in die verlede met die Sentrale Kerkkantoor skakel om te reël dat 'n leraar die lidmate besoek.

3.12 Herderlike brief

(Hand. bl. 619)

Die SKK het die Herderlike brief gefinaliseer en dit in "Die Boodskapper" gepubliseer.

3.13 Sinode in reses

(Hand. bl. 619)

Die SKK het alle nodige reëlins getref sodat die Vierde Sinode wat op 22 September 1990 te Parys in reses gegaan het, die sitting op 26 en 27 Oktober 1990 in Pretoria kon voortsit.

3.14(a) Onderzoek na moontlike beurtelinge verslag van kommissies

(Hand. bl. 619)

Aangesien die Sinode moontlik kan besluit om voortaan tweejaarliks te vergader, het die SKK geoordeel dat liefs alle Kommissies by die Vyfde Sinode verslag moet doen.

3.14(b) Hanteerbare sakelys vir Sinode

(Hand. bl. 672)

Vanweë die feit dat vele verslae nie betyds op 21 Junie 1991 vir die sakelys aangebied is nie, was dit baie moeilik vir die SKK of sy Dagbestuur om oor die hanteerbaarheid van die sakelys te oordeel. Na verwagting behoort die sakelys egter hanteerbaar te wees.

3.15 Goedkeuring van Sinodenotule 6de, 7de en 8ste sittingsdag

(Hand. bl. 619 en 677)

Volgens opdrag het die SKK in oorleg met die KKS en die Kuratorium die notule goedgekeur op 21/11/1990.

3.16 "Die Boodskapper" - agterstallige intekengeld - beroep op kerkrade

(Hand. bl. 666)

Die SKK het die aangeleentheid verwys na die Redaksie van "Die Boodskapper" en verslag daaroor sal in die Aanvullende verslag van die SKK gedoen word.

3.17 Sakebestuurder "Die Boodskapper"

(Hand. Bl. 666)

Die SKK het na deeglike oorweging besluit om voorlopig nie 'n sakebestuurder in samewerking met die BRKA aan te stel nie. Dié aangeleentheid vorm onderdeel van 'n ondersoek na uitbreiding van die administrasie waarby die SKK en die BRKA betrokke is. Afhangende van die uitslag van die ondersoek en die goedkeuring van die begroting van die BRKA, kan hierdie aangeleentheid weer die aandag geniet van die volgende SKK en BRKA.

3.18 Die Gideons

(Hand. bl. 667)

Die SKK rapporteer in sy Aanvullende verslag oor die saak.

3.19 "Ontmoet die APK" en Sending

(Hand. bl. 673)

Die SKK het opdrag gegee aan dr Cl van Heerden om die sendingbeleid van die APK in verkorte vorm te verwerk sodat dit in "Ontmoet die APK" opgeneem kan word sodra die publikasie herdruk moet word. 'n Herdruk is nog nie nodig geag nie omdat aansienlike hoeveelhede van die boekie nog beskikbaar is.

3.20 Aansoeke om preekbeurte by SAUK

(Hand. bl. 674)

en

3.21 Onderhandelinge in verband met uitsaaigeleenthede

(Hand. bl. 678 - 679)

Dié sake geniet steeds aandag van die SKK. Verslag oor die vordering word gerapporteer in die Bylae SKK .B, die verslag van die betrokke subkommissie.

3.22 Lys van militêre opleidingskampe in "Die Boodskapper"

(Hand. bl. 675)

Die SKK het die Kommissie vir Kapelaansdienste versoek om so 'n lys te verskaf. Volgens mondelinge mededeling deur die Voorsitter van die Kommissie ag die SAW die publikasie van so 'n lys as ongewens, gesien die veiligheidsrisiko wat dit kan meebring.

3.23 Ordereël 29 en goedkeuring van sinodale notules

Die SKK het probeer reël dat aan die opdrag uitvoering gegee word.

3.24 Plek van Vyfde Sinodesitting 1991

(Hand. bl. 677)

Aanvanklik is uitvoering gegee aan die opdrag om die sinodesitting te Potchefstroom te reël. Die volgende komplikasies het egter ingetree:

- 1. Huurtarief verhoog:
Ná aanvanklike beskikbaarstelling van die sinodesaal van die Geref. Kerke te Potchefstroom teen 'n bepaalde tarief, het die SKK later kennis gekry dat die huurtarief vir die saal drasties verhoog is, en as die verhoging die SKK nie geval nie, kan hy 'n ander plek vir die sinodesitting soek.
- 2. APK Parys en Ring van Graniët:
Vertoë is van APK Parys en die Ring van Graniët ontvang om die sinodesitting te Parys te reël.

- 3. Aankoop van eiendom: Pretoria: Verwickelinge in die aankoop van eiendom het die BRKA genoop om die SKK te versoek om die sinodesitting in Pretoria te reël.

Nadat die SKK die eerste twee komplikasies hierbo oorweeg het, het hy besluit en ook reëlins begin tref om die sinodesitting te Parys te laat plaasvind. Die omstandighede rondom die derde komplikasie het egter daartoe gelei dat uiteindelik besluit is om die sinodesitting in die kerkgebou van die AGS, Corpus Christi, te laat plaasvind. Besonderhede in die BRKA-verslag sal hierdie besluit verder toelig.

3.25 Groeteboodsappe van ander Afrikaanse Kerke aan Sinode

(Hand. bl. 678)

Gesien die besondere stadium waarin die APK tans verkeer in sy gesprek met ander Afrikaanse kerke, het die SKK dit nie gerade geag om nou uitnodigings aan ander Afrikaanse kerke te rig om groeteboodsappe aan die Sinode oor te dra nie.

4. SENTRALISERING VAN KOMMISSIEVERGADERINGS

Ten einde reistyd en reiskoste te bespaar - heelwat kommissielede dien op meer as een kommissie - het die SKK in samewerking met die Sentrale Kerkkantoor, ander Sinodale Kommissies by twee geleenthede uitgenooi om 'n gewone vergadering binne 'n week van vergaderings te hou. Gekoppel aan 'n uitnodiging van die Kuratorium na 'n Teologiese dag op 19 Februarie 1991, is op dié wyse 'n week van vergaderings gehou vanaf 18-22 Februarie 1991. Vanaf 3-7 Junie 1991 is weer so 'n week van vergaderings gehou. Ook by ander geleenthede is probeer om tyd en koste te bespaar by wyse van sametrekking van vergaderings.

5. GEMEENTES GESTIG NA DIE VIERDE SINODE 1990

Die volgende 29 AP Kerke is na die vierde Sinode gestig:

Amersfoort (90.10.21), Lindley (90.10.21), Hoopstad (90.10.21), Ellisras (90.11.11), Worcester (90.11.11), Wesmoot (90.11.18), Calvinia (90.11.26), Bethal (90.11.29), Daniëlskuil (90.11.29), Odendaalsrus (91.01.20), Krugersdorp (91.02.03), Griekwastad (91.02.11), Laingsburg (91.02.12), Steynsrus (91.02.14), Northam (91.02.17), Maclear (91.02.17), Kareedouw, (91.03.17), Alexandria (91.03.24), Cradock (91.04.04), Grens (91.04.06), Oos-Griekwaland (91.04.14), Zoar (Oranjeville) (91.04.21), Amajuba (91.04.25), Jagersfontein/Fauresmith (91.05.05), Marken (91.05.12), Vaalwater (91.05.12), Leandra (91.06.09), Elliot (91.06.09), Leonardville (91.06.16), Grootfontein (91.06.23)

6. NUWE LERAARS SEDERT VIERDE SINODE

Die Dagbestuur van die SKK het na die Vierde Sinode (einde Oktober 1990) tot einde Mei 1991 twalf leraars tot die bediening in die APK toegelaat, naamlik:

JB Trollip (90.12.23), L de Waal (91.01.01), CD Koen (91.01.01), dr HJ Smith (91.01.01), JG van Staden (91.01.06), AP Boshoff (91.01.06), HC Venter (91.02.01), Dr JH Ellis (91.03.01), PB Müller (91.04.01), P Aucamp (91.04.05), JH van Vuuren (91.04.07), JD Maloney (91.05.26)

Die APK beskik tans oor die dienste van 105 predikante. Slegs een leraar, t.w. ds JD Maloney het op datum van skrywe van hierdie verslag, nog nie 'n beroep aangeneem nie.

7. GEMEENTES SONDER LERAARS

Daar is steeds vakante gemeentes wat huiwerig is om op vaste basis van 'n leraar se dienste gebruik te maak.

7.1 AANBEVELING:

Die Sinode herinner kerkrade van vakante gemeentes wat huiwerig is om op vaste basis van 'n leraar se dienste gebruik te maak, daaraan dat

- *(i) die sieleheil van lidmate voorrang behoort te geniet bo enige stoflike belange van 'n gemeente;*
- *(ii) dat naas beroeping van 'n voltydse leraar, daar steeds ander moontlikhede is om 'n leraar se dienste te bekom, bv. deur kombinasie of bedieningsooreenkoms met ('n) ander gemeente(s); deur 'n leraar met beperkte opdrag te bekom of deur van die dienste van reisende leraars gebruik te maak.*

8. REISENDE LERAARS

8.1 Versorging deur SKK:

Met uitsondering van di. L de Waal en HC Venter, het al die leraars onder punt 6 genoem, vir korter of langer tyd reisende diens gelewer. Tot op die stadium dat 'n gemeente vir hulle verantwoordelikheid geneem het, is die leraars ooreenkomstig 'n diens- en versorgingsooreenkoms deur die SKK versorg.

8.2 Gemeenteleraars:

Benewens die diens gelewer deur hierdie leraars, is ook soms van gemeenteleraars gebruik gemaak vir reisende diens in oorleg met hulle kerkrade. Dr CI van Heerden het APK Namakwaland besoek, ds HB Heymans, APK Beaufort-Wes, en ds AE van den Berg verskeie gemeentes in die Wes-Kaap; ds IA Brink het APK George besoek; dr JD Malan het APK Grootfontein gestig en vir enkele weke

besoek; ds JD van der Merwe het die omgewing van Leonardville in SWA besoek en APK Leonardville gestig. Volledige en insiggewende verslae is van al die leraars oor hulle besoeke ontvang.

9. ONTOEREIKENDE TRAKTEMENT VAN LERAARS

Ondanks die Sinode se dringende beroep op kerkrade tydens sy vorige vergadering om leraars te vergoed volgens riglyne deur die Finansiële Kommissie (FK) neergelê, is daar steeds kerkrade wat hul leraars minder as die behoorlike vergoed.

9.1 AANBEVELING:

Die Sinode herinner kerkrade daaraan dat ontoereikende traktement 'n leraar en sy gesin onmiddellik benadeel, maar ook andersins benadeel t.o.v. moontlike uitbetalings aan ongeskiktheid en pensioen. Die Sinode doen derhalwe 'n beroep op kerkrade om bedienaars van Gods Woord wat gemeentes bedien, stoflik toereikend te versorg.

10. SKAKELING MET KERKRADE

Die SKK het benewens korrespondensie met individuele kerkrade oor besondere aangeleenthede, ook deur middel van die volgende omsendbriewe met kerkrade in die algemeen geskakel:

- 29/90 - reëlins in verband met 7e en 8ste sittingsdag van Vierde Sinode, waarby ingesluit Notule van 6de sittingsdag.
- 31/90 - Bestelvorm vir Kerkjaarboek, intekenvorm vir "Die Boodskapper", versoek om voorbidding vir gesprek met Staatspresident.
- 3/91 - Rooster vir Kommissievergaderings 8-22 Februarie 1991

- 4/91 - Dankdag, Sinodebesluite, keerdatum vir ontvangs van stukke vir sakelys van Vyfde Sinode, gemeentelike verslagvorm vir Ringe ingesluit (12 Februarie 1991)
- 6/91 - Rooster vir vergaderings 3 - 7 Junie 1991
- 7/91 - Geloofsbriewe vir Ringsittings
- 8/91 - Kennisgewing van Vyfde Sinode te Parys
- 10/91 - Verbeterde vergaderingrooster 3 - 7 Junie 1991.

11. INTERKERKLIKE VERHOUDINGE

Samesprekings is gevoer met verteenwoordigers van die Afrikaanse Ortodokse Kerk en lede van die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk.

11.1 Afrikaanse Ortodokse Kerk:

Eersgenoemde kerk het aansluiting gesoek by die APK op so 'n wyse dat die enigste gemeente van dié kerk met sy leraar as gemeente en leraar van die APK ingeskakel kan word. Verteenwoordigers is meegedeel dat die 120 lidmate van dié gemeente maar op die gewone wyse aansoek moet doen vir opname in APKerke (gemeentes), en die leraar is aangeraai om sy admissiestudie te voltooi en daarna verdere opleiding aan die Teologiese Skool van die APK te deurloop.

11.2 NG Kerk:

Verslag oor die gesprek met die NG Kerk sal òf in die Aanvullende verslag van die SKK òf mondeling tydens die Sinode gelewer word.

11.3 Ned Herv Kerk:

Volgens ooreenkoms moet die SKK 'n gespreksgeleentheid reël met verteenwoordigers van die Nederduitsch Hervormde Kerk en dié reëlings geniet nog aandag. Verslag daaroor sal hopelik in die Aanvullende verslag gelewer kan word.

12. SKAKELING MET OWERHEID

Op 22/11/1990 het 'n afvaardiging van die SKK, bestaande uit proff. WJG Lubbe, A Swart, di. MC Adendorff, IA Brink, NJ Rautenbach en dr CI van Heerden gesprek gevoer met die Staatspresident. Hoofsaak van wat voorgedra is, is in "Die Boodskapper" gepubliseer.

Besonderhede oor 'n uitnodiging deur die Staatspresident tot 'n volgende gesprek en die reaksie van die SKK daarop sal in die Aanvullende verslag van die SKK verskaf word.

13. GESPREK MET REGTER P OLIVIER

Die Dagbestuur het op 22/11/90 'n gesprek met regter Olivier op sy uitnodiging gevoer oor die voorgestelde akte van menseregte. Dit het uit die gesprek geblyk dat die Suid-Afrikaanse Regskommissie op 3 - 5 Desember 1990 'n finale konsep aan die regering sou voorlê. In dié konsep is die religieuse besware van die Dagbestuur, APK Primrose en APK Germiston, en APK Pretoria-Oos opgeneem.

Voorts het regter Olivier onder meer die volgende mededelings gedoen:

- By die interpretasie van enige akte van menseregte moet die multikulturele aard en samestelling van die bevolking van Suid-Afrika in ag geneem word.
- By 'n interpretasie van die akte moet waar toepaslik die

Godvresende agtergrond van die bevolking in ag geneem word.

- Die godsdien-, taal- en kultuurwaardes word in die nuwe konsepkte behou, en voorts word bepaal dat niemand bevoordeel mag word omdat hy 'n bepaalde kultuur of godsdien aanhang nie.
- In artikel 17 is 'n verwysing ten opsigte van die reg op assosiasie en dissosiasie voorgestel. Die verbod op diskriminasie word beperk tot kleur of ras.
- Op onderwysgebied word aan die hand gedoen dat moedertaalonderwys van die eerste tot die laaste skooljaar as fundamentele reg erken word. Daar word ook voorgestel dat die reg om privaatskole, inrigtings en universiteite op te rig waarby geen staatsteun betrokke is nie, as fundamentele reg erken word, en dat sodanige inrigtings die outonomie het om te besluit wie daar toegelaat word.

Die Dagbestuur van die SKK het sy argumente teen die akte van menseregte hoofsaaklik gebou rondom die basiese beswaar dat die erkenning van God nie daarin tot sy reg kom nie. Die uitgangspunt van die akte is Godloos.

Die Dagbestuur kon met vrymoedigheid sy standpunte stel en die gesprek het in aangename gees verloop.

14. VERSLAG VAN DIE PUBLIKASIEKOMITEE

'n Volledige verslag oor die werksaamhede van die Publikasiekomitee sal in die Aanvullende verslag van die SKK aangebied word.

15. VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR MEDIASKAKELING

Kragtens sy lasgewing funksioneer die Dagbestuur van die SKK as Kommissie vir

Mediaskakeling. (Hand. Vierde Sinode bl. 670).

15.1 Buitelandse besoekers:

Die Voorsitter van die Dagbestuur het 'n onderhoud met mnr Bart de Graaff en mev Vredfeld van Nederland gevoer, ook met mnr Andreas Handstein, 'n joernalis van Duitsland, en met mnr Bob Slimp van die VSA.

15.2 Radio en TV:

Die Voorsitter is ook betrek in 'n onderhoud oor die Radiogodsdienprogram en in twee TV onderhoude.

15.3 Joernaliste:

Daarbenewens is van tyd tot tyd navrae van ander joernaliste beantwoord deur die Voorsitter of die Direkteur van Kerkadministrasie; onder meer het joernaliste van "Beeld", "Patriot" en "Vrye Weekblad" navrae gedoen of onderhoude gevoer.

16. FOTO'S TWEDE SINODE

Na uitgerekte onderhandelinge is uiteindelik daarin geslaag om die foto's van die Tweede Sinode te bekom. Hoewel die eindproduk nie aan die verwagtinge voldoen het nie, het die SKK tóg besluit om die foto's te aanvaar omdat dit onder omstandighede die beste haalbare resultaat was.

17. STUDIELENINGS AAN JONG LERAARS

Die SKK het kennis geneem van enkele jong leraars wat gebuk gegaan het onder

die las van studieskulde. Die SKK het hom genoep gevoel om die leraars tegemoet te kom en in oorleg met mev Sanet Smit van SANLAM is 'n besondere leningstelsel ontwerp. Kortliks kom dit daarop neer dat die BRKA 'n uitkeerpolis met lewens- en ongeskiktheidsdekking op naam van die lener uitneem. Die lener betaal dan die premies vir die polis, maar die uitkeerbedrag word die eiendom van die BRKA. Die grootte van die polis maak voorsiening vir rentedekking van die lening. Die bedrag wat so by wyse van die uitkeerbedrag geïen word, word gestort in 'n fonds waaruit leraars in die toekoms met studieskuld gehelp kan word.

18. GELDELIKE HULP AAN GEMEENTES

Ten einde so 'n volledig moontlike beeld te bied, sal verslag hieroor in die Aanvullende verslag van die SKK aangebied word.

19. GEBRUIK VAN KERKEMBLEEM

Die SKK het van verskeie kerkrade versoeke ontvang vir die gebruik van die embleem (Kerkseël) van die APK op allerlei artikels vir bemarking, bv. T-hempies, sleutelhouers ens. Toestemming is gegee op voorwaarde dat voorbeelde eers vir goedkeuring aan die SKK voorgelê word.

Dit blyk egter noodsaaklik te wees dat 'n beleid vir die gebruik van die embleem op sodanige artikels neergelê word.

19.1 AANBEVELING:

Die Sinode benoem 'n ad hoc-komitee om tydens die sitting 'n beleid vir die gebruik van die Kerkseël te formuleer en aan die Sinode vir goedkeuring voor te lê.

20. OORGESTANE AANBEVELINGS VAN SKK 1990

In die agenda van die SKK aan die Vierde Sinode het aanbevelings ten opsigte van sekere beskrywingspunte oorgestaan. Van dié beskrywingspunte wat sake aanraak wat nie vanjaar elders in die sakelys gedek word nie, word nou hier aangebied.

20.1 JAARBOEK VAN DIE APK EN DAGSTUKKIES

(Agenda bl. 82 pt. 15)
Die Sinode besluit dat

20.1.1 Daar jaarliks direk na voltooiing van daardie jaarboek se dagstukkies met die skryf van dié van die volgende jaar se dagstukkies begin moet word.

20.1.2 Die dagstukkies moet aan die hand van die Kerklike jaar opgestel word.

20.1.3 Die Sinode gee opdrag aan die opstellers van die nuwe Kerkjaarboek om die Sinodebesluit van 1989, dat slegs die 1953 vertaling van die Bybel gebruik word, te handhaaf.

Motivering

Om sodoende meer tyd tot meer leraars van die AP Kerk se beskikking te stel en aldus 'n wyer verskeidenheid van skrywers en gedagtes tydig beskikbaar te hê.

RING VAN BEAUFORT-WES

20.1.4 AANBEVELING VAN DIE SKK

Die Sinode besluit

*20.1.4.1 Voor Desember:
dat die Kerkjaarboek jaarliks vóór 1 Desember gedruk moet wees vir die volgende jaar en bestellers moet bereik vóór die daaropvolgende 15 Desember;*

*20.1.4.2 Kerklike jaar:
dat dagstukkies by die Kerklike jaar aangepas mag word;*

20.1.4.3 1953 Bybelvertaling:
dat slegs die Afrikaanse Bybelvertaling van 1953 in dagstukkies aangehaal moet word en ander Bybelvertalings slegs ter toeligting aangehaal mag word.

20.2 WYSE WAAROP GEMEENTES KOMBINEER

20.2.1 Die Sinode besluit dat die SKK in oorleg met die Ringskommissies, 'n deeglike ondersoek vir die hele AP Kerk sal instel na die groepering van gemeentes wat kombinasies vorm met die oog op die bediening deur 'n leraar. Die bevindinge sal dan, waar van toepassing, na die Ringe gestuur word as aanbevelings van die SKK oor die mees praktiese en sinvolle groepering van gemeentes sodat die bediening deur die beskikbare leraars op die doeltreffendste wyse kan geskied.

Motivering:

Die kombinerings van gemeentes het plaasgevind na gelang die stigting van die gemeentes plaasgevind het. Die gevolg is dat in sommige gevalle daar nou gemeentekombinasies bestaan wat dwarsoor die gebiede van ander gemeentes gevorm is. Die weinige aantal predikante wat reeds 'n swaar werkslading moet dra, word onnodig belas met 'n bediening oor groot afstande. Gemeentes wat so naby as 20 km uitmekaar lê, het gekombineer met gemeentes wat 80 of 100 km ver verwyder is. Dit beteken 'n verspilling van kragte en reiskoste. As daar gewag moet word op kerkrade om onderling te skakel en te onderhandel oor meer sinvolle kombinasies, sal niks gebeur nie. Die leiding moet van die Sinode en die SKK af kom.

KERKRAAD VAN BIESIESVLEI

20.2.2 AANBEVELING VAN DIE SKK

Die Sinode keur die beskrywingspunt van die kerkraad van Biesiesvlei (Kombinerings van gemeentes) goed.

20.3 LAE GETAL DOPELINGE

20.3.1 Die Ring spreek sy kommer uit oor die lae getal dopelinge wat opval in al die gemeentes van die Ring. Die Ring vermoed dat dit in ooreenstemming is met die tendens van die blanke aanwas landswyd.

Daarom versoek die Ring die Sinode om hierdie negatiewe tendens onder die aandag van die Kerke (gemeentes) te bring, en te wys op die uiteindelijke nadelige gevolge op die uitbreiding van die AP Kerk deur natuurlike aanwas. Soos die toestand tans is, is die AP Kerk weens hierdie tendens besig om te verouder, ten spyte daarvan dat die AP Kerk 'n jong kerk is.

Motivering:

Geen.

RING VAN LICHTENBURG

20.3.2 AANBEVELING VAN DIE SKK:

Die Sinode deel die ring van Lichtenburg se kommer oor lae getal dopelinge en keur die beskrywingspunt origens goed.

20.4 SUSTERSKERKE SE STANDPUNT TEENOR APK

20.4.1 Die Sinode besluit om druk uit te oefen op die susterskerke om standpunt in te neem oor die APK.

Motivering:

Geen.

KERKRAAD VAN KURUMAN

20.4.2 AANBEVELING VAN DIE SKK:

Die Sinode gee opdrag aan die SKK om te alle tye gesprek met ander Christelike Kerke te bevorder waar moontlik aangesien gesprek tussen Christene betaamlik is. Veral moet gesprek bevorder word met Christelike Kerke wat dieselfde belydenis as die APK het, ten einde onderlinge kerklike verhoudings te verbeter.

20.5 PREEKBUNDELS

20.5.1 Die Sinode neem kennis van die groot behoefte by herderlose gemeentes aan preekbundels en gee aandag aan die saak.

RING VAN KIMBERLEY

20.5.2 AANBEVELING VAN DIE SKK:

Die Sinode bring dit onder aandag van gemeentes dat etlike preekbundels geskryf deur APK leraars by ons Sentrale Kerkkantoor bestel kan word.

21. BESKRYWINGSPUNTE - 1991

21.1 TOELATING VAN PREDIKANTE TOT APK

Die Sinode besluit: Die SKK en die Kuratorium word bedank vir die erns en verantwoordelikheid waarmee predikante wat wil toetree tot die APK-verband, gekeur word. Tog word hulle versoek om voortdurend veral moeite te doen om meer oor so 'n aansoeker se vorige bediening vas te stel, en ook veral oor sy motivering vir oorkoms na die APK-verband.

Motivering

Dit sou maklik wees vir 'n aansoeker in die huidige tyd waar beroepe in ander kerkverbande skaars is, en waar baie van die gemeentes in daardie kerke finansieel in die moeilikheid is, om sy motivering vir oorkoms aan te pas by die behoeftes van ons Kerkverband.

RING VAN BLOEMFONTEIN

AANBEVELING VAN SKK:

Die Sinode keur die beskrywingspunt van die ring van Bloemfontein (Toelating van Leraars) goed.

21.2 TOELATING VAN PREDIKANTE

21.2.1 Predikante word slegs deur een liggaam t.w. die Kuratorium toegelaat.

21.2.2. Verder moet uitgebrei word tot bogenoemde versoek/besluit dat alle voornemende predikante 'n oriënteringskursus verbandhoudend met die Kerkorde suksesvol sal deurloop.

Motivering

Norme aangelê deur een liggaam sal 'n sekere tweeslagtigheid weer in die hantering van predikante wat na die APK wil oorkom.

Predikante wat later toegelaat word tot die bediening openbaar soms ten tye van meerdere vergaderinge 'n onkunde rakende ons kerklike ordening.

RING VAN NABOOMSPRUIT

21.2.1 Aanbeveling: Die Sinode besluit

1. dat predikante steeds tot die APK toegelaat word soos tans, naamlik dié wat predikantstatus het, word deur die SKK toegelaat na deeglike ondersoek; en diegene wat nie status het nie, word deur die Kuratorium gelegitimeer na deeglike ondersoek;

2. dat predikante wat tot die APK wil toetree nie 'n oriënteringskursus oor die Kerkorde hoef te deurloop nie maar deeglik ondersoek moet word betreffende hulle kennis van die Kerkorde, Sinodebesluite, die Belydenisskrifte en die geskiedenis van die APK tot hede.

21.3 TRAKTEMENT VAN LERAARS

Die Sinode besluit dat die skale vir die traktement net riglyne is. Die beginsel is dat die kerkraad sy leraar trakteeer soos dit vir hom moontlik is.

Die Sinode versoek die SKK om reisende leraars nie op die aanbevole maksimum skaal te vergoed nie.

Motivering

1. Om gemeentes tegemoet te kom om verpligtinge na te kom.

2. Die SKK is nie verplig om die aanbevole skaal te gee nie.

RING VAN MEMEL

21.3.1 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die ring van Memel (Traktement van leraars).

Motivering

1. Die aanbevelings ten opsigte van traktement was nog altyd riglyne.

2. Die SKK moet rekening hou met 'n leraar se traktement ten tye van sy oorkoms.

3. Die SKK moet ook die weldeurdragte riglyne deur die FK gegee oor wat 'n predikant se minimum behoeftes is, in ag neem.

21.4 GEMEENTELIKE VERSLAGVORM AAN RING

Die Sinode gee opdrag aan die SKK om die volgende inligting in die gemeentelike verslagvorm aan die Ring in die toekoms aan te vra:-

- (i) Hoedanig was die bywoning van:
 - * (a) Die oggenddienste
 - * (b) Die aanddienste
 - * (c) Die Christelike feesdae
- (ii) Hoeveel besoekpunte het u gemeente?

RING VAN VEREENIGING

21.4.1 AANBEVELING

Die Sinode keur die beskrywingspunt van die ring van Vereeniging (Gemeentelike Verslagvorm aan Ring) goed, maar vestig die aandag van kerkrade en ringe op Bep. 37G en 37H van die Kerkorde.

21.5 HANDELING MET VERSKILLE/GESKILLE

Die Sinode besluit:

dat verskille en/of geskille tussen lidmaat en lidmaat, tussen lidmaat en ampsdraer, tussen ampsdraer en ampsdraer, tussen lidmaat of ampsdraers en kerklike vergadering, binne dertig dae na datum van aanmelding behandel en afgehandel moet word, en wel volgens die Kerkorde en ander sinodale besluite.

Motivering

1. Volgens die opsomming van die wet van God deur Christus (Mat 22:36-40 en elders) is liefde die groot gebod, is liefde vir God nie los te maak van liefde vir die naaste nie, en is vir die Christen niks belangriker nie as om in die regte verhouding (liefde) tot God en sy naaste te verkeer nie. (Vgl. ook 1 Kor. 13)

2. Enige wanverhouding met God en die naaste verdien dus nie-amptelik en amptelik spoedige en ernstige behandeling en afhandeling, en die regte verhouding tot God en die naaste moet so gou moontlik herstel word tot eer van God en tot heil van elke betrokke Christen.

3. Die Sinode het ook reeds versoek dat in geval optrede vereis word, dit onverwyld sal geskied deur die betrokke kerkraad, ring of permanente kommissie van die sinode (Handelinge 1990, p. 642).

4. Voortslepende verskille en/of geskille in die APK het reeds groot skade berokken aan lidmate se verhouding met God en hulle naaste, groot skade berokken aan lidmate se gelukkige aanbidding en harmoniese samewerking, en het reeds etlike gemeentes ernstige verliese aan lidmate berokken.

RING VAN VEREENIGING

21.5.1 AANBEVELING

Die Sinode keur die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging (Verskille/Geskille) goed.

21.6 SINODALE KOMMISSIE VIR APPÈL

Die Sinode besluit:

1. om ter wille van die spoedige afhandeling van appèlle na die sinode, 'n permanente Sinodale Kommissie vir Appèl aan te wys wat appèlle na die Sinode moet aanhoor en oor hulle uitspraak moet gee binne dertig dae na aanmelding volgens Kerkorde;
2. dat die uitspraak van so 'n Sinodale Kommissie vir appèl geld totdat 'n Sinode dit ter syde stel;
3. dat 'n appellant sy reg op appèl na die sinode teen 'n uitspraak van 'n Sinodale Kommissie vir Appèl behou, en wel na die eersvolgende sinode;
4. dat die Permanente Sinodale Kommissie vir Appèl saamgestel word uit die voorsitters van alle permanente sinodale kommissies, met die betrokke ondervoorsitters as sekundi, en dat die Sinode 'n sameroeper vir die Sinodale Kommissie vir Appèl aanwys.

Motivering

1. Die motivering van ons beskrywingspunt t.o.v. geskille geld ook hier vir sover dit spoedige behandeling en afhandeling van sake betref wat onderlinge verhoudinge en onderlinge samewerking raak.
2. 'n Kommissie van alle voorsitters van permanente sinodale kommissies is verteenwoordigend van alle belange wat deur permanente sinodale kommissies gedien word, en behoort 'n baie verantwoordelike kommissie te wees wie se optrede en oordeel ook respektabel behoort te wees en vertroue in kerklike geledere behoort in te boesem.

RING VAN VEREENIGING

21.6.1 AANBEVELING VAN SKK

Die Sinode keur die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging (Sinodale Kommissie vir Appèl) goed.

21.7 VERGADERING VAN SINODE

Die Sinode besluit dat die sinode voortaan nie jaarliks nie maar wel al om die tweede jaar sal sit.

RING VAN GRANIET

EN

21.8 VERGADERING VAN SINODE

Die Sinode besluit om Artikel 39 wat lees: Die sinode vergader *jaarliks*, soos volg te wysig:

Die Sinode vergader *tweejaarliks*.

Motivering

1. Na die eerste vyf jaarlikse Sinodes is die vereiste fundamente vir die ordelike gang en die vaste koers van die APK gelê en kan die Sinode dit nou bekostig om tweejaarliks te vergader.
2. Tweejaarlikse (in plaas van jaarlikse) sinodesittings sal gemeentes en die Sentrale Kerkkantoor veel aan geld, tyd en mannekrag bespaar en 'n rustiger gang in die werksaamhede van ons kerk as geheel bring.

RING VAN VEREENIGING

21.8.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit om voortaan tweejaarliks te vergader.

21.9 GROOTTE VAN RING

Dat die sinode meer gemeentes per ring indeel waar van toepassing, in elk geval minstens ses.

Motivering

Indien 'n ring uit te min gemeentes bestaan, kan die ring nie behoorlik funksioneer nie, bv. wat visitasie betref.

RING VAN KLERKSDORP

21.9.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit dat 'n ring, waar enigsins moontlik, deur minstens ses gemeentes saamgestel word.

21.10 RINGSVERDELING, RING VAN GRANIET

Die Ring van Graniet het op sy vergadering gehou op 19 Maart 1991 die volgende besluit:

1. Dat die Ring van Graniet nie verdeel nie.
2. Indien die Sinode egter anders adviseer en 'n sinvolle verdeling wil maak beveel ons die volgende verdeling aan:
 - *Ring van Graniet:* 1. APK Graniet, 2. APK Viljoenskroon, 3. APK Kroonstad, 4. APK Koppies, 5. APK Bothaville, 6. APK Parys, 7. APK Wesselsbron, 8. APK Hoopstad
 - *Ring van Hennenman:* 1. APK Hennenman, 2. APK Goudveld Sentraal, 3. APK Steynsrus, 4. APK Virginia, 5. APK Odendaalsrus

Moontlike toevoegings tot die Ring van Graniet:
Sasolburg en Vierfontein.

Moontlike toevoegings tot die Ring van Hennenman:
Ventersburg, Allenridge en Riebeeckstad.

RING VAN GRANIET

21.10.1 AANBEVELING

Die Sinode bepaal die Ringsverdeling soos deur die Ring van Graniet voorgestel.

21.11 RINGSVERDELING: RING VAN SOMERSET-OOS

Die Sinode besluit dat die Ring van Somerset-Oos soos volg verdeel word:

SUID	NOORD
RING: SOMERSET-OOS	RING VAN STEYNSBURG
Somerset-Oos	Steynsburg
Fort Beaufort	Barkly-Oos
Algoa	Jamestown
Uitenhage	Maclear
Grens	Vensterstad
Alexandria	Cradock
Aberdeen	
Graaff-Reinet	
Kareedouw	

Motivering

Vanweë die getal van die gemeentes in die ring asook afstande tussen die gemeentes kan die ring nie meer in sy huidige vorm funksioneer nie.

RING VAN SOMERSET-OOS

21.11.1 AANBEVELING

Die Sinode keur die aanbeveling oor Ringsverdeling soos voorgestel deur die Ring van Somerset-Oos goed.

22. BESWAARSKRIFTE

22.1 Kerklike drag

Eerwaarde Voorsitter en Broeders,

Ondergetekende wil hiermee beswaar aanteken teen die besluit van die vorige Sinode oor kerklike drag, wat so lui:-

"Wanneer 'n leraar amptelik optree tydens eredienste, dra hy 'n swart of donker pak klere met wit hemp en wit das"

(Hand. 4de Sinode 1990, pt. 12.2.1, p. 676)

1. MOTIVERING

1.1 Skriftuurlike Fundering

1.1.1 Die APK bely in art. 1 van die KO dat hy *gegrond is op die Bybel* as die heilige en onfeilbare Woord van God, en dat die leer wat die kerk bely 'n betroubare samevatting van die waarhede van die Bybel is.

1.1.2 So glo die APK, soos die Reformatore, dat aan *God se Woord die hoogste gesag* toegeken moet word vir die Christelike leer, lewe en ordelike inrigting van die Christelike kerk, en soos vir Calvin behoort die Heilige Skrif vir ons die enigste grond vir ons geloof en rigsgaande vir ons geloofslawe te wees ("Die BoodsAPPER", Okt. 1990, p.1)

1.1.3 Die Bybel beskryf vir ons hoe *onder die Ou Verbond* daar voorskrifte was vir die kleredrag van die offer- en tempelkultus (bv. Ex. 28:40-43; 39:1vv Lev. 8:2vv.), maar dit het *simboliese en skaduagtige betekenis* gehad, en met die koms van Christus verdwyn (PJN Smal, Die Kerklike Kleed, in: NGTT, Mrt, 1970, p. 107, 108).

1.1.4 Daarom is daar *in die NT géén voorskrifte* vir 'n spesifieke kerklike drag deur Christus, sy dissipels of deur Paulus nie, maar was die klem op die soberheid van die mode en die dekorum van daardie tyd (vgl. bv. 1 Tm. 2:9; Tt. 2:3, 1 Pt. 3:3).

1.2 Die Reformasie en daarna

1.2.1 Die Reformatore, wat teenoor Rome die beginsels en waarhede van die Woord van God weer opgediep en sentraal gestel het, het daarom aan die predikante van die Hervorming *ook géén voorskrif* gegee t.o.v. 'n kerklike drag nie, en elke leraar die vryheid gegee om self te besluit hoe hy hom sou klee (Smal, 96). In die kerk van die Nuwe Verbond het seremoniële ampsgewaad geen rede van bestaan nie (Smal, 97). Die Hervormers self het die kleredrag van die geleerdes gekies, terwyl die sogenaamde predikantsdrag in latere jare *aan die mode van die tyd* ontleen is. (Smal 108). Die gebruike en invloed van die Roomse kerk waar ampsdraers voorgeskryf word watter ampsgewade gedra moet word, en die hiërargiese orde en gesag ook gereflekteer word in die verskillende kledingstukke wat van priester tot pous gedra word, het seker ook die Reformatore tot 'n suiwere Skrifbeskouing oor hierdie saak beweeg.

1.2.3 Tot in die 17de eeu het die predikante van die *Kaapse kerk* geen besondere ampsgewaad gedra nie, maar *die gewone drag* van die deftige burgerstand (Smal, 104)

1.2.4 *Die Hervormde Kerk* het, sedert sy totstandkoming in SA, van sy leraars verwag om te alle tye *waardig en deftig* geklee te wees (Smal, 102).

1.2.5 Ds Postma van *die Gereformeerde kerk* kon in die Skrif *géén grond vind vir die handhawing* van 'n kerklike ampsgewaad nie (Smal, 102). Ds Postma het dieselfde standpunt as dié van ds A Brummelkamp gehandhaaf, wat van oordeel was dat daar soms 'n besondere wyding aan so 'n ampsgewaad toegeken is, en sommige die ampsgewaad *verkeerdelik beskou het as noodsaaklik vir 'n waardige en getroue ampsvervulling* (Smal 100, 101)!

1.2.6 Van die kleur "*swart*" lees ons in die Kaapse kerk eers teen die middel van die 18de eeu, toe leraars 'n *swart rok* (jaket) met groot knope, breë omslae en pante *en 'n kort broek* gedra het, saam met lang sykouse en lae skoene met silwergespes (Smal, 104). En hoewel swart vir 'n eeu of wat die dominante kleur gebly het, is dit sedert 1957 in die Transvaalse NGK bevestigteken (Smal, 106v), en uiteindelik, ten spyte van baie wat krampagtig aan die tradisie (!) wou vasklou, in die NGK verander sodat leraars weer soos in die NT en tydens die Hervorming en daarna - *die gewone drag van die tyd* kon dra.

1.3 Heidense navolging

1.3.1 Die APK sal voorts vir sigself rekenskap moet gee of dit nie deur 'n "donker of swart" kerklike drag goed te keur, dalk 'n heidense gebruik navolg wat in ou Babilonië in swang was en 'n *drag kenmerkend van die Baälpriesters* was nie!

1.3.2 So lees ons in Sef. 1:4 in die OAV van "afgodsdienaars" van Baäl, wat in die NAV verbeter is met "afgodspriesters" van Baäl (vgl. 2 Kon. 23:5; Gesenius/Buhl, Handwörterbuch, Leipzig 1910, p. 347). Die woord "afgodspriesters" in die Hebreeus is afgelei van die stam wat beteken om "swart gebrand te wees" (B Davidson, Analytical Hebrew and Chaldee Lexicon, London 1956, p. 383). Skynbaar het dié priesters by die seremoniële offers diens gedoen, soos die OT priesters (vgl. Bybelse Ensiklopedieë, Kaapstad 1955, p. 397), en *swart gedra* vanweë die rook en as wat by die verbranding afgegee is (vgl. RE Woodrow, Babylon Mystery Religion, 1987, p. 120, 121).

1.3.3 Tereg vra Woodrow waarom ons in ons kerklike drag hierdie afgodspriesters van Baäl sou navolg!

2. GEWETENSBEWAAR

'n Protestantse sinode wat daarom 'n kerklike drag vir leraars *voorskryf i.p.v. 'n moontlike drag aan te beveel*, fouteer myns insiens net soos 'n kerkraad wat hieroor voorskriftelik wil wees,

2.1 omdat daar *géén Skriftuurlike gronde daarvoor* is nie;

2.2 omdat dit *nie getrou bly aan die suiwer standpunt van die Hervormers nie* - een basiese eienskap van 'n Calvinis is mos dat hy staan en val by wat God se Woord leer (Agenda, Sinode 1990, p. 79, 136, 312);

2.3 omdat dit die *wanindruk skep asof die amptelike Woordverkondiging gewaarborg word deur 'n kerklike drag*, m.a.w. die "kerk" spreek slegs amptelik (geïnspireerd en gesaghebbend?) as die leraar amptelik gekleed is - *en dit is wesenlik Rooms!*

3. BYBELSE STANDPUNT EN AANBEVELING

In die lig van bogemelde besluit die Sinode, omdat die Here Jesus en sy dissipels in die Bybel die gewone drag van hulle tyd gedra het, en omdat die Hervormers op grond van die Skrif die gewone drag van hulle tyd gedra het, en omdat die NT t.o.v. kleding slegs één opdrag ken nl. "Beklee julle met die Here Jesus Christus" (Rom. 13:14; Gal. 3:27),

DAT AMPSDRAERS OP GROND VAN DIE BYBEL DIE GEWONE DRAG VAN HUL TYD MAG DRA WANNEER HULLE AMPTELIK OPTREE TYDENS EREDIENSTE.

wg. **DS S BOTES, STELLENBOSCH**

22.2

BYBELVERTALINGSKOMMISSIE KERKRAAD APK POTCHEFSTROOM

Die kerkraad van die APK Potchefstroom maak beswaar teen die besluit van die Sinode: 1989 (art. 75, pt. 2/3/4, bl. 447)

wat soos volg lui: "In die lig van sy roeping en verantwoordelikheid (vgl. 2.1 en 2.2 hierbo) wys die Sinode jaarliks 'n Vertalingskommissie van vyftien met sy sameroeper aan, 'n kommissie waarop die APK Teologiese Skool se dosente in die Ou en Nuwe Testament ex officio dien, en dra aan die kommissie op:

2.3.4.1 om selfstandig en in samewerking met ander vertalers die 1953-vertaling van die Bybel in Afrikaans oor 'n tydperk van 10 jaar grondig te hersien of, indien nodig geag, te hervertaal, en uit 'n grondteks vir die OT en NT onderskeidelik soos deur die kommissie gekeur en deur die Sinode goedgekeur, met inagneming van alle bruikbare Bybelvertalings;

2.3.4.2 om sy resultate ten opsigte van elke jaar se werk vir kommentaar aan lidmate van die AP Kerk beskikbaar te stel en alle kommentaar noukeurig te oorweeg;

2.3.4.3 om jaarliks aan die Sinode verslag te doen van sy resultate."

VOORSTEL

Die kerkraad versoek dat die Sinode heeltemal van hierdie beoogde projek sal afsien, bogenoemde sinodebesluit sal herroep en die bestaande 1953-hersiene vertaling ongewysig vir amptelike gebruik in ons kerkverband sal aanvaar.

Motivering

1. 'n Behoeftebepaling onder lidmate dwarsdeur ons kerkverband betreffende 'n hersiene (of desnoods nuwe) Bybelvertaling is na ons mening nie behoorlik gedoen nie.

2. Die koste-aspek aan hierdie projek verbonde, blyk onrusbarend groot te wees. Ons jong kerk kan dit nie op hierdie stadium bekostig nie, veral wanneer die groot verantwoordelikheid t.o.v. onder andere die toekomstige opvoedkundige situasie in ons land in ag geneem word.

3. Wanneer so 'n hersiene of nuwe Bybelvertaling die lig sien, veral wanneer dit deur 'n APK-vertalingskommissie alleen gehanteer word, sal dit heelwaarskynlik net deur APK-lidmate aangekoop word. Daarmee sal ons onself nog meer isoleer - en 'n verdere geskilpunt ontketen oor watter

kerkverband se Bybel die ware, onvervalste Woord van God is. En sal die Bybelgenootskap van SA die Bybel vir één kerkverband druk? Teen watter prys? Is dit 'n lewensvatbare projek?

4. APK-vertalers sal waarskynlik nie 'n waarborg kan gee dat 'n nuwe vertaling foutloos sal wees nie.

5. Die 1933/1953-vertaling was en word nog steeds met groot vrug en seën gebruik. Die anker wat ons nog in ons Bybel en die Protestantse geloof het, te midde van 'n veranderde en snel veranderende wêreld, mag onder geen omstandighede op hierdie kritieke stadium verder versteur word deur nuwighede en veranderinge nie. Ons lidmate is aan meer as genoeg verwarring onderworpe!

6. Die kosbare tyd wat ons professore en ander lede van die vertalingskommissie aan hierdie ontsaglike onderneming sal moet bestee, kan op hierdie stadium met veel groter vrug t.o.v. ander projekte bestee word waaraan daar 'n baie groter behoefte bestaan as aan 'n hersiene/hervertaalde Bybel.

wg. ds JJ(Jurie) Venter

(Voorsitter Kerkraad APK Potchefstroom)

16 Mei 1991

23. SLOT:

Hiermee vertrou die SKK dat hy sy opdrag volgens verwagting van die Sinode uitgevoer het, en bid die Sinode die seën van die Here toe op sy beraadslaginge.

wg. *Voorsitter*: Prof WJG Lubbe

Skriba: Ds MC Adendorff

BYLAE SKK .A

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)***VYFDE SINODE 16 TOT 22 SEPTEMBER 1991****VERSLAG : VERTEENWOORDIGERS BY
DIE BYBELGENOOTSKAP
VAN SUID-AFRIKA****1. PERSONEEL**

Die Sinode het die volgende persone benoem as hul verteenwoordigers by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika Johannesburg-streek:

Ds AJ Taute (Prim.) Oudl. JS Campher (Prim.)

Ds WA Jooste (Sec.) Oudl. AS van Rooyen (Sec.).

2. VERGADERINGS

Sedert die vorige Sinodesitting is die volgende vergaderings van die Johannesburg Streekraad van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gehou: 29 November 1990 - bygewoon deur ds AJ Taute (Prim.)

7 Maart 1991 bygewoon deur ds WA Jooste (Sec.) en oudl. AS van Rooyen (Sec.)

23 Mei 1991 bygewoon deur ds WA Jooste (Sec.) en oudl. AS van Rooyen (Sec.)

**3. VERSLAG VAN DIE
BYBELGENOOTSKAP VAN
S.A AAN DIE SINODE VAN
DIE A P KERK 1991**

Hierdie verslag is as 'n los stuk saam met die Agenda aan afgevaardigdes gestuur vir behandeling deur die Sinode.

3.1 AANBEVELING:

Die sinode neem kennis van die geheel van die verslag.

3.2 BYDRAES VAN DIE APK

	1.11.90	1.11.89	%	Toe name
Individue	2 410.00	1 770.00	36	16
Kerke	837.20	175.95	375	82
Kerklike organisasies	500.00	301.00	66	11
TOTAAL	3 747.20	2 246.95	66	77

4. AANBEVELINGS**4.1 Belasting:**

Die Sinode neem met dank kennis van die feit dat skenkings aan die Bybelgenootskap van belasbare inkomste aftrekbaar is. In die geval van 'n individu kan 'n skenking vir maksimum bedrag van R500-00 per jaar of 2% van 'n persoon se belasbare inkomste afgetrek word (watter bedrag ookal die grootste is.)

4.2 Bemakings:

Die Sinode moedig lidmate aan om 'n testamentêre bemaking aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te oorweeg.

4.3 Produksiekoste:

Die Sinode bring dit onder aandag van Kerkrade dat die gemiddelde produksiekoste van 'n volledige Bybel tans R16-00 beloop. Om dit binne bereik van die armste te bring, word dit versprei teen slegs R8-00 per Bybel en is die subsidie tans R8-00.

Die Sinode beveel by elke gemeente aan om 'n doelwit te stel van minstens R8-00 per belydende lidmaat per jaar vir Bybelverspreiding, met die uitdruklike versoek aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika dat publikasie van die 1953 vertaling van die Afrikaanse Bybel onverpoosd sal voortgaan en dat sodanige bydraes spesifiek geoormerk word by die Bybelgenootskap vir die druk en verspreiding van die 1953 Afrikaanse vertaling.

Motivering

Tydens die opstel van hierdie verslag was daar op navraag by die Bybelgenootskap slegs die volgende twee uitgawes van die 1953 Afrikaanse vertaling verkrygbaar:

- Standaard Uitgawe-R 9-00
- Grootdruk Uitgawe-R21-00

Die hoop is uitgespreek deur die Bybelgenootskap dat die volgende twee uitgawes binnekort beskikbaar sal wees:

- Hardeband standaard met duimdrukke - R48-00
- Sagteband standaard met duimdrukke - R85-00

By die opstel van hierdie verslag is die TV aanbieding van Bibliathon 1991 pas agter die rug en dui alles daarop dat dit 'n groot sukses was. Die Bybelgenootskap bedank Kerkrade en gemeentelêde hartlik vir die bydraes, ondersteuning en voorbidding met hierdie grootste projek.

Aanbeveling

Die Sinode vereenselwig hom hiermee en stuur dit deur na Kerkrade.

6. BENOEMING VAN VERTEENWOORDIGERS BY STREEKRADE VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SA

Aanbeveling:

Die betrokke Ringsgroepe wys tydens hierdie sinodesitting twee verteenwoordigers met secundi elk van die volgende Streekraade aan: Johannesburg, Kaapstad, Durban, Bloemfontein en Port Elizabeth. Een verteenwoordiger van die twee wat vir elke Streekraad aangewys word, moet 'n nie-predikant wees. Die KOMMISSIE VIR KOMMISSIES moet die volle name, adresse en telefoonnommers van die aangewesenes verkry en aan die skriba besorg aan wie dit opgedra word om by die Bybelgenootskap aansoek te doen vir hul toelating op die Streekraade.

7. SLOT

Hiermee vertrou u afvaardiging dat hy sy taak volvoer het en bid die Sinode die leiding van die Heilige Gees toe.

DS WA JOOSTE (sekundus-
verteenwoordiger)

5. BIBLIATHON

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)***VYFDE SINODE 16 - 21 SEPTEMBER 1991****VERSLAG : KOMITEE VIR RADIO- EN TV-
UITSENDINGS****1. LEDE VAN KOMITEE
AANGEWYS DEUR SKK OP
21/11/1990**

Di. NJ Rautenbach, DR Schwartz en MC Adendorff.

2. OPDRAGTE

2.1 Skakeling met SAUK/TV, Radiokansel en indien nodig ander instansies ten einde die beste uitsaaigeleenthede vir die APK te beding.

2.2 Verdere ondersoek na die daarstelling van 'n produksiehuus om eie klank- en videokassette met Godsdiensprogramme te vervaardig, wat ook privaat versprei kan word.

2.3 Die keuring van 'n paneel leraars wat aan Radiokansel voorgelê word met die oog op deelname aan Godsdiensprogramme van Radiokansel.

2.4 Die Sinode keur goed dat die SAUK voortdurend genader word deur die SKK om preekbeurte vir APK leraars oor sowel radio as televisie te verkry.

**3. UITVOERING VAN
OPDRAGTE****3.1 Onderhandeling met
Radiokansel**

Lede van die komitee het 'n onderhoud gevoer met ds WJ van Rensburg, Besturende Direkteur van Radiokansel. Op sy uitnodiging is later 'n voorlopige lys name opgestel vir voorlegging aan Radiokansel met die oog op deelname aan Radio- en TV-uitsendings. Nog geen antwoord is op dié voorlegging ontvang nie.

**3.2 Vervaardiging van 'n
videokasset**

Met goedkeuring van die SKK is aanvoerwerk gedoen om 'n video-opname van 'n erediens in APK Pretoria-Oos te maak onder behoorlike regie van di. DR Schwartz en NJ Rautenbach. Die kasset sal beskikbaar gestel word vir gebruik deur gemeentes van die APK, en afhangende van die reaksie daarop sal verdere opnames oorweeg word.

**3.3 Aansoeke by SAUK vir
preekbeurte**

Deur middel van die maandelikse verslae van gemeentes aan afdeling Finansies is gepoog om die jongste stand van die lidmaatgetal van die APK te bepaal. Teen die einde van April was die getalle soos volg:

Belydende lidmate	26675
Dooplidmate	11652,
Totaal	38327.

Dié getal beantwoord nog nie aan die vereiste syfer van 100 000 wat deur die SAUK as voorwaarde gestel word alvorens preekbeurte toegeken word nie. Nogtans beoog die komitee om ter uitvoering van die sinodebesluit eersdaag 'n onderhoud met die SAUK oor dié aangeleentheid te voer.

3.4 Groepering saam met Ned Herv Kerk

Oorweging is verleen aan die moontlikheid om saam te groepeer met die Nederduitsch Hervormde Kerk en op dié wyse meer preekbeurte vir die groepering te bekom. Die vermeerdering in getal bo die gewone kwota van die Hervormde Kerk kon dan vir die APK aangevra word. Dié gedagte het egter nie aanklank gevind by die SKK nie.

3.5 Amerikaanse Netwerk:

Verdere pogings sal eersdaags aangewend word om met 'n Amerikaanse netwerk te skakel om uitsaaibeurte vir leraars van die APK te bekom.

3.6 Video- en klankkassetbank:

Die SKK het opdrag gegee aan die komitee om ondersoek in te stel na die moontlike daarstelling van 'n video- en klankkassetbank met preke deur leraars van die APK wat deur gemeentes gehuur kan word. Dié saak geniet nog aandag.

3.7 Kerkraadskursus:

Die komitee bring dit ook onder aandag van die Sinode dat die kursus vir kerkraadslede wat deur die dosente van die Teologiese Skool aangebied word, reeds op videokassette beskikbaar is.

4. AANBEVELING

Die Sinode keur die optrede van die Komitee vir Radio en TV-uitsendings goed en kontinueer die opdragte van die vorige Sinode.

5. SLOT:

Die Sinode word seën toegebied op al sy werksaamhede.

Namens die Komitee vir Radio- en TV-uitsendings

MC'ADENDORFF

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

5DE SINODE 16 - 21 SEPTEMBER 1991

VERSLAG VAN DIE TWEEDE BRKA VIR DIE TYDPERK 15/10/90 TOT 2/7/1991

1. LEDE

Sekundus: Ds CF Swart

1.1 Deur RKA verkies:

1.5 Lede deur die KKS benoem

Lede deur die Sinode/RKA verkies op die eerste vergadering van die BRKA gehou op 15/10/1990.

Primarius: Ds JA du Plessis
Sekundus: Ds PK Roodt

1.1.1 Primarii:

Oudl HCG Bester, Oudl MJ Cornelius,
Oudl AJ Pienaar, Oudl JPT Simpson, Oudl
JJ Prinsloo.

1.6 Verkiesing van die Dagbestuur 15/10/1990

Voorsitter: Prof WJG Lubbe
Ondervoorsitter: Ds DR Schwartz
Addisionele lede: Oudl JJ Prinsloo, Oudl
JPT Simpson, Oudl AJ Pienaar.

1.1.2 Sekundi:

Oudl WLV Fick, Oudl JE Swarts, Oudl JN
de Wet, Oudl WCJ Viljoen, Oudl JH du
Plessis

1.7 Bedanking van lid

1.2 Lede deur die SKK benoem

Primarius: Prof WJG Lubbe
Sekundus: Ds IA Brink

Oudl JJ Prinsloo bedank op 13/11/1990. Die BRKA doen navraag by die KKS oor die korrekte optrede i.g.v. bedanking van 'n lid van 'n kommissie (BRKA) wat deur die Sinode (RKA) benoem is. Die KKS "adviseer dat die BRKA van sodanige bedanking kennis neem en die eerste sekundus oproep. Die RKA wat die BRKA saamgestel het, sal met die bedanking handel." Daarop is oudl. WLV Fick as sekundus opgeroep om alle verdere vergaderings by te woon.

1.3 Lede deur die Kuratorium benoem

Primarius: Ds DR Schwartz
Sekundus: Ds IA Brink

Die BRKA besluit om die vakature wat a.g.v. die bedanking in die Dagbestuur ontstaan het, nie te vul nie.

1.4 Lede deur die Finansiële Kommissie benoem

Primarius: Ds AJ Taute

1.8 AANBEVELING

Die RKA wysig die besluit van die RKA tydens die Vierde Sinode (Handelinge bl 550, punt 1.8) wat so lui:

"Die RKA besluit dat 'n kerkraadslid op die BRKA wat uit die amp van kerkraadslid tree, as lid van die BRKA bly dien tot die volgende gewone ledevergadering van die RKA."

deur invoeging van die onderstreepte woord soos volg:

"Die RKA besluit dat 'n kerkraadslid op die BRKA wat eervol uit die amp van kerkraadslid tree, as lid van die BRKA bly dien tot die volgende gewone ledevergadering van die RKA."

2. VERGADERINGS

2.1 Tien BRKA-vergaderings is gedurende die verslagtydperk gehou, t.w. 15/10/1990; 15/11/1990; 12/11/1990; 3/12/1990; 30/1/1991; 5/3/1991; 16/4/1991; 27/5/1991; 18/6/1991, 2/7/1991.

'n Laaste vergadering word beoog vir 6/8/1991. Verslag hieroor in addendumverslag.

Op 27/5/1991 is vergader saam met die Finansiële Kommissie, waartydens die aankoop van die Corpus Christi-kerksentrum bespreek is en die advies van die FK ingewin is.

2.2 Dagbestuursvergaderings

2.2.1 In opdrag van die BRKA is 'n buitengewone vergadering gehou op 21/5/1991 vir die bespreking van 'n bykomende pos in die versendingskantoor en vir aanbeveling aan die BRKA.

2.2.2 In opdrag van die BRKA is 'n vergadering gehou op 3/6/1991 waar die volgende sake aandag geniet het: Advertensie vir die pos van Assistentversendingsklerk, die begroting, en 'n kontrak vir tuindiens.

2.2.3 In opdrag van die BRKA is 'n vergadering op 21/6/1991 gehou om die verslag van die BRKA aan die RKA te finaliseer.

2.3 Ad hoc-komitee-vergaderings:

Verskeie ad hoc-komitees het vergader vir die volgende advies-take:

2.3.1 Onderzoek na die omstandighede van ds CN Coetzee se moontlike emeritering a.g.v. 'n siektetoestand

2.3.2 Gebou- en terreinontwikkeling

2.3.3 Onderzoek na behuisingstoelaes vir damespersoneel

2.3.4 Aankoop van eiendom deur 'n Onderhandelingskomitee.

3. SENTRALE KERKKANTOOR

3.1 Personeel

3.1.1 Vakatures gevul

Op die vergadering gehou op 5/11/1990 is besluit dat die poste Assistentadministrateur, Rekenaaroperatrise/Klerk en Rekenmeesters- assistent gevul moet word. Vakatures t.o.v. lg. twee poste het ontstaan as gevolg van die bedanking van mnr JL v H Scholtz en die afsterwe van mev Susan Korkie. 'n Verdere vakature het in die Versendingskantoor ontstaan na die bedanking van mnr E Henrico. Die poste is per omsendbrief in gemeentes geadverteer. Onderhoude is met aansoekers gevoer en die volgende aanstellings is gemaak.

- 3.1.1.1 Assistentadministrateur: Mnr PG de Jager
- 3.1.1.2 Rekenaaroperatrise/Klerk: Mej JG Bresler
- 3.1.1.3 Versendingsklerk: Mnr AB Oosthuizen

- 3.1.1.4 Assistentrekenmeester:
Mnr LJ Korkie

3.1.2 Poshandves vir Direkteur van Kerkadministrasie

Die BRKA het oudl. MPTaute versoek om 'n konsepposhandves vir die pos van die Direkteur van Kerkadministrasie op te stel. Na ontvangs daarvan is die konsep in behandeling geneem en het die BRKA soos volg daaroor besluit:

1. Die BRKA boekstaaf sy waardering vir die professionele gehalte en die professionele styl van die voorgelegde poshandves.
2. Die BRKA aanvaar die voorgelegde poshandves as 'n prikkelende riglyn vir die Direkteur van Kerkadministrasie in die uitoefening van sy funksie.
3. Die BRKA aanvaar die ideaal dat die hoofpos tussen 70% en 80% van sy tyd en aktiwiteite aan bestuurswerk sal bestee en die orige 30%-20% aan tegniese en bedryfsprestasies, as 'n ideaal wat ernstig nagestreef moet word en dat die Direkteur jaar na jaar aanwysbare vordering op pad na die ideaal behoort te maak. Die BRKA begryp egter dat waar die groei in personeelbehoefte tans nog die voorsiening in personeelbehoefte ver vooruit is, vordering op pad na die bovermelde ideaal gestrem word.
4. Die BRKA hou 'n wakende oog oor die volume van die Direkteur se kommissiewerk om te voorkom dat sy kragte en tyd dermate deur kommissiewerk opgeslurp word dat sy funksies as Direkteur skade ly.
5. Die BRKA besluit om voorlopig nie verdere poshandveste vir personeellede te laat opstel nie aangesien die personeelstruktuur in die Sentrale Kerkkantoor nog in so 'n graad van ontwikkeling en vloeibaarheid verkeer dat vaste posomlyning moeilik uitvoerbaar is.
6. Die BRKA laat dit aan die Direkteur oor om volgens eie diskresie wenke en advies uit die voorgelegde poshandves te put met betrekking tot personeelbestuur in die Sentrale Kerkkantoor.

7. Die volgende aspek van *organisering* word uitgelig vir deurlopende aandag van die Direkteur:

"K.D. 2.0 ORGANISERING

Om deur die indentifisering en ordening van die werk, die delegering van gesag en die daarstelling van gesonde verwantskappe, 'n organisasie daar te stel wat effektiewe samewerking, werknemertevredenheid en die bereiking van die Afrikaanse Protestantse Kerk se doelwitte sal verseker."

3.1.3 Pligtestate

Pligstate is vir alle personeellede opgestel en ná raadpleging by hulle diensooreenkomste wat onderteken is, gevoeg. Origens het die BRKA besluit dat die Direkteur i.p.v poshandveste volgens eie diskresie die taakverdeling en pligoplegging in die Sentrale Kerkkantoor sal hanteer. Die diensooreenkomste is aan die hand van 'n konsep deur die Direkteur, finaal deur mnr JPA Swanepoel, 'n prokureur van Kempton Park wat 'n deskundige op die gebied van arbeidsverhoudinge is, opgestel. Hy het ook riglyne vir dissiplinêre optrede voorsien.

3.1.4 Personeelaanwending in die Sentrale Kerkkantoor

(Die organigram soos goedgekeur deur die BRKA is aangeheg) Bylae BRKA .A

3.1.4.1 Direkteur:

Die Direkteur van Kerkadministrasie, ds MC Adendorff, staan aan die hoof van die administrasie in die Sentrale Kerkkantoor.

3.1.4.2 Sekretaresse vir Direkteur:

Mev R McDonald dien as sekretaresse/tikster vir die Direkteur.

3.1.4.3 Administrateur: Kuratorium:

Die Administrateur van die Kuratorium, prof FAH van Staden, is verantwoordelik vir alle administrasie van die Kuratorium, en hy is ook Hoof van die Teologiese Skool.

3.1.4.4 Sekretaresse/tikster: Kuratorium:

Die Sekretaresse/tikster, mev CM Venter (voorheen Barnard) is hoofsaaklik verantwoordelik vir die uitvoer van opdragte van die Administrateur van die Kuratorium.

3.1.4.5 Rekenmeester:

Die Rekenmeester, mnr CJ de la Rey, is verantwoordelik vir die Afdeling Finansies.

3.1.4.6 Assistentrekenmeester:

Die Assistentrekenmeester, mnr LJ Korkie, hanteer salarisaangeleenthede, versekering, mediese- en pensioenskema-oorbetalings, kontrole oor F1-vorms, 15%-bydraes, belastingaangeleenthede en beheer oor die rekenaar.

3.1.4.7 Rekenaaroperatrise:

Die Rekenaaroperatrise, mej JG Bresler, hanteer ontvangs en bank van geld, kwitansies, pos, rekenarisering van finansiële inligting en liasseerwerk.

3.1.4.8 Assistentadministrateur:

Die Assistentadministrateur, mnr PG de Jager, is verantwoordelik vir algemene administrasie van die BRKA en die SKK. Ook verskaf hy waar gevra, administratiewe steun aan ander Sinodale Kommissies.

3.1.4.9 Versendingsklerk:

Die Versendingsklerk, mnr AB Oosthuizen, hanteer bestellings en versendings van publikasies, die rekeninge wat daarmee verband hou, asook die ontvangs van aflewering van die drukkers.

3.1.4.10 Sekretaresse/Tikster:

Die Sekretaresse/tikster, mev A Alester, is verantwoordelik vir die uitvoer van opdragte van die Assistentadministrateur en die Redakteur van "Die Boodskapper".

3.1.4.11 Ontvangsdame/liasseerklerk:

Die Ontvangsdame/Liasseerklerk, mev GA Booyens, is verantwoordelik vir die skakelbord, ontvangs van besoekers, posontvangs en liasseerwerk.

3.1.4.12 Spysenier:

Die Spysenier, mev E Brummer, is verantwoordelik vir verskaffing van verversings aan die kantoorphoneel en besoekers, asook vir die voorbereiding en verskaffing van etes aan kommissieledes wat vergaderings bywoon by die Sentrale Kerkkantoor. Sy hanteer ook kombuisaankope en hou toesig oor skoonmaakdienste van die student.

3.1.5 Verdere personeeluitbreiding

3.1.5.1 Assistentversendingsklerk

Die BRKA het die pos goedgekeur en per omsendbrief aan gemeentes geadverteer, sodat die persoon reeds op 1 September 1991 diens kan aanvaar.

3.1.5.2 Rekenaaroperatrise/Tikster:

Dié pos word in die vooruitsig gestel om met behulp van 'n rekenaarsetprogram onder meer alle setwerk vir die Publikasiekomitee te behartig. Navorsing oor dié saak en verwante aangeleenthede gaan steeds voort.

3.1.5.3 'n Tweede leraarspos:

'n Tweede leraarspos wat hoofsaaklik as hoof van die publikasies, asook vir sekere skakelwerk verantwoordelik sal wees, geniet oorweging. Die BRKA het na behandeling van 'n motivering vir die pos, die volgende besluite geneem:

- 1. Die bedrag van R100 000 vir dié pos wat reeds deur die Finansiële Kommissie goedgekeur is, word by die Sinode aanbeveel met dien verstande dat die volgende BRKA die geld kan aanwend volgens eie bevinding oor die wyse waarop die behoeftes op dié terrein die beste ontmoet kan word.
- 2. Die huidige BRKA sien die groeiende behoeftes raak, bv. t.o.v. die argief.
- 3. Die BRKA het bewus geword daarvan dat dringend verligting moet kom in die taak van die Direkteur, veral op administratiewe gebied.
- 4. Die BRKA is bewus daarvan dat al hoe meer werk in die administrasie op senior vlak behartig moet word, en ag dit daarom nodig dat die pos van Administrateur gevul moet word.
- 5. Daarnaas moet ook die pos van Assistentadministrateur behoue bly.
- 6. Die aangeleentheid verg voortgesette aandag, tyd en geld van die BRKA.
- 7. Die BRKA bevestig 'n vorige besluit dat dit die Direkteur vrystaan om te enige tyd tydelike hulp aan te stel waar nodig.

3.1.6 Personeelverlies

Mev S Korkie, Rekenmeestersassistent, is op 31 Oktober 1990 oorlede. Die Direkteur het namens die BRKA medelye aan die familie en naasbestaandes oorgedra.

3.1.7 Ander personeelaangeleenthede

3.1.7.1 Mev CM Barnard, sekretaresse van die Administrateur van die Kuratorium, het op 8 Junie 1991 in die huwelik getree met mnr D Venter.

3.1.7.2 Mnr L Korkie, Assistentrekenmeester, het verloof geraak aan mev M Mornet.

3.2 Kantoortoerusting, Meubels en Toebehore

3.2.1 Inventaris

'n Inventaris van alle meubels, kantoortoerusting, kombuistoehore en ander los eiendom van die BRKA is opgestel.

3.2.2 Aankope

In opdrag van die BRKA is en word toerusting en meubels wat noodsaaklik geag word vir die Sentrale Kerkkantoor, van tyd tot tyd aangekoop. Oortollige artikels soos bv. 'n stoof en grassnyer is van die hand gesit.

3.3 Skoonmaakdienste

Die diens word gelewer deur mej H Pienaar, 'n student en mev M Pretorius. Lg. dame se diens is deur middel van die Reddingsdaad bekom.

3.4 Tuindienste

Die BRKA het 'n diensooreenkoms aangegaan met mnr Brink Oosthuizen, waarvolgens hy as kontrakteur die diens lewer, sonder inmenging met sy normale take of kantoorure.

3.5 Aanwending van gebou en fasiliteite

Alle kantoor- en bergruimte wat beskikbaar is word tans benut. Daar bestaan steeds dringende behoefte aan:

- 3.5.1 Argiefruimte - Argiefmateriaal word op verskeie plekke geberg en dit is onwenslik.
- 3.5.2 Bergruimte vir o.a. stapelstoele en ander los bates.
- 3.5.3 'n Lokaal waarin 'n rekenaaroperateur die rekenaarsetprogram moet bedryf, indien die BRKA die opset sou goedkeur.
- 3.5.4 'n Versendingslokaal.
- 3.5.5 'n Personeelkamer.

3.6 Onderhoud en uitbreiding aan gebou en terrein

3.6.1 Verf:

Die vooraansig en dak van die gebou is geverf.

3.6.2 Daklekkage.

Kwotasies word ingewag nadat aan die lig gekom het dat verrotting in die dakkappe en -latte voorkom.

3.6.3 Veiligheidshok:

'n Veiligheidshok is aan die suidekant van die bestaande garage aangebring, terwyl opdrag gegee is vir die aanbring van 'n veiligheidshok by die voordeur.

3.6.4 Aanwysingsborde.

Korrespondensie met die Stadsraad van Pretoria het doodgeloop a.g.v. faktore in die Stadsraads Kantore. Onderhandelinge met die Stadsraad word voortgesit.

3.6.5 Plaveisel en Motorafdakke:

Daar is ondersoek ingestel na die moontlikheid om die bestaande motorafdak in kantoor- en bergruimte te omskep. Aanvullend daarby is beplan om die motorpad te plavei en

skadunetmotorafdakke in die agterplaas op te rig. Kwotasies is reeds ontvang, maar in die lig van moontlike terreinverskuiwing word die pas vir eers markeer.

3.7 Spyseniering

Spyseniering is veral vanweë die besparing aan daggelde vir kommissieledes tydens vergaderings, 'n uiters belangrike funksie van die Sentrale Kerkkantoor. Die volgende dienste word hier verskaf

3.7.1 Daaglikse:

Daaglikse voorsiening van verversings (nie etes nie) aan die permanente personeel en studente (20 mense).

3.7.2 Middagetes tydens vergaderings:

Middagetes vir kommissieledes tydens vergaderings. Nagenoeg 600 per jaar.

3.7.3 Aandetes aan kommissieledes:

Aandetes vir kommissieledes. Nagenoeg 200 per jaar.

3.7.4 Koffie en Tee: Nagenoeg 2 400 koppies per jaar.

DANK:

Die BRKA bedank almal wat groente, vrugte, vleis en gebak van tyd tot tyd aan die Kerkkantoor skenk. Hierdie skenkings beteken 'n groot besparing op kombuisuitgawes.

3.7.5 Kennisgewing waar kommissieledes afwesig is of nie maaltye nuttig nie

Volgens Sinodebesluit, Vierde Sinode, bl 550, 3.10.8.1, word etes teen 'n bepaalde tarief per persoon bereken teen die begroting van elke kommissie, gebaseer op die volle ledetal van die kommissie. Waar lede nie maaltye nuttig nie, moet 2 dae vooraf kennis gegee word by die Sentrale Kerkkantoor.

Hierdie besluit is onder die aandag van die voorsitters van kommissies gebring in

Omsendbriewe 3/91 en 10/91, saam met kennisgewings van vergaderings, en daar word streng daarvolgens gehandel.

3.8 Registrasie van Vaste Eiendom

Volgens die Sinodebesluit (Handelinge 1990 bl 594 punt 109) geniet die hervestiging of registrasie van die eiendom op die naam van die RKA nog steeds aandag.

3.9 Gewysigde kantoorure

Kantoorure is op versoek van die personeel deur die BRKA soos volg gewysig: 07:45 - 16:00, met tee/koffie pouse 10:30 - 10:45, 14:45 - 15:00, en etenstyd 12:45 - 13:30. Die nuwe kantoorure het op 1 Julie 1991 in werking getree.

4. Ander vaste eiendom

4.1 Vaalterrein

Op die vergadering 5/3/1991, het die BRKA die Vaalterreinkommissie benoem, nl Prof A Swart (sameroeper), di IA Brink, JN Joubert, mnr E Bosman (Ingenieur) en mnr A Miles (Stadsbeplanner), asook twee verteenwoordigers elk van APK Graniet en APK Parys.

APK Graniet het benoem mnre JJ Steenkamp en JH van der Merwe.

APK Parys het benoem: Ds G Smit en Oudl J van SL Hager

Die verslag word hierby as Bylae BRKA .B aangeheg.

4.2 Erf 779 Brooklyn (Corpus Christi-Kerksentrum)

In die lig van 3.5 (hierbo) waarin die behoefte aan kantoor- en bergruimte uiteengesit is, het die BRKA na vele

oorweging en op eenparige advies van die FK, besluit om 'n aanbod op dié eiendom van Corpus Christi te maak.

Onderhandeling vir die aankoop van die eiendom, wat behoort aan die AGS van SA, duur steeds voort. Die Gemeenteraad het die aanbod aanvaar, en die Uitvoerende Raad beslis finaal in Augustus daaroor.

Die eiendom bestaan uit 'n kerkgebou (800 sitplekke) met 'n aaneengeskakelde saal met ingangsportaal waar 'n verdere 500 sitplekke gebied word, 'n groot kombuis en heelwat kantooruimte. Verder is daar 'n kantoorblok, wat ook 'n kombuis en vergaderlokale bevat. Albei die geboue het voldoende ablusiegeriewe, is geleë op dieselfde perseel, wat 5104 m beslaan. Die kerk is groot genoeg om ook 'n Sinode te huisves. Die geboue is in baie goeie toestand, modern (15 jaar oud), sluit baie goed bymekaar aan, is aanskoulik en uitsers goed geleë.

4.3 Onderzoek na ander eiendomme:

4.3.1 Onderzoek:

Die keuse onder 4.2 gemeld is gemaak nadat aandag gegee is aan ander eiendomme wat te koop is. Onderzoek is ingestel na die volgende eiendomme benewens die Corpus Christi-sentrum:

- 1. 40 hektaar grond naby Buffelspoortdam met 'n hotel, 57 chalets en ander ontspanningsfasiliteite daarop, gewaardeer teen R4,4 miljoen en tans te koop teen R1,0 miljoen.
- 2. Kantore en lesingslokale te Vanderbijlpark.
- 3. Erf 576, Wingatepark, 3,4896 hektaar.
- 4. Hoewe 20, Willowpark Landbouhoewes, 2,1437 hektaar.
- 5. Hoewe 1013, Queenswood, 2,3642 hektaar
- 6. Erf 696, Clubview Uitbreiding 2, 2,499 hektaar.
- 7. Hoewe 93, Andeon Landbouhoewes, 3,4261 hektaar.

- 8. Erwe 473 en 475-479, Brooklyn, 2552m² elk.
- 9. Erf 528, Eldoraigue Uitbreiding 1, 2,6549 hektaar.
- 10. Erf 1, Pierre van Ryneveld, 2,2549 hektaar.
- 11. Erf 939, Wierdapark, 2,6231 hektaar.
- 12. Erf 84, Von Willighstraat, Verwoerdburg Landbouhoewes, met baie verbeterings.
- 13. Mahem hotel, Hercules.
- 14. Brook House, Brookstraat 109, Brooklyn.
- 15. 'n Eiendom met baie geboue te Boksburg.
- 16. Montana-eiendom.
- 17. Erf aangrensend aan Farendenstraat 430.

Die ad hoc-komitee wat met die ondersoek gelas was, het aanvanklik die volgende prioriteitslys opgestel:

- 1. Erf 779, Brooklyn (Corpus Christi-eiendom)
- 2. Erwe 473, 475-479 Brooklyn.
- 3. Erf 84, Von Willighstraat, Verwoerdburg Landbouhoewes.
- 4. Erf 696, Clubview.
- 5. Erf 576, Wingatepark.

4.3.2 Brook House:

Brook House, (14. hierbo), sentraal en aangrensend aan die eiendom van Corpus Christi, het op 'n laat stadium onder aandag van die BRKA gekom het, en indringend aandag geniet.

Na deeglike ondersoek (rapport is van 'n argitek, bourekenaar, siviele ingenieur en strukturele ingenieur ontvang) en raadpleging van die Finansiële kommissie, is besluit om 'n aanbod op die eiendom te maak.

Die BRKA was vanweë die belangstelling van verskeie ander kopers genoodsaak om binne 8 dae 'n beslissing te maak. Vanweë die intrinsieke waarde van die twee eiendomme saam, en veral onder die indruk daarvan dat dit 'n beskikking van die Here is dat hierdie eiendomme juis op

hierdie stadium tegelyk te koop is, is ook Brook House aangekoop.

4.3.3 Aangrensende erf (Farendenstraat):

T.o.v die erf aangrensend aan Farendenstraat 430 en die Montana-eiendom het die BRKA aandag gegee aan die opdragte van die RKA (Handelinge 4e Sinode, bl. 555). Eersgenoemde eiendom is tans nie te koop nie.

4.3.4 Montana-eiendom:

Montana-eiendom is nie geskik bevind vir doeleindes van die BRKA nie. APK Transmagalies het die Montana-eiendom sedertdien aangekoop. (Handelinge 4e Sinode, bl. 555).

5. Diensvoorwaardes

5.1 Salarisse

Salarisverhoging van 15% is aan kantoorpersoneel toegestaan vanaf 1/3/1991. Op aanbeveling van die Finansiële Kommissie is traktementskale van leraars en reiskoste ook aangepas en die aanbevelings is per omsendbrief 5/91 aan plaaslike kerke oorgedra.

5.2 Kaapse Mediese Plan

5.2.1 Ledegeldverhoging

Vanaf 1/1/1991 is ledegeld deur die Mediese Skema met 31% verhoog sodat lede steeds dieselfde mediese voordele kan geniet. Hierdie ledegeldverhoging is d.m.v. omsendbrief 2/1991 onder aandag van plaaslike kerke gebring.

5.2.2 APK-verteenwoordigers by die Kaapse Mediese Plan:

Primarius:Ds AJ Taute
Sekundus:Ds DR Schwartz

Ds Taute is ook verkies tot ondervoorsitter van die Raadgewende komitee (Tvl) van die Kaapse Mediese Plan.

Verslag hierby aangeheg as Bylae BRKA .C.

5.3 Pensioenfonds

5.3.1 Verhogings in bydraes

Vanaf 1/3/1991 is die gedeelte wat deur die werkgewer (plaaslike kerk of BRKA of SKK) betaalbaar is ooreenkomstig sinodebesluit verhoog vanaf 11% na 12,5% van die werknemer se salaris. (Omsendbrief 9/1991)

5.3.2 Vrywillige bykomende pensioenbydraes

Teenstrydige inligting is per abuis in dié verband aan skribas verskaf. Die volgende is egter die feite.

5.3.2.1 Verpligte insluiting afgekeur:

Die verpligte insluiting van die 13de tjem vir pensioendoeleindes, is deur die RKA in 1990 afgekeur (Handelinge 4e Sinode bl. 552, 9.1), en a.g.v. die moontlikheid van administratiewe probleme wanneer slegs sommige leraars en kerkrade aan die skema meedoen, is in geheel daarvan afgesien.

5.3.2.2 Vrywillige bydraes moontlik:

Vrywillige bykomende pensioenbydraes kan wel gemaak word.

5.3.2.3 Bykomende pensioen by aftrede:

Sodanige bydraes sal by uiteindelijke aftrede aan die betrokke persoon 'n bykomende pensioen besorg.

5.3.2.4 Gratifikasie:

'n Derde van die bedrag wat vir bykomende pensioen beskikbaar is, kan as gratifikasie uitbetaal word.

5.3.3 APK Trustfonds

'n Omsendbrief (no 11/91) wat die aard en doel van die fonds kortliks uiteensit, is aan alle AP Kerke gestuur, en 'n beroep is gedoen op dié wat nog nie bydra nie, om wel bydrae te oorweeg.

Aanbeveling: Die RKA dra dit aan die FK op om 'n raad van trustees aan te wys vir die fonds welke raad ook 'n reglement vir die fonds moet opstel.

5.3.4 Onderzoek na ander versekeringsmaatskappye

Skemas van verskillende maatskappye word voortdurend ondersoek.

5.3.5 Pensioenuitbetaling aan ds CN Coetzee

Vanaf 31/5/1991 betaal die Pensioenfonds die vasgestelde ongeskiktheidstoelae aan ds CN Coetzee wat a.g.v. 'n siektetoestand nie die bediening kan voortsit nie. Die BRKA is dankbaar dat die korrespondensie met SANLAM in dié verband, danksy die ywer van veral mnr CC du Preez, so positief kon eindig.

Voor die uitbetaling het egter 'n wagtydperk van bykans 6 maande verloop. Vir die 6 maande het die BRKA ds Coetzee maandeliks gehelp met 'n bedrag gelykstaande aan 75% van die traktement wat hy net voor uittrede ontvang het.

5.3.5.1 AANBEVELING:

Die RKA dra dit aan die BRKA op om met die versekeringsmaatskappye te onderhandel ten einde ook dekking te bekom vir die 6 maande wagtyd waaraan 'n persoon wat vir ongeskiktheidstoelae kwalifiseer, onderhewig is.

5.3.6 Aanstelling van Raad van Trustees vir AP Kerk Pensioenfonds

Die Finansiële Kommissie het op sy vergadering gehou op 28 Februarie 1991 ooreenkomstig 'n besluit van die Sinode (sien Handeling Sinode 1990, bl 511 punt 6.4) die volgende persone as lede van die Raad van Trustees vir die Afrikaanse Protestantse Kerk-Pensioenfonds aangewys:

Die Direkteur van Kerkadministrasie
Die Voorsitter van die Finansiële Kommissie
Die Ondervoorsitter van die BRKA
Die Rekenmeester
Mnr BJM Rossouw, lid van die Finansiële Kommissie.

6.1 BRKA-BEGROTING VIR 1992

Die konsepbegroting soos opgestel deur die Rekenmeester is na enkele wysigings soos volg goedgekeur:

		1991	1992
Admin	Salarisse	470 00	650 000
	Reiskoste	20 000	20 000
	Posgeld	12 000	20 000
	Skryf-behoefes	23 000	40 000
	Telefoon	15 000	18 000
	Oudit	2 000	2 000
	Verversings	3 000	3 000
Eiendom	Huur van toerusting	4 000	4 000
	Instand-houding	15 000	20 000
	Munisipale koste	5 000	5 000
	Versekering	5 000	4 000
	Meubels en toerusting	15 000	30 000
	Verbeteringsgebou	15 000	15 000
Spaarplan leraars		13 000	13 000
Reiskoste: vergadering		34 000	40 000
Diverse		5 000	5 000
Regskoste			5 000
Moontlike addisionele pos			100 000
TOTAAL:		656 000	989 000

Die volgende items geld in geval van die aankoop van die Corpus Christi-kerksentrum

Meubels en herstellings	200 000
Telefoon	6 000
Instandhouding: Eiendom	3 000
Munisipale koste	4 000
Versekering	2 000
Rente of paaiement	200 000
TOTAAL:	415 000

6.2 15% bydraes

Die BRKA het met ontsteltenis kennis geneem van 'n aansienlike getal AP Kerke wat reeds etlike maande agterstallig is met bydraes. Ná aanmanings het vele hulle bydraes op datum gebring. Die volgende is by finalisering van hierdie verslag nog agterstallig soos aangetoon:

6. FINANSIES

UITSTAANDE BYDRAES VIR 1990

GEMEENTE	MAAND(E)
Bloemfontein	Jul-Des
Boksburg	Sep-Des
Boshof	Apr, Jun, Aug
Fort Beaufort	Apr-Des
Germiston	Jun, Jul, Nov, Des
Goudveld-Sentraal	Jan
Groot-Marico	Sep, Okt
Heidelberg	Apr, Mei
Hoedspruit	Sep-Des
Hoëveldrif	Mei
Jamestown	Jan-Jul
Koedoesrand	Jun-Des
Marquard	Jul
Mooinooi	Feb-Jul
Namakwaland	Feb
Paul Roux	Feb, Mar, Jun, Des
Piet Retief	Mar-Okt, Des
Pools	Jan-Des
Roedtan	Des
Sasolburg	Nov
Schweizer Reneke	Des
Springs	Jan, Mar
Standerton	Jun-Des
Utrecht	Jun-Jul
Verkeerdevlei	Jul-Des
Zeerust	Okt-Des

UITSTAANDE BYDRAES VIR 1991

GEMEENTE	MAAND(E)
Boksburg	Jan-Apr
Derby	Jan
Fort Beaufort	Jan-Apr
Germiston	Jan-Feb
Heidelberg	Jan-Apr
Hoedspruit	Jan-Apr
Jamestown	Jan
Johannesburg	Jan-Mar
Kathu	Feb
Louwana	Jan-Apr
Paarl	Feb
Piet Retief	Jan
Roedtan	Jan-Apr
Schweizer Reneke	Jan-Apr
Standerton	Jan-Apr
Tygerberg	Jan
Verkeerdevlei	Jan-Apr
Vryburg	Jan-Apr
Zeerust	Jan-Apr

In opdrag van die BRKA is skribas van bg. AP Kerke per geregistreerde brief, die volgende meegedeel:

6.2.1 30 Dae aansuiwering:

Agterstallige bydraes moet binne 30 dae aangesuiwer word.

6.2.2 Rente:

Rente sal volgens Sinodebesluit bereken word, en van die betrokke gemeentes verhaal word.

Die BRKA het besluit:

- 1. Rente teen die prima uitleenkoers van banke op alle agterstallige 15% bydraes sal gehef word vanaf 1 April 1991, aangesien aangeneem word dat die Handeling van die Vierde Sinode waarin die betrokke besluit voorkom, reeds voor daardie datum in besit van alle betrokke gemeentes was.
- 2. In die brief aan gemeentes wat agterstallig is, moet gemeld word dat hulle verantwoordelik gehou sal word vir 'n geskatte aanslag en die rente daarop as hulle nie self reageer nie.
- 3. Skribas van Ringe moet in kennis gestel word dat hulle die sertifikate van ouditeure in verband met 15% bydraes van die gemeentes in elke Ring aan die BRKA moet stuur.
- 4. Die vergadering neem met dank kennis daarvan dat mnr Leon Korkie 'n rekenaarprogram geskryf het waarvolgens die berekening van agterstallige 15% bydraes vergemaklik word.

6.2.3 Oorbetalings van bydraes:

15% van alle gelde wat 'n kerkraad ontvang, moet oorbetal word.

6.2.4 Maandelikse oorbetalings:

15% bydraes moet maandeliks geskied, selfs waar gemeentes eenmaal per jaar 'n groot inkomste het.

6.2.5 Verslag: agterstallige bydraes:

Verslag aangaande agterstallige bydraes moet aan die Sinode gedoen word.

6.2.6 Na Ring verwys:

Indien die bogenoemde brief nie die gewenste reaksie tot gevolg het nie, behou die BRKA hom die reg voor om die aangeleentheid na die betrokke Ringe te verwys.

AANBEVELING:

Die RKA besluit watter optrede gevolg moet word afgesien van renteheffing in geval van gemeentes wat voortdurend agterstallig bly.

6.3 Fondsinsamelingsnommer

'n Aansoek om 'n fondsinsamelingsnommer is by die owerheid ingedien, en die aansoek geniet nog aandag.

6.4 Belastingvrystelling op Sentrale Kerkkantoor

Die Stadsraad van Pretoria het nie die aansoek om belastingvrystelling vir die terrein van die Sentrale Kerkkantoor toegestaan nie. Om vir vrystelling te kwalifiseer, moet 'n gebou vir godsdiensbyeenkomste gebruik word.

6.5 Weeshuisfonds

'n Bedrag van R1000 wat vir die daarstelling van 'n weeshuisfonds deur APK Memel geskenk is, is aan die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens oorgedra.

6.5.1 AANBEVELING:

Die RKA dra dit aan die BRKA op om by die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens navraag te doen oor vordering met die weeshuisfonds.

7. ONGEVALLEDEKKING OP DIE TERREIN VAN DIE SENTRALE KERKKANTOOR

Die BRKA het die ongevalledekking vanaf R250 000 na R500 000 verhoog deur 'n verdere jaarlikse premie van R125 te betaal.

8. SAKE VERWYS DEUR DIE RKA

8.1 Meubels vir Teologiese Skool (BI 507) 10.4.1.4)

Afgehandel: 3.2.2 hierbo.

8.2 Kuratoriumpersoneel (10.4.1.5)

Afgehandel: 3.1.4 hierbo.

8.3 BRKA lid wat uit die amp van Kerkraadslid tree (BI 550 1.8)

Afgehandel: 1.8 hierbo.

8.4 Kennisgewing van kommissielede wat nie verversings en etes nuttig nie (3.10.8.1)

Afgehandel: 3.7.5 hierbo.

8.5 Aankoop van vaste eiendom (BI 551 4.1.1)

Afgehandel: 4.2 en 4.3 hierbo.

8.6 Aanwysingsbordjies (Hand. bl. 555, 817)

Afgehandel: 3.6.4 hierbo.

8.7 Renteheffing op 15% bydraes langer as een maand agterstallig (BI 553 79.1)

Afgehandel: 6.2 hierbo.

8.8 Poshandveste (BI 554 2.8.1)

Afgehandel: 3.1.2 hierbo.

8.9 Aankoop van erf aangrensend aan Sentrale Kerkkantoor (BI 555 2.12.4)

Afgehandel: 4.3 hierbo.

8.10 Verwoerdburg en Montana-eiendom (2.12.5)

Afgehandel: 4.3 hierbo.

8.11 Registrasie van Vaalterrein (BI 556 2.20)

Afgehandel: 3.8 hierbo.

8.12 Hervestiging of registrasie van eiendom op naam van RKA (BI 594 7.3)

Afgehandel: 3.8 hierbo.

8.13 Voorlegging van begrotings van ad hoc-kommissies aan BRKA (BI 663 2.1, 2.2)

Die BRKA het geen begroting van enige
ad hoc-kommissies ontvang nie.

8.14 Sakebestuurder vir "Die Boodskapper" (BI 666 5.2)

Die SKK het besluit om die Redaksie te
vra om voorlopig nie 'n sakebestuurder in
samenwerking met die BRKA aan te stel
nie. Die hele saak asook die van 'n eie
drukker moet so gou as moontlik deeglik
ondersoek word met aanbevelings aan die
volgende sinode.

8.15 Benoeming van Vaalterreinkom-missie (BI 668, 3.6)

Afgehandel: 4.1 hierbo.

8.16 Reiskoste (BI 677, 28.2)

In 'n memorandum aangeheg aan 'n brief
gedateer 3/6/1991 is 'n uiteensetting van
die berekening van reiskoste deur die FK
aan alle kommissies van die Sinode
voorgelê. Die memorandum is deur die
BRKA aan alle skribas deurgegee .

9. BESKRYWINGSPUNTE

9.1 Ontwikkeling van Vaalterrein (Ring van Granië):

Die Sinode word versoek om daadwerklik
te begin met die ontwikkeling van die
Vaalterrein.

Motivering

1. Probleme word ondervind om geskikte
geriewe te vind vir die hou van 'n Sinode.
'n Eie Sinodesaal is die ideaal.

2. Die Vaalterrein is geografies baie
sentraal geleë en 'n geboukompleks kan
opgerig word as sentrum vir ons
Kerkkantore, die Teologiese Skool,
moontlik die begin van 'n eie Christelike
Skool en Universiteit.

AANBEVELINGS VAN BRKA

1. Die RKA neem kennis daarvan dat die beskrywingspunt nie geformuleer is ooreenkomstig die riglyne vir sinodale beskrywingspunte nie.

2. Die RKA wag die finale aanbevelings van die Vaalterreinkommissie en van die BRKA af alvorens hy verder besin oor die ontwikkeling van die Vaalterrein.

10 SLOT:


Hiermee vertrou die BRKA dat hy sy taak tot bevrediging van die RKA behartig het.

WJG LUBBE (VOORSITTER)

MC ADENDORFF (SKRIBA)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

**ORGANIGRAM: SENTRALE KERK-
KANTOOR**



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)***VYFDE SINODE: 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991****VERSLAG VAN DIE VAALTERREIN-KOMMISSIE****1. OPDRAG**

1.1 Die Sinode besluit dat voorkeur gegee word aan die oprigting van 'n konferensiesentrum met die nodige eetgeriewe en huisvesting;

1.2 dat die VBK twee voorleggings vir die konferensie- sentrums en die nodige geriewe aan 'n volgende Sinode moet maak vir 1000 mense en een vir 2000 mense;

1.3 dat die VBK steeds die samewerking van die APK Graniet en APK Parys sal soek t.o.v. die benutting van geriewe oor en weer;

1.4 dat die VBK 'n voorlegging aan 'n Sinode moet maak t.o.v. die totale beraamde koste, oprigting en bedryf t.o.v. die konferensiesentrums. Die Finansiële Kommissie moet hierin saamwerk en hulle wenke en moontlike wyses van finansiering ook voorlê;

1.5 dat die samewerking van AP Kerke gesoek word deurdat hulle hul eie huise op die terrein kan oprig;

1.6 dat die VBK bestaan uit 5 lede deur die BRKA benoem met afgevaardigdes van APK Graniet en APK Parys. Die Kommissie besit die reg om kundiges op 'n ad hoc-basis te koöpteer;

1.7 dat die VBK kan voortgaan met die beplanning in ooreenstemming met vorige sinodebesluite.

2. WERKSWYSE

2.1 Die lede van die VBK is deur die BRKA aangewys maar het nie vergader nie.

3. AANBEVELINGS

3.1 Die Sinode besluit dat die VBK weer deur die BRKA aangewys moet word;

3.2 dat die beplanning gesien moet word as 'n langtermynprojek;

3.2 dat met die beplanning van die konferensiesentrums en -geriewe voortgegaan moet word.

IA BRINK

Namens die Kommissielede

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

VERSLAG INSAKE KAAPSE MEDIESE PLAN

Broer Voorsitter en broers,

As verteenwoordiger van die Afrikaanse Protestantse Kerk by die Kaapse Mediese Plan rapporteer ek as volg:

1. VERGADERINGS:

Sedert die afgelope Sinode het ek vier vergaderings bygewoon.

2. SEKUNDUSLID:

Die BRKA het ’n sekunduslid, nl. ds DR Schwartz benoem.

3. ADVIESRAAD:

Met die vergadering Mei 1991, is ds AJ Taute verkies as ondervoorsitter van die Adviesraad van die Kaapse Mediese Plan.

4. DIE VOLGENDE SAKE IS VAN BELANG:

4.1 Ledegelde

4.1.1 Algemene verhoging:

Die algemene verhoging was 25%.

4.1.2 Versprei:

Hierdie verhoging was versprei oor agt verskillende kategorieë.

4.1.3 Eiseverhoudings:

Hierdie kategorieë was vasgestel op die grondslag van werkgewergroepe se eiseverhoudings as ’n persentasie van bydraes ontvang oor ’n periode van ongeveer drie jaar.

4.1.4 Kategorieë:

Die kategorieë is as volg:

	EISE	VERHOOGING OP 1990
1	0-60%	3%
2	60.01 - 70%	10%
3	70.01 - 80%	17%
4	80.01 - 90%	24%
5	90.01 - 100%	31%
6	100.01 - 110	38%
7	110.01 - 120%	45%
8	120.01 en meer	52.5%

’n Gemiddelde verhoging van 25% aldus.

Dit het tot gevolg gehad dat heelwat groepe wat hoë eisers gehad het of weggegaan het van die plan tot en met die eerste vyf maande van 1991 heelwat minder geëis het.

Vorentoe sal groepe ledegelde op ’n jaarlikse basis bereken wat kan beteken dat ledegelde opwaarts of afwaarts aangepas sal moet word.

Toekomstige verhogings sal deurgaans op al agt kategorieë toegepas word.

4.2 BTW

Hierdie aangeleentheid het reeds wye dekking in die pers en op TV geniet.

BTW sal blykbaar voortaan op dienste gelewer deur verskaffers van mediese dienste van toepassing wees. Dit sal tot gevolg hê dat Mediese Skemas meer voordele sal moet toelaat.

Mediese Skemas daarteenoor, mag nie BTW hef op die maandelikse ledegelde nie. Dit sal dus dalk nodig wees om die ledegelde nog gedurende 1991 met ongeveer 8% of 9% te verhoog. Indien die Reserwefondse genoegsaam is, sal daar gepoog word om nie ledegelde vir 1991 te verhoog nie.

4.3 Algemene sake

4.3.1 Lidmaattal:

Lidmaattal van die Kaapse Mediese Plan het effens afgeneem wat tot gevolg gehad het dat Inkomstes effens gedaal het. Dit was as gevolg van swakker groepe wat weggegaan het.

Nuwe groter groepe sluit egter aan en dit kompenseer effens vir die verlies.

4.3.2 Personeel:

Die Hoofbestuurder, mnr Barnard tree af teen die einde van 1991 en word opgevolg deur die huidige Administrasiebestuurder, mnr Laubscher.

4.3.3 Ander dekking:

Die Plan se Raad is tans besig om alternatiewe dekking te ondersoek teen verminderde ledegelde:

100% geen beperkings teen huidige ledegeld

80% geen beperkings teen verminderde ledegeld

70% met beperkings teen nog minder ledegelde.

Hieroor sal later meer volledig verslag gedoen word deur die Plan se Raad.

5. SLOT:

Ek vertrou dat ek my taak na wense afgehandel het.

Seën word die Sinode toegebid met sy sitting.

wg. DS AJ TAUTE

DS DR SCHWARTZ (sec)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

VYFDE SINODE 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

VERSLAG : KURATORIUM

1. PERSONEEL

1.1 Lede van die Permanente Kommissie

Di A Boshoff (Voorsitter), MC Adendorff, IA Brink, NJ Rautenbach, DR Schwartz (Assistent-skriba), AJ Taute, JH Theron, Jurie J Venter, dr WA Burger, E Friis, CI van Heerden (Ondervoorsitter).

1.2 Amptenare van die Kuratorium

1.2.1 Administrateur en skriba:

Prof dr FAH van Staden (honorêr)

1.2.2 Sekretaresse-tikster:

Mev CM Venter (Barnard)

2. VERGADERINGS

Die Kuratorium het sewe keer vergader.

3. DAGBESTUUR

Die Kuratorium het 'n Dagbestuur soos volg saamgestel:

ds A Boshoff (Voorsitter), dr CI van Heerden (Ondervoorsitter), prof dr FAH van Staden (Skriba) en ds DR Schwartz (Assistent-skriba).

4. DAGBESTUUR-VERGADERINGS

Die Dagbestuur het drie keer vergader.

5. SUBKOMMISSIES

Die Kuratorium het uit eie geledere die volgende *drie Subkommissies* saamgestel om sy werksaamhede te vergemaklik te wete

- 5.1 Huisvesting van studente, Studentebegeleiding, Beurse en Skakeling;
- 5.2 Keuring, Eksaminering, Colloquium Doctum, Statusverlening en Legitimering;
- 5.3 Finansies, Fondsontginning en Begroting

Ter wille van kostebesparing het die Subkommissies na behoefte op dieselfde dag as die Kuratorium vergader.

6. TEOLOGIESE SKOOL

6.1 Raad van Teologiese Dosente

Prof dr FAH van Staden (Hoof van Teologiese Opleiding, departemente Ekklesiologie, Missiologie en vakke Kybernetiek, Ensiklopedie en Ekumenika);

prof HS Theron (departement Nuwe Testament en praktiese vakke Poimeniek,

Diakoniek en Evangelistiek); hy werk tans aan sy proefskrif.

prof HCG Robbertze (departement Ou Testament en praktiese vakke Homiletiek, Liturgiek en Kategetiek);

prof Robbertze het in die Ou Testament gepromoveer en ontvang die DTh-graad van UNISA op 26 September 1991, 'n mylpaal waarmee hy gelukgewens word;

prof R Marè (departemente Dogmatologie, Godsdienwetenskap en vak Pastorale Psigologie); hy werk tans aan sy proefskrif met die oog op voltooiing teen einde September DV.

Die *Raad van Dosente* het gereeld vergader en verslag aan die Kuratorium gedoen.

6.2 Inougurale redes

Prof HS Theron het sy intreerede op 20 November 1990, gehou met as onderwerp: "DIE SIN VAN DIE GESKIEDENIS (Nuwe Testamenties)" en prof R Marè op 20 Februarie 1991 met as onderwerp: "VOLKSEIE KERK".

6.3 Teologiese Dae

Die Kuratorium het op 20 Februarie 1991 'n teologiese dag gereël met "onderwys" as tema.

6.4 Ouderlingkonferensies:

Proff Marè, Theron en Van Staden het op 2 Februarie en op 23 Februarie 1991 ouderlingkonferensies gelei vir respektiewelik die *ringe Morgenzon* en *Middelburg en Dendron*, wat volgens die kommentaar van die konferensiegangers suksesvol was en waaromtrent aan die Kuratorium verslag gedoen is.

6.5 Legitimاسie

Die eerste teologiese student, *Adam (Attie) Boshoff* het einde 1990 sy driejarige teologiese studie met lof voltooi en is op

20 November 1990 deur die Kuratorium gelegitimeer en beroepbaar gestel.

6.6 Teologiese Opleiding : Kurrikulum

Kyk onder pt. 9 *Opdragte Sinode 1990*.

6.7 Biblioteek

6.7.1 Die biblioteek van die Teologiese Skool groei geleidelik. Boekeskenkings geskied sporadies. Aankope geskied vanuit die begroting en kontantskenkings. Aangesien dit essensieel is vir die studie van die teologie dat die Teologiese Skool spoedig 'n omvangryke boekery en teologiese tydskrifte sal opbou, het die Kuratorium besluit om 'n beroep te doen op die predikante van die kerkverband om by emeritering hul boekery aan die Teologiese Skool te skenk of dit in hul testamente te bemaak. Ewe-eens is besluit om 'n beroep te doen vir kontantskenkings.

6.7.2 Aanbod deur prof AH van Zyl

Prof Van Zyl, emeritusprofessor in die OT aan UP, het eksklusief aan die Teologiese Skool sy biblioteek van 3231 boeke teen die gemiddelde prys van R12-50 per boek aangebied. Die Kuratorium en dosente beskou hierdie aanbod as nie net 'n absolute winskoop nie, maar ook 'n unieke geleentheid, gesien die hedendaagse hoë pryse van nuwe en veral antikwariese boeke. Aangesien R12 000-00 in die verlede vir die Biblioteek en R12 000-00 vir Onderrighulpmiddels begroot was, word begroot vir die Biblioteek R40 000-00, wat insluit R12 000-00 Biblioteek en R12 000-00 Hulpmiddels en dus R16 000-00 addisioneel.

AANBEVELING 1

BOEKERY VAN PROF AH VAN ZYL:
Die Sinode besluit om te begroot vir die aankoop van die biblioteek van prof Van Zyl, kyk pt. 12 BEGROTING.

6.7.3 Aangesien UNISA vir die verdere studie van ons afgestudeerde teologiese studente aan UNISA die vereiste gestel het, terwyl ons eie biblioteek nog nie omvangryk genoeg is nie, dat die

Teologiese Skool as erkende opleidingskool by een of ander erkende biblioteek geregistreer word, is suksesvol met UP onderhandel en is die Teologiese Skool as buitegebruikerinstansie geregistreer teen R1 000-00 per jaar.

6.8 Studente

Vir die studiejaar 1991 het *vier teologiese studente* en sover vasgestel kon word tien admissiestudente geregistreer:

6.8.1 Teologiese studente

HF Jooste (sesde jaar); TJ Verryne (sesde jaar - hy het besluit om 'n BD-graad aan UP prys te gee deur vir sy finale studiejaar by die Teologiese Skool te registreer, aangesien hy hom nie langer kon versoen met die Kerk- en Samelewingbeleid van die NG Kerk nie); P Janse van Rensburg (vyfde jaar); GCD Stoltz (vierde jaar).

6.8.2 Admissiestudente:

WA Burger (derde jaar UP); JD Jansen van Rensburg (derde jaar UP); J Rossouw (derde jaar PU vir CHO); WA Retief (tweede jaar UNISA); GR Bester (tweede jaar UP); EA Claassen (tweede jaar UNISA); CJ Bezuidenhout (eerste jaar UOVS); PJ van der Nest (eerste jaar PU vir CHO); RM Retief (eerste jaar UNISA); A Swanepoel (eerste jaar UOVS).

6.8.3 Studies gestaak:

Die volgende studente het hul studies gestaak: H Kahts, CJH van Wyk en DW Hofman terwyl JM de Wet, wat vanjaar vierde jaar moes wees, sy studie voorlopig onderbreek het.

6.9. Willie Lubbe Teologiese Studiefonds

KONSEPREGLEMENT

6.9.1 Naam

Die studiefonds staan bekend as die Willie Lubbe Studiefonds vir Teologiese Studente. (Hierna genoem die Fonds).

6.9.2 Beheer

Die beheer en administrasie van die Fonds berus by die BRKA in oorleg met die Finansiële Kommissie van 'n Sinode van die APK.

6.9.3 Toekennings

Toekennings van beurse en/of lenings geskied op aanbeveling van die Kuratorium kragtens die bevoegdhede deur die Sinode aan hom verleen. Na gelang van die beskikbaarheid van fondse en met inagneming van alle tersaaklike besonderhede kom die volgende persone in aanmerking vir toekennings in die volgende orde van voorkeur.

- (a) Teologiese studente aan die Teologiese Skool van die APK.
- (b) Gekeurde admissiestudente.
- (c) Predikante, proponente en studente wat met studieskuld voorspruitend uit teologiese studies na die bediening in die APK oorkom.
- (d) Predikante, proponente, dosente en teologiese studente wat besig is met nagraadse studies in die Teologie.

6.9.4 Oorwegings

In die uitoefening van sy diskresie om fondse toe te ken, sal die Kuratorium hom deur die volgende oorwegings laat lei.

- 6.9.4.1 skolasiese vereistes;
- 6.9.4.2 behoefte van die aansoeker;
- 6.9.4.3 verdienste van die aansoeker;
- 6.9.4.4 lewenswandel van die aansoeker;
- 6.9.4.5 vordering van die aansoeker.

Hierdie is nie 'n volledige lys van oorwegings nie en die Kommissie kan ander sake ook in ag neem.

6.9.5 Elke aansoeker aan wie 'n beurs of 'n lening toegeken word, moet 'n skuldakte onderteken waarin die ooreenkoms tussen hom en die Fonds vervat sal wees. In geval van minderjarigheid van die

aansoeker moet die skuldakte deur sy wettige voog mede-onderteken word.

6.9.6 Teenprestasie

Die beursontvanger of lener sal 'n teenprestasie soos op 'n ad hoc-basis vasgestel en in sy skuldakte beliggaam, aan die Fonds lewer. Die Kuratorium is geregtig om na eie goeëddunke sodanige beursontvanger of lener uit die lewering van sodanige teenprestasie in besondere omstandighede te onthef.

6.9.7 Terugtrekking

Die Kommissie mag toekennings te enige tyd terugtrek indien hy volgens sy uitsluitlike diskresie tot die gevolgtrekking gekom het dat die beurshouer of lener hom aan wangedrag skuldig gemaak het, onbevredigende vordering maak of sy studies gestaak het. Die Kommissie kan ook toekennings opvra indien die aansoeker sy amp as bedienaar van die Goddelike Woord of as hoogleraar neerlê of indien hy bedank as 'n lidmaat van 'n APK voordat sy teenprestasie nog ten volle gelewer is.

6.9.8 Vergaderings en Besluite

6.9.8.1 Beurse of lenings word jaarliks toegeken en uitbetalings geskied twee maal per jaar.

6.9.8.2 Volledige aansoekvorms moet voor of op 23 Desember aan die Administrateur van die Kuratorium gepos word.

6.9.8.3 'n Volledige begroting moet die aansoek vergesel.

6.9.8.4 Uitbetalings word net gedoen na keuring deur die betrokke Subkommissie van elke aansoeker.

6.9.8.5 Besluite oor toekennings word by wyse van gewone meerderheid geneem.

6.9.9 Wysiging

Hierdie reglement kan by wyse van 'n besluit deur 'n Sinode gewysig word.

AANBEVELING 2

KONSEPREGLEMENT:

Die Sinode keur die Konsepreglement van die Willie Lubbe-Studiefonds goed.

7. PREDIKANTSTATUS

Die Kuratorium het tot met sy vergadering op 6 Junie 1991 tien aansoeke vir die toekenning van predikantstatus ontvang, waarvan twee toegestaan is.

Proponentstatus is toegeken aan: DJ Malan en dr GJJ Labuschagné.

AANBEVELING 3

AANSOEK OM PREDIKANTSTATUS:

Die Sinode besluit dat die Kuratorium aansoeke vir predikantstatus net sal ontvang en oorweeg nadat 'n aansoeker reeds ses maande lidmaat van 'n plaaslike AP kerk is (vgl. KO art. 4), ten einde die Kuratorium genoegsame geleentheid te bied om in samewerking met die kerkraad en, indien nodig, óók met die ring die aansoek deeglik te kan evalueer in die hoogste belang van die kerkverband.

8. OEFENAARS

Die Kuratorium het op 19 Februarie die drie oefenaars MJG Botes, PJ Retief en ZJ van Rensburg ontmoet in verband met die vordering van hulle studies:

8.1 die Kuratorium het kennis geneem dat oef Van Rensburg BA II suksesvol voltooi het en vir BA III ingeskryf het; dat oef Botes enkele vakke geslaag het, dog nog nie Grieks en Hebreeus nie; dat oef Retief nie eksamen afgelê het in die ontbrekende admissievakke nie, dog wel eksamen aan die Teologiese Skool suksesvol afgelê het in Nuwe Testament, Dogmatiek en Kerkreg;

8.2 die Kuratorium het op 19 Februarie besluit om die oefenaarskap van oefs Van Rensburg en Botes vir 1991 te kontinueer en dié van oef Retief op voorwaarde dat hy by RAU registreer vir die admissievakke;

8.3 Oef Retief het op 29 Mei 1991 sy lidmaatskap van die AP kerk Springs opgesê en daardeur oefenaarskap verbeur.

9. OPDRAGTE VAN DIE SINODE 1990

9.1 Teologiese Opleiding : Kurrikulum - Handeling p. 502 pt. 6.5

Die teologiese opleiding strek oor drie jaar nadat aan die admissievereistes voldoen is. Die kursus is soos volg:

Ou Testament: Eksegese (3 jaar); Inleiding (3); Teologie (3); Kanongeskiedenis (); Tekskritiek (); Hermeneutiek (); Argeologie ();

Nuwe Testament: Eksegese (3); Inleiding (3); Teologie (3); Kanongeskiedenis (); Tekskritiek (); Hermeneutiek ();

Dogmatologie: Dogmatiek (3); Christelike Etiek (3); Dogmageskiedenis (3); Simboliek (1); Apologetiek (1); Sektekunde (1);

Ekklesiologie: Algemene Kerkgeskiedenis (3); Vaderlandse Kerkgeskiedenis (3); Kerkreg (3); waaronder ook ingeruim word: Kybernetiek (1); Ensiklopedie (); Ekumenika ();

Missiologie en Godsdienswetenskap: Sending-geskiedenis (2); Sendingteorie (1); Sendingmetodiek (1); Elenktiek (1); Godsdiensgeskiedenis (1); Fenomenologie (1);

Praktiese Teologie: Homiletiek (3); Liturgiek (1); Poimeniek (2); Kategetiek (2); Diakonie (); Evangelistiek (); Pastorale Psigologie (1).

VIR KENNISNAME

Die Sinode neem kennis.

9.2 Voortgesette Teologiese Opleiding - Handeling p. 502 pt. 6.6

"Die Kuratorium word versoek om aan die voortgesette teologiese opleiding van die predikante 'n primêre plek te gee".

VIR KENNISNAME:

Die Sinode neem kennis

- 1. dat die Kuratorium die aangeleentheid op sakelys geneem het vir uitvoering;
- 2. dat die dosente vanjaar reeds belas was met ouderlingkonferensies, vgl. VERSLAG pt. 6.4;
- 3. dat drie dosente besig is om hul proefskrifte af te handel: prof Robbertze se keurdatum is 15 Junie 1991 en prof Maré, wie se promotor aftree, November 1991.

9.3 Studentebegeleiding - Handeling p. 508 pt. 10.4.1.16

"Die volgende voorstel word goedgekeur as byvoeging by *die lasgewing*: 10.4.1.16:

Stel 'n kommissie saam wat in samewerking met die studente se plaaslike kerkrade, admissante en teologiese studente tydens hulle hele studietydperk begelei".

VIR KENNISNAME

Die Sinode neem kennis

- 1. dat die Kuratorium reeds in Desember 1987 'n Subkommissie vir Huisvesting van studente, *Studentebegeleiding, Beurse en Skakeling benoem het, wat jaarliks na elke sinodesitting herbenoem, word*;
- 2. dat die dosente behulpsaam is met die begeleiding van studente; en
- 3. dat die Subkommissie die nodige skakeling met betrokke kerkrade moet behartig.

9.4 Predikantstatustoekenning - Sakelys p. 173 pt. 5.2.3 en p. 250, pt. 8.1

Die aangeleentheid van predikantstatustoekenning is na die Kuratorium en SKK verwys om die Sinode 1991 met 'n aanbeveling te bedien.

VIR KENNISNAME

Kyk Addendumverslag van SKK vir AANBEVELING.

10. VRYE CVO-UNIVERSITEIT

10.1 Inskakeling van die Teologiese Skool by 'n universiteit as fakulteit

Aangesien teologiese studente en predikante van die kerkverband begerig is om nagraadse teologiese studie te doen, wat die Teologiese Skool nie kan aanbied as 'n privaat Teologiese Skool nie, het die Kuratorium opdrag aan die Raad van Dosente gegee om die moontlike inskakeling van die Teologiese Skool as 'n fakulteit by 'n universiteit te ondersoek. Na wye ondersoek het dit geblyk nie moontlik te wees nie.

10.2 'n Vrye Universiteit

Ondersoek is daarop ingestel na die moontlikheid van die oprigting van 'n vrye universiteit met die Teologiese Skool as kernpunt. Van die minister van Onderwys en Kultuur is die wetlike vereistes ontvang. Intussen is kontak verkry en gesprek gevoer met die Stigting vir Christelik Volkseie Onderwys wat ewe-eens ondersoek instel na die moontlike oprigting van Die Vrye CVO-Universiteit.

10.3 Die Vrye CVO-Universiteit

Die Kuratorium het na verskeie gesprekke met 'n lid van die Taakgroep van die Stigting vir CVO in verband met die oprigting van die Vrye CVO-Universiteit besluit om Bylae KUR .A en Bylae KUR .B as grondslag vir deelname en onderhandeling die aangeleentheid aan die Sinode voor te lê vir besluit.

AANBEVELING 4

SAMEWERKING MET TAAKGROEP VIR CVO

Die Sinode magtig die Kuratorium om namens die kerkverband as deelnemer saam met die Taakgroep van die Stigting vir CVO ondersoek te doen na die moontlike oprigting van 'n Vrye CVO-Universiteit waarby die Teologiese Skool sal kan inskakel, veral met die oog op nagraadse studie, sonder koste vir die Sinode en met verslag aan die volgende Sinode.

11.BESKRYWINGSPUNTE

11.1 Opdrag van Dosente: Ring van Moot-Sentraal

"Die Sinode besluit om artikel 10.9 van die Kerkorde te herroep en die volgende opdrag aan die teologiese dosente te gee:

1. VTO:

Die uitwerk en aanbied van VERDERE **TEOLOGIESE OPLEIDINGSKURSUSSE** (VTO) vir leraars.

2. Lidmaatskursusse:

Die uitwerk en aanbied van kursusse vir lidmate oor bepaalde teologiese aspekte en kursusse oor bepaalde Bybelboeke.

3. Toerusting vir kerkraad en

Verbondsonderrig:

Die uitwerk en aanbied van Skolings- en toerustingskursusse vir ouderlinge, diakens en Verbondsonderrigpersoneel.

4. Bybelstudiegidse:

Die skryf van Bybelstudiegidse.

5. Handleidings:

Die opstel van Handleidings vir toerustingskursusse oor belangrike aspekte en onderwerpe soos Evangelisasie, Diens van Barmhartigheid ens. wat leraars in gemeenteverband kan aanbied."

MOTIVERING

1. Leemte:

Leraars en lidmate het van alle bogenoemde kursusse en verdere teologiese toerustingsmiddele en -materiaal afstand gedoen wat 'n groot leemte gelaat het.

2. Min toerustingsmiddele:

Die APK self bied op hierdie stadium min tot geen van bogenoemde toerustingsmiddele vir beide lidmate en leraars.

3. Behoeftes:

Daar is 'n geweldige behoefte binne die APK aan sodanige kennis en die APK-lidmaat het hom reeds oor en oor bewys as baie leer- en leesgierig veral ten opsigte van kerklike aangeleenthede.

4. Leraars oorlaai:

Gemeenteleraars is vanweë hulle groot betrokkenheid by die opbou van gemeentes en kommissiewerk reeds oorlaai.

5. Spesialiste:

Dosente word beskou as spesialiste op bepaalde vakgebiede wat hulle die aangewese persone in die APK maak om hierdie bepaalde take, soos genoem, te verrig.

6. Ondoeltreffend:

In die lig hiervan kan die onderstaande nie doeltreffend gedoen word nie.

- (i) Die Teologiese Skool na behore uit te bou en toesig oor teologiese studente te hou.
- (ii) Die APK in breër kerkverband teologies te dien, soos in die beskrywingspunt aangevra, en
- (iii) nog gekoppel te wees aan 'n gemeente met beperkte opdrag.

7. Werksterrein van dosente:

Die aanvanklike siening van die APK, veral tydens die eerste twee sinodes was

dat die teologiese dosente se *uitsluitlike werksterrein* opleiding is.

AANBEVELING 5

Die Sinode besluit:

1. Skrapping:

Die skrapping van art. 10.9 van die Kerkorde 1990 word oorweeg saam met ander beskrywingspunte en 'n gravamen in die verband;

2. VTO:

Dat punt 1 in verband met Voortgesette Teologiese Opleiding afgehandel is, kyk VERSLAG pt. 9.2;

3. Versoek:

Dat punte 2 tot 5 nie as OPDRAG goedgekeur word nie, maar VERSOEK die dosente om aandag aan die gemelde behoeftes te gee.

11.2 Praktiese werk deur studente: Ring Moot-Sentraal

"1. Vyfde studiejaar:

Die Sinode besluit dat teologiese studente van die Afrikaanse Protestantse Kerk vanaf hulle vyfde (5e) studiejaar (tweede jaar teologie) aan 'n gemeente gekoppel word ten einde behulpsaam te wees met prediking, huisbesoek, hospitaalbesoek, jeugwerk ens. in daardie gemeente, om aan die student die geleentheid tot praktiese ondervinding te bied.

2. Gemeentelike koppeling:

Die Sinode besluit dat die studente aan hul plaaslike gemeente of indien nie moontlik nie, aan 'n gemeente in die Pretoria-omgewing gekoppel word. Die plasing sowel as die taakoms krywing moet deur die dosente in samewerking met die plaaslike leraars gedoen word.

Die plaaslike kerkraad moet volledig verslag doen, op 'n kwartaallikse basis, aan die dosente en Kuratorium."

Ter Motivering

1. Professionele studierigting:

In alle professionele studierigtings (bv. medies, veeartsnykunde, tandheelkunde, ens.) word van studente verwag om bo en behalwe 'n grondige akademiese kennis

en agtergrond ook *praktiese* ondervinding op te doen. Waar die werk van die leraar, veral in gemeenteverband, totaal praktyk gerig is, kan baie waardevolle ondervinding en kennis onder die begeleiding van 'n leraar en kerkraad opgedoen word.

2. Verslaggewing:

Verslaggewing op 'n gereelde basis verseker dat dosente op hoogte gehou kan word van praktykgerigte vordering en dat probleemareas en -gevalle vroegtydig voorsien kan word.

'n Minimale basiese vergoeding kan deur die Kuratorium oorweeg word.

AANBEVELING 6

Die Sinode besluit:

die beskrywingspunt van die Ring van Moot-Sentraal rakende praktiese werk van teologiese studente word nie goedgekeur nie, aangesien die Kuratorium in samewerking met die Raad van Dosente reeds genoegsaam beplan het vir effektiewe praktiese werk deur die teologiese studente gedurende die drie jaar opleiding.

11.3 Textus Receptus: Ring van Somerset-Oos

"Die Sinode beveel aan dat studente aan die Teologiese Fakulteit die geleentheid kry om ook die voorstanders van die TEXTUS RECEPTUS aan te hoor."

MOTIVERING

Eensydige weergawe:

Studente word aan 'n eensydige weergawe van die nuwe grondteks aan alle universiteite en teologiese fakulteite voorgestel. Die teks van die reformatore word nou as onbetroubaar voorgestel.

AANBEVELING 7

Die Sinode besluit:

die beskrywingspunt van die Ring van Somerset-Oos rakende Textus Receptus word nie goedgekeur nie, aangesien by die Teologiese Skool, wat nie aan 'n universiteit of teologiese fakulteit verbonde is nie, die teologiese studente op 'n volledige suiwer wyse ingelei en onderrig word in die totale

Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese Tekskritiese Wetenskap.

11.4 Keuring van leraars: Ring van Bloemfontein

"Die SKK en die Kuratorium word bedank vir die erns en verantwoordelikheid waarmee predikante wat wil toetree tot die APK-verband, gekeur word. Tog word hulle versoek om voortdurend veral moeite te doen om meer oor so 'n aansoeker se vorige bediening vas te stel, en ook veral oor sy motivering vir oorkoms na die APK-verband".

MOTIVERING

Motivering van aansoeker

nie altyd suiwer:

Dit sou maklik wees vir 'n aansoeker in die huidige tyd waar beroepe in ander kerkverbande skaars is, en waar baie van die gemeentes in daardie kerke finansiëel in die moeilikheid is, om sy motivering vir oorkoms aan te pas by die behoeftes van ons Kerkverband.

AANBEVELING 8

Die Sinode besluit:

die beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein rakende toelating van leraars word nie goedgekeur nie, aangesien die Kuratorium reeds 'n streng keuringsbeleid toepas, vgl. onder andere pt. 7 van hierdie VERSLAG en aanbeveling 3.

11.5 Beskrywingspunt : Ring van Memel

Vir kennisname

Kyk aanbeveling 5 pt. 1 en Verslag van die KKS.

11.6 Beswaarskrif insake Dosente beroep met beperkte opdrag, art. 37.2

Vir kennisname

Die Beswaarskrif is na die KKS verwys vir beoordeling van ontvanklikheid en aanbeveling aan die Sinode.

12. BEGROTING

Kyk vir die *begroting van die Kuratorium met aanbeveling* in die Verslag van die Sinodale Finansiële Kommissie.

13. SLOT:

Die Kuratorium bid die vergadering die seën van die Here op sy sitting toe.

U kommissie vertrou dat hy die Koning van die Kerk deur sy arbeid die afgelope jaar gedien het tot uitbreiding van die Koninkryk.

DS A BOSHOF (VOORSITTER)

PROF DR FAH VAN STADEN (SKRIBA)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk Van Christus Onder Blanke Afrikaners*)

GRONDSLAE VAN DIE VRYE CVO-UNIVERSITEIT

1. Die Universiteit is 'n instelling binne *verbondsverband* en binne *volksverband*.

2. Die Universiteit berus geheel en uitsluitlik op die grondslag van die *gereformeerde (Calvinisties Protestantse) beginsels*. In hierdie verband neem die drie Formuliere van Eenheid soos in die jaar 1619 deur die Nasionale Sinode van Dordrecht vasgestel is, 'n plek van grondliggende betekenis in.

3. Die Universiteit beskou

- (i) die *beoefening van die wetenskap* as sy eie besondere God-bepaalde taak en roeping en sy eie besondere wyse om God se skeppingsopdrag (Gen. 1:28) te vervul, en
- (ii) die *terrein van die wetenskap* waarop hy werk as sy eie besondere soewereine kring.

Navorsing (die skep van nuwe kennis) en onderwys (ontsluiting van kennis en vorming tot selfstandige wetenskapsbeoefening) is die besondere deeltake van die Universiteit.

4. Die Universiteit is 'n *vrye universiteit* kragtens sy eie besondere taak, aard en roeping (sy soewereiniteit in eie kring).

5. Die Universiteit handhaaf die volgende grondbeginsels op sy besondere terrein, naamlik die beoefening van die wetenskap:

5.1 Die volstreckte soewereiniteit van die Drie-enige God oor alle gebiede van sy skepping en oor die hele lewe van die mens.

5.2 Die Koningskap van Jesus Christus oor alles kragtens die feit dat alle gesag en mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is.

5.3 Die soewereiniteit van die Woord van God - sy goddelike gesag, sy ewige beginsels, sy volstreckte normatiewe geldigheid, sy onfeilbaarheid as lewensrigsnoer en sy volstreckte verklarende lig oor alles.

5.4 God alleen is die Skepper van die werklikheid. Die werklikheid as geheel en in elke deel in besonder is 'n skepping of skepsel van God. God is Skepper, Wetgewer, Beheerser, Onderhouer, Ordesetter, Ordehandhawer en in Christus Jesus deur die Heilige Gees, Skeppingsvernuwer.

5.5 Die werklikheid is in sy geheel en in elke deel *God-bepaald*; vind sy oorsprong, sin en bestemming in God en herlei sy diepste sin uit die feit dat dit *uit, deur en tot* God is, afhanklik van, onderworpe aan God is, om wille van God en in verhouding tot God staan en buite sigself na God sy Skepper uitwys.

5.6 Daar is 'n volstreckte onderskeid en grens tussen God en skepping wat daarin bestaan dat God die skepping aan sy verordende wette onderwerp het.

5.7 God Drie-enig, die volstrek soewereine Skepper van die kosmos, is eenheid-in-verskeidenheid in volkome harmonie. God het die *eenheid-in-verskeidenheidbeginsel* in sy skepping toegepas sodat sy skepping eenheid-in-verskeidenheid is. Die eenheid setel in die feit van die één Skepper en die één Herskepper Jesus Christus deur die Heilige Gees en die één sin, naamlik dat die skepping uit, deur en tot Hom is.

In die skepping is eenheid en veelheid/verskeidenheid formeel *gelykwaardige beginsels*.

Elke oorspronklike verskynsel het sy unieke eieaard regstreeks van die

Skepper en in hierdie regstreekse verhouding van die enkele as enkele teenoor die Skepper is alle verskynsels formeel *gelykwaardig*. Alle verskeidenheid moet in grondliggende en onherleibare sin eerbiedig word.

Die beginsel van veelheid en verskeidenheid vind sy kardinale formulering veral in twee bepaalde beginsels, naamlik die van *soewereiniteit in eie kring* (SIEK) en die van *vryheid in eie bevoegdheid* (VIEB).

SIEK handhaaf dat alles wat modaal-oorspronklik is, sy unieke eieaard en eiesoortige soewereiniteit het wat dit van God onmiddellik ontvang het. (Vir die wetenskap hou dit in dat elke wetenskap sy eie onvervreembare gebied het en dat alleen deur die konsekwente erkenning van die beginsel van SIEK dit moontlik is om die ware objek in sy uniekheid en objektiwiteit en identiteit te begryp.)

VIEB handhaaf dat elke individuele substansie as regstreekse en oorspronklike gawe van God 'n bevoegdheid ontvang het waarin dit in die positiewe sin van die woord vry en onafhanklik is om te wees wat dit is en te handel soos dit handel.

5.8 God se beheersing van die werklikheid maak wetenskap moontlik terwyl sy skeppingsordeninge en verordende wette aan die wetenskap geleentheid tot kennis gee.

5.9 Godskennis is die sleutel tot egte wetenskaplike kennis. Godskennis is geopenbaarde kennis. Die hoofbronne van Godskennis is:

- *Jesus Christus die vleesgeworde Woord
- *Die Woord van God
- *Die werke van God
- *Die geskiedenis wat deur God beheers en gelei word en in wese die ontvouing van Gods Heils- en Raadsplan is.

(Die erkenning van die Woord as bron van Godskennis is die formele reformatoriese beginsel. God se werke en die geskiedenis is slegs eg kenbaar in die lig van en deur middel van die ewige beginsels van die Woord).

5.10 Godsopenbaring is die eerste beginsel van kennis en van betekenisontsluiting.

5.11 Die eenheid van die wetenskap op grond van

- (i) die eenheid van die werklikheid;
- (ii) die eenheid by die wetenskap wat tot eenheid gebind is in die hart as lewenswortel (Spr. 4:23) waarvan die denke slegs 'n uitgang is. Verder is die Christus-gelowige wetenskap se hart op God gerig en beheers deur die sentrale grondmotief van die Woord: Skepping, sondeval en verlossing in Jesus Christus deur die Heilige Gees.

5.12 Die verskeidenheid vakwetenskappe vind hulle bestaansgrond in die verskeidenheid in die werklikheid.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

UNIVERSITEIT AS HOËR ONDERWYS INSTELLING

Die Universiteit is 'n hoër onderwysinstelling binne die *volksverband* van die Boere-Afrikanervolk. Die Boere-Afrikanervolk:

- is 'n blanke volk wat binne God se raadsplan op Afrika-bodem ontstaan het, maar wat na sy oorsprong en wortels nie van Afrika is nie;
- stam oorwegend uit die Nederlandse, Franse en Duitse volke van die sewentiende eeu en vroeër. Sy mees wesenlike volkstreke het hulle oorsprong hier. Dit is naamlik 'n Calvinisties Protestantse volk en 'n loot van die Hervorming. Dit is 'n Westerse, Eerste Wêreldvolk met 'n onmiskenbare Nederlandse inslag;
- het onder druk van Afrika-omstandighede ander onderskeidende eienskappe ontwikkel, byvoorbeeld sy eie deurleefde geskiedenis, eie tradisies en gebruike, sy eie taal en sy besondere identiteitsbewussyn.
- het uit sy Calvinisties Protestantse geloof 'n sterk en kenmerkende godsdiens-, regverdigheid-, afsonderlikheid-, en vryheidsin ontwikkel. Besonder kenmerkend is ook die roepingsbesef en die intieme band wat tussen identiteit, roeping en vryheid bestaan: Vir ons volk is vryheid Godgehoorsaamheid en roepingsvervulling;
- is as Gelooftevolk ook aan God verbind deur onder andere die Geloofte van Bloedrivier wat uitdrukking gee aan die beskouing dat gebondenheid aan God hoër as ander beginsels staan. Die afgelegde geloftes is plegtige

verbintenisse met God wat deur elke dankbare nageslag aanvaar, bekragtig, gehandhaaf en by die jeug ingeskerp moet word;

- het die Christelik Republikeinse volkstaat as staatkundige ideaal en bestemming.

Aan die Universiteit word volkseie hoër onderwys gegee.

- Dit is volksgebonde hoër onderwys wat na doel, aard en taak bepaal word deur die Calvinisties Protestantse lewens- en wêreldbeskouing en die eie besondere aard, roeping en kultuur van die volk.
- Dit is hoër onderwys wat in gelowige erkentlikheid aan die leiding van God, die geskiedenis van die volk, die godsdiens, die taal en tradisies van ons Vaders in ere hou en voortplant.
- Dit is hoër onderwys wat die ontsluiting en oordrag van die volkskultuur ten doel het en ook daardeur die volk se eie identiteit by die student wil inskerp.
- Dit is hoër onderwys wat op die gebruik van Afrikaans as moeder- en voertaal berus.
- Dit is hoër onderwys wat kundigheid en toerusting vir roepings- en kultuuroopdragvervulling by die student wil vestig.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

VERSLAG: KOMMISSIE VIR GEMEENTE-LIKE BEDIENING

1. PERSONEEL

1.1 Lede van permanente kommissie:

Dr WA Burger (Ondervoorsitter), Di MG Fourie, WA Jooste, RJH Pottas (Skriba), JP Bezuidenhout (Voorsitter)

Oudl JN de Wet, OA Carlson, A Viljoen

2. VERGADERINGS

2.1 Benewens die konstitueringsvergadering tydens die vorige sinodesitting, het u kommissie twee keer vergader, nl. op 21 Februarie en 4 Junie 1991.

2.3 Dank gaan aan die broeders, veral die ouderlinge, vir die voltalligheid by vergaderings.

3. SAKE DEUR VORIGE SINODE VERWYS

3.1 Die volgende sake was reeds vóór die Junie-vergadering by die publikasiekommissie ingehandig vir druk, maar is tot op hede nog nie gedruk nie:

- Handleiding vir Ouderlinge (Reeds by vorige sinodesitting ingehandig) (p. 384 pt. 3.5).
- Verwelkomingskaart vir lidmate (p. 383 pt. 3.5).

3.1.1 AANBEVELING:

Die Sinode versoek die publikasiekomitee om dienooreenkomstig te rapporteer.

3.2 Kategismuspreekbundel:- (p. 384 pt. 4.1)

Dr Ernst Viljoen (Outjo gemeente) is besig met die afronding van die eerste gedeelte van die bundel en sal (DV) dit vóór die sinodesitting by die kommissie inhandig.

3.2.1 AANBEVELING:

Die Sinode neem met dank kennis van die aanbieding van dr Viljoen om ’n kategismuspreekbundel die lig te laat sien.

3.3 Algemene Preekbundels

3.3.1 Kennis is geneem van verskeie bundels wat die lig gesien het. Hulle word in Die Boodskapper geadverteer.

3.3.2 Die kommissie is besig met ’n kompilasie van boodskappe wat in Die Boodskapper verskyn. Dit word gedoen met die oog op bidure.

3.3.3 AANBEVELING

1. Die Sinode neem kennis en versoek die kommissie om voort te gaan met die samestelling van die bundel.

2. Die Sinode versoek leraars om die vrymoedigheid te neem om preke na die Kommissie aan te stuur vir opname in preekbundel.

3.4 Toerusting van lidmate (p. 384 pt. 4.2)

3.4.1 Skolingskursusse oor geloofsekerheid en die verantwoordelikheid van lidmate in hierdie verband:

Dr WA Burger en sy gade is besig met die opstel van hierdie handleiding.

3.4.2 Huweliksverryking

Die kommissie het die volgende kortlys van persone saamgestel wat genader kan word vir die aanbieding van huweliksverrykingskursusse, nl.:

Dr WA Burger, di WA Jooste, JP Bezuidenhout, JAC Erasmus en mev C Erasmus (Middelburg Tvl. - sielkundige)

3.4.3 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis met dank aan die betrokke persone wat kursusse skryf met die oog op lidmaattoerusting.

3.5 Pinksterreeks

3.5.1 Die Sinode boekstaaf sy dank aan ds HB Heymans vir die aanbieding van hierdie jaar se pinksterreeks.

3.6 Literatuur vir Siekebesoek (p. 410, pt. 2.3.11)

U kommissie het die saak deeglik ondersoek en voor die keuse gekom van: óf om die kaarte self op te stel en te laat druk, óf om bestaande kaarte (buite die APK) te keur en dit dan deur die verspreiders te laat aanbied.

Weens 'n tydfaktor en ekonomiese redes is lg. moontlikheid gekies en by die Publikasiekomitee aangebied. Die Publikasiekomitee het egter nie kans gesien vir die KGB se aanbieding nie.

In die lig hiervan moet die KGB weer van voor af begin en versoek leraars, wat reeds self sulke kaarte saamgestel het, om voorbeelde aan die KGB beskikbaar te stel.

3.6.1 AANBEVELING:

Die Sinode:

1) kontinueer sy vorige opdrag.

2) Versoek die Publikasiekomitee om die moontlikheid te ondersoek dat belangstellende gemeentes kan instaan vir die druk en verspreiding van sulke kaarte. (Met goedkeuring van die manuskripte deur die Publikasiekomitee).

4. ANDER SAKE

4.1 Persoonlike Kerkvisitasie - 'n Riglyn

Praktiese riglyne, wat deur dr WA Burger saamgestel is, is na die KKS verwys vir kommentaar. Die doel van hierdie riglyne is om Ringe te help wat gegewens en idees soek in die toepassing van persoonlike kerkvisitasie - indien die Ring daarop sou besluit.

Na samesprekings met die KKS, word lg. gevra om hierdie riglyne verder by die sinode te hanteer.

4.1.1 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis van die praktiese riglyne deur Dr WA Burger opgestel vir kerkvisitasie.

4.2 Opsig en Tug

Hierdie aspek van die gemeentelike bediening mag nooit verwaarloos word nie. In besprekings met prof Van Staden het dit geblyk dat die KKS besig is met die Kerkregtelike omlýning van Opsig en tug.

Die kommissie voel die behoefte aan vir 'n praktiese handleiding vir kerkrade met vakante predikantsposte.

4.2.1 AANBEVELING:

Die Sinode keur dit goed dat 'n praktiese handleiding saamgestel sal word i.v.m. toepassing van kerklike

opsig en tug. Dit word opgedra aan die Kommissie vir Gemeentelike Bediening in samewerking met prof Van Staden.

4.3 Kerkraads-bevestigingskaart

Die Sentrale Kerkkantoor het die versoek van 'n gemeente ontvang vir die saamstel van 'n soortgelyke kaart. Die versoek is na die Kommissie vir Gemeentelike Bediening verwys wat 'n konsep opgestel het. Dit is reeds na die Publikasiekomitee verwys vir afhandeling.

4.3.1 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis van hierdie versoek en keur die druk van 'n kaart vir die bevestiging vir kerkraadslede goed.

4.4 Huisbesoekkaart vir kerkraadslede

'n Verdere versoek is deur die Sentrale Kerkkantoor na die Kommissie vir Gemeentelike Bediening verwys. Die behoefte bestaan vir 'n rekordkaart waarop die basiese gegewens van elke huisgesin aangeteken sal word.

Weens die spoedeisendheid van die versoek, asook die ekonomiese aspekte daaraan verbonde, beveel die Kommissie aan dat 'n bestaande kaart met 'n bypassende ringlêer gebruik word. 'n Voorbeeld word aangeheg. (Bylae KGB .B).

4.4.1 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis van die voorbeeld van die Huisbesoekkaart en beveel dit by kerkrade vir gebruik aan.

5. BESKRYWINGSPUNTE

Tydens die kommissie se vergadering van 4 Junie 1991 was die beskrywingspunte nie beskikbaar nie. Die volgende beskrywingspunte het die voorsitter van die kommissie laat bereik en word by die verslag ingesluit vir verwysing na die

tydelike kommissie van die Kommissie vir Gemeentelike Bediening.

5.1 Brosjure i.v.m. doopgesprek (Ring Van Vereeniging)

Die Sinode gee opdrag dat 'n brosjure opgestel, gepubliseer en aan kerkrade beskikbaar gestel word oor 'n sinvolle doopgesprek.

Motivering - Geen.

5.2 Dooplidmaatregister (KO Bep 4A) (RING VAN VEREENIGING)

Die Sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Gemeentelike bediening om 'n standaard Dooplidmaatregister te ontwerp vir publikasie deur die Publikasiekomitee en beskikbaarstelling deur die Sentrale Kerkkantoor.

Motivering

Kerkorde bepaling 4A maak melding van 'n Dooplidmaatregister maar tot op hede word geen rekord gehou van dooplidmate wat uit ander kerke/gemeentes kom nie.

5.3 Aanvra van Attestate (Ring Van Kimberley)

1. Die Ring besluit dat skribas van gemeentes daadwerklike aandag sal gee aan die aanvra van attestate wanneer lidmate van die APK vanaf ander APK gemeentes oorkom na die plaaslike gemeente.

Motivering - Geen

5.4 Behoorlike ampsdraerlêer (Ring Van Klerksdorp)

Dat die gebruik van 'n ampsdraerlêer met huisbesoekkaarte veral vir die ouderlinge, baie sterk by kerkrade aanbeveel word. Afgesien van volledige inligting oor die lidmate per besoekpunt op 'n bladsy, behoort daarop aantekeninge per

besoekpunt gehou te word van elke besoek, die Skriflesing, aard van probleme, advies gegee, vermanings gerig, beloftes gemaak ens.

Motivering

1. Dit bevorder kontinuïteit in die geestelike herderlike versorging - 'n nuwe ampsdraer begin nie elke keer in die wegspring - blokke nie, maar is lid van 'n aflosspan.

2. Dit sal tughandeling - een van die merktekens van die ware kerk - bespoedig deurdat die nuwe wyksouderling dadelik op die hoogte kom met bearbeiding wat reeds gedoen is.

5.5 Gestandaardiseerde vorms en riglyne vir spesiale dienste deur leraars gelewer

Die Sinode versoek dat vanuit die Sentrale Kerkkantoor standaardvorms opgestel en standaardtariewe vasgestel word, ten einde 'n professionele werkswyse binne kerkverband daar te stel wanneer leraars

- i) optree as predikers in ander gemeentes;
- ii) optree by spesiale geleenthede soos:
 - * troues, doop, begrafnisse, kerkkinwydingsdienste ens;
- iii) optree as spreker/hulp by kampe, konferensies, byeenkomste, vergaderings ens. van ander gemeentes en of ringsverband.

Daar moet standaardriglyne bestaan t.o.v. die

- i) hantering van die aangeleentheid en;
- ii) die vergoeding daaraan verbonde.

Hierdie gestandaardiseerde vorms moet aan alle leraars, skribas en kerkrade beskikbaar gestel word vir gebruik.

Ter motivering

Dit word dikwels van leraars verwag om in ander gemeentes by spesiale geleenthede

op te tree, sonder dat daar enige riglyne bestaan m.b.t. die hantering van die aangeleentheid en die vergoeding aan die leraar.

Dit gebeur baie dikwels dat gemeentes, skribas en kerkrade nalaat om enige vorm van vergoeding te verskaf en die leraar het nie die vrymoedigheid om self navraag te doen en hiervoor te vra nie. Ander amptenare, soos die koster en orreliste se kostes word altyd vasgestel en vergoed.

Aangesien daar op hierdie stadium geen gestandaardiseerde vorms en tariewe bestaan nie, bring dit mee dat elke kerkraad na goeie handel en het dit soms verreikende finansiële implikasies vir die leraars wat self groot bedrae reis- en verblyfkostes moet dra.

In die lig hiervan word die Sentrale Kerkkantoor versoek om dringend aandag aan die saak te gee.

Met bogenoemde versoeke staan dit steeds enige leraar vry om nie die kostes of volle kostes te eis nie, indien hy daartoe sou voel, maar skakel onnodige vraery en onduidelikheid van beide die skriba en kerkraad en leraar se kant uit.

Voorbeeld van vorm - bv. vir Troues (Aangeheg Bylae KGB .A)

5.6 Geestelike traktaatjies (Ring Van Moot-sentraal)

Die Sinode keur goed dat 'n kommissie opdrag kry om geestelike traktaatjies oor geloofsekerheid, wedergeboorte, bekering, berusting in siekte, ens. op te stel vir gebruik tydens bearbeiding van siekes, bedroefdes en andere.

Motivering

Daar bestaan 'n ernstige behoefte aan APK-opgestelde traktaatjies vir gebruik in bogenoemde verband. Tans is net ander kerkgenootskappe se traktaatjies beskikbaar.

5.7 Aanbeveling:

Die Sinode verwys pte. 5.1-5.6 na die toepaslike tydelike kommissie vir aanbevelings aan die Sinode.

6. BEGROTING

Die volgende begroting word gemaak:

Reiskostes:	R5 000-00
Verblyf:	R 500-00
Administratief:	R <u>500-00</u>
	R6 000-00 plus

etes vir 7 persone.

7.SLOT

Hiermee vertrou u kommissie dat hy sy taak afgehandel het en bid die Sinode die seën van die Here toe.

Namens die Kommissie vir Gemeentelike Bediening:

DS JP BEZUIDENHOUT (Voorsitter)

DS RJH POTTAS (Skriba)

BYLAE KGB .A

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK*('n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners)***KOMMISSIE VIR GEMEENTELIKE
BEDIENING****VORM VIR TROUES (Voorbeeld)**

Hierdie vorm moet deur beide die leraar en die persoon onderteken word.

1. Geleentheid: Huweliksbevestiging:

2. Bevestiging van huwelik van:

2.1 Naam (vrou), adres en telefoonnommer:

2.2 Naam (man), adres en telefoonnommer:

3. Lidmaat van watter kerk (plek):

4. Bevestiging waargeneem deur: Leraar:

Adres:

.....

Telefoonnommer:

5. Datum: 6. Plek:

7. Koste verbonde: Leraar: (erediens en bevestiging) R.....

Huwelikskategese R.....

Reiskoste (pastorie - kerk -

saal - pastorie) R.....

Verblyf R.....

Koster: R.....

Orreliste: R.....

Ander: R.....

Koste betaalbaar deur:

.....(naam)

Handtekening: Leraar:

Datum:

BYLAE KGB .B

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)***KOMMISSIE VIR GEMEENTELIKE
BEDIENING****VOORBEELD VAN HUISBESOEKKAART**

WYK:

TEL:

ADRES:						
MAN	VAN:				GEBORE:	
	NAME:				BEROEP:	
VROU	NOOIENSVAN:				GEBORE:	
	NAME:				BEROEP:	
Man: Kerkraad?		Amp?		Gebore	Skool st	Univ
ANDER BELYDENDE LIDMATE IN HUIS	1.					
	2.					
	3.					
Vrou: Betrokke?				Gebore	Gedoopt	Skool st
DOOPLIDMATE IN DIE HUIS	1.					
	2.					
	3.					
	4.					

Meelewing	Kerkbesoek		Nagmaal		Koor	KJA	Dankoffers		Verbondsond.	
Man:										
Vrou:										
Ander:										
Attestate	Hier	Vra aan		Waar Belydenis afgelê		Jaar	Waar tans		Jaar	
Man:										
Vrou:										
Ander:										
Besoeke afgelê:	Huisbe soek	1 4	2 5	3 6	Sieke besoek	1 3	2 4	Ander	1 3	2 4

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

VYFDE SINODE: 16 -21 September 1991

**KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDS-
ONDERRIG**

1. PERSONEEL

Di. PG Stans, SD Nel (Skriba), P van Rensburg, NJ Groenewald, PW Botha, AP Viljoen (Voorsitter), Dr JH Ellis (gekoöpteer na aansluiting by APK), Ouderlinge SJF Stapelberg, JH du Plessis.

2. VERGADERINGS

Die kommissie het twee keer vergader, t.w. 19 Februarie en 5 Junie 1991.

3. SAKE BEHANDEL

3.1 Sake deur die 1989 - Sinode verwys

3.1.1 Hersiening van Verbondsonderrigboeke.

(Handelinge, derde Sinode, p 484, pt 1.1 sowel as Handelinge, vierde Sinode, p 521, pt 3.1.1)

Nadat die derde Sinode (1989) dit aan die Hersieningskommissie bestaande uit Ds OD Scheuer (voorsitter), Ds AJ van Niekerk en ds AP Viljoen (skriba) opgedra het om toe te sien dat (1) alle Verbondsonderrigboeke van voorskool tot standaard nege hersien moet

word, en (2) daar vir elke standerdgroep se voorganger 'n handleiding opgestel moet word, het hierdie kommissie en talle skrywers onverpoosd gewerk ten einde uitvoering aan hierdie opdrag te gee.

Dit is met groot dankbaarheid teenoor die Here dat die Hersieningskommissie aan die vyfde Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk kan rapporteer dat hierdie groot opdrag teen die einde van 1991 afgehandel sal wees en dat die reeks hersiene Verbondsonderrigboeke in 1992 in gebruik geneem sal kan word.

Aanbeveling:

Die Sinode neem met dank kennis van die reeks hersiene Verbondsonderrigboeke asook die handleidings vir Verbondsonderrigvoorgangers en betuig in die besonder sy dank teenoor die Hersieningskommissie, skrywers, kunstenaars, tiksters, redakteurs en eindredakteurs en drukkers.

3.2 Sake deur die 1990 - Sinode verwys

3.2.1 Satanisme

(Handelinge, vierde Sinode, p 498, pt 3.)

Die kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig was in kontak met Dr WA Burger met die oog daarop om die Kerk te dien met riglyne oor hoe en op watter ouderdom inligting oor Satanisme op die mees effektiewe wyse onder die aandag van ons Kerk se jeug gebring kan word.

Aanbeveling:

Die Sinode word versoek om die opdrag betreffende riglyne oor hoe en op watter ouderdom inligting oor Satanisme op die mees effektiewe wyse onder die aandag van ons Kerk se jeug gebring moet word, aan 'n ad hoc kommissie bestaande uit Dr WA Burger, Oudl JH du Plessis (APK Kimberley) en die nuwe voorsitter van die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig te kontinueer, om by die volgende Sinode riglyne in die verband voor te lê.

3.2.2 Evangelisasie-aksie

(Handelinge, vierde Sinode, p 649, b)

Die Jeugkommissie oordeel dat 'n uitnodiging om betrokkenheid van die Jeugkommissie by die beoogde Evangelisasie Aksie by die Kommissie vir Sending en Evangelisasie berus.

Aanbeveling:

Die Sinode neem kennis daarvan dat, indien diegene wat die beoogde Evangelisasie-Aksie reël en koördineer dit nodig ag dat die Jeugkommissie of lede van die Jeugkommissie daarby betrek moet word, hulle sodanige onderlinge reëlings kan tref.

3.2.3 Huisvesting van APK Jeug in groot stede

(Handelinge, vierde Sinode, p 661, pt 1)

Die opdrag aan die Permanente Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig om ondersoek in te stel na die behoefte en die praktiese uitvoerbaarheid ten opsigte van huisvesting van ons kerk se jeug in groter sentra van ons land, is in twee fases gedoen:

3.2.3.1 Ten opsigte van die korttermyn:

Daar is besluit om in die Augustus of September uitgawe van "Die Boodskapper"

- Kerkrade van gemeentes in groter sentra te versoek om 'n skakelpersoon vir verblyfreëlins aan jongmense aan te wys en die name van die skakelpersone aan

die Jeugkommissie deur te gee vir plasing in "Die Boodskapper".

- Persone in die groter sentra wat verblyf beskikbaar het of kan verskaf, sowel as diegene wat verblyf in daardie betrokke groter sentra verlang, kan dan met die skakelpersone in verbinding tree.

3.2.3.2 Ten opsigte van die langtermyn:

Twee lede van die Permanente Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig is aangewys om ten opsigte van Pretoria (as 'n proefneming) ondersoek in te stel na:

- die moontlikheid van 'n losieshuis of koshuis
- die behoefte daaraan
- die lewensvatbaarheid daarvan

Die Jeugkommissie het intussen 'n skrywe ontvang van 'n groep jongmense van Pretoria wat reeds op hulle eie met 'n jeugtuisteprojek vir Christen-Afrikanerjongmense begin het. Hulle is ook in onderhandelinge met die Stadsraad van Pretoria vir die identifisering van geboue en grond wat vir die doel gebruik kan word. Bogenoemde twee lede van die Jeugkommissie was reeds in gesprek met die jongmense en verdere kontak word behou met die oog op moontlike samewerking.

Aanbeveling 1:

Die Sinode neem met dank kennis van die poging wat aangewend word om die jeug van die APK op die kort sowel as langtermyn in groter sentra te huisves.

Aanbeveling 2:

Die Sinode neem met dank kennis van die jongmense wat op eie inisiatief verblyf vir blanke Afrikanerjongmense probeer beding en daarstel. Die Sinode wil ander jongmense en kerkrade in groter sentra aanmoedig om dieselfde te doen.

3.2.4 Studentebearbeiding

(Handelinge, vierde Sinode, p 523, pt 3.2.2)

Sien verslag Ad Hoc-Kommissie - Studentebearbeiding. (Bylae JV.A)

3.3 Nuwe Sake

3.3.1 Toekenning vir voorskoolse kinders

As gevolg van die feit dat daar talle voorskoolse kinders is wat vir meer as een jaar voorskoolse Verbondsonderrig ontvang, maar daar slegs een toekenning moontlik is, het die Kommissie dit aan ouderling JH du Plessis opgedra om 'n seël te laat ontwerp wat op die huidige sertifikaat aangebring kan word. Die ontwerp van Mev Ryna Enslin (APK Barkley-Wes) is tydens die laaste kommissievergadering goedgekeur en sal hopelik reeds aan die einde van 1991 beskikbaar wees vir gebruik in die Kerk.

Aanbeveling:

Die Sinode neem met dank kennis van die seël wat deur Mev Ryna Enslin van die APK Barkley-Wes ontwerp is en wat bedoel is vir kinders wat meer as een jaar voorskoolse onderrig ontvang.

3.3.2 Uitstalling van Jeugkommissiestukke

Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig is van mening dat ten spyte van vorige uitstallings van alle Jeugkommissiestukke tydens Sinodesittings, omsendskrywes en bekendstellingspogings, daar steeds talle lidmate in die Afrikaanse Protestantse Kerk is wat nie op hoogte is van alles wat reeds met die oog op Jeugbediening vir kerkrade en gemeentes beskikbaar is nie.

Aanbeveling:

Die Sinode neem met dank kennis van alles wat by die uitstalling van die Jeugkommissie by die Vyfde Sinodesitting besigtig kan word en moedig afgevaardigdes aan om hulle tydens die Sinodesitting deeglik daarvan te vergewis.

3.3.3 Die Jeugboodskapper

Die Jeugkommissie het by elk van sy twee vergaderings indringend aandag aan Die

Jeugboodskapper geskenk, veral wat betref die behoefte aan so 'n spesiale jeugblad en die verspreiding daarvan. Die kommissie is dit eens dat daar wel behoefte aan so 'n blad is maar het met teleurstelling verneem dat bitter min kinders (ongeveer 15% van die kinders wat deur 'n kommissielid in 'n ondersoek betrek is!) dit lees. Die rede hiervoor is hoofsaaklik toe te skryf aan die feit dat Die Jeugboodskapper as deel van Die Boodskapper ingebind word en dus nie die kinders nie, maar die ouers bereik. Min ouers sien dan toe dat Die Jeugboodskapper by die kinders uitkom. Die kommissie is van mening dat Die Jeugboodskapper eerder 'n aparte blad moet wees wat direk aan die kinders (byvoorbeeld by die Verbondsonderrig) uitgedeel kan word.

Aanbeveling:

Die Sinode betuig sy dank teenoor die medewerkers van Die Jeugboodskapper en versoek die nuwe permanente kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig om in samewerking met die Publikasiekomitee aan die saak aandag te gee sodat Die Jeugboodskapper elke Verbondskind van die Afrikaanse Protestantse Kerk sal bereik.

3.3.4 Sertifikaat van bywoning

'n Versoek van 'n gemeente is ontvang dat die Sertifikaat van Bywoning van besoekers by die Verbondsonderrig hersien moet word.

Aanbeveling:

Die Sinode besluit dat die "Reëls bedoel as Riglyne vir Verbondsonderrig" (soos goedgekeur deur die Sinode van 1988) waarin 'n Sertifikaat van Bywoning voorkom, in sy geheel hersien moet word, aangesien sommige inligting daarin reeds verouderd is, en dra dit aan die Permanente Jeugkommissie op.

3.3.5 Handleidings vir Jeugaktiwiteite

Talle versoeke van gemeentes is ontvang vir Handleidings wat vir jeugaktiwiteite gebruik kan word. Met die oog op die opstel van sodanige handleidings, het die

Jeugkommissie in twee ad-hoc kommissies, een vir senior- en een vir die juniorjeug verdeel. Die eerste handleidings behoort reeds teen die einde van 1991 beskikbaar te wees.

Aanbeveling:

Die Sinode neem met dank kennis van die opstel van handleidings vir sowel die junior as seniorverbondsjeug wat deur gemeentes tydens jeugbyeenkomste gebruik kan word.

3.3.6 Skoolverlaterskampe en Skoolverwisselingskampe

Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig het die behoefte na aanleiding van verskeie versoeke na Skoolverlaters- en Skoolverwisselingskampe op streeksvlak in behandeling geneem.

Aanbeveling:

Die Sinode gee goedkeuring aan die volgende persone om in samewerking met kerkrade, Skoolverlaters- en Skoolverwisselingskampe vir die volgende streke te organiseer:
Noord en Oos Transvaal: Dr JH Ellis
Kaap: Ds PG Stans
OVS en Natal: Ds NJ Groenewald
Pretoria, Suid en Wes Transvaal: Ds AP Viljoen

3.3.7 Nasionale Dienspligtiges

Dit het onder die aandag van die Jeugkommissie gekom, dat talle Dienspligtiges van die APK, na aanmelding vir Diensplig, moeilik deur die plaaslike APK gemeente opgespoor en bearbei word.

Aanbeveling:

Die Sinode verwys die aangeleentheid rondom talle nasionale dienspligtiges van die Afrikaanse Protestantse Kerk wat na aanmelding vir opleiding moeilik in die militêre basisse opspoorbaar is, na die kommissie vir Kapelaansdienste vir dringende aandag.

3.3.8 Stand van Verbondsonderrig

In die lig van die feit dat die 1991 Belydeniskandidate die eerste groep is

wat sedert standerd 6 (1988) tot en met Belydenisaflegging (einde 1991) volle Seniorverbondsonderrig in die APK deurloop het, is die Jeugkommissie van mening dat ondersoek gedoen met word na die stand en resultaat van Verbondsonderrig.

Aanbeveling:

Die Sinode besluit dat die Tydelike Kommissie vir Kommissies 'n kommissie moet aanwys, bestaande uit kundige lede, om ondersoek te doen na die stand en resultate van Verbondsonderrig in die Afrikaanse Protestantse Kerk, en om by die volgende Sinode verslag te lewer.

3.4 BESKRYWINGSPUNTE

3.4.1 Lidmaatskap van studente (Ring van Suidkus):

"Die Sinode besluit dat: Studente moet inskakel by gemeentes waarin hulle hulle bevind, en dat hulle attestate/bewys van lidmaatskap aan die gemeentes gepos behoort te word."

Motivering

Ter wille van eenvormigheid en om die moontlikheid uit te skakel dat die plaaslike kerk nie bewys is van lidmate binne sy grense nie.

Aanbeveling:

Die Sinode wys die Ring van Suidkus wat voel dat studente moet inskakel by gemeentes waarin hulle hulle bevind, en dat hulle attestate/bewys van lidmaatskap aan die gemeentes gepos behoort te word, op Bepaling 4C, p2, Kerkorde 1990 wat soos volg lui:

""n Attestaat, wat drie maande lank geldig bly, word aan 'n belydende lidmaat of dooplidmaat by vertrek uit die gemeente uitgereik vir indiening by sy nuwe gemeente, of dit kan desnoods direk aan die nuwe kerkraad gestuur word. Na drie maande na vertrek uit 'n gemeente word geen attestaat meer uitgereik nie, maar 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap."

3.4.2 Sektes en dwalinge in Verbondsonderrighandboeke vir finalejaars (Ring van Kimberley)

"Die Ring van Kimberley besluit om die voorstel van Douglas Kerkraad te steun naamlik: Die Jeugkommissie en Kommissie vir die hersiening van die Verbondsonderrighandboeke word versoek om by die leerplan vir die finale jaar in te voeg 'n volledige definisie van 'n sekte en ook 'n volledige bespreking van sektes en dwaling."

Ds AP Viljoen (Voorsitter)

Ds SD Nel (Skriba)

Aanbeveling:

Die Sinode neem kennis dat die beskrywingspunt van die Ring van Kimberley waarvolgens daar by die leerplan vir die finalejaar Verbondsonderrig (Leer en Lewe 5) 'n volledige definisie van 'n sekte asook 'n volledige bespreking van sektes en dwalinge ingevoeg moet word, reeds onder die aandag van die Hersieningskommissie gebring is.

4. BEGROTING

Item

1. Kommissievergaderings	9 000.00
2. Reiskoste (ad hoc kom)	1 700.00
3. Die Jeugboodskapper	12 000.00
4. Programsketse	1 000.00
	23 700.00

Aanbeveling:

Die Sinode keur die begroting goed.

5. SLOT

Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig vertrou dat hy die afgelope jaar die werk aan hom toevertrou asook alle ander werksaamhede deur die Kommissie aangepak, tot bevrediging van die Sinode en die kerk in geheel afgehandel het.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

VERSLAG VAN AD HOC-KOMMISSIE I/S STUDENTEBEARBEIDING

1. PERSONEEL

Ds NJ Rautenbach Pretoria-Oos
(Sameroeper)
Ds JN Joubert (Bloemfontein)
Ds Jurie J Venter (Potchefstroom - Skriba)
Ds WA Jooste (Linden)
Ds S Botes (Stellenbosch)
Ds AP Viljoen (Pretoria-Sentraal)
Ds JH Swart (Vanderbijlpark)

2. VERGADERING

Slegs een vergadering is gehou op 7 Junie 1991.

Di Rautenbach, Joubert, Jooste en Venter was teenwoordig.

3. OPDRAG

(Kyk Handeling 1990, bl 523, punt 3.2.2)

"Die Sinode stel 'n kommissie saam bestaande uit alle leraars binne wie se gemeentegrense daar 'n universiteit, kollege, teknikon of tegniese kollege op tersiêre vlak is, ten einde die Afrikaanse Protestantse Kerk se studentebearbeiding indringend te bespreek en by die volgende Sinode verslag te lewer."

4. IDENTIFISERING VAN ENKELE PROBLEEMAREAS

4.1 Begripsbepaling

4.1.1 Aangesien die Kerkorde 'n presbiteriale kerkregeringstelsel handhaaf - nie 'n kollegialistiese een nie - is elke gemeente (kerk) 'n volledige en selfstandige openbaring van die liggaam van Christus, met Hom as enigste Hoof, waarin elke kerkraad op outonome wyse die geestelike toerusting, opbouing en versorging van sy lidmate hanteer. Om te praat van "*DIE APK* se studentebearbeiding" is prinsipiël netso foutief as om te praat van "*DIE APK* se bejaardesorg".

4.1.2 Aanbevelings

4.1.2.1 Foutiewe begrippe:

Die Sinode besluit om noulettend te waak teen die gebruik van foutiewe begrippe wat nie strook met Gods Woord, die belydenisskrifte en die Kerkorde nie.

4.1.2.2 Taak van plaaslike kerk:

Die Sinode besluit in beginsel dat dit nie op die Sinode se weg lê om studentebearbeiding in die AP kerkverband te kontroleer of te beheer nie, maar dat dit die taak en voorreg van die betrokke plaaslike kerke/kerkrade is waar daar studente as lidmate is.

4.1.2.3 Advies:

Die Sinode besluit om, indien net blote advies ter sprake is, die kwessie van studentebearbeiding te verwys na óf die KGB óf die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig.

4.2 Opsporing van studentelidmate

4.2.1 Die spoedige en suksesvolle opsporing en inskakeling van studente blyk 'n redelike probleem te wees, ten spyte daarvan dat rekenaarlyste vanaf inrigtings verkrygbaar is.

4.2.2 Aanbeveling

Die sinode besluit om die redaksie van "Die Boodskapper" te versoek om elke Oktober en Februarie 'n berig te plaas wat ouers aanspoor om onverwyld te skakel met die leraar/skriba van die gemeente waar hulle kind (gaan) studeer en wat kerkrade daaraan herinner om ook hulle verantwoordelikheid in dié verband na te kom.

4.3 Homogene studentegemeente?

4.3.1 Die gedagte aan 'n aparte, homogene studentegemeente, waarvan selfs die ampsdraers en funksionaries uit studente bestaan, vind by sommige lidmate sterk aanklank.

4.3.2 Aanbeveling

Die Sinode besluit dat studente, vir sover dit enigsins uitvoerbaar is, deel moet vorm van 'n gewone gemeente ter wille van 'n gebalanseerde, normale geestelike tuiste en opvoeding, en vermyding van onnodige finansiële probleme.

4.4 Studenteleraar in sinodale diens

4.4.1 Die gedagte aan 'n studenteleraar in "sinodale diens" (beroep deur die SKK en werksaam spesifiek onder studentelidmate, óór verskeie gemeentegrense heen) het reeds kop uitgesteek en mag vorentoe dalk groter aandrang geniet.

4.4.2 Aanbeveling

4.4.2.1 *Nie Sinodale poste:*

Die sinode besluit in beginsel teen die skepping van enige sinodale predikantsposte, bv. vir die jeug, studente, hospitale, gevangenis, ens., aangesien die plaaslike kerkraad verantwoordelik is vir die geestelike bearbeiding van alle lidmate binne sy gemeentegrense.

4.4.2.2 Tweede leraar:

Die sinode besluit dat, indien die getalle (van bv. studentelidmate) dit regverdig dat 'n gemeente 'n tweede leraar moet beroep met die oog op intensiewer bearbeiding, en finansiële tekorte sodanige planne sou kortwiek, die SKK sodanige gemeente finansiël behoort te ondersteun indien hulp gevra word.

4.5 Hantering van studentelidmate

4.5.1 Indien 'n student nie amptelike lidmaat van die gemeente word nie, ontstaan baie probleem-situasies rakende bv. verkiesbaarheid tot die ampte, die gee van dankoffers, geestelike versorging en vermaning deur die gemeente waarin hy student is, opsig deur sy tuisgemeente, inskakeling by die nuwe gemeente, ens.

4.5.2 Aanbevelings

4.5.2.1 Amptelike lidmaatskap:

Die sinode bring opnuut sy besluit onder die aandag van kerkrade en lidmate dat 'n student amptelike lidmaat moet wees van dié gemeente waar hy woonagtig is tydens sy studiejare, en dus met gewone lidmaat-attestaat (nié reisattestaat nie!) in sy nuwe gemeente opgeneem moet word.

4.5.2.2 Voogde:

Die sinode onderskryf die waarde van die gebruik dat sommige eegpare in 'n gemeente as "voogde" vir studente benoem word vir die duur van hulle studietermyn, sodat daar volwasse medegelowiges is by wie 'n student raad en troos en heenkome kan vind wanneer hy/sy daaraan behoefte het.

4.5.2.3 Gesprek tydens sinode:

Die sinode gee die wenk aan en maak dit moontlik vir alle predikante en ouderlinge wat met studentebearbeiding te doen het, om gedurende een aand tydens elke Sinodesitting (verkieslik die aand waarop die sinode amptelik geopen word) informeel saam te kom en deur kruisbestuwing van gedagtes 'n sinvolle bydrae te lewer tot die groot gespesialiseerde veld van positiewe studentebearbeiding.

4.6 Akkommodasieprobleem

4.6.1 'n Gemeente wat 'n groot aantal studentelidmate het, moet (teen baie hoë koste) 'n heelwat groter kerkgebou oprig maar sonder noemenswaardige finansiële teenprestasie deur genoemde studente. Die koste beloop tans miskien reeds R1 000 per sitplek? Hoe kan die kerkverband se hulp in hierdie verband gevra word?:

- 'n donasie van *elke* gemeente vra?
- van die student se *tuisgemeente* verwag om die bedrag-per-sitplek te vereffen, sê in drie gelyke jaarlikse paaielemente vir 'n 3-jarige studieverblyf?
- of moet die student se *ouers* volledig instaan?

4.6.2 Aanbeveling

Die sinode bedien sodanige kerkrade, wat genoemde akkommodasieprobleem betref, van advies.

5. AFHANDELING

Die Ad Hoc-kommissie vertrou dat hy sy opdrag na wense uitgevoer het en bid die sinode 'n geseënde, vrugbare en Godverheerlikende vergadering toe.

DS NJ RAUTENBACH (Voorsitter)

DS JJ VENTER (Skriba)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING

1. PERSONEEL

1.1 Lede van die Permanente Kommissie:

Dr JA Scholtz (Voorsitter), oudle. JAS Cawood, JL du Preez, PH Watermeyer, DS de Villiers, TGL de Beer, JPT Simpson (Skriba) en diaken CJ Bezuidenhout.

2. VERGADERINGS

Die Kommissie het twee keer vergader t.w. 19 Februarie en 7 Junie 1991.

3. SAKE BEHANDEL

3.1 Seksvoorligting op skole

Kennis is geneem van onaanvaarbare videobande en voorligtingsmetodes en -middele wat deur die verskillende Provinsiale Onderwysowerhede gebruik word om hierdie sensitiewe opvoedingstaak ten uitvoer te bring. Daar word ook dikwels van onderwysers gebruik gemaak wat nie vir hierdie taak opgelei is nie, en die aanbieding van die onderwerp ontaard dan in "seksvoorligting" in plaas van Christelik-georiënteerde geslagopvoeding. Ouers word nie altyd geraadpleeg om vas te stel of hulle hul kinders aan hierdie onderwerp en op hierdie wyse blootgestel wil hê nie.

3.1.1 AANBEVELING:

3.1.1.1 Skrywe aan onderwysowerhede: *Die Sinode besluit dat 'n skrywe vanuit die Sentrale Kerkkantoor (in samewerking met hierdie Kommissie) aan die Direkteure van Onderwys van al vier Provinsies gerig moet word oor die onderwerp van geslagsvoorligting op skole. 'n Afskrif van hierdie skrywe moet aan die Minister gerig word vir sy kennisname en aandag aan die wyse waarop geslagsvoorligting aan kinders aangebied word.*

3.1.1.2 Ernstige beswaar: *Die Kerk teken ernstig beswaar aan teen die blootstelling van die jong Afrikanerkind aan onaanvaarbare seksvoorligting op skool.*

3.2 Gevare van satanisme in skole

Die Kommissie het gepoog om hierdie omvangryke onderwerp in diepte te bespreek, maar dit het al gou duidelik geblyk dat dié veld eenvoudig té wyd en omvattend is vir enkele kommissies van die Kerk om dit na behore na te vors in 'n paar vergaderings wat deur die jaar plaasvind.

3.2.1 AANBEVELING:

Die Sinode besluit dat alle Kerke (gemeentes) opgeroep word om onverpoosd te waak teen die verskynsel van satanisme in elke gemeenskap en sy skole, en dat daar ernstig aandag gegee sal word deur die plaaslike kerk (gemeente) soos en wanneer dit nodig blyk te wees.

3.3 Onderwysmodelle/Eie skole

Die voorgestelde onderwysmodelle soos tydens die Sinode van 1990 bespreek, is deur die Kommissie onder die loep geneem, maar dit is duidelik dat die Regering teen só 'n tempo besig is om toe te gee aan die eise van die sogenaamde "Nuwe Suid-Afrika" dat daar van Christelik-Volkseie onderwys in die toekoms geen sprake kan wees nie. Die Kommissie het eenparig al die voorgestelde modelle verwerp, en in aansluiting by die opdrag van die Sinode die wenslikheid en uitvoerbaarheid van die stigting van AP Kerkskole teenoor samewerking met ander instansies wat vir die Kerk aanvaarbaar sou wees, ondersoek.

Die Kommissie beskou die toekoms van die onderwys van ons kinders as 'n uiters ernstige saak, en het intensiewe aandag aan hierdie aangeleentheid gegee tydens die vergaderings, maar ook op 'n deurlopende basis tussen vergaderings.

Tydens die eerste vergadering van die Kommissie op 19 Februarie 1991 is proff. Alkmaar Swart en Theuns Verster genooi om die vergadering in te lig oor die oogmerke en werksaamhede van die Stigting vir CVO.

Die twee here dra die doelstellings van die Stigting op oortuigende wyse oor, en deel die vergadering samevattend mee dat daar ernstig gekyk word na 'n radikaal nuwe onderwysbedeling en nuwe onderrigmetodes om te voorsien in die behoeftes van, en aan, die hoë eise wat die toekoms aan die jeug sal stel. Daar word reeds gepoog om onderwysers te werf vir CVO skole omdat geglo word dat die Staat nie in die behoeftes van die blanke Afrikanerkind sal kan voorsien nie. Die status quo kan nie gehandhaaf word in die lig van die huidige Regering se onderwysbeleid nie en die Afrikanerjeug staan verswelg te word in 'n veelrassige stelsel waar onderwysstandaarde noodwendig ernstig sal daal. Daar moet dringend maatreëls getref word om te verseker dat die opvoeding en onderwys van die Afrikanerkind op 'n hoë peil behoue sal bly.

Die Stigting vir CVO is nie verbind aan enige Kerk óf vereniging/instansie nie, maar funksioneer volkome selfstandig en onafhanklik. Daar is reeds in November 1990 goedkeuring van die Staat verkry vir die daarstelling van Christelik-Volkseie skole, en die Stigting beywer sig daarvoor dat die eerste CVO skole so spoedig moontlik tot stand gebring kan word. Die Nasionale Senior Sertifikaat eksamens sal afgelê word, en skoolleidsertifikate sal dus volle erkenning geniet.

3.3.1 AANBEVELING 1:

Aansluiting by CVO-Stigting:

Die Sinode besluit dat aansluiting by en samewerking met die Stigting vir Christelik-Volkseie Onderwys ernstig oorweeg word in plaas van die stigting van onafhanklike AP Kerkskole. Vir die huidige skyn laasgenoemde nie 'n lewensvatbare opsie te wees nie, terwyl die APK 'n kardinale en primêre rol sal kan speel by die daarstelling van CVO skole in samewerking met die Stigting.

NOTA

Ten einde die Sinode in staat te stel om 'n ingeligte besluit te kan neem, word 'n uittreksel uit die grondslaedokument van die *Stigting vir CVO* as aanhangsel tot hierdie verslag aangeheg (Bylae O&O .A).

3.3.2 STAANDE KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN SKOLESTIGTING:

Die Kommissie glo eenparig dat hierdie uiters belangrike aangeleentheid op 'n deurlopende grondslag aandag moet geniet, en op só 'n wyse dat kontinuiteit van die personeel gehandhaaf word. Lede van die Permanente Kommissies wissel van Sinode tot Sinode, wat tot gevolg het dat kontinuiteit in beplanning en optrede telkens onderbreek word.

AANBEVELING:

3.3.2.1 Lede vir kommissie:

Die Sinode besluit dat 'n permanente Staande Kommissie vir Onderwys en Skolestigting in die lewe geroep word. Hierdie kommissie behoort te bestaan uit sowat vyf kundige en betrokke lidmate van die Kerk, en hoef nie noodwendig saamgestel te word uit lidmate wat tydens hierdie Sinode

teenwoordig is as afgevaardigdes van bepaalde gemeentes nie.

3.3.2.2 Dienstermyn:

Die dienstermyn van lede van die Staande Kommissie behoort onbepaald te wees na gelang van die behoeftes.

3.3.2.3 Begroting:

Vir die eerste jaar kan die uitgawes van die Staande Kommissie gedelg word uit die voorgestelde begroting van die Permanente Kommissie vir Opvoeding en Onderwys.

4. BEGROTING

Reiskoste	R 5 000.00
Reiskoste en ander uitgawes vir die Staande Kommissie vir Onderwys en Skolestigting	<u>R 5 000.00</u>
TOTAAL	R10 000.00

4.1 AANBEVELING:

Die Sinode keur die bedrag van R10 000.00 goed vir 1992.

5. BESKRYWINGSPUNTE

Die volgende beskrywingspunte is ontvang en in behandeling geneem:

5.1 Fonds vir eie onderwys (Kerkraad van Newcastle)

"Dat die Sinode oorweging daaraan moet skenk om 'n fonds te stig waardeur die APK in die toekoms eie skole tot stand kan bring."

5.1.2 Motivering:

Geen

5.1.3 AANBEVELING:

Kyk 5.2.3 hieronder

5.2 Christelik-Volkseie Onderwys (Ring van Dendron)

5.2.1 "Die Ring van Dendron doen 'n dringende beroep op die Kommissie vir Opvoeding en Onderwys om 'n grondige ondersoek te doen na die moontlikheid/haalbaarheid van die skepping van 'n skool/skole waar Christelik-volkseie onderwys aangebied sal word, soos beoog is met die Volkskongres te Pretoria op 22 en 23 Maart 1991. Die Kommissie word ook versoek om riglyne in die verband op te stel en beskikbaar te stel".

5.2.1 Motivering:

Geen.

5.2.3 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis van beskrywingspunte van die Kerkraad van New Castle en die Ring van Dendron soos by 6.1 en 6.2 hierbo rakende CVO. Dit is in wese reeds vervat in die aanbevelings van die verslag van die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding (sien 3.3.1 en 3.3.2).

5.3 Kommer oor onderwys (Ring van Middelburg)

"Die Ring van Middelburg boekstaaf ontsteltenis oor die jongste gebeure op onderwysgebied; ons het groot kommer oor die toekoms. Die Sinode word versoek om by die owerheid ons protes te laat hoor. By ons ouers dring ons aan om baie aktief betrokke te wees by ons skole. Gemeentes moet in hul boubepanning daaraan dink dat daar miskien 'n dag kan aanbreek dat ons self voorsiening moet maak vir skoolgeriewe."

5.3.1 Motivering: Geen

5.3.2 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Middelburg rakende die stand van onderwys, en bevestig dat dit alles sake is wat reeds aandag geniet.

6. SLOT

U Kommissie is dankbaar vir die voorreg wat sy lede gegun is om in swakheid, maar met ywer en oorgawe, in die akker van die onderwys te kon dien, en vertrou dat die taak tot eer van die Here en tot tevredenheid van die Sinode uitgevoer is. Die seën van ons Hemelse Vader en die kennelike teenwoordigheid van die Heilige Gees word die Sinode van 1991 toegebid.

VOORSITTER: DR JA SCHOLTZ

SKRIBA: BR JPT SIMPSON

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

AANHANGSEL: VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING

1. Uitgangspunt en verbandlegging

1.1 Christelik-volkseie onderwys (CVO) is gegrondves op die Christelik-volkseie lewens- en wêreldbeskouing van die Boere-Afrikanervolk. (Gekarakteriseer by 3.1.1 en hierna *volk* of *ons volk* genoem.)

1.2 CVO is ’n besondere en uitsonderlike soort opvoedende onderwys in die opsig dat dit onderwys binne *verbondsverband* en binne *volksverband* is.

1.3 CVO se strewe is om die Christelik-historiese rigting ook in die opvoedende onderwys te volg en voort te sit.

2. Besondere geloofsgrondslag van CVO

2.1 CVO is gegrondves in die *Calvinisties Protestantse (gereformeerde) geloof* wat op die volgende oortuigings en geloofswaarhede berus:

2.1.1 Die soewereiniteit van God-Drieëinig, die Koningskap van Jesus Christus en die Lig van Gods Woord in volstrekke sin vir alle terreine van die skepping en vir die hele lewe van die mens.

2.1.2 Die goddelike en onfeilbare gesag van *Gods Woord* wat as sentrale motief het: Skepping, sondeval en verlossing in Jesus Christus deur die Heilige Gees.

2.1.3 *Regverdigmaking* in Christus en uit genade alleen deur die geloof (Ef. 2:8-9, Rom. 1:7) en die *uitverkiesing* wat sê dat God volgens sy onveranderlike voorneme

en welbehae aan sommige mense in die tyd die gawe van geloof skenk en hulle in Christus tot sy kinders aanneem.

2.1.4 Dat God ’n ewige *genadeverbond* met sy kinders oprig waarin Hy bepaal dat Hy vir hulle God sal wees en wat eis dat hulle Hom sal gehoorsaam. Dié verbond is in Christus (Immanuel: God met ons) vervul.

2.1.5 Dat die *Drie Formuliere van Eenheid* ’n vertolking en uitleg van die Woord van God is wat in ooreenstemming daarmee en dus betroubaar is.

2.1.6 Dat menslike verband (soos kerk, gesin, skool, volk en staat) elkeen ’n Godbepaalde eie selfstandigheid en struktuur en elkeen sy eie Godopgelegde sin, verantwoordelikheid, bestemming en roeping het. (Die beginsel van soewereiniteit in eie kring.)

2.2 Die gevolg van die geloofsgrondslag vir die CVO

Die verbondsverband waarin CVO voltrek word en die Calvinisties Protestantse geloofsgrondslag waarop dit gegrondves is, verleen aan CVO ’n besondere en onderskeidende inslag en karakter, naamlik dat:

2.2.1 Dit *God-gerig* is: as eerste doel het om God te ken, dien en eer; om tot geloof in Jesus Christus te lei en tot verantwoordelike dissipelskap te vorm.

2.2.2 Dit *Bybels-begron*d is, dit wil sê op die Heilige Skrif as hoogste en onfeilbare rigtsnoer en maatstaf ook op die gebied van die opvoedende onderwys en die opvoedkunde berus.

2.2.3 Dit *gereformeerde* is, wat beteken dat dit die opvoeding (sowel as die werklikheid) wil ontsluit, vorm en vernuwe volgens reformatoriese beginsels wat ooreenkomstig die Bybel en in ooreenstemming met die Drie Formuliere van Eenheid is.

2.2.4 Dit binne die *verband van die genadeverbond* voltrek word en, kragtens die eis en opdrag van die genadeverbond en die doopgelofte, *ouerverantwoordelikheid* by die opvoedende onderwys vooropstel en as algemene reël handhaaf dat die oprigting, inrigting en beheer van onderwys in beginsel *van die ouer uitgaan*.

2.2.5 Die *leerplan* na sy voorskrifte ten opsigte van onderrighoud en onderrigvorm reformatories is.

2.2.6 Dat *inhoud* (leerstof) gekies, ontwikkel en ontsluit word volgens beginsels uit die Heilige Skrif.

2.2.7 Kragtens die beginsel van soewereiniteit in eie kring en die vervlegtheid van menslike verbande

- (i) Die *huisgesin* beskou word as oorspronklike en eerste opvoedingsverband.
- (ii) Die *skool* beskou en eerbiedig word as voortsettende, maar eiestandige instelling vir versnelde, formele, vakonderrigkundige opvoedende onderwys.
- (iii) Die *onderwys*, hoewel dit nie tot die terrein van die *staat* behoort nie, tog 'n *saak van aanhoudende sorg vir die owerheid* is kragtens die feit dat die regering die taak het om volksontwikkeling te bevorder deur onder andere die voorsiening van onderwys en die uitoefening van beheer oor die gehalte daarvan.
- (iv) Die *kerk* by die opvoedende onderwys betrokke is uit hoofde van sy taak om oor die nakoming van die Bybelse verpligtinge te waak en om die Calvinisties Protestantse aard en begroning van onderwys te verseker. Die kerk se inspraak in die opvoedende onderwys geskied ook deur die lidmaatouer.

3. Besondere volksgrondslag van CVO

3.1 Volkseie onderwys dui op *volksgebonde* onderwys - onderwys wat binne die verband en op die grondslag van die eie lewens- en wêreldbeskouing en na die eie aard en karakter van 'n bepaalde volk ingerig en bedryf word.

3.1.1 Die Boere-Afrikanervolk

3.1.1.1 is 'n blanke volk wat binne God se raadsplan op Afrika-bodem ontstaan het, maar wat na sy oorsprong en wortels nie van Afrika is nie;

3.1.1.2 stam oorwegend uit die Nederlandse, Franse en Duitse volke van die sewentiende eeu en vroeër. Sy mees wesenlike volkstrekke het hulle oorsprong hier. Dit is naamlik 'n Calvinisties Protestantse volk en 'n loot van die Hervorming. Dit is 'n Westerse, Eerste Wêreldvolk met 'n onmiskenbare Nederlandse inslag;

3.1.1.3 het onder druk van Afrika-omstandighede ander onderskeidende eienskappe ontwikkel, byvoorbeeld sy eie deurleefde geskiedenis, eie tradisies en gebruike, sy eie taal en sy besondere identiteitsbewussyn;

3.1.1.4 het uit sy Calvinisties Protestantse geloof 'n sterk en kenmerkende godsdiens-, regverdigheid-, afsonderlikheid-, en vryheidsin ontwikkel. Besonder kenmerkend is ook die roepingsbesef en die intieme band wat tussen identiteit, roeping en vryheid bestaan: Vir ons volk is vryheid Godgehoorsaamheid en roepingsvervulling;

3.1.1.5 is as Geloftevolk ook aan God verbind deur onder andere die Gelofte van Bloedrivier wat uitdrukking gee aan die beskouing dat gebondenheid aan God hoër as ander beginsels staan. Die afgelegde gelofte is plegtige verbintenisse met God wat deur elke dankbare nageslag aanvaar, bekragtig, gehandhaaf en by die jeug ingeskerp moet word;

3.1.1.6 het die Christelik Republikeinse volkstaat as staatkundige ideaal en bestemming.

3.2 Die gevolg van die volksgrondslag vir die CV-onderwys

In die lig van die voorgaande karakterisering van die volk, kan die begrip *volkseie onderwys* soos volg duideliker aangedui word:

3.2.1 Dit is volksgebonde onderwys wat na doel, aard en taak bepaal word deur die Calvinisties Protestantse lewens- en wêreldbeskouing en die eie besondere aard, roeping en kultuur van die volk.

3.2.2 Dit is onderwys wat in gelowige erkentlikheid aan die leiding van God, die geskiedenis van die volk, die godsdiens, die taal en tradisies van ons Vaders in ere hou en voortplant.

3.2.3 Dit is onderwys wat die ontsluiting en oordrag van die volkskultuur aan die volksjeug ten doel het en ook daardeur die volk se eie identiteit by die volksjeug wil inskerp.

3.2.4 Dit is onderwys wat op die gebruik van Afrikaans as moeder- en voertaal berus.

3.2.5 Dit is onderwys wat die nodige kundigheid en toerusting vir roepings- en kultuuropdragvervulling by die volksjeug wil vestig.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE 16 - 21 SEPTEMBER 1991

KOMMISSIE VIR KAPELAANSDIENSTE

1. PERSONEEL

Di. MJ Hartzenberg (Voorsitter), RMJ Britz (Skriba), AD Jacobs, Dr.JD Malan; Oudle. JL du Preez, JE Swart, DJ Visser.

2. VERGADERINGS

Daar is slegs een vergadering gehou op 3 Junie 1991.

3. SAKE BEHANDEL

3.1 Die Vroueleërkollege:

Die Vroueleërkollege op George wat vir alle rasse oopgestel is. 'n Artikel word aan "Die BoodsAPPER" gestuur.

3.2 Hantering van Kapelane:

'n Studiestuk word na die KKS verwys.

3.3 Kommandement Verre Noord

Verslag oor besoek aan Kommandement Verre Noord op uitnodiging van die SA Kapelaansdiens van die SA Weermag.

3.4. Die begroting vir 1992

Die begroting vir 1992. Dit word bepaal op R7500.00

4. AANBEVELINGS:

4.1 Besoek aan grensgebiede

Dat leraars die geleentheid gebied sal word om op uitnodiging van Kapelaan-generaal grensgebiede te besoek.

4.2 Dienspligtiges

Dat dienspligtiges aangemoedig sal word om sonder huiwering hulle kerkverband as die Afrikaanse Protestantse Kerk aan te dui.

5. SLOT:

Die Here se seën word die vergadering toegebid.

MJ HARTZENBERG (VOORSITTER)

RMJ BRITZ (SKRIBA)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

VYFDE SINODE : 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENSTE

1. ALGEMEEN

1.1 Personeel

Die volgende personeel is deur die Sinode vir hierdie Kommissie aangewys:

Primarii: Di JM Rheeder, CJS Botha, PB Kotzé, AE van den Berg, NRJ van Zyl, JAC Erasmus. Oudl A Gous.

Sekundi: Ds WF Liebenberg en diakens WH Wentzel en E Serfontein.

1.2 Vergaderings

Slegs een vergadering is gehou op 4 Junie 1991.

1.3 Konstituering

Ds AE van den Berg is as voorsitter verkies en ds JAC Erasmus as skriba van die Kommissie.

2. SAKE BEHANDEL

2.1 Behuising vir bejaardes

Dit het onder die Kommissie se aandag gekom dat, alhoewel daar nie groot belangstelling was vir hierdie saak met die vorige ondersoek nie, daar tog van verskeie oorde af navraag gekom het met

betrekking tot behuising vir bejaardes die afgelope jaar. Die Kommissie het ook verneem van 'n terrein van 8 morg wat op Randfontein gratis beskikbaar is vir so 'n doel. Ds PB Kotzé is die skakelpersoon. Hierdie terrein kan in 'n groot mate selfonderhoudend wees.

Oudl A Gous is ook bewus van nog 'n terrein in Barkly-Wes wat beskikbaar is.

2.1.1 Aanbeveling

2.1.1.1 *Selfbouskemas : Leiding aan Gemeentes*

Die Sinode keur dit goed dat die Kommissie leiding aan gemeentes gee om selfbouskemas te begin waar terreine beskikbaar is. Die Kommissie sal nog tydens hierdie Sinode 'n reglement opstel en aan die Sinode voorlê vir goedkeuring.

2.2 Weeshuisfonds

'n Bedrag van R1 000-00 is deur 'n lidmaat van ons kerk geskenk vir genoemde doel. In opdrag van die vorige Sinode is verdere skenkings aangevra om die fonds uit te brei, maar daar was geen reaksie vanuit ander gemeentes nie.

2.2.1 Aanbevelings

2.2.1.1 *Oorplasing van fonds*

Die Sinode gee goedkeuring aan die Kommissie om die skenker van R1 000-00 vir die weeshuisfonds te nader om die bedrag oor te plaas na die Algemene Alimentasiefonds waar dit nuttig aangewend kan word.

2.2.1.2 *Riglyne vir die toekoms*

Die Sinode word versoek om vir die toekoms duidelike riglyne te gee met betrekking tot skenkings sodat fondse gekanaliseer kan word na waar die behoefte die grootste is.

2.3 Bybelverspreiding

Die Kommissie het kennis geneem van die feit dat die 1933/1953 Bybel al hoe moeiliker bekombaar is, en dit wek kommer by lidmate.

2.3.1 Aanbeveling

2.3.1.1 *Aankoop van Bybels*

Die Sinode besluit dat soveel moontlik van die 1933/1953 Bybels aangekoop en in die Sentrale Kerkkantoor aangehou word vir beskikbaarstelling aan gemeentes waar Bybels nie in boekwinkels te kry is nie.

2.4 Gevangenisbearbeiding en Siekebesoeke

Ds AE van den Berg bring dit onder die Kommissie se aandag dat hy bearbeiding doen in gevangnisse en hospitale in en rondom Pretoria. Verskeie gemeentes vra ook baie keer predikante van ander gemeentes om sulke besoeke te doen, wat soms groot uitgawes aan reiskostes meebring.

2.4.1. Aanbeveling

2.4.1.1 *Reiskoste: Gevangenisbearbeiding:*

Die Sinode keur dit goed dat indien gemeentes gebruik maak van leraars van ander gemeentes vir sieke- of gevangenisbesoeke, begrafnisdienste of enige derglike dienste, dat die plaaslike gemeente verantwoordelik sal wees vir ten minste die reiskoste.

2.5 Begroting

Aangesien die Kommissie se werk van nou af almeer gaan word, sal daar vir 'n

aansienlike groter bedrag voorsiening gemaak moet word. Ten minste drie vergaderings word beoog vir die komende jaar.

2.5.1 Aanbeveling

2.5.1.1 *Die Sinode keur 'n bedrag van R10,000-00 goed vir die volgende jaar.*

3. SLOT:

Die Kommissie bid die Sinode die Here se seën en leiding van sy Gees toe.

DS AE VAN DEN BERG (VOORSITTER)

DS JAC ERASMUS (SKRIBA)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE: 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

PERMANENTE KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE (PKSE)

1. VIR KENNISNAME

1.1 Personeel

Ds CJJ van Rensburg (Voorsitter), Ds JJJ Roodt (Skriba), Ds OD Scheuer, Ds JM Cronje, Ds HJ Liversage; Oudle: DPJ Botes, CJ van Jaarsveld, CJ van Helsdingen.

1.2 Vergaderings

Twee vergaderings is gehou op 19 Februarie en 16 Junie 1991.

1.3 Sake behandel

- 1.3.1 Tentevangelisasie
- 1.3.2 Sending onder Duitssprekendes - SWA
- 1.3.3 Sendingreglement
- 1.3.4 Geestelike Lektuur
- 1.3.5 Sendingkonferensie
- 1.3.6 Begroting
- 1.3.7 Finansiële Bystand aan Sendingorganisasies (punt 2.1.1)
- 1.3.8 Tentevangelisasie-Aksie - Suidkus

Laasgenoemde aksie is nog in sy beplanningsfase, en die APK gemeentes van Pretoria-Oos en Pretoria-Sentraal het reeds hulle samewerking beloof vir hierdie projek.

Maar sekere praktiese probleme word egter tans ondervind. Die huidige spanning en onrus in Natal, en aan die Suidkus, die implikasies van gemengde gehore by uitreikaksies, is van die vernaamste knelpunte tans wat oorbrug moet word, voor die Aksie van stapel gestuur kan word.

Die kommissie is van mening dat ’n evangelisasie-aksie onder mede volksgenote by die SAP-vakansie Oord by Port Edward hoë prioriteit behoort te geniet. Onderhandelings word tans met die polisie-owerhede in hierdie verband gevoer.

2. VIR GOEDKEURING

2.1 Aanbevelings

2.1.1 Sentrale Sendingfonds:

Die Sinode gee goedkeuring aan die instelling van ’n Sentrale Fonds van R100,000 vir finansiële bystand aan goedgekeurde Sendingorganisasies en plaaslike projekte.

2.1.1.1 Motivering

2.1.1.1.1 Aangesien die Afrikaanse Protestantse Kerk nog geen duidelike sendingvelde kon identifiseer nie, daar ernstig besin moet word oor daadwerklike finansiële bystand aan reeds bestaande Sendingaksies soos o.a.:

- 1. Christelike Sending Internasionaal

- 2. Die Christelike Hospitaalbond
- 3. Suid-Afrikaanse Aksie vir Wêreldewangelisasie
- 4. Aksie Morele Standaard
- 5. Dorothea Sending
- 6. Afrika Jeugewangelisasie
- 7. Die Christelike Uitgewersmaatskappy
- 8. Africa Inland Mission
- 9. Oriental Missionary Fellowship
- 10. China Inland Mission
- 11. Sudan Interior Mission

2.1.1.1.2 Sodanige Sentrale Fonds sal deur die PFK geadministreer kan word, maar die toewysing van Fondse aan goedgekeurde organisasies en plaaslike projekte, sal op versoek van die PKSE aan die PFK, uitbetaal word. Elke toewysing van Fondse sal plaasvind op merietebasis met behoorlike motivering.

2.1.1.1.3 Alleen ewangelisasie-organisasies wat geen verbintenis het met die "New Age"-beskouing of liberale-en Bevrydingsteologie nie, sal in aanmerking kan kom vir finansiële bystand uit die Sentrale Fonds.

2.1.1.1.4 Die totstandkoming van so 'n Sentrale Fonds sal ook meer geloofwaardigheid verleen aan hierdie kerk wat reeds heftig beskuldig word van eksklusiwiteit, aangesien sending en ewangelisasie 'n wesenlike deel is van die opdrag van enige kerk, in lyn met die Here Jesus se bevel in Mat. 28:19.

2.1.1.1.5 Die Kerk wat nie praktiese uitvoering gee aan die Sendingopdrag nie, het 'n stagnante Kerk geword met 'n verengde Koninkryksvisie, waarop God nie die keur van sy seëninge kan uitstort nie.

2.1.2 Die Sinode besluit dat 'n *teologiese dag* in 1992 gehou word rondom die tema van sending en ewangelisasie.

2.1.3 Die Sinode versoek alle kerkrade en gemeentelede om kennis te neem van die inhoud van die Sendingbeleid van die APK, veral deel 3 en deel 4. (Sien Bylae SE.A hierby aangeheg).

2.1.3.1 Motivering - Baie nuwe gemeentes is intussen gestig, en nuwe predikante in die kerk georden.

2.2 Beskrywingspunte ontvang

2.2.1 Geestelike Traktaatjies (Ring van Olifantshoek):

"Die Sinode versoek die Kommissie vir Sending en Ewangelisasie om dringend aandag te skenk aan die druk van geestelike traktate, soos goedgekeur tot 'n bedrag van R1 000-00 tydens die Derde Sinode (Sien Handeling bl. 473, punt 2.2.3).

2.2.2 Motivering

Om gemeentes te help om aktief betrokke te word by sending en ewangelisasie.

2.2.3 Aanbeveling KSE

Die Sinode neem kennis dat traktate reeds beskikbaar was by die Vierde Sinode en hierdie Sinode vir verspreiding in gemeentes.

3. SLOT

Die Kommissie neem met dank kennis van daardie leraars en lidmate wat 'n koninkryksvisie het, en prakties uitvoering gee aan die Sendingopdrag.

DS CJJ VAN RENSBURG (VOORSITTER)

DS JJJ ROODT (SKRIBA)

BYLAE SE .A

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)***VYFDE SINODE: 17 - 21 SEPTEMBER 1991****SENDINGBELEID VAN DIE APK****INHOUD***Deel 1: Wat is sending?**Deel 2: Die kerk missionêre gemeente**Deel 3: Die Afrikaanse Protestantse Kerk se sending**Deel 4: Praktiese riglyne vir die uitvoering van die sendingtaak***DEEL 1: WAT IS SENDING?****1.1 Heidelbergse Kategismus:**

Dit is nodig om heel aan die begin 'n duidelike beeld te hê van wat met sending bedoel word. Vanuit die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, kan ons sending soos volg omskryf:

Sending is die handeling van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, met die wêreld waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader, deur wie Hy sy Woord aan die gevalle wêreld laat verkondig, die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies en volke tot stand bring, en diens aan die wêreld in sy nood laat lewer vir die uitbreiding van Gods koninkryk tot aan die voleinding.

1.2 Belangrike uitgangspunte:

In bogenoemde omskrywing moet op 'n paar belangrike uitgangspunte gewys word:

1.2.1 Betrokkendheid van God:

Sending is primêr God se betrokkenheid by die wêreld. God die Vader het die wêreld so liefgehad, dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het sodat elkeen wat in Hom glo ... die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16). Jesus Christus as die Gestuurde by uitnemendheid, het aan sy dissipels gesê: "Soos die vader My gestuur het, so stuur Ek julle ook." (Joh. 20:21). Maar eers moes hulle wag op die Heilige Gees, en toe hulle Hom ontvang het, kon Hy voortgaan met sy werk, in noue verband met die kerk, dit is die liggaam van Christus op aarde.

Die kerk (gemeente) is dus die kanaal waardeur die liefde van God by die wêreld uitkom. Die sending van die Seun van God moet in alle opsigte dié riglyn vir die kerk as sending wees.

1.2.2 Versameling uit alle nasies:

Die eerste fase van God se sending het as doel die versameling van sy Kerk uit alle nasies en volke. Die belangrikste sendingmetode is die bring van die evangelie aan lede van 'n volk, wat dan in hulle volk bly, om daar kerkvormend op te tree sodat die kerk Christus in volksverband kan verinheems.

1.2.3 Elkeen in sy eie taal:

Die doel van die sending, met die vestiging van selfstandige kerke, is sodat elkeen in sy eie taal die groot daad van God kan hoor en ook weer verkondig (Hand. 2:8,11), sodat elkeen onder sy volksgenote sy aanbiddingsbehoefte kan bevredig. Die sendingtaak onder die onbereikte groepe, is die verantwoordelikheid van al die kerke van Christus.

1.2.4 Uitbreiding van die Koninkryk:

Die eindoel van die sending (God s'n en die gemeente s'n) is die uitbreiding van die koninkryk van God. Alles moet gerig wees op die koninkryk van God wat gekom het, aan die kom is en op die laaste dag in sy volheid sal kom.

1.2.5 Drie dimensies:

Die sending het drie dimensies, naamlik die verkondiging van die Woord, die stigting van die gemeenskap van die heiliges en die diens aan 'n gemeenskap in nood. Anders gestel: evangelisering, kerkopbou en sosio-ekonomiese diens (Kêrugma, koinônia en diakonia). Die verkondigingsaspek is die hart van die sendingtaak en daarsonder val die ander aspekte plat.

1.2.6 Alles aan God onderwerp:

Die sendingtaak sal eers voltooi wees op die laaste dag wanneer alles aan God onderwerp sal wees en Hy alles in almal sal wees (1 Kor. 15:28).

DEEL 2: DIE KERK AS MISSIONÊRE GEMEENTE

2.1 INLEIDING

2.1.1 Taal van die hart en mond:

"Waar die hart van vol is, loop die mond van oor," Dit is 'n spreekwoord wat 'n diepe waarheid vertolk. Wat in die hart is kom uit, en wat uitkom is 'n bewys van wat in die hart is - ten minste as die hart en die

mond met 'n reguit pad met mekaar verbind is. As dit egter nie die geval is nie, dan is die taal van die mond nie die taal van die hart nie, en hierdie tweetaligheid is nie die taal van die gelowige nie en dus ook nie die taal van die kerk van Jesus Christus nie.

2.1.2 Vervulde hart - oorlopende mond:

Die Pinksterkerk en Pinkstermens is ééntalig. Waarom? Omdat Pinkster die fees van die vervulde hart en dus ook die fees van die oorlopende mond is. Pinkster maak die pad tussen die hart en die mond - wat van nature vol draaie is, as gevolg waarvan soveel van die hart na die mond verlore gaan of verdraaid daar uitkom - reguit en begaanbaar. Pinkster maak die taal van die hart ook weer dié van die mond.

2.2 DIE STIGTING VAN DIE KERK

2.2.1 Tale en tonge:

Dit is nou hoogs merkbaar dat die Griekse woord wat in Hand. 2:4 (glossei) met tale vertaal word, dieselfde woord is wat in Hand. 2:3 met tonge weergegee word. Die Heilige Gees, wat nie as nie, maar onder die teken van vurige tonge kom, veroorsaak dus dat die tonge van hulle in wie Hy kom, losraak en in beweging kom. Vurige tonge is dus die teken van die Heilige Gees en bewegende tonge - die gevolg van sy koms.

2.2.2 Vurige en bewegende tonge:

Hiermee is 'n *wesens* belangrike eienskap van die kerk aan ons gegee. Want hieruit blyk duidelik dat Christus, wat tog die Heilige Gees beloof en gestuur het, sy Kerk nie as 'n mediterende, mistiek-peinsende liggaam gestig het wat êrens in 'n beskermende verborgenheid homself in stille afsondering aan sy Hoof moet wy, en dáár soos 'n rustig-brandende kersvlammetjie ongemerk moet uitbrand nie. Nee, sy kerk is die kerk wat gestig word met die teken van *vurige* en *bewegende* tonge. Dit is 'n kerk van besielde skares, 'n kerk wat iets in die hart ontvang het om te sê met die mond: "Ons

hoor hulle ... oor die groot daad van God spreek." (Hand. 2:11)

2.2.3 Belofte en vervulling:

Dat die kerk hier inderdaad iets het om te sê is tegelyk vervulling van 'n belofte en gehoorsaamheid aan 'n opdrag: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde." (Hand. 1:8) En dat dit die kerk is wat dit hier sê, is eweneens 'n belofte wat in vervulling gegaan het, want dit was Jesus wat gesê het: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou" (Mat. 16:18)

Nie op Petrus as persoon nie, maar op die belydenis van Petrus bou Jesus sy Kerk. Ja, sy Kerk bestaan uit belydende persone, uit mense wat glo, uit mense wat 'n belydenis het, uit mense wat tot 'n posisiebepaling teenoor Jesus Christus gekom het en soos Petrus kan sê: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

2.3 DIE OPDRAG AAN DIE KERK

2.3.1 Poort:

Hierdie belydenis is dus die poort van toegang tot die kerk van Christus. Daarsonder kom niemand ooit in sy Kerk nie, al is ons ook binne die mure van die kerk. Maar nou: hierdie poort is soos 'n paspoort wat nie by die grense van 'n vreemde land afgegee of ooit verloor mag word nie - op die gevaar af om as 'n ongewenste indringer gedeporteer te word nie, maar moet altyd weer getoon kan word.

2.3.2 Paspoort:

As die paspoort van die belydenis altyd getoon moet word ten einde nie deur God gedeporteer te word nie, dan beteken dit dat die belydenis gedurig herhaal moet word. En hierdie herhaling van die belydenis is nie 'n blote opsê met die mond nie, maar 'n deurwerking daarvan in my ganse lewe - 'n deurwerking wat daarin bestaan dat my lewe al meer en

meer die gelykvormigheid met die beeld van God in Christus gaan vertoon.

2.3.3 Daadwerklike gehoorsaamheid:

'n Herhaling van die belydenis is 'n daadwerklike gehoorsaamheid aan die bevel van Christus: "Wees heilig, want Ek is heilig." Ook moet ons geleer word om te *onderhou*, alles wat Jesus sy dissipels beveel het (Matt. 28:19). Dan gaan ons ook al meer en meer lyk na verlore mense - soos mense wat deur God gemaak is.

2.3.4 Hart met Gees vervul:

Dat die belydenis sal deurwerk in my eie lewe, is die eerste aspek van die opdrag van Christus, terwyl die tweede daarin bestaan dat dit ook *na* en *in* ander sal deurwerk.

Die dissipels, en in hulle ook die kerk van alle eeue, ontvang die opdrag om te *getuig* van Jesus in Jerusalem en in die hele Judea en Samaria. Die geheiligde lewe is konkreet 'n met die Gees van God vervulde hart, en waar die hart van vol is, loop die mond van oor ... daarom getuig die dissipels en die kerk van Jesus, omdat dit Hy is wat hulle harte vervul. Hulle vertel aan ander, nie van hulleself nie, maar van Jesus wat deur die Heilige Gees menseharte wil vul.

2.3.5 Getuig van Waarheid:

Die kerk getuig nie net van feite nie, maar van waarheid, ja, van *dié* waarheid, daarom is sy getuienis 'n boodskap. Die kerk is in die gee van sy getuienis aan die wêreld nie slegs verslaggewer nie, maar ook werwer - werwer, omdat die ganse wêreld tot aan sy uiterste grense verower moet word; voor die Here van hemel en aarde moet elke knie buig, vir Hom moet elke hart ontsluit word, deur Hom elke lewe geheilig en alle denke gevorm word.

2.4 DIE SENDING VAN DIE KERK NA DIE WÊRELD

2.4.1 Doel en rigting:

As die kerk ook tot *ander* van Jesus moet getuig, dan kan en mag hy nie in 'n rustige

stilte wag tot die ander na hom toe kom nie. Nee, hy moet na hulle toe gaan. Met 'n duidelike opdrag *stuur* Jesus sy kerk dan ook tot ander. Dit is dan ook die *wese* van die kerk dat hy *gestuur* word. Hy ontvang van Jesus Christus nie alleen 'n baie duidelike *doel* nie, naamlik om te getuig nie, maar ook 'n heel definitiewe *rigting* waarheen hy gestuur word - na die wêreld. Immers dit was ook die rigting waarheen Jesus gestuur is deur sy Vader: na die wêreld, en daarom kon Hy aan sy dissipels ook sê: "Soos Ek gestuur is, stuur Ek julle."

2.4.2 Die mens in sy nood:

So gesien, is dit dan die enigste plek waarheen die kerk gestuur is om te getuig. Maar wat is nou die wêreld?

Dit is nie die stad Jerusalem of die landstreek Samaria nie. Ook nie die vlakte van ons land of van Amerika nie, ook nie die berge van Natal of van China nie. Die wêreld is *die mens in sy nood*. Nie sy materiële of ekonomiese of selfs geestelike nood nie, maar sy *nood om God*.

Die wêreld is die mens in die mag van sonde, in wie nie die beeld van Christus nie, maar dié van Satan afgeteken staan. Die wêreld is die mens in wie se lewe geen plek is vir God nie en wat leef in bewuste of onbewuste opstand teen God. Die wêreld is die *mens sonder God*. Gods eie handewerk sonder God - dit is die *wêreld* volgens die Woord van God.

2.5 WAAR IS HIERDIE WÊRELD?

Dat ons presies sal weet waar hierdie wêreld is, is uiters noodsaaklik, want dáárheen is die kerk gestuur. Waar die wêreld is, daar moet die kerk wees, want dáár moet van Jesus Christus en sy eiendomsreg op die wêreld getuig word. Die wêreld volgens die omskrywing sopas gegee, is aanwesig:

2.5.1 Buite die grense van die kerk

Hulle wat die evangelie van Jesus Christus nog nooit gehoor het nie, of wel gehoor het, maar nog nie as

verlossingsboodskap aanvaar het nie, en dus nog nie tot die kerk toegetree het nie - hulle is sonder God, en dáár is die wêreld.

Buite die grense van die kerk kan dus beteken buite en ook binne die grense van ons land. Daarheen is die kerk gestuur om van Jesus te getuig.

2.5.2 Binne die grense van die kerk

Hoe duidelik stel Jesus dit nie as Hy sê: "Hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie." (Rom. 9:6) Hoe groot is die nood nie ook by hulle wat aan die kerk behoort nie. Vir hoeveel was die aflegging van belydenis nie maar net 'n uiterlike daad sonder enige geestelike betekenis nie! As die kerkbesoek gemiddeld nie hoër as 33% gestel word nie en daar in sommige kerke etlike voltydse predikante is om leiding te gee in die evangelisasieaksie, ten einde hulle wat vervreemd is van kerke, en daarom ook van God, terug te bring, wie kan dan nog beweer dat die wêreld in die kerk nie ontsettend groot is nie? Ook na hierdie wêreld is die kerk *gestuur* om dáár te getuig van Jesus Christus.

2.5.3 In die lewe van die gelowige

Waar kan ons dieper insig kry in die nood van die lewe van 'n gelowige as juis by Petrus. Hy wat op Pinkster so 'n gloeiende getuigenis vir Jesus kon aflê! Die een oomblik verklaar hy hom gewillig om met Jesus die dood in te gaan, die ander oomblik ontken hy, tot driemaal toe, dat hy Jesus ooit geken het! Is dit vreemd in ons eie lewe? Hoeveel keer het ons nie ook al voor die wêreld ontken dat ons Jesus ken nie, terwyl ons Hom Sondag in die kerk bely nie? Hoe is ons nie soos 'n slaaf verkneg aan sondes in ons lewe nie! Watter wêreld van duistere ongeregtigheid is daar nie in die hart van menige gelowige aanwesig nie? Voorwaar, ook ons sal saam met Paulus moet uitroep: "Ek ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? (Rom. 7). Dit is die kreet van die sondige mens in sy nood om heiliging, afsondering en toewyding - dit is die wêreld, en dáárheen is die kerk gestuur om te getuig.

2.6 BELANGRIKE KONKLUSIES

2.6.1 Elke gelowige bely:

Pinkster maak van *elke gelowige 'n belydende Petrus*. Die vurige tonge van die Heilige Gees het bewegende menslike tonge as gevolg. Ek kan nie stilbly nie, my hart is vol van die Gees van die Here en daarvan loop my mond oor.

2.6.2 Permanent:

Pinkster eis van die belydende Petrus dat hy sy belydenis, d.w.s. getuigenis *sal herhaal*. As my hart nie net vir 'n tydjie gevul is nie maar permanent, dan loop my mond oor.

2.6.3 Sendeling en sendingveld:

Pinkster stuur die belydende Petrus na *die verloënende Petrus*. Teen die wêreld van ongeregtheid in sy eie lewe moet hy getuig. Petrus word gestuur, d.w.s. hy word 'n sendeling, iemand wat *gestuur is na homself*. Hy is tegelyk sendeling maar moet elke dag teen die sonde stry.

Elke gelowige is sendeling en sendingveld - dit is die boodskap van Pinkster.

2.6.4 Binne grense van die kerk:

Pinkster stuur die belydende Petrusse na die *verloënende Petrusse*.

Elke gelowige word as sendeling gestuur na die sendingveld *binne* die grense van sy kerk en sy gemeente, om daar te getuig van die heilgende genade van Jesus Christus.

2.6.5 Sendingveld buite die grense:

Pinkster stuur die belydende Petrus om deur herhaling van sy belydenis, ook *ander tot belydende Petrusse te maak*. Die gelowige word as sendeling ook na die *sendingveld buite die grense* van sy kerk en selfs buite die grense van sy land gestuur om daar te gaan getuig van die verlossende genade van Christus.

2.6.6 Gestuurde kerk:

Die *betekenis* hiervan : Pinkster maak van die kerk in sy wese 'n *gestuurde kerk*, d.w.s. sendingkerk, maar maak ook die sendingveld *buite* die kerk nie belangriker as die sendingveld *binne* die kerk of in die lewe van die gelowige nie! Pinkster laat ons beseft dat *Christen-wees* gelyk is aan *sendeling-wees*. Dit maak van my as sendeling in Zoeloeland nie iets anders - meer of minder - as van die dominee van Pofadder of van Pretoria nie.

Dan is ek nie maar *net* 'n predikant, wat "vanweë selfsugtige motiewe" nie wil aanmeld vir die sending in Zoeloeland nie. Nee, as predikant doen ek in my gemeente, waar die wêreld met sy groot nood is, en waar ek in swaakheid getuig van Jesus Christus, net soseer sendingwerk as enige sendeling waar in die buiteland ook al.

Ek is dus nie maar net 'n eerwaarde wat "nie goed toegerus is vir 'n blanke gemeente in die stad nie". Ook in die mees aigesonderde uithoeke van die wêreld, dáár waar ek gehoorsaam is aan die opdrag van Jesus, doen ek net so 'n belangrike werk as die predikant van die gemeente van Johannesburg. Ek is ewemin maar *net* 'n gemeentelid "wat die roeping tot sendingwerk nie ontvang het nie" en dit dus oorlaat aan hulle wat spesiaal daarvoor geroep is en 'n besondere amp beklee.

Nee, *oral* en letterlik oral waar ek met die geloofsoog die *nood* van 'n mens sonder God sien, en daar getuig van die verlossing in Christus, dáár is ek besig met sendingwerk. Pinkster laat vaar alle name en titels en laat alleen oorbly die ontsettende *nood* van die sondige wêreld buite en binne die grense van die kerk en in my eie lewe, en laat benewens die nood ook die *roeping* van elke gelowige duidelik sien, nl. om te getuig van Jesus Christus.

So gesien, is die bewoënheid oor die nood van 'n wêreld wat God nie ken nie, nie die voorreg van slegs enkele sogenaamde "sendingvriende" nie, maar die *heilge roeping* van die ganse kerk en van *elke lidmaat* afsonderlik. Die sending is derhalwe nie 'n selfstandige arbeid naas en dikwels "veel hoër" as die "gewone" gemeentelike werksaamhede nie, maar

dis die *wesenlike* van die kerk van Jesus Christus op aarde.

Die geloofshelde is nie alleen diegene wat hulle aanmeld vir die sending daar ver buite die grense van ons land nie, maar elke gelowige wat die nood van die wêreld sien en *dáár* van Jesus Christus met mond en lewe getuig.

Dit is wat bedoel word as gesê word dat die kerk van Jesus Christus op aarde 'n sendingkerk of evangeliserende kerk of 'n missionêre gemeente is.

Ons moet onself, die kerk, en die wêreld sien soos God ons dit in Pinkster wil laat sien.

DEEL 3: DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK SE SENDING

Na die stigting van die APK het daar 'n opvatting van kritiese buitestaanders onder die aandag gekom, naamlik dat die lidmate van die APK "klaar het" met sending, aangesien die kerk dan juis gestig is omdat gelowige lidmate hulle wou distansieer van die swartmense. So 'n opvatting is oorvereenvoudig en laat nie reg geskied aan die waarheid nie. Om alle verwarring uit te skakel, wil die kerk hiermee sy standpunt oor die sending duidelik en kernagtig saamvat:

3.1 Ingestuurde:

Ons glo dat kragtens die sendingbevel (Mat. 28:19) die kerk, naas die uitgeroepene (ekklesia), ook ingestuurde (apostolos) onder die volke is (G&P 5.4)

3.2 Die volke:

Ons glo dat die voorwerp van sending *die volke* is (Mat. 28:19; Hand. 28:28; Dan. 7:14) (G&P 5.5)

3.3 Godsvolk in elke volk:

Ons glo dat die doel van die sendingbevel is om deur bekering van individue die Godsvolk in elke volk aan die lig te bring (Ef. 3:5,6)

Volgens Openb. 5:9; 7:9; 21:3, 24 en 26, gaan die *volke* (d.w.s. die Godsvolk in elke volk) die ewigheid binne. By die hoofmomente van die vestiging van die kerk is volke betrokke (Hand. 2; Mat. 28:19). (G&P 5.6)

3.4 Kerk in volksverband:

Ons glo dat die primêre sendingmetode dus die bring van die evangelie aan lede van 'n volk is, lede wat dan in hulle volk bly om daar kerkvormend op te tree en so die Kerk van Christus in volksverband te verinheems. (G&P 5.7)

3.5 Elkeen in sy eie taal:

Ons glo dat afsonderlike, selfstandige kerke vir verskillende volke gestig moet word, sodat elkeen in sy eie taal die groot daad van God kan hoor en verkondig (Hand. 2:8, 11), en sodat elkeen in die midde van sy eie volksgenote sy aanbiddingsbehoefte kan bevredig. (G&P 5.8)

3.6 "Gesamentlike sendingtaak":

Ons verwerp enige implementering van die "gesamentlike sendingtaak" (K&S 284) deur die onderskeie kerke wat daarop uitloop dat 'n kerk sy eie sendinggroeping verskraal tot oorbetalings van subsidies en dat hy sy eintlike sendingtaak afwentel op 'n ander kerk, ongeag of laasgenoemde kerk by sy sendingtaak uitkom of nie. (G&P 5.13)

3.7 Allesomvattende taak:

Ons beskou sendingwerk as 'n allesomvattende taak wat te make het met

ongelowiges in ander volkere, ongelowiges in die eie volk, onverskilliges en kerklosses in die eie kerk, asook die ou mens van sonde in die gelowige self (soos beskryf in deel 2).

3.8 Uitbreiding na buite:

Sover dit gaan om die werksterrein van 'n PSK en 'n SSK, konsentreer ons hier slegs op die kerk se werk na buite. Waar die ander kommissies werk aan die kerk se opbou na binne, werk die sendingkommissie aan die kerk se uitbreiding na buite en sy getuienistaak in ander volkere.

3.9 Dissipelskap:

Sendingwerk is 'n wye begrip en daarbinne is ruimte vir spesialiswerk, asook werk deur gewone lidmate. Lg. aspek is vir ons die belangrikste; daarom moet die beginsel van die dissipelskap van elke gelowige sterk verkondig en geleer word. Die groot gawe wat elkeen ontvang het, is die gawe van die Heilige Gees, van kindskap en priesterskap waardeur die gelowige God en sy medemens kan bedien. Daar is baie min - indien enige - wat deur die gemeente gedoen moet word wat nie deur die gewone lidmaat gedoen kan word nie. En wat hulle kan doen, moet hulle ook doen. Die vraag is dus: Hoe moet ons bediening geseël word sodat ons waarlik ten beste kan funksioneer as God se volk in die wêreld.

3.10 Selfonderhoudend, selfuitbreidend en selfopbouend:

Die APK sal in sy sendingarbeid nie kerke gaan stig onder ander volkere nie, maar slegs die evangelie aan hulle oordra. Bekeerlinge kan volgens eie besluit by bestaande Protestantse kerke aansluit of hulleself organiseer in huisgemeentes of uit eie geledere besluit om oor te gaan tot die stigting van 'n Protestantse kerk in eie volksverband. 'n Kerk wat op die wyse gestig word, sal selfonderhoudend, selfuitbreidend en selfopbouend moet

wees en nie onder permanente finansiële voogdyskap van die APK staan nie.

3.11 Inheems:

Die APK sowel as enige ander kerk wat a.g.v. sy werk tot stand mag kom, moet *inheems* wees. Vreemdheid in die kerk belemmer nie alleen die verdere uitdra van die evangelie nie, maar ook die mate waarin die Christen 'n tuiste vind binne die volk van God. Dit beteken 'n vryheid om jouself te wees in die plaaslike gemeente, dit beteken ook 'n inheemse leierskap en wyse van leiding neem, inheemse aanbidding en wyse van evangelisering en 'n bedieningspatroon wat plaaslik bekostig kan word.

3.12 APK aanvaar Skrifopdrag:

Die APK wil volledig kerk van Christus wees; daarom aanvaar hy sy skriftuurlike sendingopdrag van harte. Hy kan ook nie te lank daarmee wag of sy verantwoordelikheid beperk tot sy eie volksgenote nie. Na mate wat ons gehoorsaam sal wees aan die opdrag om die volle raad van God aan almal in nood te verkondig, na die mate sal ons ook deur die Heilige Gees in eie geledere geseën wees.

DEEL 4: PRAKTIESE RIGLYNE VIR DIE UITVOERING VAN DIE SENDINGTAAK

4.1 Plaaslike kerk:

Elke Kerkraad moet 'n sendingkommissie saamstel wie se verantwoordelikheid sal wees om plaaslik die sendingbehoefte te identifiseer en 'n eie begin te maak, al is dit aanvanklik beskeie.

4.2 Ring:

Elke Ring sal moet kennis neem van aksies in gemeentes en vir verdere kennisname deurgee aan die Sinodale Sendingkommissie.

4.3 Nie kleurgebonde:

Kerkrade kan sendingwerk doen onder Swartmense, Asiërs, Kleurlinge, kerklose Blankes, Afrikaners, Engelse, ens.

4.4 Tentevangelisasie:

'n Tentevangelisasie-aksie waarby 'n kerkraad betrokke is maar wat hoofsaaklik behartig word deur 'n kundige sendingwerker, kan goeie vrugte afwerp in gebiede waar die heidendom groot is.

4.5 Huisgemeentes:

Aanvanklik kan bekeerlinge in huisgemeentes bymekaar kom. Aangesien die APK slegs vir blankes is kan hulle by ander Protestantse kerke van hulle eie keuse aanklop om lidmaatskap, of sodra 'n kerngroep gelowiges sterk genoeg is, kan hulle hulle eie gemeente stig.

4.6 Bybelverspreiding:

Elke lidmaat behoort deel te neem aan Bybel- en traktaatjiespreiding. Oor die inhoud van lg. sal die sendingkommissie van elke kerkraad hom moet vergewis dat dit die waarheid van die Bybel bevat.

4.7 Sendingprojekte:

As moontlike sendingprojekte deur kerkrade, ringe en sinode, kan die volgende oorweeg word:

4.7.1 "Verlore lidmaat":

Die "verlore lidmaat" van die NG Kerk. Na bewering is daar 400,000 mense wat hulleself by die Staat se sensus as "NG" opgegee het, maar wat by die NG Kerk se sensus ontbreek. Die APK moet ook nie alleen groei deur lidmate wat oorkom vanuit die NG Kerk nie. Ongeredde mense sal met die Woord van God bereik moet word om hulle in te bring in Sy Kerk, anders kan ons nie waarlik kerk van Christus wees nie.

4.7.2 Natal:

Wat die Woordverkondiging aan Swartmense betref, is daar groot gebiede in Natal rondom Ladysmith en Empangeni/Richardsbaai wat nog grootliks heidens is. In die "paddastoelstede en -dorpe" in die Kangwanetuislande, in die Hooglande van Lesotho en ander gebiede heers daar ook groot nood.

4.7.3 Indiërs:

Die digbevolkte gebiede in Suid-Natal waar groot getalle Indiërs woon wat nog hoofsaaklik aanhangers is van die Hindoe-geloof.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

VYFDE SINODE : 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE

1. PERSONEEL

Deur die Sinode benoem: Di JH Engelbrecht, L Skein, JHE Adams, SJ Gouws, AJ van Niekerk, JH van der Walt en oudl AP van den Heever.

Gekoöpteer : Ds Jurie J Venter.

2. LASGEWING

Behalwe algemene lasgewing is die spesifieke lasgewing:

2.1 Die Kommissie dra sorg vir die opstel van 'n Kerkboek soos deur die Sinodes goedgekeur en behartig alle gewysigde en ongewysigde herdrukke;

2.2 bestudeer alle besware teen en beskrywingspunte oor die Liturgie en Formuliere m.d.o. op advies aan die volgende Sinode;

2.3 beskou ad hoc opdragte wat Sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

3. VERGADERINGS

Daar is net een vergadering gehou. Dit was op 20 November 1990. Verdere sake is telefonies en per korrespondensie afgehandel.

4. SAKE BEHANDEL

Die Kommissie het die volgende besluit i.s. die opstel van Die Kerkboek:

4.1 Naam:

DIE KERKBOEK VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK.

4.2 Voorwoord:

In die voorwoord word die ontstaangeskiedenis van die formuliere ingewerk. (Handelinge 1990, bl. 617).

4.3 Goedgekeurde formulier eerste:

Die APK Formulier vir die nagmaal, doop ens., soos deur die Sinodes goedgekeur, word telkens eerste geplaas. Daarna word die klassieke formulier geplaas.

4.4 Orde vir die erediens:

Die orde vir die erediens, soos goedgekeur deur die Sinode van 1989, bl. 71 ev., word bygevoeg.

4.5 Belydenisskrifte:

Die Algemene Belydenisskrifte en Besondere Belydenisskrifte vorm deel van die Kerkboek.

4.6 Die volgende formuliere word in die Kerkboek geplaas:

- 1. Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders van gelowiges
- 2. Klassieke formulier om die heilige doop aan die kindertjies van die gelowiges te bedien
- 3. Klassieke formulier om die heilige doop aan die volwassenes te bedien
- 4. Formulier vir die openbare belydenis van geloof
- 5. Formulier vir die bediening van die heilige doop na belydenis van geloof
- 6. Formulier vir die bediening van die heilige nagmaal
- 7. Klassieke formulier om die heilige nagmaal te hou
- 8. Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens
- 9. Klassieke formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens
- 10. Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die woord
- 11. Formulier vir die bevestiging van hoogleraars en dosente
- 12. Klassieke formulier vir die ban of afsnyding van die gemeente
- 13. Klassieke formulier vir die wederopneming van die afgesnedenes in die gemeente van Christus
- 14. Gelofte van 1838

5. KOPIEREG

Kopiereg om die formuliere en belydenisskrifte in die Kerkboek te plaas, is verkry.

6. GELOFTE VAN 1838

Die amptelike Afrikaanse vertaling van die Gelofte van 1838 word ook in die KERKBOEK opgeneem (Handelinge Sinode 1988, bl. 70).

7. GOEDKEURING VAN HUWELIKSFORMULIER

'n Afskrif van die huweliksformulier is aan die Registrateur van Huwelike deurgestuur om goedkeuring te verkry vir amptelike gebruik.

8. OORHANDIGING AAN DIE PUBLIKASIEKOMITEE

Ds Jurie J Venter het al die stukke redaksioneel hersien en aan die Publikasiekomitee oorhandig vir die druk van die Kerkboek.

DS JH VAN DER WALT (VOORSITTER)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE : 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

VERSLAG : KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK

1. PERSONEEL

Di NJ Rautenbach (Voorsitter), GG le Roux (Skriba), JH Theron, RW Louw JJ(Koos) Venter, DR Schwartz, JD van der Merwe.

Gekoöpteerde lede :Mevv A Boshoff, R Cloete en E Rautenbach.

2. VERGADERINGS

U kommissie het vier keer formeel vergader nl.:

20 Februarie 1991, 20 Maart 1991, 3 Junie 1991 en 30 Julie 1991.

3. OPDRAGTE - Sinodes 1989/1990

3.1 Hersiening van Psalms

"Die Sinode besluit om voort te gaan met onderhandeling met die hersieningskommissie van die NG Kerk en die Hervormde Kerk in verband met die Psalms vir ons nuwe bundel".

(Handelinge van Sinode 1989 bl. 486).

"Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die volgende permanente kommissie vir Kerk sang en -musiek". (Handelinge van Sinode 1990 bl. 606 pt. 3.1.3.2).

3.1.1 Rapport

Die nodige is gedoen om met die hersieningskommissie van die Ned. Gereformeerde Kerk en die Ned. Hervormde Kerk te skakel. Met die opstel van die verslag het ons slegs mondelings verneem dat die Ned. Herv. Kerk ons uitgenooi het om met hulle saam te werk met die hersiening van die Psalms. Die Ned. Geref. Kerk het te kenne gegee dat geen amptelike samewerking tussen hulle en die APK bestaan nie en dat hulle ons derhalwe nie uitnoui om saam te werk nie. Die Geref. Kerke van SA het onttrek uit die gesamentlike kommissie vir die hersiening van die Psalms. Op die Sinode sal mondelings verdere rapport gelewer word indien daar enige amptelike kennis van dié kerke ontvang sal word. Intussen het u kommissie ernstig begin aandag gee aan die bestudering van die beryming van die Psalms en dit het duidelik geword dat daar wel ernstige aandag aan gegee moet word, met of sonder die genoemde hersieningskommissie.

3.1.2 AANBEVELING

Die Sinode gee opdrag aan die kommissie vir Kerk sang en -musiek om aandag te gee aan die hersiening van die Psalms en aan die volgende Sinodes te rapporteer.

3.2 Sangbundel

"Die Sinode handhaaf sy besluit om 'n eie sangbundel saam te stel vir gebruik in die APK". (Handelinge van Sinode 1990 bl. 610 pt. 4.3.2).

3.2.1 Rapport

Met bogemelde besluit het u kommissie gehandel asook met die besluit dat die reeds voorlopig goedgekeurde proefsangbundel as basis gebruik word vir die samestelling van 'n nuwe sangbundel. Behalwe vir kommentaar wat reeds voor die Sinode van 1990 voorgelê is, het daar nog baie kommentaar ingestroom van kerkrade en individue. U kommissie het toe die volgende werkwyse gevolg.

3.2.1.1 Min negatiewe kommentaar:

Die liedere in die proefbundel wat min of geen negatiewe kommentaar ontlok het nie, is genotuleer en deeglik nagegaan wat betref teologiese inhoud van lirieke, singbaarheid, aanvaarbaarheid van melodie, ens. Waar nodig, is woorde vervang of verander en selfs verse uitgelaat of bygeskryf.

3.2.1.2 100 Liedere:

Die kommissie het uiteindelik 'n bundel wat aanvaarbaar behoort te wees vir die kerk van ongeveer 100 liedere saamgestel.

3.2.1.3 Verspreiding:

Die bundel is gereed gemaak vir die Sinode van 1991 vir goedkeuring vir gebruik in die APK, as 'n eerste uitgawe wat versprei kan word.

3.2.1.4 Kommentaar:

Die eerste bundel bly steeds oop vir kommentaar deur die kerk en is onderhewig aan verdere studie.

3.2.1.5 Verdere liedere:

Die kommissie bly steeds voortwerk aan verdere liedere wat bygevoeg word by die bundel na goedkeuring op die Sinode van 1992 of 1993. Hierdie liedere word geneem uit die reeds goedgekeurde proefbundel maar nadat daar verder gewerk is aan die musiek en die lirieke. Aan nuwe liedere word ook nog oorweging gegee asook liedere uit ander bundels soos bv. die Skrifbelymings van die Gereformeerde Kerke.

3.2.1.6 Opgeneem:

Die volgende liedere is opgeneem in die eerste bundel wat nou voor die Sinode gelê word met onder andere die volgende wysigings: (Wysigings sal ook tydens die Sinode uitgewys word)

- Ges. 2 (byvoeging van verse 4 en 5)

- Ges. 5 (byvoeging van verse 4 en 5)
- Ges. 10 (Wysiging van vers 1 reël 2) Jeugsangbundel nr. 8 (Wysiging van vers 2)
- Ges. 15 (soos in huidige bundel)
- Ges. 20 (vers 1 is herskryf)
- Ges. 26 (soos in huidige bundel)
- Ges. 34 (soos in huidige bundel)
- Ges. 36 (Wysigings: "Vaders" i.p.v. "Vaadre" in vers 2 eerste reël, vers 4 is met 'n nuwe vervang en in vers 5 reël 1 word "vryheid" met "vrede" vervang.)
- Ges. 39 (soos in huidige bundel)
- Ges. 40 (soos in huidige bundel)
- Ges. 52 (Melodie is getranspoteer na die C-sleutel)
- Ges. 53 (soos in huidige bundel)
- Ges. 57 (soos in huidige bundel)
- Ges. 61 (soos in huidige bundel)
- Ges. 62 (soos in huidige bundel)
- Ges. 63 (soos in huidige bundel)
- Ges. 71 (Twee verse is bygevoeg)
- Ges. 74 (soos in huidige bundel)
- Ges. 80 (soos in huidige bundel)
- Ges. 88 (soos in huidige bundel)
- Ges. 89 (Twee verse is bygevoeg)
- Ges. 90 (Die tweede melodie word na die koorbundel verwys nl. Gloria Excelsis Deo)
- Ges. 96 (Ou woorde word teruggebring asook 'n tweede beryming)
- Ges. 99 (soos in huidige bundel)
- Ges. 103 (soos in huidige bundel)
- Ges. 120 (Vervang in vers 3 reël 3 die woorde "O Liefde" met "O Jesus". Melodie word getranspoteer om makliker te sing)
- Ges. 130 (soos in huidige bundel)
- Ges. 122 en 133 (word in een lied saamgevoeg)
- Ges. 142 (soos in huidige bundel)
- Ges. 147 (soos in huidige bundel)
- Ges. 151 (soos in huidige bundel)
- Jeugsangbundel nr. 40 (aan woorde is aandag gegee)
- Ges. 162 (soos in huidige bundel)
- Ges. 165 (soos in huidige bundel)
- Ges. 166 (Oorspronklike melodie kry voorkeur)

- Ges. 177 (soos in huidige bundel. Tweede beryming uit Ps. 23 soos oorspronklike melodie bedoel was)
 - Ges. 181 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 182 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 183 (soos in huidige bundel plus nog 'n vers)
 - Ges. 188 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 190 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 192 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 200 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 201 (Met meer verse as huidige bundel)
 - Ges. 202 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 203 (soos in huidige bundel)
 - Jeugsangbundel nr. 11 (soos in huidige bundel)
 - Sing onder mekaar nr. 19 (soos in bestaande bundel)
 - Ges. 211 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 212 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 217 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 218 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 225 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 227 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 236 (soos in huidige bundel)
 - Jeugsangbundel nr 38 (soos in bestaande bundel)
 - Ges. 238 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 241 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 245 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 247 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 252 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 253 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 258 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 259 (twee verse word bygevoeg)
 - Ges. 262 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 264 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 270 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 275 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 276 (soos in huidige bundel)
 - Jeugsangbundel nr. 36 (soos in bestaande bundel)
 - Jeugsangbundel nr. 22 (soos in bestaande bundel)
 - Ges. 279 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 292 (soos in huidige bundel)
 - Hall 254 (Met gewysigde liriek)
 - Ges. 294 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 305 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 306 (soos in huidige bundel)
 - Jeugsangbundel nr. 24 (soos in bestaande bundel)
 - Ges. 311 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 314 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 318 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 320 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 323 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 325 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 331 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 332 (Met nog 'n vers by)
 - Ges. 333 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 334 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 336 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 338 (soos in huidige bundel)
 - Hall. 289 (Liriek verbeter)
 - Hall. 290 (Liriek verbeter)
 - Ges. 349 (soos in huidige bundel)
 - Ges. 353 (getransponeer na F-sleutel)
 - Skrifberyming 10 (soos in bestaande bundel)
 - Skrifberyming 27 (soos in bestaande bundel)
 - Skrifberyming 45 (soos gewysig)
- Indien nog verdere liedere in die bundel verskyn, sal ter vergadering daaroor gerapporteer word.
- 3.2.1.7 Rubriekindeling:
Die rubriekindeling word gehanteer op dieselfde wyse as die bestaande Psalm en Gesangboek met die volgende byvoegings:
- Die Heilige Gees (Pinkster)
 - Die Heilsorde
 - Kerk en Erediens
 - Geleentheidsgesange
 - Bevestigingsgesange
 - Jeug- en Kinderliedere
 - Gebed
- 3.2.1.8 Uitnodiging:
Aangesien dit belangrik is dat hierdie liedere deeglik gesing sal word, word die kerke genooi om steeds met kommentaar te kom. Hierdie bundel behoort (met wysigings soos deur die Sinode besluit) gedruk en versprei te word as 'n eerste

deel (uitgawe) van die APK sangbundel. Die volgende uitgawes kan dan verdere liedere bevat en selfs later ook die Psalms.

3.2.2 AANBEVELINGS

3.2.2.1 Druk en verspreiding:

Die Sinode keur die eerste uitgawe van die APK sangbundel goed as 'n gewysigde proefbundel vir druk en verspreiding in die kerk.

3.2.2.2 Sing by byeenkomste:

Die Sinode keur dit goed dat die eerste uitgawe van die APK sangbundel by alle byeenkomste van die kerk gesing kan word.

3.2.2.3 Kommentaar:

Die Sinode besluit dat daar steeds kommentaar gelewer moet word deur die kerke en lidmate oor hierdie bundel sowel as die reeds goedgekeurde proefbundel.

3.2.2.4 Proefbundel:

Die Sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Kerssang en -musiek om die ander liedere van die proefbundel steeds na te gaan in die lig van kommentaar wat inkom asook Skrifberymings, nuwe liedere ens. en aan die volgende Sinode te rapporteer vir verdere uitbouing van ons sangbundel.

3.2.2.5 Musiekregte:

Die Sinode gee opdrag aan die kommissie vir kerssang- en musiek om alle musiekregte en regte op lirieke te beskerm en waar nodig te verkry vir wettige uitgee van die sangbundel.

3.2.2.6 Psalm- en Gesangbundel: Die huidige Psalm en Gesangbundel bly steeds die amptelike sangbundel van die kerk saam met die nuwe goedgekeurde bundel.

3.3 Koorbundel

"Die Sinode kontinueer sy besluit van 1989 aangaande 'n koorbundel aan sy volgende permanente Kommissie vir

Kerssang en -musiek". (Handelinge van Sinode 1990 bl. 608 pt. 3.6.3.1).

3.3.1 Rapport

In die kommissie se werk aan die sangbundel is verskeie liedere al geïdentifiseer vir 'n koorbundel. Die taak is moeilik en omvattend en die sangbundel behoort voorkeur te kry bo die koorbundel.

3.3.2 AANBEVELING

Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die Kommissie vir Kerssang en -musiek om te werk aan 'n koorbundel vir die APK.

3.4 Leiding - Kerssang en -musiek

"Die Kommissie vir Kerssang en -musiek kry opdrag om wanneer daarom versoek word op 'n praktiese wyse op streekbasis leiding te gee aan kerkrade en orrelistes in verband met sake van belang vir ons kerkmusiek. Gemeentes word versoek om hul afgevaardigdes na so 'n byeenkoms se kostes te dra". (Handelinge van Sinode 1989 bl. 487, pt. 2.2).

"Die Sinode kontinueer sy besluit van 1989 aangaande leiding rakende kerssang en -musiek aan die volgende Kommissie vir Kerssang en -musiek". (Handelinge van Sinode 1990 bl. 607 pt. 3.4.3.2).

3.4.1 Rapport

Op versoek van die plaaslike APK in Welkom is daar weer 'n begeleierskursus gehou. Die reaksie was bemoedigend en dit blyk 'n groot sukses te wees. Mev R Cloete en ds DR Schwartz het weer eens met groot onderskeiding die kursus gelei.

3.4.2 AANBEVELINGS

3.4.2.1 Die Sinode neem kennis van die besonder geslaagde begeleierskursus in die Vrystaat

3.4.2.2 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan Kommissie vir Kerssang en -musiek om voort te gaan om begeleierskursusse aan te bied as die kommissie daarvoor gevra word.

Gemeentes word gevra om hulle afgevaardigdes se kostes te dra.

3.5 Sang- en musiek tydens Sinode

"Die permanente Kommissie vir Kerssang en -musiek kry opdrag om die sang en musiek tydens die Sinode op 'n beplande wyse te lei en aan te bied". (Handelinge van Sinode 1989 bl. 494).

"Die permanente Kommissie vir Kerssang en -musiek moet in samewerking met die kommissie wat die Sinode reël ook die reëlings tref vir die voorbereiding van musiek, musiekinstrumente ens. by die Sinode". (Handelinge van Sinode 1989 bl. 494, pt. 116.2.1 en 2).

3.5.1 Rapport

Met die oog op die voorlegging van die beoogde eerste uitgawe van die kort sangbundel, sal dit baie belangrik wees dat voor die rapport dien die Sinode deeglik vertrouwd gemaak word met die inhoud van die bundel. Daarom word die sang deeglik beplan vir en tydens die Sinodesitting.

AANBEVELINGS

3.5.2 Die Sinode bedank die orrelistes wat moeite doen met die begeleiding van sang tydens die Sinode.

3.5.3 Die Sinode betuig sy dank teenoor mnr J Ebersohn van Musica, Pretoria, vir die beskikbaarstelling van 'n Allen-rekenaarorrel vir gebruik tydens sang en erediensgeleenthede by die Sinode.

3.5.4 Die Sinode gee opdrag aan die volgende permanente Kommissie vir Kerssang en -musiek om weer die musiek en sang te beplan vir die volgende Sinodesitting in samewerking met die SKK.

4. BESKRYWINGSPUNTE

Slegs die volgende beskrywingspunt is ontvang: (Kommentaar is ook ontvang vir

die aandag van die permanente kommissie).

4.1 Hallelujaliedere grondig ondersoek

"Die Ring van Morgenzon van April 1991 versoek die Sinode van 1991 om die Hallelujaliedere en liederes uit die Jeugsangbundel, wat in die proefsangbundel opgeneem is, grondig te ondersoek wat die regsinnigheid daarvan betref". (Ring van Morgenzon).

Motivering:

Die inhoudelike van die kerklied moet prioriteit bo die vasstelling van geskikte en singbare wysies geniet.

Kommentaar van kommissie

Die kommentaar wat ontvang word van kerke, lidmate en die bepaalde Ring word deeglik nagegaan en u kommissie is reeds besig om ernstige aandag te gee aan die saak. Daarom word reeds slegs enkele van bogenoemde liederes tans opgeneem in die nuwe sangbundel en is reeds gewerk aan die inhoudelike van die lirieke.

4.4 AANBEVELING

Sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt van Ring van Morgenzon (grondige ondersoek na Hallelujaliedere) en neem kennis dat die Kommissie vir Kerssang en -musiek deurlopend aandag gee aan die saak.

5. DANK

AANBEVELING

Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die gekoöpteerde lede vir hul kragte, talente en bereidwilligheid om soveel te gee in hierdie besondere taak wat hulle verrig het vir die APK se kerssang en -musiek.

6. SLOT

Die kommissie wens die Sinode 'n
vrugbare en geseënde sitting toe.

DS NJ RAUTENBACH (Voorsitter)

GG le Roux (Skriba)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME

1. PERSONEEL

Lede van die Permanente Kommissie:

Di MP Taute (Voorsitter), JA Jacobs (Skriba), PR Jonker, dr DS van der Merwe, Oudle MJ Cornelius, TW Bartleman.

Ds AS van Staden het bedank.

2. VERGADERINGS

Die kommissie het een keer vergader, nl. op 5 Junie 1991.

3. SAKE DEUR VORIGE SINODES VERWYS NA DIE PKKEN

3.1 Geloofsvryheid

"Die Sinode verwys 3.7 terug na die Permanente Kommissie vir KEN, met die versoek om die hele saak te heroorweeg en met 'n aanbeveling(s) na die Sinode te kom. Die Sinode betuig sy dank jeens die Kommissie vir prikkelende stof wat reeds voorgelê is." (Handelinge 1990, punt 3.7.2 bl 497)

3.1.1 Aanbeveling

Die Sinode verwys die aangeleentheid van Geloofsvryheid na die volgende PKKEN.

3.2 Boeke oor Israelvisie

"Die Sinode verwys die twee boeke "Verboden" deur Thomas O'Brien en "SA - Die land oorkant die Riviere van Kus (Ethiopië)" deur Robert Hayes na die Permanente Kommissie vir Leer en Etiese Norme vir bestudering met die oog op 'n versoek aan die Publikasie Raad om aandag te skenk aan die aanstootlike en gevaarlike strekking asook wit teologie-inhoud daarvan." (Handelinge 1989, bl 504)

3.2.1. Aanbeveling

3.2.1.1 Die kommissie rapporteer dat die boeke deurspek is van die leer van die Israelvisie.

3.2.1.2 Die Sinode het reeds in 1989 die standpunt/leer van die Israelvisie verwerp.

3.2.1.3 Die Sinode staan by sy besluit van 1989 oor die Israelvisie.

3.3 Karate

Die saak van karate is na die kommissie verwys (Handelinge 1990, bl 544, punt 4.1.2). Intussen is nuwe studiestukke ontvang van ds S Botes en dr G Nel.

3.3.1 Aanbeveling

3.3.1.1 Die Sinode verwys die saak van Karate na die volgende PKKEN vir in-diepte studie. Die Sinode benoem ds S Botes en dr G Nel op die kommissie.

3.4 Die Taak van die Ouderling

"Die Ring van Moot-Sentraal, versoek die Sinode om deur sy Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme die kerke te dien met 'n prinsipeelbegronde studiestuk om die toesighoudende taak van die ouderlinge (kerkraad) t.o.v. die gebruik van die sakrament van die Nagmaal. In die studiestuk moet die gereformeerde standpunt oor geslote kommunie duidelik gestel word.

Die Sinode steun die beskrywingspunt en verwys dit na die PKKEN". (Handelinge 1990, bl 548, punt 4.7.3)

3.4.1 Aanbeveling

3.4.1.1 Studiestuk: prof R Maré:
Sinode neem kennis dat daar 'n volledige verslag kom van prof R Maré wat oor die taak van die ouderling 'n studie onderneem.

3.4.1.2 Lede van die Kuratorium:
Sinode neem kennis dat die Ring lede van die Kuratorium kan uitnooi om hulle oor die onderwerp toe te spreek.

3.4.1.3 Gemeentelike bediening:
Die onderwerp hoort tuis by die Kommissie vir Gemeentelike Bediening.

3.5 Verassing

Die Sinode verwys die hele vraagstuk rondom verassing terug na die PKKEN vir studie en rapportering. (Handelinge 1990, bl 548, punt 4.8.2)

3.5.1 Aanbeveling

3.5.1.1 Die Sinode beveel aan dat lidmate die stuk wat as Bylae KEN.A by hierdie verslag aangeheg is in ag sal neem.

4. BESKRYWINGSPUNTE

(OPMERKING: Dit is nie altyd duidelik of sommige beskrywingspunte hanteer is

volgens besluit van die Sinode 1990 nie. Sien KO, 1990, bl 88 - skriba SKK)

4.1 Roomskatolisisme (Kerkraad Brits)

"Die Sinode besluit dat as gevolg van die geweldige uitbreiding van die Roomse kerk in ons land, 'n beroep op alle leraars van die APK gedoen moet word om hierdie verdraaide godsdiens deur prediking en onderrig teen te gaan."

Motivering:

4.1.1 Internasionale Vertalingskommissie:
Hulle het al sover gevorder dat daar 'n Internasionale Vertalingskommissie gestig is deur die volgende drie instansies: Die Roomse Kerk, die Verenigde Bybelgenootskap en die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. Die laasgenoemde twee het hulle konstitusies gewysig om in lyn te wees met die Roomse Kerk.

4.1.2 Bybelgenootskappe:
Alle geaffilieerde Bybelgenootskappe moet hierdie vertaalreëls volg.

4.1.3 Bybelvertalings:
Al die Bybelvertalings van die afgelope jare is gelykvormig aan hierdie reëls.

4.1.4 UBS:
Op die hoofbestuur van die U.B.S. dien al etlike Roomse Biskoppe.

4.1.5 Aanbeveling

Die Sinode keur die beskrywingspunt van die kerkraad van Brits rakende Roomskatolisisme goed.

4.2 Satanisme (Kerkraad Brits)

4.2.1. Versoek aan die Staatspresident:
Die Sinode besluit dat weens die ernstige toename van satanisme en die daarmee gepaardgaande bedrywighede deur die hele land, die Sinode 'n geskrewe versoek aan die Staatspresident sal rig om hierdie duiwelse en Godtergende bedryf in die ban te doen.
Sodat:

4.2.2. Vervolging:

Enige iemand wat die saak bevorder of bedryf vervolg sal word, om sodoende ons land wat veronderstel is om Christelik te wees, van hierdie euwel te bevry.

4.2.3. Ronds krywe aan Gereformeerde Kerke

Dat 'n ronds krywe aan alle gereformeerde kerke gerig word ter bevordering van die aksie daarteen.

4.2.4. In-diepte studie

Dat 'n in-diepte studie deur die Sinodale Kommissie gedoen word van hierdie dwaling, en dat van deskundige hulp gebruik gemaak sal word indien nodig.

4.3 Motivering

4.3.1. Aanhangers

Daar is reeds meer as 160 000 aanhangers van satanisme in ons land.

4.3.2. "New Age"

Dit het die uitwissing van die Christendom en die bevordering van die "New Age Gedagte" ten doel.

4.3.3. Christelike regering

Ons Staatshoof en regering is veronderstel om Christene te wees, en as sodanig kan hulle nie toelaat dat die duiwel aanbid word nie.

4.3.4. Menseregte

Satanisme kan nie onder die term "Vryheid Van Godsdiens", of onder menseregte geklassifiseer word nie.

4.3.5. Eerbied

God laat Hom nie bespot nie.

4.3.6 Aanbeveling

Die Sinode keur punte 1 - 3 van die beskrywingspunt van die APK Brits rakende satanisme (4.2.1 - 4.2.3 hierbo, versoek aan die Staatspresident, vervolging daarteen, skrywe aan ander gereformeerde kerke) goed.

Die sinode wys op die studiestuk oor Satanisme wat reeds in 1990 ter tafel gelê is.

4.4 Indoktrinasies - S.A.U.K. (Newcastle)

"Die Sinode moet asseblief kyk na aksiestappe wat by elke gemeente geloofs kan word om klagtes in te dien ten opsigte van die indoktrinasie aksies, bv. gemengde huwelike, ens. wat in televisieprogramme opgedis word."

4.4.1 Motivering

Geen.

4.4.2 Aanbeveling

Sinode verwys die beskrywingspunt van Newcastle rakende Indoktrinasie van die SAUK na Kommissie vir Skakeling.

4.5 Wêreldbiddag vir Vroue (Ring van Graniet)

"Die Sinode word versoek om hom uit te spreek oor Wêreldbiddag vir vroue."

4.5.1 Motivering

4.5.1.1. Onduidelikheid:

Daar heers onduidelikheid of die dag gehuldig moet word.

4.5.1.2. Multikulturele byeenkomste:

Gesien dat alle rasse en kulture die dag op hul eie wyse tot die Here en tot 'n nie-God bid, kan ons ons nie daarmee vereenselwig nie.

4.5.2 Aanbeveling

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Graniet oor die wêreldbiddag vir vroue en verwys na sy besluit wat in 1990 geneem is.

4.6 Tentmakerbediening (Ring Moot-Sentraal)

"Die Ring versoek die Sinode om die PKKEN opdrag te gee om die volgende Sinode te dien met 'n grondige studie en aanbevelings rakende tentmakerbediening as alternatief tot die huidige bedieningsopset."

4.6.1 Motivering

4.6.1.1. Skrif

Hoewel omstandighede in daardie tyd anders was, was tentmakerbediening nie vreemd aan die Skrif nie.

4.6.1.2. Nood

Ekonomiese omstandighede, asook ander omstandighede uit nood gebore, kan gemeentes dalk daartoe dwing om nie die volle traktement van 'n leraar te bekostig nie. Dit kan daartoe lei dat 'n leraar in daardie omstandighede self 'n bydrae tot sy onderhoud moet maak.

4.6.1.3. Praktijk

Die genoemde ondersoek hoef geensins te beteken dat tentmakersbediening onmiddellik praktijk moet word nie. Dit dien slegs as voorbereiding vir implementering sou die nood hom voordoën.

4.6.2 Aanbeveling

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Moot-Sentraal rakende Tentmakersbediening en verwys dit na die Kuratorium vir verdere ondersoek.

4.7 Identifiseer "erkende kerke" (Ring van Morgenzon)

"Die Sinode identifiseer watter nie-Afrikaanse kerkverbande deur die Afrikaanse Protestantse Kerke (gemeentes) as "erkende kerke" beskou moet word."

4.7.1 Motivering

4.7.1.1. Aansoek om lidmaatskap:

Dit gebeur dat persone uit die Metodiste Kerk, die Presbiteriaanse Kerk, e.a. aansoek doen om as lidmate opgeneem te word.

4.7.1.2. Artikel 6.1 en 6.2:

Predikante en kerkrade is dan nie altyd seker of KO Artikel 6.1 en 6.2 van toepassing moet wees nie.

4.7.1.3. Eenvormigheid:

Dit is noodsaaklik dat ons kerkrade oor die land hieroor eenvormig moet optree,

anders kan onnodige appèlle die tyd van sinodes in beslag neem.

4.7.1.4. Presbiteriaanse Kerk

Sommige oordeel dat die Presbiteriaanse Kerk erken behoort te word omdat die kerk:

- volgens beginsels van Calvyn ingerig is;
- die Bybel as die hoogste gesag aanvaar;
- deur ouderlinge en sinodes geregeer word;
- se grondlegger John Knox was;
- ook ringe en sinodes het;
- die reëling het dat gemeentes predikante beroep (al is dit so dat die ring die beroep moet goedkeur).

Andere oordeel dat die Presbiteriaanse Kerk nie erken moet word nie, omdat

- hy nie die Drie Formuliere van Eenheid aanvaar het nie. Hy handhaaf slegs die sogenaamde "24 Artikels";
- nie al die wonders van die Here Jesus geglo word nie;
- baie predikante van dié kerk die maagdelike geboorte van Jesus verwerp;
- die kerk inskakel by die WRK;
- hy oordeel dat Boeddhiste en Moslems (Islam) ook gered word - God se liefde is groot genoeg vir almal.

4.7.1.5. Metodiste kerk

ENERSYDS

- Die kerkverband het kerkrade, ringe, sinodes.
- Die Apostolicum word aanvaar.

ANDERSYDS

- Die kerk word as 'n genootskap beskou; die kerkregering word behartig deur 'n konferensie van predikante en verteenwoordigers van lidmate.
- Buiten die Apostolicum het die kerk geen belydenisskrif nie.

- Die kerk glo hele Skrif is nie geïnspireer nie.
- Die kerk is lid van die WRK en van die SARK.

4.7.2 Aanbeveling

Die Sinode verwys die beskrywingspunt van die Ring van Morgenzon rakende die identifisering van erkende kerke na die Tydelike Regskommissie vir duideliker omskrywing.

4.8 Wanneer mag 'n Christen die wapen opneem? (Ring van Germiston)

"Die Sinode besluit om opdrag te gee aan sy kommissie vir Leer en Etiese Norme om 'n studiestuk voor te berei met die tema:

'Wanneer mag 'n Christen die wapen opneem'".

4.8.1 Motivering

Geen.

4.8.2 Aanbeveling

In die lig van die studiestuk wat deur die Ad hoc-kommissie oor volkereverhoudinge opgestel is, besluit die Sinode dat die beskrywingspunt van die Ring van Germiston oor die vraag: "Wanneer mag 'n Christen die wapen opneem?" oorstaan tot by die behandeling van daardie verslag.

4.9 "Neerdaal na die Hel" (Ring van Germiston)

"Die Sinode besluit dat die woorde "neergedhaal na die hel" van ons geloofsbelydenis geskrap moet word en soos volg gewysig word: '... wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, deur God verlaat is, gesterf het en begrawe is, en wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode ...'"

4.9.1 Motivering

4.9.1.1. Nie Bybels gestaaf
Die woorde "na die hel", "ter helle", "na die doderyk" kan nie uit die Bybel gestaaf word nie. In Lukas 23:43 staan tog duidelik "Voorwaar ek sê vir jou, vandag sal jy saam met my in die Paradys wees", woorde uit Jesus se eie mond.

Aanhalinge uit die Bybel wat by die sterwe van Jesus van toepassing blyk te wees, en wat by die 1989 Sinode genoem is, is soos volg:-

Ps. 18:5-6:- "Bande van die dood het my omring, en strome van onheil het my oorval. Bande van die doderyk was rondom my; strikke van die dood het my teëgekom." Word vervolgd met vers 7:- "Toe ek behoud was, het ek die Here aangeroep om hulp ..." wat tog verwys na die hulpkreet as sulks en nie na enige neerdaling nie.

Verwys ook Ps. 116:2-3 en dan vers 4:- "Maar ek het die Naam van die Here aangeroep".

Dit is nie nodig om te bely dat Jesus na die hel neergedhaal het om sy volkome dood te bewys nie, want ons bely wel "..." wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode ...", wat wel deur die Bybel gestaaf word in Mat. 28:7.

4.9.1.2. Sinode 1989

As ons mag verwys na die agenda van die 1989 Sinode en wel na die motivering van PKKEN:

- 1.3.1 "Inleiding: Tot in die vierde eeu nC tref ons die leerstuk oor die neerdaal van Christus nêrens in die geloofsbelydenis aan nie, ...".
- Ook 1.3.2: "Die hoogtepunt van hierdie neerdaal is dan die uitroep: My God, My God, waarom het U my verlaat?", kan tog nie wys na 'n neerdaal na die hel/doderyk nie, want Jesus was op daardie tydstip nog nie dood nie. Die volgorde van die belydenis strook dus nie met die verloop van die kruisiging nie.
- 1.3.3 van PKKEN is nie vir ons aanvaarbaar nie.
- 1.3.4 van PKKEN is ook nie vir ons aanvaarbaar nie want deur so 'n stelling te maak, word die Woord

van God ondergeskik gestel aan die tradisie van die belydenisskrifte.

4.9.1.3. Skakel omslagtigheid uit

Om jou geloof voor God te bely en dan agterna te moet verduidelik dat wat jy bely, is nie wat jy eintlik bely nie, maar wat jy eintlik bely, iets anders is wat jy nou nie eintlik met soveel woorde sê nie, is ook nie vir ons aanvaarbaar nie. Ons glo trouens dat enigiets wat omslagtig uit belydenisskrifte verduidelik moet word om te bewys dat wat jy eintlik sê nie, vir niemand aanvaarbaar is nie.

Toe Jesus aan die kruis gesê het: "Dit is volbring", het Hy presies

dit bedoel, dit waarvoor Hy aarde toe gekom het, nl. om die duiwel te oorwin, om die slang se kop te verbysel, dit was volbring. Daar was dus niks verder dat Hy tot volbring moes bring nie. Geen boodskappe na die hel/doderyk nie, ens.,.

Toe Jesus op die kruis uitgeroep het, "My God, My God, waarom het U My verlaat?", toe het Hy ons sondes op Hom geneem en dit was voor Hy gesterf het. Daarom moet ons ons belydenis wysig want ons moet immers glo wat ons bely, en ons kan slegs ons geloof baseer op die Woord van God.

4.9.1.4. Gevolgtrekking

Om te bely "na die hel", "ter helle", "na die doderyk", of iets dergelyks, is heel waarskynlik Griekse of Romeinse mitologie, of op die beste 'n oorblyfsel van die Roomse Katolieke Kerk se idee van 'n vage-vuur.

Ons moet ons geloofsbelydenis aan God bely uit God se Woord en nie uit enigiets anders nie.

Ons moet sê wat ons bely en wat ons sê moet die waarheid wees. Ons sê immers vir God en voor God: "Ek glo ..."

Ons moet ons belydenis toets aan die Woord van God en nie slaafs aan wat ander kerke bely nie.

4.9.2 Aanbeveling

Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt van die Ring van Germiston rakende "Neergedaal ter

helle" nie en volstaan met sy besluit soos geneem op sitting van 1990 in verband met hierdie saak.

4.10 Karate (Ring van Morgenzon)

"Die ring versoek vriendelik dat die Sinode alle vorms van karate sal verwerp en die skepping van 'n alternatief sal aanmoedig wat op 'n Christelike grondslag kan funksioneer."

4.10.1 Motivering

4.10.1.1. Oosterse verbinten:

Karate het 'n Oorsese en mistieke verbinten en kinders wat daaraan deelneem word geplaas op 'n definitiewe pad van Zen-Budisme, al doen hulle aan die begin net die oefeninge.

4.10.1.2. Okkultiese verbinten:

Die oefeninge is onlosmaaklik van die okkulte omdat geen karateklub kan bestaan sonder affiliasie met Japan nie en dat die argument van oefening alleen dus geen grond het nie, omdat sommige karatika, indien hulle gevorderd raak, *bonatuurlike vermoëns ontwikkel* wat nie Bybels gegrond is nie. Dieselfde geld ook vir Yoga en Transendentale Meditasie.

4.10.2 Aanbeveling

Sinode verwys beskrywingspunt van die Ring van Morgenzon rakende karate, tesame met die studiestukke van ds S Botes en dr G Nel na PKKEN vir deeglike studie.

(Ingesluit Bylae KEN.B, deur dr G Nel en Bylae KEN.C deur ds S Botes.)

4.11 Die vrou in die amp (Beswaarskrif - AP Kerk Stellenbosch)

Eerwaarde Voorsitter en Broeders,

Ondergetekende wil hiermee 'n gravamen indien teen die besluit van die vorige sinode oor die vrou in die amp, wat so lui:-

"Die sinode besluit om nie die vrou toe te laat tot die amp van diaken nie." (*Hand., 4de Sinode 1990, 3.3.1.1, p 494*),

OMDAT-

4.11.1 Motivering

4.11.1.1. Prinsipieel:

- 1 Die ordemosie deur *géén Skrifbewyse gesteun* word nie.
- 2 Dit die vrou *in stryd met Gen. 1:27* waar sy net soos die man na die Beeld van God geskape is en nie sy mindere is of minderwaardig is nie, *en Gal. 3:28* waar sy die geestelike gelyke van die man is, *degradeer tot 'n 2de klas mens, 'n 2de klas Christen en 'n 2de klas lidmaat* van die APK.
- 3 Dit die feit ignoreer dat die *vroeë Christelike kerk op grond van die Skrif diakonesse* en die amp van die weduwee erken het (vgl. *H Bavinck*, Geref. Dogm. IV⁴, Kampen 1930, p 329, 410; *WG Kümmel*, Introduction to the NT, London 1966, p 259; *H Ridderbos*, Paulus, Kampen 1973, p 514 - 516: en in besonder: *C Gerlinge*, De Vrouw in het Oud-Christelijke Gemeenteleven, Amsterdam 1913, p 174, 176; *NJ Hommes*, De Vrouw in de Kerk, Franeker 1951, p 143v.; *Gerh. Huls*, De Dienst der Vrouw in de Kerk, Wafeningen 1951, p 51, 53).
- 4 Dit *die swyggebod van 1 Kor 14:34* enersyds foutiewelik interpreteer as van toepassing op alle vrouens terwyl dit *slegs die getroude vrou geld* (vgl. die uitdruklike opdragte waar die getroude vrou haar *eie man onderdanig* moet wees ook in Ef. 5:22, 24; Kol. 3:18; Tit. 2:5; en 1 Pt. 3:1), en andersyds by implikasie suggereer dat *veelwywery toelaatbaar is* as alle mans onderdanig moet wees, en die konsekwensie inhou dat *geen dame verbondsonderrig mag gee* nie, want sy mag mos nie 'n lerende funksie in die gemeente uitoefen nie!

liggaam in beginsel deur Hom gewaarborg is nie.

Dit *die leemtes en vakatures op die kerkraad*, waar mans vanweë werksomstandighede en die stygende lewenskoste verplig is om langer en selfs Sondae te werk en daarom nie in die amp kan dien nie, nie aanvul nie.

Dit *die stryd om die bestaansreg en funksie van alle vroueaksies* nie ondervang en oplos nie, terwyl alle sodanige aksies en barmhartigheidsdienste direk onder die toesig en leiding van *die diakonie* van die kerkraad kon ressorteer, *en alle oororganisering* van die gemeente uitgeskakel kon word.

4.11.1 Aanbeveling

Die Sinode gee nie gevolg aan die beswaarskrif van die AP kerk van Stellenbosch rakende die vrou in die amp nie en volstaan by sy besluit van 1990 oor hierdie aangeleentheid.

Ds MP Taute (voorsitter)

(Ds JA Jacobs (skriba)

4.11.2. Prakties

Dit *die geestelik-volwasse vrou nie herstel in haar status en regte as volwaardige lidmaat* van Christus se gemeente nie, waarin haar voorregte as lid van sy

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

PERMANENTE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME

ONDERSOEK: VERASSING

Wanneer ons besin oor ’n onderwerp soos verassing, is dit belangrik om te let op wat die Bybel oor die mens leer.

Die eerste belangrike aksent wat die Bybel na vore bring is dat die mens "uit stof" gemaak is, dit wil sê dat ’n mens iemand met ’n liggaam is. Daar kan op die volgende teksverse gelet word: Genesis 2:7, 3:19 asook Psalm 103:14.

Dit is dan ook veral die Ou Testament wat dikwels verwys na "uit die stof van die aarde". Dit is ’n heenwysing na ons aardseheid en verganklikheid (Genesis 3:19, Job 10:9, Psalm 90:3, en 10:14.) So verwys ons stoflikheid na ons aardse herkoms (Genesis 2:7).

Dié gedagte kry ons ook in die Nuwe Testament (Romeine 8:11), waar die woord "liggaam" wat gebruik word, ’n heenwysing is na die verganklikheid van die mens.

Die liggaam is die mens (1 Korinthiërs 9:27 en Fillipense 1:20.) Die liggaam is ’n onlosmaaklike deel van die lewe. ’n Mens kan mos nie sonder ’n liggaam lewe nie.

Wanneer die Bybel van "stof" en "liggaam" praat, dui dit op ons nietigheid; met ander woorde, ons weet ons gaan sterf. Die dood wag ons in.

Die mens is deur God as ’n wese geskep met ’n liggaam (Genesis 1:27, 2:7 en 21-23). God weier dan ook om die mens en sy liggaam prys te gee. Die mens se liggaam behoort aan God en nie aan die dood nie. Die bewys daarvoor is dat God die mens se liggaam as die woonplek van die Heilige Gees uitkies (1 Korinthiërs 6:19). Hy eis met ander woorde ons liggaam vir Hom op.

God wil verder hê dat elke deel van ons liggaam in sy diens moet staan (Romeine 6:13). Daarom is jou liggaam nie net vir die lewe belangrik nie, maar ook vir die lewe hierna. Al is dit so dat die liggaam deur die dood stof word, sal die liggaam as Christus weer kom, opstaan. (1 Korinthiërs 15:20-24). Die natuurlike liggaam wat gesaai is, sal as geestelike liggaam opgewek word. (1 Korinthiërs 15:44.)

Daarom, omdat jou liggaam vir die Here belangrik is, het dit ook ’n invloed op die manier waarop jy begrawe word.

Aan die eenkant staan die Bybel en die Christelike tradisie teenoor die heidense tradisie. Reeds sedert die vroegste tye het talle heidennasies van lykverbranding gebruik maak. So was daar die Grieke, Romeine asook tot vandag toe nog die Indiërs.

Die motief daaragter was blykbaar om deur die vernietiging van die liggaam die siel vry te maak sodat dit gouer na die anderkant kon oorsweef.

Die Jode en die Christene het die lyke begrawe. By die Jode het die gebruik voorgekom om die misdadiger self, of sy lyk, soms te verbrand, soos in die geval van Agan (Josua 7:25 vgl. Levitikus 20:14). Die Christene het die goeie Joodse gebruik oorgeneem en hulle dooies begrawe.

Die Christelike tradisie moet nie goedsmoeds oorboord gegooi of verruil word vir die vreemde nie. Lykverbranding word nie in die Bybel of die Christelike geloofsartikels verwerp nie. Tog het die Christene die begrafnis as ’n gemeentelike diens beskou.

Die Christelike standpunt teen verassing hang hoofsaaklik af van die betekenis wat

ons heg aan die mens se stoflike oorskot. En soos reeds aangedui, kan die Christene nie onverskillig hierteenoor staan nie.

As hoogtepunt van God se skepping is die menslike lewe op 'n besondere wyse te onderskei van alle lewensvorme (Genesis 2:7).

Ook Christus vereer die menslike liggaam, aangesien Hy dit nie net vir sy aardse omwandeling aangeneem het nie, maar ook liggaamlik aan die regterhand van God sy Vader sit. Dus, die menslike liggaam bly na die dood vir God belangrik wetende dat die dooies weer sal opstaan (1 Korintiërs 15:42-44).

Vir iemand wat glo in die wederopstanding van die vlees, hou die simboliek van die begrafnis 'n besondere betekenis in: die liggaam wat as koringkorrel eers aan die aarde toevertrou word om te sterf, om later na vore te kom en die heerlike vrug te dra.

Die begrafnis van 'n geliefde eis alreeds sy tol, hoeveel te meer nie vir hulle wat agterbly en die verassing moet meemaak nie? Die onpersoonlikheid van 'n klompie geliefdes wat agterbly om die verassing mee te maak en heelaas die as in ontvangs te neem en aan die oorledene se wens te voldoen.

As gelowige wil ons pleit, kom ons hou by die Christelike gebruik en tradisie, naamlik 'n begrafnis.

DS JA JACOBS

Senekal

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

PERMANENTE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME

WAAROM KARATE NIE AAN DIE EISE VAN DIE SKRIF VOLDOEN NIE

**STUDIESTUK SAAMGESTEL DEUR BR
GAWIE NEL VAN AP KERK
STANDERTON**

In die tyd waarin ons leef vind daar daaglik, oral oor die wêreld die verkondiging van leuens plaas. Hierdie leuens het ten doel om die Christen op ’n dwaalweg te lei en die leuen is gewoonlik so naby aan die waarheid dat dit soms - as die Heilige Gees dit nie aan jou openbaar nie - onmoontlik is om dit van die waarheid te onderskei. Hierdie leuens word dan ook versprei deur magte uit die hel.

Daarom is dit op hierdie stadium ons gebed dat die Heilige Gees ons sal oortuig dat karate asook ander Oosterse verdedigingspraktyke (bv. Kung-Fu) en nouverwante dinge soos joga, transendentale meditasie, homopatie, akupunktuur en derglike Oosterse praktyke of filosofie van die bose is. Dat God alleen in ons daaglikse lewe geëer sal word as die Skepper van die hemel en die aarde. Dat dit nie ’n mens - soos die skrywer - sal wees wat u moet oortuig dat dit ’n afgodediens is, en verkeerd is nie. In u verhouding met God sal u dan net soos in die geval met dans, rook en drankmisbruik met u karate by Hom moet verby kom.

2 Thes. 2:9 "... hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige daade en tekens en wonders van die leuen ..."

Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose gepaard gaan met groot magsvertoon en allerhande valse tekens en wonders, en met gruwelike misleiding van die wat verlore gaan, omdat hulle nie die waarheid liefgehad het en tot hulle redding aanvaar het nie. Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo. Sodoende sal almal wat nie die waarheid geglo het nie, maar die ongeregtheid verkies het, veroordeel word.

2 Tim. 2:25 "... Hy moet die weerspannings in sagmoedigheid tereg wys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie ..."

Met vriendelikheid moet hy teenstanders tereg wys. Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid sal bring.

Dan sal hulle weer tot nugtere insig kom en vry raak uit die vangstrik van die duiwel, waarmee hy hulle gevange hou om sy wil te gehoorsaam. Dit is dus duidelik dat die duiwel u kan vasvang waardeur u verstand dan verduister kan word, sodat u nie die Woord van die Here verstaan nie, al hoor u dit.

Graag wil ek aan u toon waarom hierdie sportsoort - karate - nie aan die eise van die Skrif voldoen nie. Dit is egter baie belangrik om te onthou dat nie ek nie, maar alleenlik die Heilige Gees u hiervan kan oortuig.

In Deut. 7:25-26 word beskryf dat die afgodsbeelde verbrand moet word. Moenie die silwer en goud wat aan die beelde is begeer en vir jou vat nie. Jy kan daardeur in ’n valstrik trap: die afgodsbeelde is afskuwelike goed in die oë van die Here jou God. Moenie so iets

afskuweliks in jou huis inbring nie, want dan is jy gedoem om vernietig te word. Jy moet dit verafsku en afskuwelik beskou, dit moet vernietig word. (Let weer op na die valstrik waarin u kan trap!)

Nuwe Testament:

Hand 7:40: Toe het hulle vir Aäron gesê: Maak vir ons gode wat voor ons kan uittrek, want hierdie Moses, wat ons uit Egipte uit gelei het - ons weet nie wat van hom geword het nie. Die gevolg was dat hulle destyds 'n afgodsbeeld gemaak het in die vorm van 'n kalf en daaraan offers gebring het en fees gevier het tot eer van hulle eie handewerk. Maar God het Hom van hulle afgewend en hulle laat begaan om die sterre te aanbid, soos daar geskrywe staan in die boek van die profete: Was dit vir My Israel dat julle brandoffers en ander diereoffers gebring het gedurende die veertig jaar in die woestyn? Nee, julle het die tent van Molek saamgeneem, en die ster van jul god Refan. Julle het hierdie beelde gemaak om te aanbid. Daarom sal Ek julle tot anderkant Babilon wegstuur. (Ou Vert: ... "en hulle oorgee ...")

U sien dus hier dat as ons volhard in ons afgodediens, dan gee God ons uiteindelik oor aan die afgod - dit is Satan (1 Kor. 10). So kan u lees: Deut. 18:5; Ex. 32:1 en 23; Amos 5:23 en 27 ens.

Nou vind ek - en ek sê dit met skaamte - dat baie mense nie die krag van God deur sy Heilige Gees in sy kerk ondervind nie en daarom steek hy sy voelers na verbode terrein om daar te vind wat in die kerk ontbreek. Want God het die mens so gemaak. Hy moet 'n god hê! As hy nie een het nie, dan maak hy vir hom een.

Voordat ons die onderwerp verder bespreek is dit noodsaaklik dat ons 'n wyle stilstaan by die filosofie van die Oosterse godsdiens, en wil ek graag 'n paar punte beklemtoon om aan te toon hoe karate vandag nog gewortel is in die oosterse mistiek.

Ons glo in 'n persoonlike God wat alles geskep het en ons God is transendent teenwoordig in die wêreld. Met ander woorde Hy is hier teenwoordig maar Hy is nie deel van hierdie wêreld se werklikhede nie. Die Oosterling glo dat sy god *immanent* teenwoordig is in hierdie wêreld en kan

ons dus die Oosterse godsdiens klas as 'n *panteïstiese godsdiens*. God is in die skepping, met ander woorde God is deel van die tafel, of die lig of die boom daar buite, of anders gestel, dit is deel van God. U is deel van God en as die Hindoe u groet dan sal hy sy hande in gebedshouding vou en voor u buig - nie voor u nie, maar voor die God wat in jou is. Daarom aanbid die Hindoe en die ander Oosterling enige bepaalde vorm, want dit is deel van God. Maar hierdie sigbare wêreld waarin ons ons bevind is nie werklik nie. Dit is 'n illusie, eintlik bedrog. Hulle noem dit "mya".

Die enigste werklikheid is hulle god Brahma. En nou is die ganse skepping wat 'n illusie is eintlik in 'n kringloop vasgevang waarin hy van hierdie skynwerklikheid verlos moet word ten einde deel te word met die eintlike realiteit Brahma.

Nou is daar verskillende maniere waarvolgens die mens wat 'n aktiewe lewende deel van die godheid is, van hierdie skynwerklikheid verlos moet word ten einde een te word met Brahma. Dit word veral gedoen deur joga en meditasie. Waar die mens mediteer, plaas jy jouself in 'n sekere posisie soos byvoorbeeld die lotus-posisie. Elkeen van hierdie posisies is die aanroep van 'n spesifieke god. Hierdie god moet gedien word sonder om vrae te vra. Ek haal aan: "Clapping hands and bowing is a way of calling the kami of praying.." (Kami is die Oosterse panteïstiese godsbegrip) en dis 'n karateleermeester wat dit gesê het. By meditasie moet die gedagtes leeggemaak word en is daar dan 'n herhaling van 'n mantra. Hierdie leegmaak van jou gedagtes en die herhaling van byvoorbeeld die Hindoedrieëneheid, kan jou blootstel aan demoniese beïnvloeding of valstrik waarvan ons vroeër gelees het.

Net soos karate bestaan joga ook uit fisiese oefeninge, asemhalingsoefeninge wat gewoonlik die herhaling van 'n mantra insluit. (Sien asemhalingskata by karate.)

In karate geld dieselfde motief nl. dat die mens hom moet losmaak van die skynwerklikheid om een te kan word met Brahma. Kom ons stel dit so: jy moet jou aan jou eie kuifhare optel uit 'n sloot en jouself langs die sloot neersit. Dit is natuurlik 'n beginsel wat nie in die Bybel

ondersteuning kry nie want in die Skrif is daar *geen selfverlossing moontlik nie*. Daarom moes Christus in die vlees verskyn ten einde wat ons nie self kon doen nie, om ons los te maak van hierdie sondige wêreld en ons een te maak met God in Jesus Christus.

Veral by die jeug was daar in die jare 1960 - 1970 'n onbewuste soeke na God. Ook om kontak te maak met die transendente, en dis die onsigbare - die bonatuurlike, of soos dit in die geesteswêreld bekend staan - die bo-sinlike. Daar waar jy die grense van jou natuurlike ervaring oorskry. Aanvanklik het die jeug gedink dat hulle hierdie kontak met die geesteswêreld deur middel van dwelms kon bereik deur byvoorbeeld op 'n "trip" te gaan. Toe die Oosterse mistiek egter op die toneel verskyn, het dit hoofsaaklik die dwelms vervang omdat die Oosterse mistiek 'n deeglike transendentale dimensie bevat.

Daar is ook die afgelope jare 'n toenemende belangstelling in die okkulte en in Satan en sy demone. Hierdie soeke na die transendente, die bo-sinlike het soos in die geval van die Oosterse mistiek ook die belangstelling in die okkulte bevorder omdat die okkulte en die Oosterse godsdienste baie nou bymekaar aansluit.

So is daar dan 'n gees van sekularisme wat ontwikkel waar die mens begin leer en geleer word om sonder God klaar te kom. Dit beteken dat 'n mens vrygemaak word van die gesag van God en God se bestaan. Geloof in God word vervang met geloof in die mens self. Selfverdediging word geplaas in die plek van vertroue op God en sy beskerming. Groot klem word gelê op die liggaam, gesondheid, fiksheid en selfverdediging. Die mens raak egosentries. Hy staan in die middelpunt en sy eie-ek kom na vore, met ander woorde, sy eie liggaam het vir hom baie belangrik geword. Vir so 'n egosentriese mens raak die selfverlossingsleer, wat sy aan sy met die Oosterse filosofie staan, al meer en meer aanvaarbaar. Dit is dan gedurende hierdie tydperk met hierdie bydraende faktore wat daartoe gelei het dat karate en sy verwante sportsoorte in Suid-Afrika begin opgang maak het.

As ons nou kyk na hierdie Oosterse godsdienste-filosofie moet ons veral ons aandag spits op die Boeddhisme en

Hindoeïsme wat vanaf Indië na Japan en Sjina toe oorgewaaie het, waar die twee lande se godsdienste sodanig daardeur beïnvloed is dat dit in 'n nuwe rigting begin beweeg het nl. die Zen-Boeddhisme (hoofsaaklik na Japan).

Zen-Boeddhisme is soos die ander Oosterse godsdienste ook panteïsties van aard, waar God gelyk gestel word met die magte van die natuur en die heelal. Dat God alles is en dat alles God is. Verdere kenmerke van hierdie godsdienste is:

- 1. Die sigbare wêreld word as minderwaardig gesien.
- 2. Mense wat hierdie godsdienste beoefen het geen sondebegrip of sondebewussyn nie, wat daartoe lei dat daar geen sprake van verlossing is nie, maar hulle glo net aan die selfverlossingsleer.
- 3. Daar is geen sprake van God wat die Skepper van hemel en aarde is nie;
- 4. Hulle maak dus nie staat op 'n verbale openbaring van God nie. Hulle eie geskrifte is dus slegs hulpmiddels wat tot kennis en 'n tipe van handboek is.

Behalwe die Zen-Boeddhisme en sy kenmerke is die mees belangrike leer, die leer van yin en yang. Hierdie leer van yin en yang word veral toegepas in die beoefening van akupunktuur, joga, karate en judo. Volgens hierdie leer loop daar twaalf meridiane deur die liggaam van die mens, waarvan ses "yin" en ses "yang" is. Yang beskerm "yin" en "yin" onderhou weer vir "yang". Die wêreld van die geeste is "yin" en die wêreld van die mens is "yang". "Yin" is negatief, koud, stadig, vroulik, stil en stoflik, terwyl "yang" positief, aktief, lig, vinnig, manlik, klankryk en energiek is. Daar word geleer dat as "yin" in die liggaam toeneem, dan neem "yang" af en omgekeerd. Sodra daar met groot inspanning, oefening en konsentrasie, 'n balans in die liggaam bewerkstellig word, ontstaan daar 'n ewewig wat as "Ki" bekend staan. Hierdie toestand van "Ki", van ewewig, is die toestand van die mens bekend as "atman", wanneer jy vermag om een te word met Brahma.

Hierdie gekultiveerde bo-natuurlike krag of Ki-energie, ook bekend as die

lewenskeppende krag van die heelal, waar Atman en Brahma harmoniseer, bring die beoefenaar in 'n geestestoestand waar hy onbewus is van homself (onthou hierdie onbewuste toestand vir later) en sy onmiddellike omgewing. Hierdie Ki-energie, word geleer, is die wêreld deurtrek in die vorm van oerkrag of kosmiese strale. Vir ons as Christene is die verskynsel en leer ook vreemd aan die Skrif, en kan dit slegs as demonies van aard verklaar word. Dit is dus vir ons duidelik dat die hele Zen-Boeddhisme met die Oosterse godsdiens-filosofie, hom tot die okkultisme, demoniese of magiese betrokkenheid leen.

Waar Ki die toestand van harmonie tussen Brahma en die mens is, is daar 'n soortgelyke toestand van harmonie tussen die mens en die natuur bekend as "OM" (Uitgespreek as A-U-M).

- "A" : staan vir Brahma, die kosmiese liggaam van die heelal;
- "U" : staan vir Vishna, die kosmiese intellek;
- "M" : staan vir Shiva, die kosmiese bewussyn.

"OM" op sigself is weer 'n Hindoe drie-eenheid. Sodra daar nou weer harmonie met die natuur en die mens bereik word staan die toestand van ewewig weer bekend as "Ai". Soos in die geval van "Ki" - die lewenskeppende krag van die heelal, en "Ai" - die harmonie met die natuur en die mens, is daar in albei gevalle 'n perfekte balans tussen "yin" en "yang". Hierdie balans word ook voorgestel deur middel van simbole soos:

- 1. Die Taoistiese simbool ook bekend as die dubbele vis om die balans tussen "yin" en "yang" aan te toon.
- 2. Die son en maan simbool van "yin" en "yang".
- 3. Die Taoistiese simbool wat "yin" en "yang" in vloeibare vorm aandui.
- 4. Die Japanse vorm van die Taoistiese simbool.
- 5. Die Taoistiese simbool om beweegbaarheid en relatiewiteit van "yin" en "yang" aan te toon - ses meridiane links en ses meridiane regs in die liggaam van die mens.

Hierdie simbole verskyn vandag op Karatesertifikate, -lapelwapens en -briefhoofde in Suid-Afrika om daarmee hulle verbintenis met die Oosterse mistiek te erken en te bevestig. Ek wil ook hier noem dat alle karate in Suid-Afrika geaffilieer is met Japan. As dit nie so is nie, mag u nie aan karatekompetisies deelneem nie.

'n Ander onderwerp wat ek wil bespreek voor ons nader na karate, is asemhaling. WS Russel skryf in sy boek: "Turn stress into energie through Karate". "Out of their thinking came two distinct but related breathing techniques, one part of yoga, the other a cornerstone of karate." Inderdaad het karateka spoedig ontdek dat hierdie stimulus so effektief is, dat hulle hul beywer het vir die vermoë om hierdie "spanning" willekeurig op te roep.

Russel skryf verder: "... we engage in a sort of pre-arranged combat. The kicks and strikes are carefully controlled; the karateits are not in my great physical danger, but they are threatened with defeat." (Die katas wat alle karateka oefen.) Russel skryf verder: "... each time we call forth the stress response in the karate class, we instantly superimpose controlled breathing on top of it, which empties our minds of conscious thought. This in turn has two effects: first, it relaxes us and allows us to remain calm, steady and composed. If we did not use breathing techniques at this point, our conscious minds would be screaming at us to panic, to worry, to tighten up. Second, it removes the barrier that prevents the ch'i from flowing smoothly."

Wat is die resultaat van hierdie genoemde oefeninge en katas? Dit stel die beoefenaar in staat om sy krag tot vyf maal te verdubbel en Russel noem dit "Supercharging" omdat dit die spier en breinkrag ver bo die normale verhoog. Dit lig hom uit bo sy gewone vlak van bewustheid en bring hom in 'n toestand van harmonie met die skepping. Dit koördineer liggaam en gees volkome.

Russel beveel aan dat hierdie "supercharging" nie iets is wat aan iemand onder 'n swart belt behoort geleer te word nie. Tog word die sogenaamde Zanchin-kata (asemhalingskata) waarna hy hier verwys reeds aan studente in 'n Stellenbosch klub, en waarskynlik ook in

talle ander klubs in die land, al op 'n vroeë stadium geleer.

Nou vra u vir my: Waarom al die Oosterse godsdienste? Ons het nog niks daarvan gesien nie en in ons karateklas word net oefening gedoen. Ons neem al soveel en soveel jare karate en ons is nie geaffekteer deur enige mag nie. Op die stadium wil ek net vir u vra: het u enige van die praktyke wat ek in die begin genoem het herken? En as u reeds in 'n valstrik beland het sal u dit nie weet indien u nie deur die genade van God vrygemaak word sodat u weer nugter kan dink nie (Vgl. 2 Tim. 2:25-26).

Kom ons gaan terug na karate self. Daar is drie dissiplines van karate wat die beoefenaar daarvan onder die knie moet kry. In Suid-Afrika is daar meestal net twee bekend. (Let wel ek sê *meestal*)

- 1. Bestaan daarin dat die karateka 'n fisiese dissipline moet bemeester - hy moet liggaamlik sterk en fiks wees ten einde die skoppe en hou te kan uitvoer sonder om moeg te word.
- 2. 'n Emosionele dissipline - hy mag nie kwaad word nie want indien hy sy humeur sou verloor en daardie hou slaan, kan hy sy opponent beseer of selfs doodmaak.
- 3. 'n Geestelike dissipline - dit beteken dat hy met sy gees een moet word met die wêreldgod Brahma.

Nou gaan karateka op 'n gevorderde stadium oorsee na Japan toe en kom daarvan terug as volbloed Boeddhiste - die bewyse is daar. 'n Mens kan eintlik nie die gevorderde stadium bereik sonder om eers 'n Boeddhiste te word nie. Die karateka word geleidelik, baie subtiel, sonder dat hy dit agterkom, ingesleep in afgodediens. Jy kan nie aan die tafel van die Here sit en ook aan die tafel van die duiwel nie. Daar is geen gemeenskap van Christus met Belial nie.

Segiro Igami - die president en hoof-instrukteur van karate in Japan het in sy boek "The way of Karate" wat aan karatestudente aanbeveel word, op bl 122 die volgende geskryf: "One who practices karate should consider yin and yang. It is

to be hoped that you will become to have a good grasp of relationship of yin becoming yang and yang becoming yin. The practice of the exercise known as "CM" one seeks the roof of the universe of heaven and earth and of human being. To practice this exercise you must be oblivious of your surroundings, you must forget yourself and clean your mind of all unhealthy thoughts."

Ki - die lewensskeppende krag van die heelal en Ai - die harmonie met die natuur, vorm die woord "Ki-ai". Hierdie woord ki-ai is die kragkreet wat elke karatestudent van die eerste dag af moet leer om te gebruik wanneer daar 'n hou of 'n kap toegedien word. Hierdie woord ki-ai is niks anders nie as die mantra van karate nie - soos ons dit reeds gesien het in joga, en kom dit ook voor in transendentale meditasie en astrale wandelings. 'n Mantra is 'n spesifieke woord wat herhaaldelik gebruik word of gemompel word om sodoende psigiese vibrasies te veroorsaak wat die liggaamlike en geestelike funksies van die beoefenaar positief beïnvloed. Wat so 'n persoon nie beseft nie, is dat die aanhoudende herhaling van so 'n mantra en veral as die verstand sogenaamd gesuiwer is van denke, as hy in 'n mediterende passiewe toestand verkeer - hy die gevaar staan om homself demonies te verbind. Ek herhaal weer dat Igami gesê het: "You must be oblivious of your surroundings, you must forget yourself and clear your mind of all unhealthy thoughts."

Kiochi Tohei - een van die groot karateleermeesters van Japan noem ki-ai sy "Spirit unifying shout". Hy beskryf dit as gevolg: "It rises from a dark, low pitch, to a loud, sharp focuspoint. A lightningbolt of pure personal energy." Deur gebruik te maak van hierdie ki-krag kon Tohei, wat slegs 1,6 meter lank was en 75 kg geweeg het homself so swaar maak dat vier mans hom nie kon optel nie. Vir ons as kinders van die Here is die verskynsel bekend as negatiewe levitasie en niks anders as bonatuurlike kragte wat ook by spiritistiese seanse sy verskyning maak wat stoele en tafels laat sweef nie.

Nog 'n beroemde karateman, Don Miller, het hierdie toestand of reaksie van ki-ai wat in hom plaasvind net voordat hy met sy kaal hand deur 'n paar bakstene gekap

het, soos volg beskryf as hy die toertjie wil uithaal: "I breath deeply and imagine a line of force coming up from the ground through my legs down my one arm and through my palm and through the stone target, down again into earth". Luister nou mooi - "this reality of the situation changes. I am no longer a 34 year old American writer, doing strange exercises in my back garden. I am a spiritual traveler preparing for a journey to a different world. I take a deep breath, (kyk weer na "supercharging") then release suddenly but smoothly, focusing on the energy line and allowing my arm to express it - my palm passes through the place where the stone slabs were, but they have apparantly parted just before I got there. No sensation of impact - or of destructive power. The feeling is of atunement with universal forces of identification with the mysterious power of life."

Die kreet ki-ai volgens karateka is om ki-energie vry te stel en hulle sê: "It is impossible to progress in any form of martial art without first mastering Ki." Die voorwaarde is dat dit nie net 'n geluid moet wees wat uit die keel kom nie, maar uit die maag, die "Hara" genoem, 5cm onder die naeltjie waar die sogenaamde "vital force" vergader is. Dit is tegelykertyd die swaartepunt van die liggaam. In sy boek "Karate S.A." sê March: "Initially I found this concept difficult to understand, but the more I practised it, the more sense it made. Suffice it to say that with tune one comes to appreciate that everything begins and ends in hara."

Die selfverlossingsleer van die Zen-Boeddhisme is ook duidelik sigbaar in die 5 stelreëls van die S.A.-karate wat die karate-student in die dojo, dit is die oefensaal of sentrum, geleer word.

- 1. Ek sal gedurig my liggaam en gees beoefen om sodoende volmaaktheid in my karatepraktyk te bereik.
- 2. Ek sal trag om die ware pad van karate (the way of karate) te begryp en dit met opregtheid te volg.
- 3. Ek sal saamwerk om 'n ware gees van die pad van karate en sy voorskrifte te bevorder.

- 4. Ek sal nooit misbruik maak van my karatebehendigheid nie, maar my toespits op selfbeheersing.
- 5. My hoogste doel sal wees om met inspanning en 'n ysterwil 'n buigsame gees te bekom.

Funakosi - die grondlegger van die hedendaagse karate na wie die Funakosi styl in S.A. vernoem is, het die volgende gesê:

"The ultimate aim of karate lies not in victory or defeat - but in the perfection of the character of its participants." M.a.w. die beoefening van karate gaan nie *soseer om 'n sport nie*, maar *om 'n bepaalde filosofie*.

Bruce Lee verduidelik ook hierdie beginsel, genoem yin en yang as volg: "The application of the principle of yin and yang are expressed as the law of harmony. It states that one should be in harmony with - not in rebellion against, the strenght and force of the apposition." Hy sê ook: "It is not a thing that can be learnt like a science, by fact finding and instruction in facts. It has to grow spontaneously like a flower in a mind free from emotion and desires."

"Do" beteken "weg" en die oefensaal word "Dojo" genoem - die plek waar "die weg" be-oefen word.

In die oefensaal beloop dit gewoonlik so: Die atmosfeer is formeel, volgens algemene Oosterse gebruik word die skoene uitgetrek en by ingang gelaat. Die instrukteur word aangespreek as "Sensei" (leermeester) of "Shihan" (meester). Voordat die oefeningsvloer betree word, word 'n buiging gemaak in die *rigting van die hoofmuur waar die vereniging se simbool gewoonlik hang*. Die buiging is 'n teken van respek en is vergelykbaar met die kruis wat geslaan word voordat 'n persoon die Rooms-Katolieke kerk binnegaan. 'n Buiging na die instrukteur skep verder 'n behoorlike student-leraar verhouding. Wanneer die oefening begin, val die karateka in rye voor die instrukteur in. Hoewel die prosedure wat volg nie in alle klubs dieselfde is nie, stem dit tog naasteby ooreen. Op die bevel "*Shindanmirai*" (*Ons buig voor god*) buig die klas. Op die bevel "*Mockso*" word die oë gesluit en tyd lank nagedink oor die betekenis van bg. groet. Al die style sit in

die Za-zen posisie (sittende meditasie) met die oë gesluit en met konsentrasie op die houding en die asemhalingsbeheer. Die oogmerk moet wees: "Not to try to achieve your objective in spite of your partner, but to achieve it with him, allowing your energy to flow freely all the time and become one with his." So sien ons die Zen-Boeddhistiese invloed op karate in S.A. ook duidelik in die buigings, die asemhalingsoefeninge, meditasie en voorgeskrewe sitwyse. Soos in die geval van die Oosterse tempels waarvan die gebou aan die binnekant as heilig beskou word - en daar van die aanbieder sowel as die besoeker verwag word om sy skoene uit te trek voordat hulle die gebou binnegaan, word die mat *waarop karate beoefen word ook as heilig beskou* en geen persoon word toegelaat om met enige vorm van bedekking aan sy voete daarop te verskyn nie.

Uit die voorafbehandelde gedeeltes is dit, sonder om verder daarop in te gaan, duidelik dat karate 'n *Zen-Boeddhistiese inslag het waarvan dit nie losgemaak kan word nie*. Die feit dat dit 'n transendentale dimensie bevat, kan ook nie betwyfel word nie, met die gevolg dat die beoefenaar van karate, vroeër of later in 'n situasie kan beland waar hy of sy aan bo-natuurlike magte blootgestel kan word wat dan ook demonies van aard is.

Die vraag is nou: is die Christen beïnvloedbaar deur hierdie bo-natuurlike magte? Vir 'n antwoord hierop sal ons weer na die Woord van God moet gaan as ons enigste rigshoer hier op aarde. As ons na die volgende Skrifgedeeltes kyk, dan is dit duidelik dat die Christen wel beïnvloedbaar is.

Ef. 4:22 staan daar: "Gee aan die duiwel geen plek nie." Jak. 4:7. "Weerstaan die duiwel." 1 Petr. 5:7. "Wees nugter en waaksaam want julle teëstander, die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind." So kan u ook lees: Ef. 6:11, 17; 1 Tim. 1:20; 1 Kor. 5:5; 1 Kor. 10:20-21; Mat. 16:23.

In 2 Tim. 2:25-26 staan daar: "Kyk of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie. En hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen". Karate is

'n slinkse metode van Satan om ook vir u vas te vang.

Hierdie moontlikheid van okkultiese beïnvloeding beteken geensins dat die Christen aan die Satan uitgelewer is nie, want daar is in Christus ook bevryding van alle vorme van okkultiese invloed. Die Satan kan dus nooit die Christen sy saligheid ontnem nie.

Wat die okkultiese beïnvloeding of geestelike ballingskap betref, is dit in 'n persoon waarneembaar aan uitingsvorme en handelswyse, wat soms totaal vreemd is aan die lewenspatroon van so 'n persoon. Hiermee wil ek nie te kenne gee dat die teenwoordigheid van hierdie gedragshoudinge slegs aan okkultiese beïnvloeding of belasting toegeskryf mag word nie. Daar is ook suiwer fisiese en psigiese faktore wat ook oorsake hiervan kan wees. Baie wysheid van gees en onderskeiding is egter van kardinale belang voordat alle afwykinge aan karate toegeskryf mag word. Aan die anderkant beteken dit ook nie dat, indien hierdie simptome afwesig is, u nog nie reeds in die valstrik beland het nie. Want solank jy vir die duiwel van waarde is sal hy jou sonder moeite laat voortgaan.

Sulke uitingsvorme of gedragsvorme wat deur okkultiese beïnvloeding waarneembaar is, dra van die volgende kenmerke:

- 1. So 'n persoon ontwikkel mediumistiese vermoëns soos telepatie, heldersienheid, *genesende kragte*, telekiniese en astrale reise. So het 'n persoon aan ons verklaar dat hy op 'n stadium gekom het dat hy sy opponent se gedagtes kon lees en het hy geweet wat hy gaan doen voordat hy dit gedoen het. Die persoon het net in S.A. karate geneem.
- 2. Daar is stoornisse op godsdienstige vlak. Hy *bou weerstand op teen geestelike dinge*. Hy kan of *wil nie meer Bybel lees of bid nie* en dan wonder ons hoekom sulke persone koud staan teenoor God en die verkondiging van die evangelie. Hy ontwikkel godslasterlike gedagtes - 'n *growwe onverskilligheid oor sonde*.

- 3. Angsneuroses - 'n gevoel van bedreiging, benoudheid, histerie of hartversnellings kom na vore.
- 4. Psigopatie, soos stoornisse in karakter of temperament en ekstreme hartstogte soos kleptomania, begeertes om te lieg, vernielsug, sadisme, onbeheerde humeur en aggressiwiteit.
- 5. Psigosies kom na vore bv. nagmerries, spookverskynsels, depressiwiteit, neerslagtigheid, selfmoordneigings, hallusinasies, ens.

(Meer hieroor kan gelees word in 'n sektebearbeidingstraktaat no. 16 uitgegee deur die kommissie van sektebearbeiding van die N.G. kerk.)

Indien iemand wel 'n slagoffer van hierdie afwykings geword het en reeds in die vangnette van die okkulte verstrik geraak het, moet alle bande verbreek word: verbrand die boeke daaroor, bely dit voor God, bid en vra om vergifnis, of vra iemand om saam met jou te bid en dan reinig die bloed van Jesus Christus jou van alle sonde.

Nou kan daar gevra word of daar nie net dit wat mooi is uit die karate geneem kan word en daarmee voortgegaan kan word nie? As ons na ons gelese gedeelte kyk in Deut. 7:25-26 dan is die antwoord volgens die Woord van God 'n besliste "nee". Ons het gehoor afgode moet met vuur verbrand word, die silwer en die goud wat daaraan is mag jy nie begeer nie, sodat jy nie daardeur in 'n valstrik beland nie. Verder kan jy redeneer dat dit net in die beginstadium beoefen sal word sodat dit net 'n skoon suiwere sport sal wees. Nou waarsku die Woord ons egter weer in

Sprenke 23:31-32: "Kyk nie na die wyn as dit rooiagtig lyk - as dit sy glans gee in die beker - glad na binne bly nie. Op die ou end byt dit soos 'n slang en spuug dit soos 'n basilisk." Kom ons gaan kyk wat sê die Bybel van mense wat een van hierdie geringstes laat struikel. Mark. 9:22: "Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig laat word, vir hom is dit baie beter as 'n groot meulsteen aan sy nek vasgebind en hy in die see gegooi word." Luk. 17:11: "Jesus het vir sy dissipels gesê: dit is onvermydelik dat daar dinge kom wat mense laat struikel.

Maar ellende wag vir die mens wat die oorsaak daarvan is," Sien ook Matt. 18.

Wat sê dit vir ons? Dat u wat 'n karate-instrukteur is en een van die ou kleintjies op die pad van Zen-Boeddhisme plaas - u is 'n oorsaak van struikeling. God praat met u. Ek sien u dadelik opstandig - soos iemand vir my gesê het: Kom na die Dojo en kom wys vir my wat doen ons verkeerd. My antwoord is eenvoudig - kyk na die resultaat van die persoon wat karate geneem het - kyk na die persone wat by predikante en sielkundiges uitkom, of mense wat iemand soek om saam met hulle te bid en wat dan, sodra hulle hierdie misdade voor God bely, loskom daarvan. Dank die Vader daarvoor. Maar weet u hierdie mense het ook as klein mannetjies onskuldig gaan staan en ki-ai skree.

U sê vir my - maar ek het nog niks agtergekom nie - ek is nog dieselfde as die dag toe ek begin het. My vriend, hoe weet jy dat jy niks oorgekom het nie; want as jy vasgevang is in die strik van die duiwel, sal jy dit nie weet nie, want as jy sy eiendom is, sal hy 'n rustigheid oor jou bring - want hoe sal hy nou jou rus versteur? Jy werk dan vir hom - jy plaas jong lewens vir hom op die pad van Zen-Boeddhisme - hy is verheug oor die werk wat jy vir hom doen. Jy wat 'n karate-instrukteur is, moet by God verby kom met wat jy doen.

Laat ons biddend ag slaan op die waarskuwing van Jesus toe Hy in Matt. 22:29 gesê het: "Julle dwaal omdat julle die Skripte nie ken nie." So ook Hos. 4:6: "My volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis." Hand. 17:30: "God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep Hy al die nasies op om hulle te bekeer."

'n Karate-instrukteur leer nou vir sy leerlinge bepaalde oefeninge - maar nou is daar biblioteke waar jy karateboeke kan uitneem. Jy moet tou staan om hulle te kry en hulle selfs bespreek, want so vinnig as wat hulle inkom, gaan hulle weer uit. Hierdie leerling, omdat hy graag wil vorder, lees die boek en artikels en gaan kyk na Bruce Lee fliks en Ninja fliks en dan kom hy agter, maar daar is nog 'n dimensie in karate - 'n geestelike dissipline - en hy kan gebruik maak van

Ki-energie, en daar is iets soos "supercharging."

As hierdie mannetjie daardie dinge gesien het, gaan hy dit jaag met alles wat hy het en geen instrukteur gaan hom keer nie.

En jy wat deel het in karate - sê 'n stem nie nou vir jou dat, hoe verder jy met jou karate gevorder, hoe minder het jy vir God gedoen? Het jy van daardie dag dat jy daarmee begin het al iemand van 'n dwaalspoor na Christus gelei? Is jy waaragtig 'n getuie vir Hom? Kan jy sê dat jy met net so 'n ywer as Paulus of Petrus vir die Here werk? Is daar 'n intieme, persoonlike verhouding tussen jou en God? Het jy 'n aktiewe, lewendige gebedslewe en is jy gretig om jou Bybel te lees en meer van die ware God te wete te kom? Aanvaar jy sy beloftes vir jou lewe? Is dit vir jou 'n realiteit en dra jy vrug?

As die dinge nie waar is in jou lewe nie, gaan sit en dink, en roep God aan in jou wanhoop en bly lewe.

Geagte vriende, karate het in die ooste op die eiland Okinawa ontstaan. Karate het 'n Zen-Boeddhistiese grondslag. Sy wortels is stewig ingebind in die Oosterse godsdienste. Geen Christen mag hom daaraan skuldig maak nie. Jes. 2:6: "Kom, huis van Jakob en laat ons wandel in die lig van die Here, want U het u volk verwerp, die huis van Jakob, omdat hulle vol is van wat die Ooste aanbied en van goëlaars soos die Filistyne."

Dit is die laaste strategie van die Satan. Die Westerse materialis het God uitgeskakel en die mens gereduseer tot 'n masjien sodat hy God nie meer nodig het nie.

Nou kan iemand ook propageer dat karate die beste manier is om jou geliefdes te beskerm sonder wapens. Wat sit hieragter? Vrees. Ons God en Vader wat die Here Jesus aarde toe gestuur het is vir die wedergebore kind van God die Beskermer. Dit is hierdie God, ook die God van Daniël, wat die leus se bekke toegestop het (Dan. 6). Wat perdebye, geraas, haelstene en ander bo-natuurlike maniere gebruik het om die vyand te verskrik (2 Kron. 20:20; 2 Sam. 5:24; 2 Kon. 6:17; Jona 1:17). Hy wat die vriende van Daniël selfs deur die vuur red. Wat

ons nodig het, is Godsvrees en nie vrees vir die wêreld nie.

Wat kan 'n mens aan ons doen? Paulus sê in 2 Kor. 11 na al sy beproewinge wat hy opgenoem het, dat hy dikwels in gevaar was maar God het hom uit almal verlos. In vers 30 sê hy: "As daar geroem moet word, sal ek in my swakhede roem." As Paulus en ander Christene deur die jare sonder karate kon klaarkom omdat God getrou is, dan geld dieselfde vandag nog, maar ons vertrou op ons karate en nie op God nie.

Karate is die duiwel se antwoord op die oeroue sondige soeke van die mens na mag, nl. om soos God te wees. (Gen. 3:5) Karate is bedoel vir ongeredde mense wat God en die krag van gebed in hulle alledaagse lewe nie ken nie.

Bid saam.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

PERMANENTE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME

KARATE - GEVEGSKUNS OF OKKULTISME?

OPGESTEL DEUR DS S BOTES

Op laasjaar se sinode te Parys is 'n beskrywingspunt van die ring van Morgenzon ter tafel gelê waarin sekere stellinge oor karate gemaak is, met 'n *motivering* daarby, wat deur *geen enkele bewys* gesteun is nie (Agenda 1990, 4.1.1, p. 291; 4.11.2, p. 295).

Omdat ek vermoed dat hierdie beskrywingspunt dalk geïnisieer kan wees deur *twee artikels* wat ek in die hand gestop is, omdat die motivering van die ring gelykluidend met die argumente daarin loop, wil ek graag daardie stellinge in behandeling neem en krities die twee werke van JS Malan en D Dick (prof JS Malan, Karate steun swaar op 'n mistiese kragbron, in: Boodskap van die Basuin, Desember 1988; ds D Dick, Oosterse Krygskuns, in: Aksie Morele Standaard, Nr. 14 - die bladsye is nie genommer nie, en om verwysings te vergemaklik het ek die bladsye soos dit oopblaaï genommer en i tot xi) *evalueer* in die lig van my kennis van karate.

1. MOTIVERING VAN DIE RING

- 1.1 Karate het 'n Oosterse en mistieke verbintenis.
- 1.2 Dit plaas kinders op 'n definitiewe pad van Zen-Boeddhisme.
- 1.3 Die oefeninge is onlosmaaklik van die okkulte omdat geen karateklub kan bestaan sonder affiliasie met Japan nie.

- 1.4 Deelnemers daaraan ontwikkel bo-natuurlike vermoëns wat nie Bybels gegrond is nie.

2. EWEWIGTIGE BEOORDELING

2.1 Die Oorsprong van Karate

2.1.1 Legendes:

Die oorsprong van karate is baie moeilik om vas te stel, omdat dit in Dick se eie woorde "deur 'n waas van onsekerheid" omring word (p.i). Die meeste kenners erken dat die oorsprong slegs deur legendes gesteun word (bv. H Nishiyama en RC Brown, Karate Tokyo 1961, p.16; PMV Morris, The Karate-do Manual, London 1979, p.13; R Marsh, Karate SA, Cape Town 1986, p.12, 13; ens).

2.1.2 Zen-Boeddhisme, onseker:

Malan daarenteen beweer met groot sekerheid dat dit uit die Sjinese krygskuns ontwikkel het, veral deur die toedoen van die stigter van Zen-Boeddhisme! (p.4). Wie die stigter van Zen-Boeddhisme of Boeddhisme was, is egter net so onseker (vgl. G. van der Leeuw en CJ Bleeker, De Godsdiensten der Wereld 1, Amsterdam 1955, p.359v.; 387v.; Morris, p.13, 14).

2.1.3 Alexander die Grote:

Niemand kan met sekerheid die werklike oorsprong van dié gevegskuns aandui nie, skryf Marsh tereg (p.12; vgl. ook D Mitchell, Official Karate, London 1986, p.8), en wys op ooreenkomste tussen Babiloniese, Griekse, Romeinse en Indo-Sjinese primitiewe gevegskunste, waarin die verowering van Alexander die Grote dalk ook 'n rol kon gespeel het om dié kunste bekend te stel en te versprei (p.12). In Indië en Sjina is die kunste toe blykbaar verfyn waar dit wortel geskiet en gegroei het.

2.1.4 Zen nie 'n godsdienst:

Die mistieke verbintenis van karate word eensydig gekoppel aan Zen-Boeddhisme (Malan, p.4-7), asof laasgenoemde 'n godsdienst is wat doelbewus deur karate aan die beoefenaars daarvan oorgedra word. Enersyds moet daarop gewys word dat Zen nie 'n godsdienst is soos ons 'n godsdienst verstaan met 'n Godheid wat aanbid word, of 'n gerigtheid op hemel of hel, of die onderskeiding tussen goed en kwaad nie (vgl Morris, p.14, 32), en andersyds moet rekening gehou word met die feit dat elke beoefenaar van die sport, soos in ander sportsoorte, sy eie vorm van godsdienstbeoefening het. In Japan self word verskillende vorme van godsdienst beoefen (Konfusianisme, Shintoïsme, Boeddhisme) en alle Japanese karateka beoefen seker nie Zen nie!

2.1.5 Veelheid van style

Die Oosterse filosofieë het opvallend die Amerikaanse karateka weinig geïnteresseer (Morris, p.22v), die Europese karate het van die Japanese en Okinawese "oorsprong" wegbeweeg (Fighting Arts Internationa, Nr 46, p. 74), en te midde van die veelheid van style wat in die RSA beoefen word (volgens Morris is daar meer as 70 verskillende style - p.20; vgl Marsh, p.20-24), vind ons slegs twee wat die beginsels van Zen in die sport inkorporeer, nl. Karate-Zen en Shotokai (Marsh, p.24), en waarteen met reg gewaarsku kan word.

2.2 Kinders en Zen

2.2.1 Eensydige veralgemening:

Dat kinders deur die beoefening van karate op 'n definitiewe pad van Zen-Boeddhisme geplaas word, is in die lig van bogenoemde dus 'n eensydige en growwe veralgemening. Wat kinders wél geleer word, behalwe die verskillende bewegings- en verdedigingsmetodes, is die 5 beginsels van karate nl. karakter, etiket, opregtheid, inspanning en selfbeheersing (Nishiyama en Brown, p.15; Morris, p.36), wat enige Christen volgens die Bybel gerus ook kan nastrewe (vgl. bv. oor karakter: Gen. 1:26, Rom. 8:29, 2 Kor. 3:18; etiket: Mt. 5:34v., 1 Kor. 14:33, 40; opregtheid: Ps. 140:14, Spr. 21:29, Mt. 10:26; inspanning: 1 Kor. 9:24;27, Fil. 3:14; selfbeheersing: Gal. 5:22, 2 Pet. 1:6), máár wat deur Malan "duidelik sigbaar" die selfverlossingsleer

van die Zen-Boeddhisme genoem word! (p.6).

2.2.2 Buiging:

Om die buiging teenoor jou leermeester en afrigter én jou opponent, waardeur jy respek toon en dank betuig vir hulle onderrig en bystand, aan te dik as die erkenning van die "goddelikheid van die ander persoon" (Malan, p.7), is 'n persoon met die status van 'n professor totaal onwaardig in die lig van die hoeveelheid werke wat al die onderwerp aangesny het (vgl. Morris, p. 35, 36; V Charles, Karate Wiltshire 1988, p.15-17; T Donovan, Traditional Karate, London 1989, p.18, 19; e.a.). Volgens Dick word deur dié buiging (en handgeklap) gebid (!)(p.v), 'n praktyk wat egter in baie style onbekend is, omdat karate nié as 'n godsdienst beskou of beoefen word nie.

2.2.3 Kiai-kreet:

So is ook die kiai-kreet wanneer bv. 'n hou uitgevoer word, nié die aanroep of betrokke maak van 'n Boeddhistiese gees (Dick, p.vii), of 'n towerspreuk waardeur bonatuurlike krag geaktiveer word (Malan, p.7) nie, maar basies dieselfde gekonsentreerde inspanning van elke greintjie menslike krag en energie (vgl. bv. B. Tegnér, Karate, London 1966, p.82-86; A Shapiro, The Language of Martial Arts, London 1981, p.55; Marsh, p.30; Sanette Smit, Instructors Seminar, Funakoshi Karate WP, 23/7/88, p.36-39) wat in baie sportsoorte voorkom, ook die wat in die Westerse wêreld ontstaan het soos bôfbal en tennis (Tegnér, p.68) en wat tog met Boeddhisme niks te doen het nie!

2.2.4 Verpligte sport:

In 'n tyd waarin geweld eskaleer, aanrandings op oues van dae toeneem en verkrachtings daagliks die nuusblaaie haal, behoort karate eerder as 'n verpligte sport in al ons skole aangebied te word. Wie karate en sy beginsels bevraagteken, moet hulle enersyds gaan vergewis of daar enige ánder sportsoort is wat kinders (en grootmense!) beter beginsels en dissipline kan leer, en andersyds eerder beswaar aanteken teen soveel ander sportsoorte wat tydige en ontydige gepropageer word maar waar dit in teenstelling met karate, jammerlik ontbreek aan ware sportmanskap, toewyding en selfbeheersing!

2.3 Affiliësie en Okkultisme

2.3.1 Onbewese stelling:

Dat die karate-oefeninge onlosmaaklik van die okkulte is omdat geen karateklub kan bestaan sonder affiliasie met Japan nie, is nog een van daardie veroordelende en onbewese stelling wat nie strook met die waarheid nie. Die okkulte is immers *die onbekende*, die gebied waarin verskynsels voorkom wat nie redelik deur die wetenskap verklaar kan word nie, en daarom *geheimsinnig en bonatuurlik* voorkom (vgl. H van den Berg, *Duiwelskunste en die Bybel*, Skeerpoort, p.39; Kurt E Koch, *Between Christ and Satan*, Baden 1968, p. 139-140; J Stafford Wright, *Christianity and the Occult*, London 1971, p.56). Daarteenoor is die karate-oefeninge aan elke beoefenaar *heel bekend*, selfs ten spyte van ouderdom *fisies moontlik, en wetenskaplik verantwoord*. Enigeen wat wil, kan kennis neem van die voorgeskrewe silabusse soos deur 'n spesifieke styl vereis (vgl. bv. Donovan, p. 34-149), of van die bekende graderingstelsel van die sportsoort (Morris, p.36-38; Charles, p.18-21).

2.3.2 Nie altyd affiliasie met Japan:

Om voorts die affiliasie van elke klub met Japan direk aan die okkulte te koppel, getuig nie van kundigheid of wetenskaplike navorsing oor die onderwerp nie. Die Funakoshi-styl, wat ek self beoefen, is nie die styl wat Gichin Funakoshi in Japan ontwikkel het en soos mens by Malan aflei (p.4) in die RSA beoefen word nie. Die styl van Gichin Funakoshi word "Shotokan" genoem (Morris, p.20; Shapiro, p.34; Marsh, p.22). Dick maak dieselfde fout (p.ii). Funakosi RSA is deur 'n Suid-Afrikaner ontwikkel (Eddie Ward - Marsh, p.20), word deur 'n Afrikaner beheer (6e Dan Chris Botha - Marsh, p.105), het géén affiliasie of bande met Japan nie, en het in my agt jaar assosiasie daarmee nog nooit enige vorm van Boeddhisme verkondig of sig met die okkulte bemoei of selfs eens gemediteer voor of na 'n oefensessie of kompetisie nie! Bande met Japan maak nie van daardie style of die beoefenaars van daardie style vanselfsprekende okkultiste nie, soos blyk uit *die getuienis van Hans Haupt* (Karate SA, Mei/Junie 1990, p.15) oor sy Christenskap, om 'n enkele voorbeeld te noem.

2.4 Bonatuurlike Vermoëns

2.4.1 Bonatuurlike vermoëns:

Die stelling dat deelnemers aan karate bonatuurlike vermoëns ontwikkel wat nie Bybels gegrond is nie, is ewe-eens 'n stelling wat liggelowige of ongebalanseerde mense mag beïndruk, maar nie die toets van die waarheid of wetenskaplikheid deurstaan nie. Malan meld dat hierdie bonatuurlike vermoëns "duidelik as 'n doel" met karate nagestreef word (p.4), en haal dan enkele individue aan wat getuig van hierdie (okkulte) vermoëns waaroor hulle kwansuis beskik (p.4, 6). Dick doen dieselfde (p.ii, iii). Dit is om van te lag...

2.4.2 Wetenskaplike beginsels:

Nishiyama en Brown skryf dat die besondere krag van die verskillende tegnieke "is *not* the mysterious, asoteric thing many observers, as well as certain proponents of the art itself, would have you believe", maar dat dit bloot *die effektiewe toepassing van sekere bekende wetenskaplike beginsels m.b.t. die beweging van die liggaam* is! (p.18).

3. SLOTSOM

3.1 Onwetenskaplikheid:

Eensydige en bevooroordeelde kritiek op karate, soos dié van Malan en Dick, lei noodwendig tot veralgemenings en onwetenskaplikheid. Om deelnemers aan karate, wat om 'n verskeidenheid van redes daaraan deelneem soos fiksheid, kameraadskap, kompetisie, ens., te reduseer tot mense wat uit vrees die sport opneem terwyl hulle eerder op die beskerming van die Here moet vertrou (Dick, p.iii, iv), misken eensydig die reg van die Christen om homself en sy dierbares te beskerm (Mt.19:19; 22:39: 1 Jh. 4:21; J Epstein, *The Cult of Revolution in the Church*, Sandton 1974, p.76, 126, 127; artikel in *Patriot*, 24/8/90, p.7; 7/9/90, p.11; die *Afrikaner*, 5/9/90, p.2; 19/9/90 p.11), misken eensydig die reg van die staat om sy onderdane te beskerm (Rom. 13:4; W Künneth, *Politik zwischen Dämon und Gott*, Berlin 1961, p.209v.), misken eensydig die leiding van die Heilige Gees in die samestelling van ons Formuliëre van Eenheid wat *op grond*

van die Bybel hierdie reg ondubbelsinnig uitspell! (NGB, art 36; HK, Sondag 40).

3.2 Eensydigheid:

Om Christene wat aan karate deelneem, en daar is baie wat nie skaam is om hulle geloof te bely nie (vgl. Fighting Arts International, Nr. 60, p.3; Inside Kung Fu, Sept. 1987, p.8; Martial Arts SA, Vol.1 Nr. 4, 1989, p.29; Karate SA, Mei/Junie 1990, p.15; karate SA, Julie/Aug. 1990, p.36; ens.), te veroordeel as mense wat "onbewustelik vir die duiwel werk" (Dick, p. viii, ix), of as mense wat "van die sonde van karate" verlos moet word (Malan, p.7), getuig eerder van 'n gebrek aan insig en 'n gees van eensydigheid waarvan die Here juis sommige mense moet verlos!

3.3 Gevegskuns:

Karate is 'n gevegskuns, 'n kompeterende sportsoort en 'n selfverdedigingsmetode wat ek met vrymoedigheid aan enige Christen kan aanbeveel. Dan sal hy of sy die woord van Paulus dalk beter verstaan: "ek slaan met die vuus ('n woord wat die Griekse boksgevegte voor die gees roep *sonder* dat die apostel die Griekse afgodediens daarby insleep!) soos een wat nie in die lug slaan nie, maar ek kasty my liggaam (onderwerp, dissiplineer) en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie" (1 Kor. 9:26, 27). Slaan met die vuus en die dissiplinering van die liggaam is ook kardinale aspekte van karate, en sommige sou die apostel, op 'n lighartige noot, dalk die eerste NT karateka kon noem!

DS S BOTES

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE 16 - 21 SEPTEMBER 1991

VERSLAG: KOMMISSIE VIR BYBELVERTALING

1. PERSONEEL

1.1 Vir die hersiening/vertaling van die Ou Testament

Dr E Friis, dr WA Burger, prof HCG Robbertze, di DR Schwartz, MJ Eilers, JH van der Walt.

1.2 Vir die hersiening/vertaling van die Nuwe Testament

Proff WJG Lubbe, HS Theron, R Marè, di A Boshoff, S Botes, SJ Gouws en Dr EM Viljoen.

1.3 Koöptering

Prof PFD Weiss is vir die Ou Testament en prof FAH van Staden sowel as ds SJ Gous vir die Nuwe Testament gekoöpteer. Prof Weiss is egter verskoon vanweë sy swak gesondheid. Ds SJ Gouws het die benoeming aanvaar maar nie vergaderings bygewoon nie. Op die laaste vergadering van die kommissie was daar ’n brief van hom dat hy nie kans sien om die vergadering by te woon nie vanweë ’n beskrywingspunt na die Sinode waarby hy ook gemoeid is.

AANBEVELING

Die Sinode doen ’n dringende beroep op persone wat vir die kommissie benoem word, om nie die benoeming te aanvaar as hulle nie bereid gaan

wees om die vergaderings by te woon en die werk te doen nie.

MOTIVERING

Die werk aan hierdie groot opdrag word baie vertraag deur swak bywoning van die vergaderings sowel as swak uitvoering van die pligte.

2. OPDRAG

Die Sinode van 1989 het die volgende aan hierdie kommissie opgedra:

2.1 om selfstandig en in samewerking met ander vertalers die 1953-vertaling van die Bybel in Afrikaans oor ’n tydperk van 10 jaar grondig te hersien, of indien nodig geag, te hervertaal, en uit ’n grondteks vir die OT en NT onderskeidelik soos deur die kommissie gekeur en deur die Sinode goedgekeur, met inagneming van alle bruikbare Bybelvertalings;

2.2 om sy resultate ten opsigte van elke jaar se werk vir kommentaar aan lidmate van die AP Kerk beskikbaar te stel en alle kommentaar noukeurig te oorweeg;

2.3 om jaarliks aan die Sinode verslag te doen van sy resultate.

3. VERGADERINGS

Die kommissie het vier keer byeengekom, tw.

25 Oktober 1990, 21 November 1990, 18 Februarie 1991 en 7 Junie 1991. Na die

gesamentlike vergaderings het die kommissie verdeel in die subkommissies vir die OT en NT.

4. SAKE BEHANDEL

4.1 Grondteks

Die kommissie het na ondersoek bevind dat vir die Ou Testament die Biblia Hebraica Stuttgartensia gebruik moet word.

Vir die Nuwe Testament word die teks van Nestle-Aland, 3de uitgawe 1986 saam met die Majority Text, Hodges en Farstad, 2de uitgawe (1985) voorlopig gebruik omdat in hierdie twee uitgawes alle Skrifgetuienis oor die NT tot hede (dus ook die sg. Textus Receptus-getuienis) vervat is.

AANBEVELING

Die Sinode besluit om

1. die teks van die Biblia Hebraica Stuttgartensia vir die Ou Testament as offisiële teks te aanvaar.

2. goed te keur dat die Nestle-Aland-teks en die Majority-teks voorlopig beide gebruik word vir proefvertalings van die Griekse Nuwe Testament.

4.2 Tekskritiek van die Nuwe Testament

Die boek van dr Kobus Petzer, getiteld: "Die teks van die Nuwe Testament" HS Supplementum 1990 sal deur lede van die kommissie vir die Nuwe Testament bestudeer word ter wille van groter duidelikheid oor die grondteks.

4.3 Hersien en waar nodig vertaal

Die uitgangspunt van die kommissie is dat

- 1) die ou vertaling (1933/53) net so behou word as daar nie iets

wesentliks en ernstig is om te verander nie;

- 2) veranderinge/hervertaling word slegs toegepas waar dit noodsaaklik is.

Dié werkswyse sal o.m. inhou dat

- a) by baie verse slegs genoteer kan word "Volstaan met OAV";
- b) ons werk vinniger sal vorder;
- c) ons gevolglik meer sal hê om op elke Sinode oor te rapporteer.

4.4 Resultate

Een hoofstuk uit die Ou Testament en 3 uit die Nuwe Testament is as bylae aangeheg om te dien as voorbeeld van die werk aan hersiening/vertaling. Hierdie werk is voorlopig en moet nog deur die hele kommissie nagegaan word.

4.5 Skakeling met ander kerkverbande

Die kommissie het hieraan aandag gegee en oordeel dat sodra die werk meer momentum kry, skakeling met ander kerkverbande sinvol sal wees.

5. BESKRYWINGSPUNTE

5.1 Die Ring van Dendron

"Die Ring van Dendron versoek die Sinode om die besluit wat in 1989 geneem is, ernstig onder die aandag van die Bybelgenootskap te bring, nl. die Bybelgenootskap word versoek om 'n uitgawe te publiseer waarin die 1953- en die 1983- vertalings langs mekaar gedruk word.

Die Ring wil graag die volgende byvoeg:

Indien die hele Bybel nie so gedruk kan word nie, word die Bybelgenootskap versoek om die Nuwe Testament met die 195 - en 1983- vertalings langs mekaar te druk."

AANBEVELING

Die Sinode keur die beskrywingspunt van die Ring van Dendron (1953 plus 1983- vertaling langs mekaar gedruk) goed.

5.2 Die Ring van Morgenzon

Die Sinode van 1991 word versoek dat daar geleentheid aan die lidmate van al die AP Kerke gegee word om tot stemming oor te gaan of 'n nuwe vertaling van die Bybel verlang word, al dan nie.

MOTIVERING

Dit is onregverdig om die geld aan te wend vir Bybelvertaling alvorens 'n behoeftebepaling by lidmate gedoen is.

AANBEVELING VAN DIE KOMMISSIE

Die Sinode besluit om in die lig van Sinodale besluite reeds geneem, kennis te neem van die beskrywingspunt van Morgenzon (stemming oor vertaling). (Handelinge 1989, bl 446 en verder)

5.3 Die Ring van Somerset-Oos

"Die sinode beveel aan dat die 1983 vertaling van die Bybel verwerp word as 'n vertaling wat in stryd met die Belydenisskrifte van die Kerk is."

MOTIVERING

Verskeie dinamiese ekwivalente van Skrifvertalings is in stryd met die 3 Formuliere van enigheid. Bv. Jesaja 7:14.

AANBEVELING VAN DIE KOMMISSIE

Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Somerset-Oos (verwerp 1983-vertaling) en volstaan by sy 1989-besluit. Die sinode besluit verder dat die sinodebesluit van 1989 weer 'n keer onder die aandag van lidmate en kerkgrade gebring moet word. Vergelyk Die Boodskapper, Augustus 1990, bl 15.

5.4 Die Ring van Bloemfontein

"1. Die Sinode besluit dat die eerste Afrikaanse Bybelvertaling van 1933 en die hersiene uitgawe van 1953 as die enigste amptelike Bybelvertaling in die Afrikaanse Protestantse kerke (gemeentes) erken word, omdat dit 'n betroubare, waarheidsgetroue, erediens- en opvoedingswaardige vertaling van God se Woord is, waarin die geheiligde karakter van die Bybel vir ons behoue gebly het.

2. Die kommissie vir Bybelvertaling ontbind en enige verdere werksaamhede gestaak word.

3. Dat elke gemeente dit as hul grootste erns sal beskou om ouers en kinders te waarsku teen die gebruik van die NAB in die skole en die gebruik van slegs die 33/53 vertaling aan te moedig (sien ook K/O 62).

Motivering

1. Daar is nog nooit aangedui dat die eerste Afrikaanse Bybelvertaling (33/53) sodanig mank aan gebreke is dat 'n hersiening of 'n nuwe vertaling nodig was of weer eens is nie (Hand 1989, 2.3.1; p 466). 'n Nuwe vertaling is dus 'n praktiese moontlikheid, maar nie 'n praktiese noodsaaklikheid nie.

2. Die besluite van die Sinode (1989), soos herbevestig deur die Sinode (1990); (Hand Sin 1989, 2.3.3-4, 2.3.4.1-3; p 447-8); (Hand Sin 1990, p 77; K/O Afd V p 89, 90); is derhalwe nie op beginselgrondslag geneem nie, maar bloot om praktiese redes, wat nooit voldoende gemotiveer is nie.

3. 'n "Grondteks vir die O.T. en N.T. onderskeidelik, soos deur die kommissie gekeur en deur die Sinode goedgekeur, met inagneming van alle bruikbare Bybelvertalings" (K/O Afd V, 3.4.1 p 90) is nog nie aan die Sinode voorgelê nie.

4. Die Kommissie vir Bybelvertaling kan derhalwe tot datum nie sy werksaamhede van vertaling voortsit nie.

5. Die praktiese en finansiële implikasies van 'n nuwe vertaling wat moontlik nooit deur die Sinode aanvaar kan word nie, is

nog nooit gemotiveerd aan enige Sinode voorgelê nie.

6. Daar is reeds in verskeie wetenskaplik-erkende publikasies, oorsee en plaaslik, duidelik aangetoon dat:

- 6.1 die Rooms-Katolieke Kerk en Pous Paulus VI sedert 1962 vanuit die Vatikaan direkte invloed uitoefen op Bybelvertalings en Bybelgenootskappe wêreldwyd, insluitende die NAB en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika;
- 6.2 die grondteks, soos gebruik in die NAB deur die Vatikaan goedgekeur en voorgeskryf is vir gebruik deur Bybelgenootskappe wêreldwyd;
- 6.3 die vertalingsmetode, soos toegepas in die NAB, deur die Vatikaan goedgekeur en voorgeskryf is vir gebruik deur Bybelgenootskappe wêreldwyd;
- 6.4 die gebruikte grondteks en vertalingsmetode van die NAB die gesag van die Heilige Skrif aantas (dit is nie meer duidelik in die NAB dat die Skrif homself verklaar nie);
- 6.5 Die NAB op onkerkordelike wyse as amptelike vertaling in die kerke van Gereformeerde belydenis inforseer is en dat die APK dit eenvoudig sonder bevredigende ondersoek aanvaar het;
- 6.6 die NAB aangepas is om by die "Nuwe Suid-Afrika" in te pas;
- 6.7 die Verbondsnaam van God, JHWH, (aangedui in die 33/53 Vertaling as HERE in onderskeiding van Here), 6823 keer weggelaat is in die NAB. Hierdeur word die Verbondskarakter van die heilige Skrif aangetas. (vgl Gn 15:2, 6; Ex 6:2);
- 6.8 die Drie Formuliere van Enigheid nie meer in ooreenstemming is met die NAB nie. (vgl H/K Son 45 vraag 119; H/K Son 52 vraag 128).

7. Die getuienis van die Heilige Gees vind nie buite die Woordopenbaring plaas nie (Hd 2:24; 8:26-40; 1 Kor 2:1-16; 1 Pt

1:22 ev; 2 Pt 1:19-21; Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 5, 7). Twee vertalings wat so radikaal van mekaar verskil kan derhalwe nie beide waar wees nie. (Sien Calvyn, Institusie; Deel I, Boek I, Hoofstuk VII).

8. Die Skrif is sy eie uitlegger en voortdurend moet Skrif met Skrif vergelyk word. Skrifvertaling staan voortdurend in die lig van hierdie Gereformeerde beginsel. Omdat die NAB nie Skrifvertaling van gewone vertaling onderskei nie, word hierdie beginsel aangetas.

9. Dit is nie die kerke, kerkvergaderings of geleerdes wat die Bybelboeke kanoniek verklaar nie. Die Woord van God dra gesag in sigself (1 Kor 2:14; 2 Tim 3:16; NGB art 3, 5, 7). Die ontvangde Woord van God dra gesag oor elke lewensterrein van die kind van God (Ps 119:105; Rm 6:1-14). Die NAB se gebreke is sodanig dat dit nie as waarheidsgetroue, gesagvolle, bruikbare en betroubare vertaling van die Woord van God aanvaar kan word nie.

10. Enige Sinode wat nie waarsku teen hierdie vertaling nie, maak hom skuldig aan ongehoorsaamheid aan die Skrif (2 Thess 3:6; 1 Jh 4:1; 2 Jh 1:9, 10).

EENPARIG DEUR DIE RING AANVAAR

Die Kerkraad van Theunissen en die Ring van Bloemfontein is van oordeel dat hierdie beskrywingspunt in alle ootmoed voor die HERE geneem is en voor die Sinode gestel word.

"Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen" (Rm 11:36)

AANBEVELING VAN DIE KOMMISSIE

1. Die Sinode herinner aan en volstaan by sy besluit oor Bybelvertaling. (Handelinge Sinode 1989, bl 446 ev)

2. Die Sinode verwag van alle lidmate, en veral ampsdraers, om aan die Sinodebesluit oor Bybelvertaling in letter en gees getrou te wees. Die Sinode aanvaar nie die motivering van die Ring as korrek nie omdat sake daarin (veral punt 6) feitlik verkeerd is.

6. BEGROTING 1991/1992

Reis- verblyf- en administratiewe
uitgawes R 8 000
Boeke R 4 000
R12 000

Die Sinode word die seën van die HERE
toegebid.

w.g. Ds S Botes (Voorsitter)

Ds JH van der Walt (Skriba)

BYLAAG: VERTALING/HERSIENING:

DIE EVANGELIE VOLGENS MARKUS (Hoofstuk 1)

1.:Onveranderd.

2.:Soos geskrywe is in die profeet Jesaja:
Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u
aangesig, wat u pad sal regmaak -

3-13:Onveranderd.

14.:En nadat Johannes oorgelewer is, het
Jesus in Galilea gekom en die evangelie
van God verkondig.

15-21:Onveranderd.

22.:Vervang "verslae" met "verstom".

23.:En op daardie oomblik was in hulle
sinagoge 'n man met 'n onreine gees; en
hy het uitgeskreu.

24.:Laat weg: "Hou op!".

25-26:Onveranderd.

27.:En almal was verbaas, sodat hulle
onder mekaar vra en sê Wat is dit? 'n

Nuwe leer met gesag! En Hy gebied
onreine geeste en hulle gehoorsaam Hom!

28.:En die gerug aangaande Hom het
dadelik oral versprei in die hele omtrek
van Galilea.

29-35:Onveranderd.

36.:Vervang "gevolg" met "gesoek".

37.:Onveranderd.

38.:Voeg "elders" in na "laat ons".

39.:En Hy het gegaan en in hulle
sinagoges dwarsdeur Galilea gepreek en
die duiwels uitgedryf.

40.:Onveranderd.

41.:Vervang "Jesus" met "Hy".

42.:En onmiddellik het die melaatsheid
hom verlaat, en hy is gereinig.

43-45:Onveranderd.

DIE EVANGELIE VAN JOHANNES (Hoofstuk 1)

1-3:Onveranderd.

4.:Deur Hom het lewe ontstaan, en die
lewe was die lig van die mense.

5.:En die lig skyn in die duisternis, en tog
kon die duisternis dit nie uitdoof nie.

6.:Onveranderd.

7.:Hy het as 'n getuie verskyn om van die
lig te getuig, sodat almal daardeur kon
begin glo.

8.:Onveranderd.

9.:Vervang "waaragtige" met "ware".

10.:Vervang die tweede "en" met "maar".

11.:Hy het na sy eiendom gekom, maar sy
eie mense het Hom nie aanvaar nie.

12.:Maar almal wat Hom aanvaar het, aan hulle het Hy die reg gegee om kinders van God te wees, aan die wat in sy Naam glo;

13.:hulle wat nie van nature nie of as gevolg van vleeslike begeerte of die wil van 'n mens nie, maar deur God verwek is.

14.:En die Woord het mens geword en het tussen ons gewoon - en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van 'n enigste seun by sy vader - vol genade en waarheid.

15.:Johannes getuig van Hom en roep uit en sê: Dit was Hy van wie ek gesê het: Hy wat na my kom, is my voor, want Hy was vroeër as ek.

16.:Vervang "volheid" met "oervloed".

17.:Voeg voor die tweede "die" die teenstelling "maar" in.

18.:Niemand het ooit God gesien nie; die enigste God wat teen die bors van die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.

19.:Vervang "u" met "jy".

20.:Onveranderd.

21.:Vervang "u" met "jy".

22.:Toe sê hulle vir hom: Wie is jy? - dat ons die kan antwoord wat ons gestuur het. Wat sê jy van jouself?

23.:Hy sê: Ek is die stem wat roep in die woestyn: Maak die Here se pad reguit! soos Jesaja die profeet gesê het.

24.:En die gestuurdes was van die Fariseërs.

25.:Vervang "u" met "jy".

26.:Laaste gedeelte: "tussen julle staan iemand wat julle nie ken nie" -

27.:Hy kom na my, wie se sandaal ek nie werd is om uit te trek nie.

28.:Vervang "Betábara" met "Betanië".

29.:Onveranderd.

30.:Vervang "eerder as ek" met "vroeër as ek".

31.:En ek het Hom nie geken nie, maar ek het gekom en doop met water sodat Hy aan Israel op hierdie wyse bekend gemaak kan word.

32.:En Johannes het getuig en gesê: Ek het gesien hoe die Gees soos 'n duif uit die hemel neerdaal, en Hy het op Hom gebly.

33.:Vervang "aan my" met "vir my".

34.:En ek het gesien en getuig: Hy is die Seun van God.

35.:Onveranderd.

36.:en hy het aandagtig na Jesus gekyk wat verbyloop en gesê: Dáár is die Lam van God!

37.:Onveranderd.

38.:En toe Jesus Hom omdraai en hulle sien volg, vra Hy vir hulle: Wat soek julle? En hulle antwoord Hom: Rabbi, wat vertaald beteken, Meester, waar bly U?

39.:Hy sê vir hulle: Kom kyk. Hulle het gegaan en gesien waar Hy bly en dié dag by Hom gebly. En dit was omtrent 10 uur.

40-41:Onveranderd.

42.:Vervang "Jona" met "Johannes".

43.:Onveranderd.

44.:En Filippus was van Betsáida, dieselfde stad as die van Andréas en Petrus.

45.:Onveranderd.

46.:Vervang "En" met "Maar"; en "wees" met "kom".

47.:Vervang "waarlik" met "werklik".

48.:Natánael sê toe vir Hom: Van waar ken U my? Jesus antwoord en sê vir hom: Voordat Filippus jou geroep het, het Ek jou onder die vyeboom gesien.

49-50:Onveranderd.

51.:Laat "van nou af" weg.

Opmerking:Verse 38 en 39 is één vers in die Grieks, soos ons dit vind by

Nestle/Aland én die Majority teks van Hodges/ Farstad, en nie twee soos in OAV nie. Ons volg ook die Griekse teks, soos NAV, en daarom verskil die numerering van vers 39 af met die OAV.

VERTALING VAN JOël

HOOFSTUK 1

Vers 1 Die Woord van die Here wat tot Joël, die seun van Petuel, gekom het.

Vers 2 Luister hierna, julle grysaards, en hoor, al die inwoners van die land: Het soiets in julle dae en in die dae van julle vaders gebeur?

Vers 3 Vertel dit aan julle kinders en julle kinders aan hulle kinders en hulle kinders aan die komende geslag:

Vers 4 Wat oorgebly het van die afknyper het die treksprinkaan verslind; en wat oorgebly het van die treksprinkaan het die voetganger vernietig; en wat oorgebly het van die voetganger het die kaalvreter verorber.

Nota: Daar is by entomoloë geen duidelikheid oor die vier soorte sprinkane nie. Hier kan eenvoudig, sonder geweld aan die teks te doen vertaal word: Wat een swerm sprinkane laat oorbly het, het die volgende swerm op swerm op swerm vernietig.

Vers 5 Oor die mos wat van julle mond weggeruk is, daarom word wakker, julle dronkaards en ween, en huil al julle wyndrinkers!

Vers 6 Want 'n sterk en talryke nasie het oor my land opgekom. Sy tande is leeutande en hy byt soos 'n leeuwyfie.

Vers 7 Dit het my wingerdstok verwoes en my vyeboom versplinter. Dit het al die bas afgeskil en weggegooi. Hulle lote het wit geword.

Vers 8 Weeklaag soos 'n jongedogter, omgord julle met rouklere, oor die bruidegom van haar jeug.

Vers 9 Die spysoffer en drankoffer is van die huis van die HERE weggeraap. Die priesters, dienaar van die HERE, treur.

Vers 10 Die veld is verwoes, die grond treur want die koring is vernietig. Die mos het opgedroog, die olie het verdwyn.

Vers 11 Die landbouers staan beskaamd, die wynboere weeklaag oor die koring en oor die gars, want die oes van die land is verlore.

Vers 12 Die wingerdstok het verdroog en die vyeboom het verlep; die granaat, ook die palm en appelboom, al die bome van die veld het verdor, want die vreugde het van die mens se aansig verdwyn.

Vers 13 Omgord julle en kla, o priesters. Weeklaag, dienaars van die altaar. Kom, vernag in rouklere, o dienaars van my God, want spysoffer en drankoffer is van die huis van julle God weerhou.

Vers 14 Heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering byeen, laat die oudstes, al die inwoners van die land, in die huis van die HERE julle God versamel en roep tot die HERE.

Vers 15 Ag die dag! Want die dag van die HERE is naby en dit sal kom as 'n verwoesting van die Almagtige.

Vers 16 Is die voedsel nie voor ons weggeruk nie? Blydschap en gejuig het verdwyn uit die huis van ons God.

Vers 17 Onder hulle kluite het die graankorrels verdroog, die paksure is verwoes, die graanskure is afgebreek, want die graan het verdroog.

Vers 18 Hoe sug die vee! Die troppe beeste is onrustig, want daar is geen weiding vir hulle nie; ook die troppe kleinvee moet ly.

Vers 19 Tot U, o Here, roep ek, want 'n vuur het die weivelde van die woestyn verbrand, en 'n vlam steek al die bome van die veld aan die brand.

Vers 20 Selfs die wilde diere van die veld smag na U, want die spruite met waterstrome het opgedroog, en vuur verteer die weivelde van die woestyn.

MATTEUS 1: PROEFVERTALING

1. GESLAGSREGISTER VAN JESUS CHRISTUS, SEUN VAN DAWID, SEUN VAN ABRAHAM:

2. Abraham het Isak verwek, en Isak het Jakob verwek, en Jakob het Juda en sy broers verwek,
3. Juda het Peres en Serag by (uit) Tamar verwek, en Peres het Gesron verwek, en Gesron het Ram verwek.
4. Ram het Amminadab verwek, en Amminadab het Nagson verwek, en Nagson het Salmon verwek;
5. en Salmon het Boas verwek by (uit) Ragab, en Boas het Obed verwek by (uit) Rut, en Obed het Isai verwek;
6. en Isai het verwek Dawid, die Koning. Koning Dawid het Salomo verwek by (uit) die vrou van Uria;
7. en Salomo het Rehabeam verwek, en Rehabeam het Abia verwek, en Abia het Asa verwek.
8. Asa het Josafat verwek, en Josafat het Joram verwek, en Joram het Ussia verwek.
9. Ussia het Jotam verwek, en Jotam het Agas verwek, en Agas het Hiskia verwek.
10. Hiskia het Manasse verwek, en Manasse het Amon verwek, en Amon het Josia verwek.
11. Josia het Jojagin en sy broers verwek ten tye van die Babiloniese ballingskap.
12. Na die Babiloniese ballingskap het Jojagin Sealtiël verwek, en Sealtiël het Serubbabel verwek;
13. en Serubbabel het Abihud verwek, en Abihud het Eljakim verwek, en Eljakim het Asor verwek;
14. en Asor het Sadok verwek, en Sadok het Agim verwek, en Agim het Elihud verwek;

15. en Elihud het Eleasar verwek, en Eleasar het Mattan verwek, en Mattan het Jakob verwek.

16. Jakob het Josef verwek - die man van Maria. By (uit) haar is Jesus wat Christus genoem word, verwek.

17. Altesaam was die geslagte van Abraham tot Dawid VEERTIEN geslagte, en van Dawid tot die Babiloniese ballingskap VEERTIEN geslagte, en van die Babiloniese ballingskap tot by Christus VEERTIEN geslagte.

18. Die geboorte van Jesus Christus was so:

Terwyl sy moeder Maria verloof was aan Josef, nog voor hulle saamgekom het, is sy swanger bevind (die swangerskap het van) uit die Heilige Gees (gekom).

19. Josef, haar man, was van voorneme om haar stilweg te verlaat, want alhoewel hy wetsgetrou was, wou hy haar tog nie uitlewer nie.

20. Maar kyk, terwyl hy dit nog oorweeg, het 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn, wat sê: "Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om Maria as jou vrou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees.

21. Sy sal geboorte gee aan 'n seun en jy moet hom die naam Jesus gee want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

22. Dit alles het gebeur sodat die Woord wat die Here deur die profeet gespreek het, vervul sou word:

23. "Kyk die maagd sal swanger word en geboorte skenk aan 'n seun en hulle sal Hom Immanuel noem". Dit is as dit vertaal word, "God met ons".

24. En toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gemaak soos die engel van die Here hom beveel het en (haar) as sy vrou geneem.

25. Hy het egter nie met haar gemeenskap gehad nie totdat sy geboorte geskenk het aan haar eersgebore seun; en hy het hom Jesus genoem.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE : 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

VERSLAG : SINODALE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS)

1. PERSONEEL

Di AS van Jaarsveld (Voorsitter), JA du Plessis (Ondervoorsitter), dr EM Viljoen (Skriba), di MJ Hartzenberg, PK Roodt, PA van Zyl, drr MFM Pretorius, CI van Heerden, oudle AJ Pienaar, PR Pretorius en adviseurs prof R Marè en prof dr FAH van Staden.

2. VERSLAG AAN SINODE

Die Verslag van die Sinode is opgestel deur prof dr Van Staden en ds Van Jaarsveld.

3. VERGADERINGS

Die KKS het ses keer vergader en wel op 21 tot 22 November 1990, 22 Februarie, 21 Maart, 20 Mei, 3 en 5 Junie en 7 Augustus 1991.

4. KERKORDEWYSIGINGS

4.1 KO 1990 art. 4.1

"aflegging van belydenis van geloof deur 'n dooplidmaat of 'n ongedoopte persoon na verbondsonderrig onder leiding van, toelating deur en toesig van die kerkraad (na approbasie deur die gemeente)";

AANBEVELING 1

Die Sinode besluit

1. om die gedagte van die gemeente se approbasiereg soos dit reeds in die KO van 1990 beslag gekry het, te handhaaf; en

2. om art. 4.1 soos volg te wysig: aflegging van belydenis van geloof deur 'n dooplidmaat of 'n ongedoopte persoon na verbondsonderrig onder leiding van, toelating deur en toesig van die kerkraad (terwyl die gemeente sy reg tot approbasie kan uitoefen tot voor die finale toestemming deur die kerkraad tot belydenisaflegging).

4.2 KO 1990 art. 32

"KERKRAAD

Elke gemeente het 'n kerkraad".

AANBEVELING 2

Die Sinode besluit om art. 32 soos volg te wysig:

"KERKRAAD

Elke gemeente het 'n kerkraad, vergelyk art. 33"

4.3 KO 1990 art. 33

"Samestelling en doel van kerkraad: Die kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en die diakens. Die ouderlingeraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge. Die diakonie bestaan net uit

die diakens. Die ouderlingeraad en die diakonie vergader ook afsonderlik om besondere werksaamhede betreffende die onderskeie ampte te behartig".

AANBEVELING 3

Die Sinode besluit om art. 33 soos volg te wysig:

"Samestelling van die kerkraad", skrap die woorde "en doel". "Die breë kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en die diakens. Die smal kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge. Die ouderlingeraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge. Die diakonie bestaan net uit die diakens. Die ouderlingeraad (kyk Bep. 33A) en die diakonie vergader ook afsonderlik om besondere werksaamhede betreffende die onderskeie ampte te behartig".

Motivering

1. Art. 33 moet in ooreenstemming gebring word met arts. 15, 21 en 22 van die Kerkorde. Art. 15 en 21 bepaal respektiewelik duidelik dat die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge in die gemeente as opdrag het: "die uitoefening van regering, opsig en tug oor die gemeente", terwyl art. 22 NIE hierdie opdrag aan die diakens gee nie.

2. Hierdie onderskeiding is in ooreenstemming met die Skrif en die Gereformeerde Kerkreg.

4.4 KO 1990 bep. 34D

"Dit staan die kerkraad vry om, ná kennisgewing, die gemeente te enigertyd na 'n kerkraadsvergadering uit te nooi met die doel om sake voor die gemeente te lê en hulle advies daaromtrent te vra of om inligting aan die gemeente deur te gee. Die kerkraad kan so 'n vergadering ook belê op skriftelike versoek, met opgaaf van redes, van minstens tien belydende lidmate, of die gemeente (indien die gemeente uit minder as tien lidmate bestaan)".

AANBEVELING 4

Die Sinode besluit om bep. 34D soos volg te wysig:

Skrap die tweede sin geheel vanaf "Die kerkraad" tot "lidmate bestaan).

Motivering

1. Die bepaling stel dit duidelik dat dit die kerkraad vry staan om oor so 'n reëling te besluit. Dit is die kerkraad se eksklusiewe prerogatief. Om aan gemeentelêde die opening of reg te gee om 'n dusdanige kerkraadsvergadering te versoek, is strydig met dié vryheid en prerogatief van die kerkraad.

2. Die bepaling lui verder dat die kerkraad so 'n vergadering op versoek "kan" belê, met ander woorde die kerkraad kan dus 'n dusdanige versoek weier. Die bepaling bevat derhalwe 'n onnodige wysigingselement.

3. 'n Dusdanige moontlikheid dat lidmate 'n sodanige opening of reg ontvang bevorder Independentisme en is strydig met die Gereformeerde Kerkreg.

4.5 KO 1990 art. 36.1, 36.2 en 36.3

Ringsvergadering

"Art. 36.1 Die ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: die bedienaar(s) van die Woord en twee kerkraadslede per gemeente".

AANBEVELING 5

Die Sinode besluit om na "twee kerkraadslede" in te voeg "van wie ten minste een 'n ouderling moet wees".

Motivering

1. Dit bring art. 36.1 in ooreenstemming met art. 38.1.

2. Die woord "kerkraadslede" laat dit vry dat net diakens afgevaardig kan word, terwyl die Gereformeerde Kerkreg net die afgevaardiging van diakens toelaat in die geval van klein gemeentes met 'n baie geringe getal ouderlinge.

"Art. 36.2 Waar twee of meer gemeentes in kombinasie verkeer, kan 'n gemeente wat nie amptelik deur die ('n) predikant of 'n meerdere vergadering verteenwoordig word nie, 'n addisionele kerkraadslid afvaardig".

AANBEVELING 6

Die Sinode besluit om die woord "kerkraadslid" te vervang met "ouderling".

"Art. 36.3 Gemeentes wat nie 'n predikant het nie, word deur drie kerkraadslede verteenwoordig".

AANBEVELING 7

Die Sinode besluit om art. 36.3 soos volg te wysig:

Gemeentes wat nie 'n predikant het nie, word deur drie kerkraadslede verteenwoordig van wie ten minste twee ouderlinge moet wees.

4.6 OPSIG EN TUG arts. 50-59

4.6.1 KO 1990 art. 50 bly ongewysig

4.6.2 Nuwe artikel 51

AANBEVELING 8

Die Sinode besluit om 'n nuwe art. 51 in te voeg, wat bestaan uit die eerste twee sinne van KO 1990 art. 54 wat lees: "Op alle lidmate van die gemeente rus die verpligtinge om mekaar in broederlike liefde te vermaan en om sulke vermaninge ter harte te neem. In die besonder is dit egter die roeping van die bedienaar van die Woord en die ouderling om te vermaan".

Motivering

1. Hierdie gedeelte van art. 54 hoort wesenlik nie tuis by die bepaling van die laaste sin nie.
2. Hierdie voorskrif handel oor die algemene roeping tot onderlinge vermaning wat 'n voorloper van kerklike tug is en dus voorop moet staan by artikels oor opsig en tug.

3. Vanweë die algemene aard daarvan kan dit goedskiks uit die Kerkorde geskrap word, maar die behoud word aanbeveel vanweë die opvoedende waarde daarvan.

4.6.3 Wysig numerering van KO 1990 arts. 51 en 52

AANBEVELING 9

Die Sinode besluit om die numerering van art. 52 te wysig tot art. 52.1 en dié van art. 51 tot art. 52.2.

Motivering

1. Die twee artikels handel oor tug in die algemeen ten opsigte van karakter, gesindheid, strekking ens. en hoort saam as twee dele van een artikel.
2. Die huidige art. 52 gaan logies vooraf aan die huidige art. 51.

4.6.4 KO 1990 art. 53 bly ongewysig

4.6.5 GEWYSIGDE art. 54

AANBEVELING 10

Die Sinode besluit om art. 54 soos volg te wysig:

'n Lidmaat wat hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak val onder die tug van die SMAL kerkraad.

Motivering

1. Twee sinne van art. 54 is aanbeveel om 'n nuwe art. 51 te word.
2. Die orige gedeelte van art. 54 moet in ooreenstemming gebring word met die bepalings van arts. 15, 21 en 22 en soos art. 33 aanbeveel is gewysig te word om in ooreenstemming met arts. 15, 21 en 22 gebring te word.

4.6.6 KO 1990 art. 55

"Wanneer 'n ouderling of diaken hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, ondersoek sy kerkraad die saak. Die kerkraad mag hom by skuldigbevinding hoogstens tydelik in die amp stuit. Indien die kerkraad oordeel dat hy afgesit moet word, beslis die ring daaroor".

AANBEVELING 11

Die Sinode besluit om art. 55 soos volg te wysig:

In die geval van 'n klag of gerug dat 'n ouderling of diaken hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, kan sy smal kerkraad hom voorlopig in sy amp stuit indien die erns van die saak dit regverdig. Die smal kerkraad moet onverwyld aan die ring via die ringskommissie kennis gee van die stuiting en die ring versoek vir 'n gesamentlike ondersoek. Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes.

Motivering

1. Dit is duidelik dat daar by die huidige art. 55 per abuis 'n belangrike deel weggeval het, aangesien dit van stuiting direk oorgaan na afsetting, terwyl art. 57.3.1 en 3.2 ook melding maak van bestraffing en skorsing en art. 59.2 van die opheffing van sensuur en skorsing.

2. Die artikel moet gewysig word om in ooreenstemming gebring te word met arts. 57.3.1, 57.3.2 en 59.2, asook arts. 15, 21, 22 en 33 soos aanbeveel is gewysig te word.

4.6.7 KO 1990 art. 56

"Wanneer 'n predikant insluitend emeritus en teologiese dosent hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, behartig sy kerkraad die voorlopige ondersoek. Indien die kerkraad oordeel dat hy tydelik in die amp gestuit moet word, geskied dit in oorleg met die ringskommissie. Indien geoordeel word dat hy geskors of afgesit moet word besluit die volle ring daaroor. Die ring kan 'n naburige ring raadpleeg. Die Kuratorium het die reg om in die geval van teologiese dosente as klaer op te tree".

AANBEVELING 12

Die Sinode besluit om art. 56 soos volg te wysig:

In die geval van 'n klag of gerug dat 'n predikant, insluitend emeritus of teologiese dosent hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, kan sy smal kerkraad hom voorlopig in sy amp stuit indien die erns van die saak regverdig. Die smal kerkraad moet

onverwyld aan die ring via die ringskommissie kennis gee van die stuiting en die ring versoek vir 'n gesamentlike ondersoek. Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in die afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes. Die ring behoort 'n naburige ring te raadpleeg. Die Kuratorium het die reg om in die geval van teologiese dosente as klaer op te tree.

4.6.8 KO 1990 art. 57

"TOEPASSING VAN TUG"

AANBEVELING 13

"Die Sinode besluit om die opskrif "Toepassing van tug" te wysig tot "TUGMAATREËLS".

Motivering

Art. 57 skryf tugmaatreëls voor en handel nie met tugtoepassing nie.

Algemene inleiding

"Wanneer tugmaatreëls toegepas word, word van die volgende gebruik gemaak na gelang van die vergadering wat tug uitoefen" - ongewysig.

Art. 57.3 "Kerkraadslede" - opskrif ongewysig.

Art. 57.3.1 - ongewysig

Art. 57.3.2

"skorsing in die diens tot tyd en wyl daar bewyse van grondige berou is"

AANBEVELING 14

Die Sinode besluit om art. 57.3.2 soos volg te wysig:

Art. 57.3.2 word art. 57.3.2.2 en word soos volg gewysig:

skorsing in die diens tot tyd en wyl daar bewyse van grondige berou is. Indien daar na verstryking van 'n redelike tydperk nie bewys van grondige berou is nie, ontslag uit die amp.

Voeg in 'n nuwe art. 57.3.2.1 wat soos volg lui:

skorsing deur die ring wat onder bepaalde omstandighede, kragtens die aard en graad van die oortreding vir 'n vasgestelde tydperk geskied.

Art. 57.3.3 - ongewysig.

Art. 57.4 "Evangeliedienaars" - opskrif ongewysig.

Art. 57.4.1 - ongewysig.

Art. 57.4.2 - ongewysig en word art. 57.4.2.1.

Voeg in 'n nuwe art. 57.4.2.2 wat soos volg lui:

skorsing in die diens met onmiddellike losmaking van die band met dien verstande dat die ring dié predikant weer beroepbaar stel sodra daar bewyse van grondige berou is, vgl. art. 59.3.1.

Art. 57.4.3 - ongewysig.

4.6.9 KO 1990 BEP. 57A

'n Belydende lidmaat wat nie onder sensuur is nie, kan by 'n kerkraad skriftelik 'n klag of klagtes teen 'n belydende lidmaat(e) of ampsdraer(s) inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, met kennisgewing aan die aangeklaagde.

BEPALING 57B

By die kennisname deur 'n lid of lede van 'n kerkvergadering van 'n verspreidende nadelige gerug of gerugte aangaande diegene wat aan sy opsig en tug onderworpe is, vind 'n tugondersoek plaas.

BEPALING 57C

'n Kerklike vergadering wat in die eerste instansie 'n klag of gerug hanteer, moet volgens die artikels en bepalinge van die Kerkorde optree, ondersoek instel, die aangeklaagde 'n regverdige geleentheid tot verweer bied en sy bevinding skriftelik formuleer en oordra aan die klaer en aangeklaagde. Die betrokke kerkvergadering besluit verder oor die tugstappe indien van toepassing.

BEPALING 57D

Geen regspraktisyn of pleitbesorger mag namens enige party optree nie, met dien verstande dat die aangeklaagde getuie mag voorlê en getuie mag roep in belang van sy verweer. Dieselfde geld vir die betrokke kerklike vergadering.

AANBEVELING 15

Die Sinode besluit om Bepalings 57A tot 57D te verskuif tot ná art. 53 en wysig die numerering van 57A tot 57D na 53A tot 53D.

Motivering

Bepalings 57A tot 57D handel hoofsaaklik met tugprosedure en nie met tugmaatreëls nie en hoort daarom tuis onder art. 53.

4.6.10 Art. 59.2 Kerkraadslede

In die geval van kerkraadslede word die sensuur, skorsing en/of afsetting opgehef deur die ring wat die tug toegepas het, op aanbeveling van die kerkraad onder wie se opsig hy hom bevind.

AANBEVELING 16

Die Sinode besluit om die woorde "en/of afsetting" te skrap en die woord "en" in te voeg tussen "sensuur" en "skorsing".

5. OPDRAGTE VAN DIE SINODE 1990

5.1 APPROBASIE

Verkryging van lidmaatskap:

1. OPDRAG

Die Sinode van 1990 (Handelinge, p. 473) het o.m. besluit:

"Die Sinode gee opdrag aan die KKS om aan die eersvolgende sinode 'n studiestuk voor te lê wat die hele saak van approbasie duidelik uitspel".

2. VIR KENNISNAME

Hierdie besluit is geneem na aanleiding van Art. 4 KO wat o.m. reël dat persone wat belydenis van geloof wil aflê (Art. 4.1) en persone wat as lidmate opgeneem word (Art. 4.3 en Bep. 4G; Art. 6 en 44) deur die gemeente geapprobeer (goedgekeur) moet word.

Aangesien "die hele saak van approbasie" bestudeer moet word, geld dit ook die gemeente se approbasiereg by die beroep van 'n predikant (Bepaling 12A, Art. 13) en by die verkiesing van ouderlinge en diakens (Art. 8; Bep. 23C).

3. RAPPORT

3.1 Die verkiesing van persone in besondere ampte

3.1.1 Die gemeente stel 'n tweetal in Hd. 1:23 (Bouwman I: 109).

3.1.2 Die hele menigte (d.i. die gemeentes - Bouwman I: 109) nomineer en kies die diakens nadat die apostels die vereistes vir 'n diaken gestel het (Hd. 6:2-6).

3.1.3 Volgens Bouwman (I: 109) en Calvyn beteken Hd. 14:23 dat die gemeente onder leiding van die apostels ouderlinge verkies het deur die opsteek van hande (Cheirotonein beteken verkiesing deur stemming of opsteek van hande).

3.1.4 Volgens 2 Kōr. 8:19 het gemeentes iemand gekies om saam met Paulus te reis en te werk.

3.1.5 Waar Tit. 1:5 sê dat Titus van stad tot stad ouderlinge moes aanstel, word dit al in die eerste en tweede eeue n.C. so uitgelê dat die gemeentes onder leiding van Titus ouderlinge verkies (Bouwman I: 110).

GEVOLGTREKKING:

Die verkiesing geskied deur die gemeente. Ten diepste is dit egter Christus wat verkies en in diens stel (1 Kor. 12:28; Ef. 4:11; Hd. 20:28).

3.1.6 Die plaaslike kerk is selfstandig: hy pas tug toe, kies ampsdraers, beproef die geeste (vgl. Didache: 1e of 2e eeu - Bouwman I: 114).

3.1.7 Die Clemensbrief van 95 n.C. meld dat ampsdraers "onder toestemming van die gemeente" gekies is.

3.1.8 Teen die jaar 360 n.C. het die kerk afgewyk en is die biskoppe deur die aartsbiskop en die omliggende biskoppe verkies. Die reg van die gemeente is daarmee misken.

3.1.9 Volgens NGb 31 word ampsdraers deur die kerk (gemeente) verkies. In die Gereformeerde kerkreg deurloop dit verskillende stadia (kyk Bouwman I: 373), waaronder approbasie deur die gemeente.

3.1.10 In 1 Tm. 5:22 word geleer: "Moenie haastig iemand die hande oplê nie". Iemand moet na sy verkiesing nie dadelik bevestig word nie. So reël 1 Tm. 3:10 dat 'n kandidaat-ampsdraer "eers 'n proeftyd (moet) deurmaak". Wat hierdie toets presies behels het, word nie gesê nie, maar die uitslag moet wees: hy moet onberispelik bevind word (verwysende na die voorafgaande verse). "Vermoedelik kon de gemeente bezwaren inbrengen" (Korte Verklaring: 71).

3.1.11 Selfs toe die kerkraad op 'n stadium in die geskiedenis predikante verkies het (en die gemeente daarvan uitgesluit het), het die gemeente steeds die reg tot approbasie gehad (Bouwman I: 383).

3.1.12 In die Dordtse Kerkorde word approbasie deur die gemeente as 'n noodsaaklike "stuk der wettelijke beroeping" erken (Bouwman I: 384). Die verkiesing kry eers sy beslag deur die approbasie.

3.1.13 Bouwman sê (a.w.: 386, 387) dat die gemeente se reg tot verkiesing nie sy reg tot approbasie uitskakel of vervang nie. Hy sê Calvyn het geoordeel dat die gemeente die reg het om verkose persone te aanvaar of te verwerp. Approbasie is dan 'n soort tugtoefening. Elke gemeentelid is geroepe om toesig te hou oor die heiligheid van die kerk en om onwaardiges uit die amp te weer. Dit kan gebeur dat die kerkraad nie bewus is van 'n afwyking in leer of lewe by 'n verkosene, maar dat een of meer gemeentelid (a.w.: 534) daarvan weet - dan moet hulle geleentheid hê om beswaar in te dien.

3.1.14 Selfs al het die gemeente iemand verkies, kan daar steeds besware bestaan teen 'n verkosene of teen die prosedure wat gevolg is (a.w.: 405). Alle lidmate was nie teenwoordig nie. Iemand wat vir A gestem het, kan 'n ernstige beswaar hê teen B wat uiteindelik verkies is. Bouwman noem die approbasie die "kroon op die verkiesing". "Volgens het ampt der geloovigen hebben die gemeente en ook hare leden het recht ... zoodat geen enkele verkiezing wettig en behoorlijk is, die niet door de gemeente is goedgekeurd. Daarom beschuldigt Calvijn terecht de Roomse kerk, dat deze 'het geheele recht des volks bij de verkiezing heeft weggenomen': het uitbrengen van de stem, de toestemming ..."

3.2 Approbasie by opname van lidmate

3.2.1 Die gemeente se approbasiereg is die reg van die gemeente om goed te keur of om besware in te dien. Dit is 'n bevoegdheid (selfs deur dooplidmate) om "vir die eer van Christus op te kom" (Bouwman I: 394).

3.2.2 Die Gereformeerde kerkregtelike beginsels ter sprake by die afgee van 'n attestaat, word pragtig deur Bouwman (II: 452) uiteengesit en kom neer op die volgende:

(a) die predikant of 'n ouderling (of 'n "saakgelastigde" of skriba) mag nie alleen 'n attestaat uitreik nie. Die attestaat is nie 'n verhuisingsdokument nie. 'n Attestaat is 'n kerklike getuigskrif waarin die kerkraad getuienis lewer oor die leer en wandel van die betrokke(n)s, sodat die ontvangende kerkraad kan weet of hy die betrokke(n)s in die gemeente kan opneem en tot die sakramente kan toelaat.

(b) Geen attestaat mag buite die gemeente om afgegee word nie. Aan die gemeente moet "een paar weken" voor iemand vertrek, bekendgemaak word dat 'n attestaat aangevra word deur broeder/suster N.N., sodat die gemeente besware kan inbring (approbeer) waar van toepassing.

(c) Die afkondiging van 'n attestaat is nie blote vorm nie. Die kerkraad vra eintlik met die afkondiging die gemeente om te oordeel of 'n attestaat "van goede wandel kan worden afgegeven". Dit stel die kerkraad in staat om genoegsame

waarborg te hê dat "een juiste attestatie afgegeven wordt". Dit kan gebeur dat die kerkraad nie so goed op hoogte is met die leer en lewe van 'n vertrekkende lidmaat nie, as wat ander lidmate mag wees.

(d) Voordat die attestaat afgegee word, moet daar voldoende tyd verloop vir die indiening van besware. Van hierdie reël mag nie afgewyk word nie en die gemeente moet hierin onderwys word.

3.2.3 Op die vraag of 'n kerkraad verplig is om iemand wat met 'n attestaat aanmeld, as lidmaat op te neem, word geantwoord: elke plaaslike kerk is selfstandig. Dit staan elke kerkraad vry om oor 'n getuigskrif te oordeel (Bouwman II: 461). In die reël sal die kerkraad 'n attestaat wel aanvaar as gevolg van vertroue binne een en dieselfde kerkverband. In die kollegiale stelsel mag 'n attestaat nooit geweier word nie.

3.2.4 Dit spreek vanself dat as die gemeentelede by die afgee van 'n attestaat die reg van approbasie het, hulle dit ook by die ontvangs daarvan besit. Iemand in die gemeente mag inligting hê oor die leer en lewenswandel van 'n intrekkende persoon, wat onder die aandag van die kerkraad moet kom. Daar kan beswaar ingedien word teen die opname van 'n persoon.

3.3 Approbasie voor aflegging van belydenis van geloof

3.3.1 Die gemeente het die reg om beswaar aan te teken teen iemand wat 'n belydende lidmaat van die gemeente wil word.

3.3.2 Die beswaar kan handel oor die leer en/of lewe van die betrokke(n)s. Bouwman stel pertinent "De gemeente heeft het recht om over de toelating tot de volle gemeenskap der kerk mede te oordelen" (a.w.: 379).

AANBEVELING 17

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit om

1. die gedagte van die gemeente se approbasiereg, soos dit reeds in die KO van 1990 beslag gekry het, te handhaaf;

2. om art. 4.1 te wysig soos aanbeveel in die VERSLAG pt. 4.1.

5.2 BEGINSELBESLUIT: VOORSITTERSKAP VAN KERKLIKE VERGADERING - Acta p. 467 en 525

1. DIE OPDRAG

Voorstel goedgekeur: "Die beginselbesluit geneem dat die sinode hom nie bind aan 'n beperking vir voorsitterskap nie, impliseer dat die beginsel sal deurwerk na mindere kerkvergaderinge en dra dit aan die te benoemde Permanente KKS op om aandag te gee en die volgende sinode te dien met 'n aanbeveling".

2. AGTERGROND VAN DIE OPDRAG

2.1 Die KO 1989, bepaling 40.6 het bepaal dat: "niemand mag vir meer as twee agtereenvolgende sinodes as voorsitter optree nie". Die KKS het by die sinode 1990 aanbeveel dat die bepaling ongewysig gehandhaaf word met byvoeging: "en dat dit by die volgende sinode terugwerkend sal geld".

2.2 Die ringe van Vereniging en Memel het per beskrywingspunt respektiewelik versoek: "dat elke vergadering sy eie voorsitter kies ongeag enige dienstermyne as voorsitter" én "dat bepaling 41.6, KO 1988 geskrap moet word".

2.3 Die aangeleentheid het soos volg by die sinode 1990 verloop:

2.3.1 ná debat is: "kennis geneem" van die "aanbeveling van KKS" (Acta p. 467);

2.3.2 acta p. 467: "die Voorsitter reël dat die sinode eers oor die beginsel besluit of daar 'n beperking geplaas word op die verkiesing van 'n voorsitter al dan nie";

2.3.3 voorstel goedgekeur: "die sinode besluit dat die sinodale vergadering sy eie voorsitter kies ongeag enige dienstermyne as voorsitter";

2.3.4 die notule, acta p. 525 is soos volg gewysig: "voeg in 'oor die beginsel' in 4.2 na 'besluit'";

2.3.5 hierdie wysiging laat die sinodale besluit soos volg lui, wat eintlik nie baie duidelik is nie, naamlik "die sinode besluit oor die beginsel dat die sinodale vergadering sy eie voorsitter kies ongeag enige dienstermyne as voorsitter";

2.3.6 die bogemelde opdrag is as besluit geneem.

3. DIE BEGINSELBESLUIT

Die opdrag verwys na "die beginselbesluit". Dit verhef die besluit van die sinode met inhoud dat "die sinode sy eie voorsitter kies ongeag enige dienstermyne as voorsitter tot 'n beginsel en vandaar die onduidelike wysiging aan die sinodale besluit as sou die sinode se besluit oor 'n beginsel handel het.

Die vraag is of die sinode inderdaad oor 'n beginsel besluit het, met ander woorde of die reg van 'n sinode om 'n voorsitter *sonder meer, sonder enige beletsel* te kies, soos onder andere gebondenheid aan dienstermyne, tot 'n beginsel verhef is? Indien die besluit dusdanig geïnterpreteer word, is dit 'n vraag of 'n dusdanige besluit wel 'n beginsel kan wees, want indien dit in die sin 'n beginsel is, het dit belangrike implikasies vir die Kerkreg en die kerkverband.

('n BEGINSEL is 'n grondslag, grondreël, oortuiging, stelling prinsipe, stelsel, oorsprong).

Ontledend op die keper beskou, blyk dit dat die sinode nie oor die "reg" as 'n beginsel besluit het nie, maar oor *die vraag, of die sinode hom in die verkiesing van sy voorsitter deur enige wil laat bind*. Die *keuses* ter tafel was: gebind deur 'n beletsel (bep. 41.6) of nie gebind deur 'n beletsel nie (bogemelde beskrywingspunte). Die *beginsel* wat die voorsitter gereël het, was of daar 'n beperking geplaas word of nie? Indien die sinode op "geen beperking" sou besluit het, was die implikasie dat dieselfde persoon van sinode tot sinode tot sinode as afgevaardigde onbeperk gekies en verkies kan word, en indien besluit sou word op "beperking" dat die sinode oor die aard van die beperking verder sou moes besluit, met ander woorde bep. 40.6 kon handhaaf, of selfs die byvoeging van die KKS of selfs die beskrywingspunt van die ring van Newcastle wat bep. 40.6

aangevul het met die woorde "en daarna as ondervoorsitter dien nie".

4. DIE KONSEKWENSIES VAN DIE BESLUIT

4.1 Die *besluit* van die sinode is *NIE 'n beginselbesluit* wat om 'n *REG* gaan nie. Dit is geen grondslag of prinsipe nie, nòg Skriftuurlik, nòg Kerkregtelik. Die Skrif bied geen voorskrifte ten opsigte van die voorsitterskap van kerklike vergaderinge nie. Kerkregtelik word hierna oor gehandel.

4.2 Aangesien dit geen beginselbesluit oor 'n *REG* is nie, het dit nie sondermeer implikasies vir "mindere kerkvergaderinge" waarna in die opdrag verwys word nie. Dit is net 'n gewoon praktiese besluit wat die sinode ten opsigte van prosedure geneem het. Hierdie besluit *MOET* egter aan die Gereformeerde Kerkreg getoets word as geneem deur 'n meerdere vergadering van 'n Gereformeerde kerkverband.

5. DIE BESLUIT KERKREGTELIK GETOETS

5.1 Kerklike vergaderings word gelei vanuit God se Woord

5.1.1 Die Kerkraad

5.1.1.1 Die Kerkorde van die Nederlandse Gereformeerde Kerke (art. 37) bepaal: "Het praesidium van die kerkeraad berust bij de dienaar des Woords ...". Die Kerkorde van die Christian Ref. Church (art. 37) bepaal: "The Minister of the Word shall preside and regulate the proceedings". Die bepaling geld verder by alle Gereformeerde Kerke sover vasgestel kan word, uitgenome die Afrikaanse Protestantse Kerk, vgl. art. 34 wat hiermee uit pas is.

Die beginsel daaragter is dat kerklike vergaderings gelei word vanuit God se Woord. D Nauta: Verklaring van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland, p. 162 skryf: "Hier gaat het evenwel over het praesidium van de kerkraad, dus Bij heel het vervullen van zijn taak vindt de kerkeraad in de dienaar des Woords degene, die voorgaat en de voorrang heeft En dat niet omdat de bekwaamheid van zulk een andere ambtsdrager om de voorsittershamer te hanteren wordt

veronachtzaamd, maar omdat de leiding bij het vervullen der taak nu eenmaal toekomt aan degene die als dienaar des Woords aan de gemeente werd verbonden. Hij moet, mede op grond van de door hem genoten opleiding, vooropgaan bij het geven van de leiding der gemeente welke van de kerkeraad verwacht mag worden". W Heyns: Handbook for Elders and Deacons, p. 152 skryf: "that the Minister (not the Minister and the Elders in turns, but the Minister), as the one who by virtue of his education for the Ministry ... shall preside the meetings". AB du Preez: Diktate Kerkreg UP verklaar: "omdat die kerkraadsvergadering vanuit die Woord van God gelei word, moet die predikant, wat spesifiek in die Woord geskool is as voorsitter optree". GPL van der Linde: Die Kerkorde, 'n verklaring van die Gereformeerde Kerkorde, p. 140 skryf: "Nou word die beginsel gestel dat die ampsdraers in vergadering deur die Woord beheers word. Die Woord gaan voorop: uit die Woord moet die gedrag vir die kerk bepaal word. Alleen 'n bedienaar van die Woord, belas met die profetiese amp kan na behore met die Woord, kragtens sy amp, leiding gee aan die vergadering".

LS Kruger et al: Handleiding by die Kerkorde van die Geref. Kerke in SA, p. 222 onderskryf die standpunt: "In die kerk van die Here, lei die Woord van die Here. Die amp wat die Woord bedien, word derhalwe met die praesidium belas Die bedienaar van die Woord is miskien nie die bekwaamste persoon in die vergadering nie Hy is maar net kragtens die amp wat hy bedien, die eerste onder gelykes. Vgl. verder B Spoelstra: Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering, p. 216, 217, FAH van Staden: Diktate Kerkreg om mee te volstaan as genoegsame bewyse.

5.1.1.2 Meerdere Vergaderings

Al die bogemelde Gereformeerde kerkregtelike outoriteite handhaaf dan ook die standpunt dat dieselfde beginsel wat vir die kerkraad geld ook vir die meerdere vergaderinge geld synde kerklike vergaderinge, vgl. Nauta, a.w. p. 185 v, B Spoelstra, a.w. p. 215 v - Spoelstra haal art. 35 van die KO van die Geref. Kerke in SA aan wat lui: "op meerdere vergaderinge presideer 'n bedienaar van

die Woord ..." en verklaar dan:

"kerkregtelik behoort iemand wat diens van die Woord verrig, te lei ...", Van der Linde, Kruger, Heyns ens. a.w.

5.2 Die duur van die voorsitterskap

Aangesien die meerdere vergaderinge, ring en sinode tydelik van aard is en net periodiek vergader om 'n sakelys af te handel, duur die voorsitterskap net vir die duur van die vergadering. Van der Linde a.w. p. 141, sê: "die werk en bevoegdheid (amp) van die voorsitter hou op by die uiteengaan van die vergadering. Hy is geen Moderator wat na die vergadering namens "die kerk" optree nie! Sy taak was net om die vergadering te lei". Kruger e.a. a.w. p. 226 verklaar: "Ten opsigte van meerdere vergaderinge bepaal art. 35 dat die voorsitter geen funksie na die sluiting en beëindiging van die vergadering behou nie". Spoelstra a.w. p. 215 en 216 stel dit tweekeer: "daarom hou die amp van voorsitter op sodra die meerdere vergadering beëindig is" en "gevolglik duur die funksie net vir die bepaalde vergadering". Heyns a.w. p. 149 stel dit ewe-eens "but his duties of presiding the meeting are at an end, he ceases to be President; ...".

Ten grondslag van hierdie standpunte lê die feit dat 'n vergadering wat tydelik van aard is, met ander woorde nie permanent nie, bloot vergader met die doel om 'n bepaalde sakelys af te handel. Sodra die sakelys afgehandel is, word die vergadering beëindig of afgesluit. 'n Sodanige vergadering kan dus logies net 'n voorsitter kies vir die duur van die vergadering en nie vir 'n tydperk waarin die vergadering nie bestaan nie. Die meerdere vergaderinge word buitendien saamgestel deur afvaardiging wat net vir die bepaalde vergadering geld. Sodra die vergadering sluit, word die afvaardiging ewe-eens beëindig. 'n Volgende of "nuwe" meerdere vergadering word dan weer saamgestel deur nuwe afvaardiging wat 'n ander vergadering is.

5.3 Die hervorkiesing van voorsitter

5.3.1 Kerkordes bepaal en Gereformeerde kerkregtelikes stem saam dat aangesien die vergadering van die kerkraad permanent van aard is (dus nie 'n vergadering is wat uit afgevaardigdes bestaan nie, nooit sluit nie, maar verdaag

en weer vergader), die kerkraadsvergadering 'n permanente voorsitter het, en soos reeds aangetoon, die bedienaar van die Woord of by medeleraarskap, die predikante beurtelings.

Hier is dus geen dispuut oor verkiesing-herkiesing nie. Daarom is art. 34 van die Kerkorde 1990 in die verband nog eens 'n uitsondering met sy termynbepaling.

5.3.2 Die vraag in dispuut is of 'n predikantaftgevaardigde na die meerdere vergadering ring en/of sinode, wat reeds as voorsitter gekies was en gedien het by die vorige vergadering weer by die volgende vergadering as voorsitter gekies kan word. Met ander woorde kan dieselfde predikantaftgevaardigde by opeenvolgende vergaderinge as voorsitter gekies word of kan daar of moet daar 'n beletsel geplaas word op kontinuerende verkiesing. Die vraag is dus of die besluit van die sinode 1990 in verband met die voorsitter kerkregtelik verantwoordbaar is?

5.3.3 Die ring

Die Kerkordes van die volgende Gereformeerde kerkverband bepaal almal dat niemand by twee agtereenvolgende ringsittings as voorsitter mag optree nie, met ander woorde herkiesbaar is nie, naamlik die Afrikaanse Protestantse Kerk, die Gereformeerde Kerke van SA, die Nedl. Geref. Kerk en die Christian Ref. Church.

Nauta a.w. p. 187 verklaar: "Het praesidium van die klassicale vergadering moet beurtelings door alle dienaren des Woords worden waargenomen. De kerkorde kent op deze regel geen uitsondering". Volgens art. 41, KO Geref. Kerke in SA, bepaal: "op hierdie vergadering moet die bedienaars van die Woord om die beurt presideer of anders die een wat deur die vergadering gekies word, maar dieselfde bedienaar mag nie op twee agtereenvolgende vergaderinge gekies word nie". Die grondslag hier is die beletsel van "nie op twee agtereenvolgende vergaderinge gekies mag word nie". Die res handel bloot oor die metode van verkiesing, naamlik toerbeurt of verkiesing. Vgl. verder Spoelstra a.w. p. 251, Van der Linde a.w. p. 159, Heyns a.w. p. 160, Jansen: Korte Verklaring van de Kerkorde, p. 191.

Die volgende redes word as grondslag vir hierdie gebruik aangevoer, naamlik "vooreerst om het beginsel van *hiërarchie* onder de dienaren te weren en voorts om de *lasten en lusten der vergadering gelykelyk te verdelen*", (Jansen a.w. p. 191). Heyns voer as redes aan: "to preserve *mutual equality* among the Ministers, and to avert the danger that a Minister should acquire a *predominating influence*", (a.w. p. 160). Van der Linde stel dit ook as "om *hiërargie* te voorkom", (a.w. p. 159). Kruger e.a. a.w. p. 263 stel as redes: "'n *gelyker verspreiding* van laste, *ewerediger ondervinding* vir die klassikale predikante en om enige sweem van *hiërargie* te verhoed."

Hierdie redes is baie meer gewigtig as wat dit op die oog af voorkom as in gedagte gehou word dat dit om 'n prosedure in Gereformeerde kerkverband gaan met *die beginsel*, anders as in die Roomse Kerk en Roomse kerkregtelike stelsel en die Episkopale Kerk en regeringstelsel, naamlik **die gelykwaardigheid van die ampte** en dus die gelykwaardigheid van die predikante in die kerkverband, (vgl. KO 1990 art. 7). *Gelykwaardigheid is die teenvoeter vir hiërargie*, wat 'n wesenlike gevaar is, die idee van *leierpredikant* wat geheel Rooms is, die gevaar wat hiërargie bevorder naamlik dat 'n predikant *dominerend* oor kollegas kan word, dat 'n sodanige predikant soveel *invloed* bekom dat hy *alleenseggen* verkry, dat sy *woord*, sonder grondslag of kerkregtelike begronding *dominant* in die kerk word, dat hy die enigste is wat *kan* en dus *ontoelaatbare mag* bekom.

5.3.4 Die sinode

Die *Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk* bepaal ten opsigte van die sinodes en Algemene Sinode dat niemand by twee agtereenvolgende sinodesittings as voorsitter mag optree nie. Hier geld dus 'n besliste beletsel.

Dit blyk dat die *Kerkorde van die Geref. Kerke in SA* nie so 'n beperkende bepaling ten opsigte van die Sinodes of Algemene Sinodes bevat nie, terwyl *Van der Linde* en *Kruger* in die a.w.e nie daarop ingaan nie. *Spoelstra*, a.w. p. 251 verklaar wel dat "die praktyk om die voorsitterskap van sinodes tussen net twee predikante te wissel (art. 35), bots met die bedoeling van die kerkorde".

Jansen, a.w. p. 211 verwys net daarna dat "de verkiezing van een moderamen, die naar vaste regel schriftelijk moet plaats hebben". Volgens die jongste beskikbare Kerkorde van die Nedl. Geref. Kerke en vergelyk met *Nauta*, a.w. bevat die Kerkorde nie 'n bepaling met 'n dusdanige beperking of beletsel nie. *Nauta*, a.w. p. 187 stel dit dat die Kerkorde ten opsigte van die sinode nie soos vir die classis 'n beperkende bepaling voorskryf nie, maar "dat men het, ... wettig heeft geacht het moderamen van de synoden te doen vormen door middel van een vrije verkiezing". Hy wys dan daarop dat daar vroeër wel so 'n beperking ingeskryf was, waarop hy laat volg: "ongetwyfeld valt veel ten gunste van een dergelijke gedragslijn te zeggen, om namelijk te voorkomen dat in feite een min of meer hiërarchische positie in het leven zou worden geroepen". Tog meen hy dat hieromtrent nie al te streng opgetree moet word nie, dat soepelheid gehandhaaf moet word en dat dit aan die beleid van die vergadering oorgelaat moet word, met dien verstande "dat daarbij steeds het welzijn van de kerk in het oog wordt gehouden en nagestreefd".

Volgens *W Heyns* bevat die Kerkorde van die Christian Ref. Church ewe-eens nie so 'n bepaling nie. Hy stel dit dat die bogemelde gevaar van hiërargie ten opsigte van die classis nie geag is so wesenlik te wees by die sinode nie, aangesien nie sinode minder dikwels vergader en meer predikante as afgevaardigdes het. Hy laat dan volg: "besides, it is of greater importance for a Synod than for a Classis to have an able President, and not all able Ministers are able Presidents".

FL Rutgers: Kerkelijke Adviezen I, p. 293 verwys daarna: "toch is men er destijds bijzonder op gesteld geweest, dat die twee vrij gelijksoortige en gewichtige Synoden door denzelfden praeses zonden geleid worden; geenzins om daarvan een regel te maken, maar omdat het in dien tijd voor de goede constitutie van de kerken van belang geacht werd. En juist daarom zie ik in die benoeming ook tans nog een antecedent, waarop men zich beroepen mag".

AD Pont: Die historiese agtergronde van ons kerklike reg, p. 150 sê "die kerkorde

wil so veel as moontlik vermy dat mense oor die kerk van Christus sal regeer".

5.3.5 Beoordeling

5.3.5.1 Dit is vir 'n kerkregtelike vreemd dat met *die beginsel van gelykwaardigheid in ampte en meerdere kerklike vergaderinge* ten opsigte van die voorsitterskap van die ring streng beperkende maatreëls in die kerkordes ingebou word, dog nie vir sinodes nie.

5.3.5.2 Dit is ewe vreemd dat die gevaar van hiërargie, van "a predominating influence" en van dominasie by die ring soveel gewig dra, maar nie by die sinode nie of dat die eis van gelyke lasverdeling, van gelyke ondervinding opdoen en "to preserve mutual equality" by die ring swaarder weeg as by die sinode. Die argument van Heyns dat die gevare genoem minder knellend by die sinode is, omdat die sinode minder dikwels vergader en meer predikante teenwoordig is, of dat dit vir 'n sinode belangriker is om 'n goeie voorsitter te hê, is baie relatief. Die argument dat die sinode minder dikwels vergader is byvoorbeeld nie van toepassing op die APK wat soos die ring jaarliks vergader nie. Die teenwoordigheid van meer predikante by die sinode as by die ring skep intendeel juis 'n groter moontlikheid van verwisseling van voorsitterskap, want dit is voorwaar 'n baie arm kerkverband as net een predikant voorsitterskapvermoë het en watter gevaar bedreig toekomstige sinodes nie as dié een bekwame voorsitter van die toneel verdwyn, sonder dat enige ander predikant die bekwaamheid het om voorsitter te wees. Dit sou juis eerder voordelig wees as ander predikante 'n gelyke geleentheid kry om ervaring op te doen terwyl die een voortreflike voorsitter nog aanwesig is om, veral privaat, te adviseer.

5.3.5.3 In die praktyk van die kerklike lewe en dus in kerklike vergaderinge tree mense op en daarom is die gevaar van hiërargie, dominansie en beïnvloeding ewe sterk by alle meerdere vergaderinge veral as die vergaderinge toon dat hulle net op een afgevaardigde vertrou in plaas daarvan om hulle vertroue te verdeel onder meer afgevaardigdes. Daarom is Pont reg as hy waarsku dat "soveel as moontlik vermy" moet word "dat mense oor die kerk van Christus sal regeer".

5.3.5.4 Wanneer Spoelstra sê dat "die praktyk om die voorsitterskap van sinodes tussen net twee predikante te wissel (art. 35) bots met die bedoeling van die kerkorde" gaan dit om die gebruik om by die een sinode predikant A as voorsitter te kies en by die volgende predikant B en dan verder sinodes tussen dié twee om die beurt te deel. As Spoelstra oordeel dat dit in stryd is met die bedoeling van die Kerkorde, terwyl dit tog nog wisseling inhou, moet afgelei word dat die Kerkorde van die Geref. Kerke in SA 1) sonder om dit te bepaal wel bedoel dat die voorsitterskap moet wissel en 2) dat die wisseling van groter omvang moet wees as net tussen twee persone.

5.3.5.5 Rutgers waarsku self teen hiërargie. Juis daarom ontbreek 'n mate van logika in sy argument dat aangesien twee agtereenvolgende sinodes dieselfde praeses verkies het, en volgens hom "geensins", met ander woorde hoegenaamd nie met die bedoeling om dit "een regel te maken", maar wel omdat dit in daardie vroeë stadium van die kerkverband met min predikante van belang was, dat hy dit sondermeer as antesedent ('n saak wat vroeër gebeur het wat as voorbeeld kan dien) stel waarop beroep mag word dat 'n sinode nie 'n beletsel of beperking sal stel op die voorsitterskap nie. As die bedoeling nie was om dit tot 'n reël vas te lê nie, verloor die antesedent sy waarde en krag. Buitendien het dit gegaan om twee sinodes, dus een herverkiesing sodat gevra moet word wat van die volgende sinodes?

5.3.6 Konklusie

5.3.6.1 Dit kan volstaan word met die vroeëre opmerking dat die besluit van die sinode 1990 wat gelei het tot die bogemelde opdrag NIE 'n beginselbesluit is nie, dog 'n gewoon praktiese besluit oor prosedure. Daarom het dit nie implikasies vir die ring en die kerkraad nie.

5.3.6.2 Volgens die geskiedenis van kerkordes is kerkrade, ringe en sinodes ten opsigte van die voorsitterskap verskillend behandel aangaande beletsel of beperking en is meer vryheid en soepelheid aan sinodes gegee.

5.3.6.3 Die vryheid en soepelheid aan die sinode gegee hou nie genoeg rekening

met die gelykwaardigheidsbeginsel, die gevare van hiërargie en dominansie en met die nuttigheid van wisseling ter wille van ervaring, die eksploitasie van kundigheid en verspreiding van gelyke laste nie. Daarom moet rekening gehou word met die waarskuwing van Pont en Spoelstra.

AANBEVELING 18

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit dat

1. die reëling van die Sinode 1990 word nie van toepassing gemaak op mindere vergaderinge nie;

2. vanweë die gevare van hiërargie en dominansie wat só wesenlik is dat Gereformeerde kerke deur die eeue ernstig daarmee rekening gehou het, die beginsel van gelykwaardigheid en die voordele vir die kerkverband betreffende ervaring, kundigheid en verspreiding van laste en wat van wesenlike belang by die ring geag word, dit alles ten volle deur die Sinode, vir die Sinode wat jaarliks vergader, ernstig in ag geneem moet word en die besluit van 1990 in hersiening moet neem met die oog daarop dat 'n vorm van beletsel of beperking ten aansien van die voorsitterskap van Sinodes in die kerkorde ingebou word.

5.3 DIE BEGINSEL VAN "BEPERKTE OPDRAG" KERKORDELIK OMSKRYF - Sakelys p. 249. Notule p. 503.

5.3.1. DIE SINODALE BESLUIT

5.3.1.1 Handeling Sinode 1990, p. 249: "verwys die hele beginsel van 'beperkte opdrag' na die KKS om die beginsel kerkordelik te omskryf. (Vgl. art. 14)".

5.3.1.2 Die *opdrag* is dat die beginsel van "beperkte opdrag" **KERKORDELIK** en **NIE KERKREGTELIK** nie, omskryf moet word met spesifieke verwysing na KO 1989, art 14, wat die *OPDRAG* (pligte) van 'n predikant in die plaaslike kerk bepaal. In KO 1990 is dit art. 15.

5.3.2. PROBLEEMSTELLING

5.3.2.1 Art. 15 tabuleer die *volle/volledige pligte* van 'n predikant in *volydse diens* van 'n plaaslike kerk.

"*Beperkte opdrag*" beteken dat die *opdrag* (pligte) soos in art. 15 bepaal, òf *verminder* word, sodat al die pligte nie uitgevoer hoef te word nie òf dat die *omvang* van die pligte, *met behoud* van al die pligte, versuim of afgeskaal word, terwyl die *bedoeling voltydse diens is*, aangesien die predikant beroep en bevestig word in die plaaslike kerk as die pastor loci.

Terwyl art. 15 die *volle/volledige pligte* bepaal, word die *opdrag* (pligte) vir "*beperkte opdrag*" nie bepaal of omskryf nie, sodat die opdrag willekeurig en verskillend deur kerkrade en die betrokke predikante van geval tot geval bepaal word. Die een uitsondering is art. 10.9, wat ten opsigte van 'n teologiese dosent, bepaal "met *uiters beperkte opdrag*". "*Uiters beperk*" word geïnterpreteer as 'n minimumopdrag, maar hierdie minimumpligte is ook nie bepaal of omskryf nie.

5.3.2.2 Die traktementskaal, behuising/behuisingstoelae, reiskoste, mediese fonds- en pensioenfondsbydrae en ander is gebaseer op volledige voltydse diens. Geen basis is vasgestel vir "*beperkte opdrag*" nie, sodat die totale traktementpakket vir "*beperkte opdrag*" ewe-eens willekeurig en verskillend van geval tot geval deur kerkrade en betrokke predikante vasgestel word.

Terwyl gemeentes geleidelik groei, ontstaan die vraag òf en hoedanig kerkrade en predikante betrokke by "*beperkte opdrag*" ten opsigte van die opdrag en traktementpakket met die groei rekening hou en aanpassings maak?

5.3.3. BEKNOPTTE HISTORIESE AGTERGROND

In die eerste studiestuk is die ontstaan van die stelsel van "*beperkte opdrag*" gestel. Daarom word hier met 'n beknopte samevatting volstaan:

1. Vir die eerste sinode (1987) het die Komitee vir Kerkstigting die samestelling van die sinode bepaal en aan alle

KvK-lede sittingsreg verleen, dus ook aan sekere predikante (emeriti) wat nie deur 'n kerkraad afgevaardig is nie;

2. nadat die sinode 'n *kerkorde vasgestel* het, waarin die samestelling van 'n sinode bepaal is, is alle predikante uitgesluit wat nie deur kerkrade afgevaardig word nie;

3. die sinode het besluit dat 'n *persoon (lidmaat)*, wat die status van predikant het, dus ook 'n emeritus, nie terselfdertyd in 'n tweede besondere amp (ouderling) verkies mag word nie en dus nie langs dié weg deur 'n kerkraad afgevaardig kan word nie;

4. met reeds meer as 100 gemeentes en met ongeveer 30 predikante het *die SKK* ná ondersoek of so 'n stelsel Gereformeerd Kerkregtelik verantwoordbaar is, besluit om die predikanttekort aan te vul met die instelling van 'n stelsel van beroeping met "beperkte opdrag", waardeur emeriti kon terugkeer tot voltydse gemeentelike diens;

5. *die bedoeling* was duidelik dat die plaaslike kerk oor die voltydse diens van 'n (eie) predikant sou beskik wat, alhoewel nie met die volledige opdrag soos deur die Kerkorde bepaal nie, tog in hoofsaak die opdragte sou uitvoer, met ander woorde 'n sinvolle besinning met genoeg substansie tot voordeel van die gemeente;

6. *vir voltydse diens, al is die opdrag beperk, moes voldoen word* aan die bepalinge van die Kerkorde ten opsigte van beroeping, approbasie en bevestiging, vgl. KO 1990 arts. 8, 11, 12, 13, 14;

7. 'n *predikant (emeritus)* in voltydse diens van 'n plaaslike kerk, maar met "beperkte opdrag", kan deur die kerkraad as die pastor loci volgens die voorskrif van die Kerkorde *na meerdere vergaderings afgevaardig word*, vgl. KO 1990 arts. 36. 1/2/3 en 38;

8. die *sinode 1988* het die stelsel van "beroep met beperkte opdrag" goedgekeur, dog geen bepalinge daaromtrent vasgestel nie.

5.3.4. LEEMTES IN DIE STELSEL: "BEROEP MET BEPERKTE OPDRAG"

5.3.4.1 Die Kerkorde bepaal nie *die omvang* van die "beperkte opdrag" nie,

sodat eenvormige optrede in die kerkverband ontbreek:

5.3.4.2 Geen voorsiening is sinodaal gemaak ter wille van eenvormigheid in die kerkverband met betrekking tot *die traktementpakket en aanpassings* nie.

5.3.4.3 Die "beperkte opdrag" word *só beperk gemaak dat die diens aan die gemeente só afgeskaal word dat dit in vergelyking met die opdrag van art. 15 bykans geen substansie behou* en dus nie sinvol en voordelig vir die gemeente is nie, byvoorbeeld

1. met die diens van sakramentbediening, bevestiging van ampsdraers, optrede by die aflegging van belydenis van geloof, of

2. die diens onder 1 gemeld met 'n erediens per kwartaal of iets dergeliks periodiek. 'n Dusdanige "beperkte opdrag" skeep die erediens, die verbondsonderrig, huisbesoek, herderlike sorg, siekebesoek, kerkraadsvergaderings, regering en opsig en tug totaal af, vgl. KO 1990 art. 15, wat wesenlik deel van die opdrag is.

5.3.4.4 'n Verskraalde "beperkte opdrag", soos onder 4.3 vermeld, *noop 'n kerkraad tot die beroep van 'n voltydse medeleraar met volledige opdrag* (art. 15), wat duidelik toon dat die predikant met "beperkte opdrag" totaal oorbodig is, veral as die lidmatetal minder as 300 is, wat die sinode 1987 as ideaal vir 'n gemeente gestel het, waarna afstigting oorweeg moet word.

5.3.4.5 'n Te "beperkte opdrag" wat, in vergelyking met die opdrag van art. 15, nie substansiële, voordelige, sinvolle diens aan 'n gemeente voorsien nie, *hou eensydig net voordeel vir die predikant in*, waaronder die reg van afvaardiging na meerdere vergaderings.

5.3.5 VEREISTES WAARAAN "BEPERKTE OPDRAG" MOET VOLDOEN

5.3.5.1 *Art. 15 KO 1990* wat "die opdrag" van die bedienaar van die Woord in die plaaslike kerk bepaal en tabuleer, *is en bly normatief vir die vasstelling van die omvang van beperkte opdrag*. Art. 15 omskryf die volledige pligte vir en van die voltydse diens. Art. 15 as norm is dus die maatstaf en toets waaraan "beperkte opdrag" gemeet moet word. *Al hierdie*

pligte *MOET*, verminder of afgeskaal in omvang, *deel* van die "beperkte opdrag" uitmaak. Indien pligte onder "beperkte opdrag"

- 1) *totaal uitgeskakel* word in plaas van *in omvang afgeskaal* word, of
- 2) as *die omvang* deur afskaling *só geminimaliseer* word dat dit sinloos word, of
- 3) as *die omvang* *só* afgeskaal is dat pligte net *sporadies periodiek* uitgevoer hoef te word, moet die omvang as strydig met art. 15 verklaar word.

DIE BELANGRIKE IS DAT ELKE PLIG (art. 15) BEHOU WORD MET DUSDANIGE SINVOLLE AFSKALING DAT GENOEGSAME SUBSTANSIE TEN OPSIGTE VAN ELKE PLIG BEHOU WORD SODAT ELKE PLIG STEEDS TOT VOORDEEL VAN DIE GEMEENTE SAL GELD.

5.3.5.2 Dit is van *die eerste en hoogste belang* dat beperkte opdragdiens die belange van die plaaslike kerk moet dien. Dit is primêr. *Amp is diens* en die predikant is eerstens dienaar (vgl. 1 Kor 4:1). Sy belang is sekondêr, solank sy versorging genoegsaam en regverdig is. Die predikant staan in die voltydse diens in die plaaslike kerk as geroepe diensknecht van Jesus Christus. Sy diens mag nie die primêre doel hê om daardeur die status van predikant te kan behou en besit of om daardeur sittingsreg op meerdere vergaderings met keurstem te kan besit of te behou nie.

Alhoewel met "beperkte opdrag", is *die predikant* soos elke ander predikant van 'n plaaslike kerk, volgens die bepalings van die Kerkorde *beroep* en *bevestig* as *die voltydse predikant* van die plaaslike kerk. Hy is daarom voltyds aan die gemeente en die diens in die gemeente verbind. Hy is daarom verantwoordelik vir sy ampsdiens as predikant van die gemeente. Hy moet dus beskikbaar wees vir diens. Indien sy pligte dusdanig verminder is of dus in omvang afgeskaal is dat hy net sporadies en periodiek teenwoordig hoef te wees, voldoen sy diens nie aan voltydse diens nie. Die feit dat hy die voltydse predikant van die gemeente is, moet uit die omvang van sy "beperkte opdrag" voldoende blyk.

5.3.5.3 Aangesien volgens art. 7 KO 1990 die drie besondere ampte "*gelykwaardig*" is, geld art. 15 gelykwaardig vir alle predikante in voltydse diens in plaaslike kerke. Indien ruimte geskep word vir 'n *kategorie predikante* om onder bepaalde omstandighede met "beperkte opdrag" in gemeentes te dien, is dit essensieel dat, terwyl dusdanige predikante sekere voordele daaruit ontvang, soos byvoorbeeld die reg om na meerdere vergaderings afgevaardig te word, *die omvang* van die "beperkte opdrag" van hierdie predikante *sodanig eenvormig* bepaal word dat gelykwaardigheid ook ten opsigte van pligsvervulling gehandhaaf word. Dit geld ook ten opsigte van bepalings wat eensydig en onregverdig onderskeid maak soos byvoorbeeld art. 38.2 (tussen hakies).

5.3.5.4 Dit is noodsaaklik dat daar, net soos ten opsigte van voltydse, volledige diens, ook ten opsigte van "beperkte diens" 'n *traktementpakket* vasgestel moet word, met minimumbepalings en verpligte aanpassing.

5.3.5.5 In verband met "beperkte opdrag" moet ook bepaal word dat, *indien 'n kerkraad*, met diens van 'n predikant met "beperkte opdrag", *besluit om*, vanweë die groei van die gemeente of ander omstandighede, 'n *voltydse predikant met volledige diens te beroep*, wat tot gevolg gaan hê dat dié predikant medeleraar is, en veral as die belydende lidmatetal nie 'n medeleraar regverdig niê, *dat die kerkraad*

- 1) eers met die predikant met beperkte diens moet *onderhandel oor 'n volledige diens* en indien dit nie vir die predikant moontlik is nie, moet die predikant *emeriteer* of volgens art. 19 losmaking van die band versoek of die kerkraad die geleentheid gee om losmaking te versoek en dan
- 2) as *vakante gemeente* 'n beroep vir voltydse volledige diens uitbring. Indien losmaking geskied het, word die predikant beroepbaar gestel vir beperkte opdragdiens.

AANBEVELING 19

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit

1. dat die oorspronklike bedoeling van die stelsel gehandhaaf moet word;

2. dat die stelsel van "beperkte opdrag" vanweë die huidige en toenemende predikantegetal, waardeur die noodsituasie beëindig is, uitgefaseer word deurdat dusdanige verdere beroeping beëindig word en dat predikante, wat tans met "beperkte opdrag" dien, se dienstyd by emeritering of by beroepsaanvaarding beëindig word of indien die gemeente daartoe oorgaan om 'n volledige voltydse bediening in te stel;

3. dat met die oog op die tans nog geldende stelsel van "beperkte opdrag" 'n artikel naas of as deel van Art. 15 (KO 1990) ingevoeg word wat "beperkte opdrag" bepaal met dien verstande;

4. dat elke opdrag in Art. 15 vervat deel van die "beperkte opdrag" sal wees;

5. dat elke opdrag in Art. 15 in omvang dusdanig afgeskaal of verminder word dat die opdrag substansieel, sinvol en tot voordeel van die gemeente sal wees, (die metode: persentasiegewys);

6. dat 'n traktementpakket ter wille van eenvormigheid en geregtigheid in die kerkverband, soos vir voltydse volledige diens, deur die Finansiële Kommissie vasgestel word;

7. dat punt 5.5 van die studiestuk (5.3.5.5 hierbo) as deel van "beperkte opdrag" bepaal word, waar die stelsel in gebruik is;

8. dat die KKS opdrag kry om uitvoering te gee aan Aanbevelings pte. 3, 4, 5.

5.4 BEROEPSTELSEL - beskrywingspunt ring van Memel, Sakelys p. 196 pt. 9 - verwys na die KKS vir studie en verslag

Dat bestaande K.O. artikel 10 soos volg gewysig moet word:

5.4.1 Ten tye van 'n vakature moet die hele gemeente opgeroep word tot gebed waarin die leiding van die Heilige Gees in ootmoed, oorgawe en opregtheid gesoek word in die voorsiening van 'n leraar.

5.4.2 Die kerkraad vra in die amptelike blad van die APK aansoeke vir die betrokke vakature sonder dat die diensvoorwaardes bekend gestel word.

5.4.3 'n Groslys bestaande uit al die aansoeke (asook nominasies uit die vergadering) word aan die gemeente voorgelê.

5.4.4 Die verkiesing geskied met geslote stembriefies en met volstrekte meerderheid van stemme van die aanwesige stemgeregtigdes uit die groslys soos in 3.

5.4.5 Geen propaganda mag ten gunste van 'n aansoeker gemaak word nie, dog inligting met betrekking tot kwalifikasies, ervaring en belangstellingsvelde kan aan die stemgeregtigdes beskikbaar gestel word, te behou soos in bepaling 10.5 op bl 7 van die Kerkorde.

Motivering

Met hierdie stelsel van beroeping stel die gemeente homself in diepe verootmoediging, oorgawe en opregtheid onder die leiding van die Heilige Gees om te voorsien in die behoefte van die gemeente.

In die tweede plek kry al die leraars van die kerk die geleentheid om aansoek te doen vir 'n vakature. Dit is van die uiterste belang dat so 'n leraar, alvorens hy aansoek doen vir die vakante leraarspos, hom ten volle onder die leiding van die Heilige Gees sal stel.

By die huidige beroepstelsel is daar geensins 'n bekendstelling met betrekking tot die kwalifikasies en ander belangstellingsvelde van leraars nie, en dit lei dikwels daartoe dat met agteraf propoganda ten gunste van 'n bekende leraar, die onbekendes uitgeskakel word. Inligting wat deur die leraars in hulle aansoeke voorsien word, kan 'n heilsame uitwerking hê deurdat dit getoets kan word aan die behoeftes van die gemeente. So 'n bekendstelling van kandidate moet

steeds in toewyding aan en in verootmoediging voor die Here geskied.

Hierdie stelsel skakel ook die moontlikheid uit dat sommige leraars *nooit* beroep word nie, maar vergete bly en gevolglik in die groef van belangeloosheid verval. Deur aansoek te doen vir 'n vakature, dien tot 'n positiewe motivering en nuwe werkywer. Die huidige stelsel werk in die hand dat talentvolle predikante uiters gesog is en oorval word deur beroepe wat daartoe kan lei dat die *behoefes* van die gemeente uit die oog verloor word, en die begaafdheid van 'n persoon voorop gestel word.

Die Sinode van 1990 het soos volg besluit:

Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die KKS vir besinning en verslag aan die eersvolgende Sinode.

Motivering

Die beskrywingspunt impliseer ingrypende veranderinge in die bestaande beroepstelsel. Vir sinvolle oorweging daarvan is deeglike ondersoek en besinning oor die implikasies en wenslikheid van die voorstelle nodig.

Gereformeerde gebruik:

Oorweging en ondersoek en besinning oor die implikasies en wenslikheid van 'n verandering van die beroepstelsel of alternatief.

1. In die Gereformeerde stelsel van kerkregering word die leraar deur die plaaslike gemeente beroep.

2. Daar is wel verskil in die *wyse* waarop dit geskied in verskillende kerke.

3. By al die variasies is daar in hoofsaak drie metodes wat gevolg word.

- 3.1 Die lidmate self kies sonder of uit 'n voordrag van die kerkraad.
- 3.2 Die kerkraad kies sonder of ná voordrag van name deur die gemeente.
- 3.3 Of die kerkraad beroep en lê die naam van die verkosene vir approbasie aan die gemeente voor.

4. Telkens word daar op *bepaalde gebreke* in die beroepstelsel gewys en

kom daar uit die praktyk 'n geroep om verandering daarvan.

5. Die besware is só algemeen en dit raak die welsyn van die kerk so intiem dat 'n ondersoek na die waarde en betekenis van die beroepstelsel noodsaaklik geword het.

6. Die *gevaar* is dat ons die stelsel kan *vervang* met een wat óf nie reg aan die gegewens van die Skrif sal laat geskied nie, of in stryd met die Gereformeerde stelsel van kerkregering sal wees.

7. Die kritiek op die stelsel het aan die lig gebring dat dit noodsaaklik is om die praktyk aan die beginsel te toets en die prosedure aan te pas by die keuse van die tyd.

8. In 'n boek wat deur dr JD Vorster geskryf is, nl. "Die Beroepstelsel", het hy 'n indringende ondersoek ingestel na die oorsprong en ontwikkeling van die beroepstelsel, die leerstellige grond vir die beroepstelsel, die praktiese toepassing van die beroepstelsel, die besware en probleme in verband met die beroepstelsel en oplossings tot beter funksionering van die beroepstelsel.

- 8.1 In sy ondersoek het hy tot die volgende basiese beginsels gekom, nl die plaaslike gemeente is beskou as volledige kerk, wat geregeer word deur Christus, wat daarvoor verskillende ampte ingestel het en in en deur die gemeente die ampsdraers aanwys. Hierdie opvatting van die kerk en gesag van die kerk was bepalend vir die wyse van verkiesing tot die amp en die plasing van die leraar.
- 8.2 Daar is geen kant-en-klaar stelsel in die Woord van God nie. Die Skrif het beginsels wat nie verontagsaam mag word nie, veranderinge moet aan die beginsels getoets word. Ons noem die volgende:
 - * Volledige samewerking met wedersydse erkenning van *amp* en *gemeente*. Tog is dit die Here wat kies deur die ampte en gemeente. (Vorster p 30-33).
 - * Die leiding van die Heilige Gees moet tot sy volle reg kom, vergelyk Hand 13:2 en Vorster se uiteenset-

ting p 35. Nie deur dobbelspel maar deur verootmoediging.

- * Die aandeel van die gemeente in die verkiesing van 'n leraar. Die gemeente en amp is ten nouste en onafskeidbaar aan mekaar verbind. Vergelyk NGB art 31. Die gemeente beroep uit 'n groslys - vry of op voordrag.
- * Die leiding van die amp by die verkiesing is ewe belangrik (Vergelyk Hand 13:2, Matt 16:19).
- * Die Kerkverband het 'n funksie om toe te sien dat by die beroep van 'n leraar alles *ordelik* verloop het.

9. Dr Vorster het die *praktyk* in die vernaamste Gereformeerde Kerke nagegaan.

Daar is voordele en nadele uitgewys van verskillende praktyke. Die een groot vraag was altyd hoe om leraars wat *buite sirkulasie* geraak het, of wat weens omstandighede 'n verandering sal verwelkom, onder aandag van gemeentes te bring. (Vergelyk p 43-56) en hoe kan 'n leraar wat oortuig is dat hy nie in 'n bepaalde gemeente vrugbaar kan werk nie 'n verandering wat 'n vernuwing is, maak?

10. Die besware en probleme in verband met die beroepstelsel word onder die volgende punte bespreek deur dr Vorster.

- 10.1 Die twyfel oor die leiding van die Heilige Gees.
Die leiding van die Heilige Gees moet nie *beperk* word nie. Die gemeente en kerkraad moet nie passief wees of uitgeskakel word nie.
- 10.2 Eensydige beslissing oor die beroep.
Die wortel van die kwaad lê hier in die praktyk dat die leraar alleen moet uitmaak wat die wil van God is en alleen moet beslis (Vorster p 60). Die kerkraad moet saam met hom die verantwoordelikheid dra en die beslissing neem. Die *mede-beslissingsreg* van die kerkraad moet ernstig oorweeg word.
- 10.3 Onverantwoorde beroepe

* Beroepe word dikwels sonder kennis van die behoeftes van die gemeente of van die beroepene op hoorsê uitgebring. Die *getuigenis* of aanbeveling v.g. waarvan 'n leraar beroep word is nie altyd *betroubaar* nie.

* "Mode-beroepe" kom veel voor. As 'n predikant baie beroepe kry is vakante gemeentes geneig om te dink hy is 'n gewilde en goeie predikant. Dan reën die beroepe op so een en ander bekwames word vergeet. Daar moet veel liever gelet word op die *aard* en die *behoefte* van die gemeente en dan by die klas van persoon wat daarby sal inpas. Verskeie metodes is al vir die komplekse probleem aan die hand gedoen en beproef bv predikante wat kan uitgenooi word om te preek m.d.o. op beroep of kommissie van advies met beperkte of omvattende opdrag. Dit het voordele maar ook nadele.

- 10.4 Bespreking van kandidate
Om blindweg te beroep gee baie misverstande. Genomineerdes is onbekend. Dit lei daartoe dat agteraf propaganda gemaak word. 'n Behoorlike bespreking van die kandidate in 'n wettige vergadering onder kontrole sal *blinde* beroepe met teleurstellende gevolge beperk. 'n Beroep kan dan verantwoord word. Bepaalde informasie kan gekontroleer word. Dit maak 'n einde aan die idee dat die Heilige Gees sonder meer op meganiese of selfs magiese wyse lei en beskik. 'n Bespreking van kandidate kan 'n *heilsame* uitwerking hê.
- 10.5 Die besondere eise wat ons tyd aan 'n beroepstelsel stel.
Ons tyd van spesialisasie eis dat die regte man op die regte plek geplaas moet word. Ten opsigte van die saak het die *huidige* prosedure van beroep en *enigste* prosedure gefaal en is dit heeltemal ontoereikend.

11. OPLOSSING TOT BETER FUNKSIONERING VAN DIE BEROEPSTELSEL

- 11.1 'n Radikale verandering in die stelsel is nie nodig nie en is dus buite die kwessie.
- 11.2 Ons verwerp die stelsel van *verplasing*.
- 11.3 Die reg van die gemeente moet gehandhaaf word om self sy leraar te kies.
- 11.4 Die gemeente moet tot verootmoediging en leiding opgeroep word.
- 11.5 Die leiding van die Heilige Gees moet bo alle twyfel gestel word.
- 11.6 'n Leraar wat baie kort in 'n gemeente is bring skok en ontwrigting as hy te gou 'n beroep aanneem.
- 11.7 Om die *groslys* te vorm is dit nie ongereformeerd om 'n vakature te *adverteer* nie.
- 11.8 Kandidate kan dan deur die kerkraad bespreek word en die gesuiwerde *groslys* kan dan aan die gemeente voorgedra word.
- 11.9 Na die nominasielys gesuiwer is, mag die kerkraad *mededeling* aan die gemeente gee.
- 11.10 Die beroepstelsel sal baie beter funksioneer, en die ou Gereformeerde reëling wat eie aan die beroepstelsel is, weer herstel word, as, naamlik bepaal word dat die kerkraad saam met die leraar oor die beroep beslis.
- 11.11 Die beskrywingspunt van Memel vra nie *verandering* van die *beroepstelsel* nie, wat wel nuut is, is die *prosedure* wat gevolg word met die vorming van 'n *groslys* nl dat die vakature *adverteer* word, daar aansoek gedoen word en dat die name dan op die *groslys* geplaas word.

Geen *Skriftuurlike* of *Gereformeerde* beginsel kom in gedrang nie.

AANBEVELING 20

Die KKS beveel aan:
Die Sinode besluit

1. Die status quo word gehandhaaf en aan die beskrywingspunt rakende die

beroepingstelsel word nie gevolg gegee nie, en

2. besinning oor die beroepstelsel word gekontinueer en na die KKS verwys.

5.5 HANDLEIDING VIR KERKLIKE TUGUITOEFENING, Sakelys p. 211, pt. 41.2

"Die sinode gee opdrag aan die KKS om 'n handleiding vir die uitoefening van kerklike tug voor te berei en aan die eervolgende sinode voor te lê vir goedkeuring.

Die Studiestuk sal by die Addendumverslag ingesluit word.

5.6 TENTMAKERBEDIENING - Sakelys p. 198 pt. 11.3

"Die Sinode versoek die KKS om na raadpleging met die PKKEN by die volgende Sinode verslag te lewer oor die principe van en vereistes vir 'n moontlike deelydse Woordbediening in die APK as tydelike maatreël."

AANBEVELING 21

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit om die opdrag rakende tentmakerbediening aan die KKS te kontinueer.

5.7 CENSURA MORUM - Sakelys p. 224 pt. 1.4.2

"Die KKS kry opdrag om by die volgende Sinode 'n aanbeveling te doen oor of en hoe die saak van censura morum in die KO gereël kan word."

CENSURA MORUM IN DIE KERKORDE

1. UITGANGSPUNT

Jesus Christus is die enigste onverdringbare en ook onvervreembare Hoof van die ware kerk. Dit behaag Hom nie om 'n klomp wette en regulasies neer te lê vir sy bruidskerk nie. Hy het ons sy

Heilige Gees en onfeilbare Woord gegee om ons in die waarheid te lei. (Jh 14:26; 16:13).

Derhalwe kom dit ook geen mens of instansie toe om wette te maak vir die kerk van Christus nie. Ons moet ons hou by dit wat Hy in sy Woord aan ons geopenbaar het en daarvolgens toesien dat alles in die kerk ordelik en tot stigting geskied (1 Kor. 14:26, 33, 40).

Met die oog hierop weet ons uit sy Woord dat dit die Here behaag om in die regering van sy kerk gebruik te maak van die dienswerk van ouderlinge wat onderleg is in sy Woord (Tit. 1:5-9; 2 Tim. 2:2;

1 Tim. 3:1-7 ens.). Naas die ouderlinge of

die sg. Presbiteriale regeringstelsel hoor ons van geen ander regeringstelsel of instansie aan wie Christus enige regsbevoegdhede oor sy kerk gee nie. Daar rus dus 'n geweldige heerlike, maar ook 'n ontsaglike groot verantwoordelikheid op die ouderlinge. Inderdaad, iemand wat graag ouderling wil wees verlang 'n voortreflike werk (1 Tm. 3:1).

2. DIE DIENSWERK VAN DIE OUDERLINGE

Wat die dienswerk van die ouderlinge is, word duidelik aan ons deur die Here in sy Woord gesê. Hulle moet in hoofsaak toesig hou oor en sorg dra vir die gemeente van die Here, net soos die oudstes wat in die dae van Moses aangestel was oor die volk van die Here.

Hierdie opsienersfunksie is vir die Here 'n saak van die allergrootste erns. Die ouderlinge sal beslis ook straks aan die Here moet rekenskap gee van elke skaap van sy kudde wat aan hulle sorg toevertrou was (Hd. 20:28; Hb. 13: 17; 1 Pt. 5:1-3; 1 Kor. 3:13 ens.). Die Here waarsku selfs dat Hy iemand wat verlore gaan as gevolg van die laksheid van 'n ouderling, se bloed van so 'n ouderling se hand sal eis (Esg. 3:17-; 33:6-; 34:6-10; Jer. 23:1-2).

Omdat die ouderlinge heel in die besonder moet sorg dat elkeen hom/haar in die huisgesin gedra soos dit behoort (1 Tm. 3:15) is dit ook onvermydelik en noodsaaklik dat hulle gereeld sal moet verslag doen van hulle dienswerk. Veral

wat die sakramente betref het die ouderlinge 'n uiters verantwoordelike taak om te waak dat hierdie besondere genademiddele van onse Here nie onheilig word nie; want indien dit gebeur rus 'n swaar oordeel nie alleen op die ouderlinge nie, maar op die hele gemeente (vgl. bv. 1 Kor. 10:21-; 1 Kor. 11:28-32; 1 Kor. 5:6-; 2 Sm. 24:17; Jos. 7:1. Sien ook formulier vir die bevestiging van ouderlinge). Daarom spreek dit vanself dat minstens by elke doopaansoek die betrokke ouderling en voor elke Nagmaalsviering elke ouderling afsonderlik verslag sal moet doen oor die sedelike lewe van die lidmate in hulle onderskeie wyke wat deur die Here aan hulle sorg toevertrou is.

3. CENSURA MORUM VERGADERINGS

Soos hierbo reeds aangedui behoort 'n censura morum vergadering (d.w.s. 'n verslag deur elke ouderling oor die sedelike welsyn van die lidmate wat die Here aan sy sorg toevertrou het) minstens voor elke nagmaal plaas te vind.

Tydens die Reformasie is in art. 23 van die Dordtse Kerkorde bepaal dat die ouderlinge om hierdie rede verplig is om minstens voor en na elke nagmaal elke lidmaat individueel te besoek. Na my oortuiging is dit in elke geval noodsaaklik dat 'n ouderling minstens *voor* elke nagmaal sy lidmate moet besoek en *na* elke nagmaal opvolgbesoeke behoort te bring aan daardie lidmate by wie een of ander probleem rondom nagmaal aan die lig gekom het. Wie hom konsekwent en met die nodige erns aan die Here se voorskrif in die verband hou, sal spoedig agterkom dat die nagmaal juis *by uitstek* die Here se middel is waardeur onderliggende probleme in sy gemeente na die oppervlak gedwing word. Dit was bv. juis tydens die instelling van die Heilige Nagmaal, inderwaarheid terwyl hulle nog aan tafel was, dat Judas as verraaier van die Here Jesus ontmasker is. Die ouderling behoort ook die deelname van elke lidmaat wat tot die nagmaal toegelaat word met 'n goeie gewete te kan aanbeveel. Indien 'n lidmaat van elders wil meedoen aan die nagmaal, moet hy 'n aanbevelingsbrief saambring van sy eie kerkraad of minstens 'n gunstige verwysing en rede hê wat vir die plaaslike kerkraad aanvaarbaar is, oor waarom hy/sy saam nagmaal wil

gebruik. Wanneer 'n kerkraad nie ten minste hierdie noodsaaklike voorsorg tref om te verhoed dat die Here se tafel ontheilig word nie, word die deur wyd oopgelaat vir onreëlmatighede en word die ywer van God oor die hele gemeente opgewek (1 Kor.10:21-; Gal. 6:7-; 1 Kor. 11:28-32).

Ons het in die AP Kerke immers in gehoorsaamheid aan onse Here geen *oop kommunie* nie. Daarom is dit noodsaaklik dat daar behoorlike kontrole behoort te wees oor wie tot ons nagmaalvieringe toegelaat en wie daarvan weerhou behoort te word.

4. WEERHOUDING VAN DIE SAKRAMENTE EN MEER IN DIE BESONDER VAN DIE HEILIGE NAGMAAL

Die beginsel daarvan en die eis daartoe om in sekere gevalle sekere lidmate van die nagmaal te weerhou word vir ons baie duidelik deur die Here in sy Woord gegee. Ons leer bv. in 1 Kor. 5:7, waar Paulus juis praat oor die nagmaal, dat op die basis van die Ou Testamentiese pasga die ou suurdeeg uitgesuiwer moet word. Daar moet m.a.w. behoorlike voorbereiding by wyse van selfondersoek en bekering plaasvind voor elke nagmaal. Nagmaal is in hierdie opsig juis die middel waardeur die Here sy gemeente telkens weer in die geleentheid stel om huis skoon te maak en eie sake in orde te bring. Wanneer iemand egter desondanks in die een of ander aanstootlike sonde volhard, word die gemeente vermaan om nie saam met so 'n lidmaat nagmaal te vier - solank as wat hy/sy in daardie sonde volhard nie (1 Kor. 5:11). In die laasgenoemde geval gebruik die Here sy Heilige Nagmaal as empiriese of opvoedkundige middel om die verharde sondaar te leer dat deur sy/haar weiering om gehoor te gee aan die Woord van Jesus as die enigste Regeerder en Koning van die kerk, hy/sy hom/haar onvreem van sy koninkryksheerskappy en en derhalwe ook van sy Koninkryk (vgl. bv. ook 1 Kor. 6:9-; Gal 6:19-21; Ef 5:5).

Vervolgens behoort daarop gelet te word dat die weerhouding van die nagmaal nie beteken dat die weerhoude lidmaat onder formele kerklike tug is nie. In so 'n geval mag die sondaar se naam ook nie bekend gemaak word aan die gemeente nie, om

hom/haar soveel moontlik te spaar (vgl. 1 Kor. 13:7). Deur die sg. Excommunicatio simplex of minor/abstentio silentio, welke vorm die weerhouding ookal aanneem, word alleen op 'n besliste wyse by die oortreder aangedring om hom/haar van sy sonde te bekeer. Dit spreek egter vanself dat die excommunicatio minor noodwendig moet oorgaan tot die excommunicatio major of amptelike kerklike tugproses indien die sondaar in sy/haar oortreding volhard en geen blyke van boetvaardigheid en bekering toon nie.

Verder spreek dit vanself dat niemand bloot onbepaald van die sakramente weerhou kan word sonder dat die pastoraat eventueel sal intensiveer by wyse van die toepassing van sensuur en selfs uiteindelik die ban uit of afsnyding van die gemeente nie.

5. TEN BESLUIE

Alles in ag genome, behoort ons maar te duidelik uit die Koning van ons kerk se geopenbaarde wil i.v.m. sy bruidskerk te besef dat die laksheid wat daar by sovele van ons ouderlinge en predikante (wat immers ook ouderlinge is volgens 1 Tm. 5:7) bestaan in ons AP Kerke om nie gereeld en deeglik huisbesoek te doen nie, nie geduld kan word nie. Die enigste manier om hierdie euwel doeltreffend hok te slaan is deur die hou van gereelde censura morum vergaderinge volgens die duidelike bevel van onse Here Jesus Christus as die enigste Hoof van die kerkregering, soos hierbo uiteengesit.

AANBEVELING 22

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit: voeg 'n ordereël by die Ordereëls vir Kerklike Vergaderinge in wat soos volg lui:

Tydens kerkvergaderings word geleentheid gebied vir onderlinge sensuur (censura morum) aan die einde van elke vergadering sonder dat die besonderhede daarvan genotuleer word.

5.8 STATUS VAN PREDIKANTE

Sakelys p. 239 pt. 14.1.1 LIDMAATSKAP VAN AB EN VRYMESSELARY p. 239 pt.
14.1.2 REGSADVIES T.O.V. EIENDOM VAN PLAASLIKE KERK p. 239 pt. 14.1.3

"Die Sinode besluit om die sake genoem in punte 14.1.1 tot 14.1.3 te verwys na die volgende permanente KKS"

AANBEVELING 23

Die KKS beveel aan:

Die Sinode besluit om al drie die bogemelde sake weer na die KKS te verwys vir studie en verslag aan die volgende Sinode.

5.9 GELOOFSBRIEF

(Handelinge p. 565, pt. 9.1)

"Die Sinode besluit, indien nodig, om geloofsbriewe te wysig om voorsiening te maak vir die verteenwoordiging op Sinode en RKA".

AANBEVELING 24

Die Sinode besluit om die Geloofsbrief goed te keur. (Aangeheg as BYLAE KKS .A)

5.10 Toelating Tot Nagmaal

BESKRYWINGSPUNT RING MOOT-SENTRAAL :

Sakelys p. 200 pt. 14.3

Die beskrywingspunt is na die KKS verwys vir advies aan die ring. Die ring moet die probleme aan die KKS uitwys.

Vir kennisname

Die Sinode neem kennis dat die aangeleentheid met die ring afgehandel is en dat die ring versoek het dat die aangeleentheid van toelating tot die nagmaal deur die KKS grondig bestudeer word.

AANBEVELING 25

Die Sinode verwys die aangeleentheid van toelating tot Nagmaal na die KKS vir studie en verslag aan die volgende sinode.

5.11 ONDERTEKENINGSFORMULIER VIR PREDIKANTE

Sakelys p. 237, 238, 240-242, Notule p. 645, pt. 10 en p. 655, pt. 10.1

"Die volgende voorstel word goedgekeur: Die Sinode besluit:

1. Die KKS stuur 'n omsendbrief aan alle leraars van die APK, bring die stukke in die huidige agenda insake die ondertekeningformulier vir predikante daarin onder aandag, vra kommentaar binne 30 dae daarop, en berei 'n ondertekeningformulier na aanleiding van dié kommentaar voor vir voorlegging en finale goedkeuring deur die volgende Sinode, asook 'n voorstel vir ondertekening deur elke predikant van die APK".

Vir kennisname

Die Sinode neem kennis

1. dat die opdrag in verband met die inwin van kommentaar uitgevoer is;
2. dat net 'n paar predikante gereageer het.

AANBEVELING 26

Die Sinode besluit om die Ondertekeningformulier vir predikante/dosente/proponente goed te keur en die ondertekening af te handel.
(BYLAE KKS .B)

5.12 HANDLEIDING VIR VISITATORE

bp. Ring van Vereeniging, Sakelys p. 211 pt. 42.2

"Die Sinode gee opdrag aan die KKS om 'n handleiding vir visitatore ooreenkomstig Gereformeerde kerkregtelike beginsels aan 'n volgende sinode voor te lê vir

goedkeuring, nadat kommentaar ingewin is van die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap".

AANBEVELING 27

Die Sinode keur die onderstaande Handleiding vir Visitatore goed:

1. Ervare personeel

Elke ring besluit self oor sy eie werkswyse en indien op persoonlike visitasie besluit word wys elke ring jaarliks visitatore aan bestaande uit twee ervare en geskikte predikante en twee of drie ervare en geskikte ouderlinge na gelang van die behoefte in die ring.

1.1 Die visitatore besoek jaarliks elke gemeente in die ring.

Die predikante en een van die ouderlinge sal as visitatore 'n gemeente besoek. (Die predikante sal dus al die gemeentes besoek behalwe hul eie). Die ouderling sal as skriba namens die visitatore optree. (Die aangewese ouderlinge kan dan elk een of twee, hoogstens drie, gemeentes besoek en 'n verslag oor hulle skryf).

2. Die visitatore of die ringskommissie berei jaarliks 'n vraelys vir goedkeuring deur die ring voor vir die gebruik deur die visitatore die volgende jaar. Hulle stel die vraelys op aan die hand van die volgende punte (met Kerkorde en Bepalings as riglyn waar van toepassing):

- *2.1 Die ampsdraers in die gemeente (leraar en ouderlinge)*
- *2.2 Die openbare erediens (liturgie en prediking)*
- *2.3 Sakramentsbediening*
- *2.4 Opsig en tug*
- *2.5 Kategese (Verbondsonderrig)*
- *2.6 Verbondsjeug*
- *2.7 Vrouelidmate*
- *2.8 Sending en evangelisasie*
- *2.9 Verhoudinge na buite*
- *2.10 Finansies*
- *2.11 Statistiek*
- *2.12 Argief en boeke*

3. Vrae wat gevra word behoort so gevra te word dat:

- *3.1 die broederlike band tussen gemeentes nie geskaad word nie*
- *3.2 behoorlik toegesien word dat die gesonde leer en 'n gesonde lewenswandel in stand gehou word*
- *3.3 waar nodig vermaan vertroos bemoedig of van raad bedien word aan die hand van die Heilige Skrif.*

4. Die visitatore lewer jaarliks aan die volgende ring skriftelik verslag oor elke gemeente.

5. 'n Addisionele werkwyse wat ernstige oorweging behoort te geniet is dat die ring jaarliks in die gemeente (kerk) waar die ringsitting plaasvind die volle kerkraad ontmoet vir visitasie aan die hand van punt 2 hierbo vermeld.

5.13 KAPELANE

Beskrywingspunt Ring van Moot-Sentraal, Sakelys 372/3 pt. 4.1.4

"Die Sinode besluit dat die Kommissies vir Kapelaansdienste en KKS hierdie saak grondig ondersoek en aan die volgende Sinode verslag doen".

Besluit

1. Aangesien ons nie die getalle het vir staandemag kapelaansposte nie versoek die Sinode plaaslike kerke (gemeentes) om professionele soldate, wat lidmate is van 'n gemeente geestelik te versorg, soos alle ander lidmate. So ook Dienspligtiges wat lidmate of dooplidmate van 'n AP Kerk is.

2. Die AP Kerke stel dit ons ten doel om indien die genade van die Here vir ons genoeg is self die verantwoordelikheid vir die geestelike versorging van al ons lidmate en dooplidmate binne ons gemeentegrense te aanvaar en uit te voer, nou en in die toekoms. In verband met die Veiligheidsmagte beteken dit dat ons as gemeentes self verantwoordelikheid vir die traktering van predikante met die opdrag

bediening van bv. soldate (staandemag en dienspligtiges) aanvaar.

3. Indien 'n predikant van 'n AP Kerk nog kamppligtig is, hy wel indien hy as kommando-kapelaan aangestel kan word, dit sal probeer regkry. Sodoende kan hy dan sy kampe as kapelaan doen en nie as klerk nie.

4. Indien 'n oefening of operasie in 'n bepaalde AP Kerk se grense afspeel, die plaaslike gemeente met die bevelstruktuur kontak maak en uitvind of daar wel lidmate van een of ander AP Kerk is. Die manskappe word dan genooi om die eredienste by te woon of die betrokke leraar en 'n ouderling kan dalk genooi word om 'n diens of dienste vir die manne te velde te gaan hou. In geval van probleme kan die bevelstruktuur dan die plaaslike leraar kontak vir hulp.

5. 'n Operasie te velde wat oor 'n langer tydperk strek en wat buite die grense van 'n AP Kerk kan afspeel.

Die staat neem die besluit vir so 'n operasie en is derhalwe verantwoordelik vir elke lid se totale versorging tydens die operasie. 'n Veldprediker is al oplossing vir die geestelike versorging van soldate te velde.

Indien die SAW 'n AP Kerk veldprediker benodig behoort die Kapelaan-Generaal se kantoor met die BRKA te skakel en die behoefte bekend te maak.

Indien daar tyd genoeg is verwys die BRKA die saak na die Kommissie vir Kapelaansdienste wat die Sinode moet vra om 'n predikant of predikante uit die verband aan te wys om die taak af te handel.

Indien spoedeisend verwys die BRKA die saak na die Kommissie vir Kapelaansdienste wat dan uit die paneel wat deur die Sinode aangewys is 'n predikant moet aanwys vir die taak.

Die Sinode wys jaarliks 'n paneel van drie predikante uit sy geledere aan wat as veldpredikers vir die AP Kerke kan optree. AP Kerk veldpredikers moet deur die weermag soos ander kapelane erken en behandel word.

6. Dienspligkapelane

6.1 Alle voornemende teologiese studente eers diensplig doen en dan gaan studeer.

6.2 Teologiese studente wat nog diensplig moet doen gelegitimeer word na afhandeling van hulle teologiese studies.

6.3 Gemeentes waarin daar 'n sametrekking van dienspligtiges is en waar ons 'n AA KD pos kan kry 'n ooreenkoms opstel wat met 'n jong predikant aangegaan kan word. Die ooreenkoms sluit die volgende in:

6.3.1 Die jong broeder word as predikant beroep en as tydelike medeleraar bevestig om hulpdiens te verrig. Die hulpdiens sluit die volgende in:

- 6.3.1.1 Sy bediening is beperk tot die NDP's in die gemeente.
- 6.3.1.2 Hy voer sy pastorale pligte slegs na ure uit.
- 6.3.1.3 Hy word vir 'n beperkte of bepaalde tydperk beroep, nl. die tydperk wat hy diensplig moet doen.

6.3.2 As leraar is hy lid van die mediese en pensioenskema, maar as gevolg van sy klein verdienste in die SAW dra die gemeente sy volle betalings vir hierdie fondse.

6.3.3 'n Traktement wat rekening hou met bogenoemde.

AANBEVELING 28

Die Sinode besluit om pt. 6.1 tot 6.3.3 rakende die taak en bevestiging van dienspligkapelane (beskrywingspunt van die Ring van Mootsentraal) hierbo goed te keur.

5.14 VOORTBESTAAN VAN SKK

Sakelys p. 76 pt. 8

Verwys Verslag van SKK.

5.15 VROUE-AKSIE

Verwys Verslag van SKK.

6. BESKRYWINGSPUNTE

6.1 Wysigings van die KO-artikels, Bepalings en Ordereëls

6.1.1 Bepaling 37.I

Ring van Suidkus

Die Ring stel soos volg voor: Dat wat soos volg lui: "Niemand mag by twee agtereenvolgende ringsittings as voorsitter optree nie", geskrap word.

6.1.1.1 Motivering

Om eenvormigheid te bewerkstellig. Elke vergadering besluit self wie hy as voorsitter gaan kies.

6.1.1.2 KKS kommentaar

Voor die Sinode dien ook die volgende sake wat betrekking het op hierdie beskrywingspunt nl. - beswaarskrif van die kerkraad van die APK Potchefstroom, en die uitvoering van 'n opdrag van die 1990 Sinode, rakende die voorsitterskap van die kerkraad, kyk studiestuk in VERSLAG pt. 5. Belangrike Skrifbeginsels oor hierdie saak en bewese gesonde praktyk uit die Gereformeerde kerkregering, mag nie geïgnoreer word nie. Indien dit nie in die Kerkorde en Bepalings vasgelê word nie, bly die vraag: Hoe gaan kerkvergaderings van die APK daaraan gehoor gee?

6.1.1.3 KKS AANBEVELING 29

Die Sinode besluit dat die saak in geheel na die Tydelike KKS verwys word om die Sinode ter vergadering met 'n aanbeveling te dien.

6.1.2 Wysiging van Bepaling 14F 1.3 en 14F2 - 1990 KO

Ring van Germiston:

6.1.2.1 Die Sinode besluit om Bep. 14 F1.3 en 14 F2 wat so lui:

14 F1.3 "langverlof van tien dae per jaar ná drie jaar en dit is slegs met die toestemming van die kerkraad oploopbaar. Ongebruikte langverlof word in oorleg met die kerkraad voor demissie óf geneem óf

uitbetaal wanneer die predikant 'n beroep aanvaar;

14 F2 'n Predikant behoort sy vakansieverlof te neem voordat hy demissie ontvang. 'n Kerkraad kan besluit om óf ongebruikte vakansieverlof toe te staan óf die verlof uit te betaal t.o.v. die jaar waarin die leraar 'n beroep ontvang en dit opvolg"

soos volg te wysig:

14 F1.3 langverlof van 10 dae per jaar wat verkieslik eers ná drie jaar in 'n gemeente geneem kan word. Langverlof kan slegs met toestemming van die kerkraad tot meer as dertig dae oloop.

14 F2 'n Predikant behoort sy vakansie- en langverlof te neem voordat hy demissie ontvang. 'n Kerkraad kan besluit om óf ongebruikte vakansie- en langverlof toe te staan óf die verlof uit te betaal.

Motivering

1. 'n Predikant wat van een gemeente na 'n ander beroep word en aanvaar, tree nie uit die bediening nie.

2. Dit blyk nie in orde om met hierdie bepaling die predikant te dwing om vir ten minste drie jaar in 'n gemeente te bly nie of om hom andersins te penaliseer terwyl hy nog steeds in diens bly nie.

6.1.2.2 KKS AANBEVELING 30

Die Sinode besluit om die beskrywingspunt van die Ring van Germiston rakende die verlof van leraars, (Bepaling 14F 1.3 en 14F2) aangesien dit laat deur die KKS ontvang is, te behandel soos in die Addendumverslag van die KKS aanbeveel.

6.1.3 Wysiging van KKS art. 55

Ring van Germiston:

6.1.3.1 Die Sinode besluit om art. 55 wat so lui:

"Wanneer 'n ouderling of diaken hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, ondersoek sy kerkraad die saak. Die kerkraad mag hom by skuldigbevinding hoogstens tydelik in die amp stuit. Indien

die kerkraad oordeel dat hy afgesit moet word, beslis die ring daaroor"

soos volg te wysig:

"Wanneer ouderlinge of diakens hulle aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, kan hulle onmiddellik deur die kerkraad, of die ring of ringskommissie gestuit word in afwagting van verdere ondersoek. Die verdere ondersoek geskied deur die kerkraad indien daar steeds 'n kworum van die dienende kerkraadslede bestaan wat nie as aangeklaagdes t.o.v. die spesifieke afdwaling betrokke is nie. Die finale ondersoek en tugtoepassing geskied deur die ring".

6.1.3.2 Motivering

Ontbreek.

6.1.3.3 KKS AANBEVELING 31

Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt van Germiston rakende KO artikel 55 saam met pt. 4 van die Verslag, AANBEVELING, behandel word.

6.1.4 Wanneer word sinodebesluite van krag?

6.1.4.1 Ring van Germiston:

Aanbeveling: Die Sinode wysig die besluit van die Derde Sinode, 1989, (Handelinge bl. 425) wat so lui: "Die Sinode besluit dat sinodale besluite van krag word sodra die notule goedgekeur is"

om soos volg te lui:

"Die Sinode besluit dat sinodale besluite van krag word sodra die Handelinge van die Sinode gepubliseer is, tensy die Sinode in besondere gevalle anders besluit".

Motivering

1. Die Sinodebesluite word soms deur die tydsbepaling, nie almal op die Sinode goedgekeur nie.

2. Al die afgevaardigdes kan dan nie die goedgekeurde notule saamneem nie.

3. Die besluite in die hande van 'n paar afgevaardigdes beteken nie dat dit tot beskikking van al die gemeentelede is nie.

6.1.4.2 KKS AANBEVELING 32

Die Sinode keur die beskrywingspunt van Germiston rakende die bekragtiging van sinodebesluite goed.

6.1.5 Wysiging van KO Bepaling 37 F.1

Ring van Naboomspruit:

Bepaling 37 F.1 word gewysig om te lees: Die Ring benoem 'n konsulent vir elke kerk (gemeente) binne sy ressort.

6.1.5.1 Motivering

Ontbreek.

6.1.5.2 KKS AANBEVELING 33

Die Sinode besluit om die beskrywingspunt van die Ring van Naboomspruit (KO Bep 37 F1), aangesien dit laat deur die KKS ontvang is, te behandel soos in die Addendumverslag van die KKS aanbeveel.

6.1.6 Wysiging van KO art. 38.1

Ring van Vereeniging:

6.1.6.1 Uit elke kerk (gemeente) minstens twee afgevaardigdes, naamlik die bedienaar(s) van die Woord (hoogstens twee) en een kerkraadslid per predikant, by voorkeur 'n ouderling maar as 'n ouderling nie gevind kan word nie, 'n diaken. 'n Gemeente sonder predikant stuur twee kerkraadslede van wie een 'n ouderling moet wees. Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien word.

6.1.6.2 Motivering

1. Die reëling dat twee kerkraadslede (in plaas van een) behalwe 'n predikant (as daar een is) 'n plaaslike kerk (gemeente) op die Sinode verteenwoordig, was noodsaaklik om die APK in sy vroeë jare op dreef te kry. Nou dat die fundamente gelê is, is een kerkraadslid per predikant(spos) voldoende.

2. Dit beteken 'n besparing van mannekrag en geld vir die plaaslike kerk (gemeente) sonder dat die Gereformeerde beginsel betreffende verteenwoordiging aangetas word.

3. Nou dat ons gemeentetal reeds by 200 verbygesteek het, gaan dit al moeiliker om vir drie afgevaardigdes per gemeente (dis tans die toegelate maksimum) losies en saalruimte te vind.

6.1.6.3 KKS AANBEVELING 34

Die Sinode besluit om die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging (KO art 38.1), aangesien dit laat deur die KKS ontvang is, te behandel soos in die Addendumverslag van die KKS aanbeveel.

6.1.7 Wysiging van KO art. 38.2

Ring van Memel:

6.1.7.1 Die Sinode besluit
Rojeer: ... tensy hy met beperkte opdrag aan 'n gemeente verbind is en vlgs. Art. 38.1 deur die kerkraad afgevaardig is.

6.1.7.2 Motivering

1. Alle professore se primêre taak is

- 1.1 Navorsing
- 1.2 Opleiding.

Dit beteken dat hulle die kerk moet dien met nuwe publikasies en studiestukke oor brandende vraagstukke.

2. Die professore vervul hier 1,5 professor se pos vanweë die feit dat ons 2 professore kort kom. Daar bly geen tyd oor vir bykomstige werk in gemeentes nie.

3. Die professore moet poog vir 'n teologiese blad met 'n hoë akademiese standaard.

4. Alle professore kan nie die Teologie beoefen en tegelykertyd beoordeel op kommissies nie.

5. Die professore se ander groot taak is die voortgesette teologiese opleiding van die leraars.

6. Die professore moet behulpzaam wees met teologiese studies vir lidmate.

7. Die kerk stel die allerhoogste eise aan die professore. Ons kerk is brandarm aan teologiese literatuur. Ons kerk eis dit van die professore dat daar nou teologiese publikasies moet verskyn. Bybelstudies en dogmatiese en etiese riglyne oor al die handelende vraagstukke.

8. 'n Professor nou waarderende advies aan 'n Sinode gee. Sodra hy lid is van 'n Sinode moet hy stem en kant kies.

9. 'n Professor as afgevaardigde na die Sinode kan op 'n paar kommissies gekies word wat beteken dat daar baie van sy tyd ingesluk word.

10. Die kerk sal meedoënloos wees as hy agterkom dat sy teologiese opleiding nie op standaard is nie.

11. Gemeentes wil by geleentheid die professore na kerklike geleenthede bv. Nagmaal en konferensies uitnooi. As hulle verbind is aan 'n gemeente dan kan dit nie gebeur nie.

12. Dit is nie nodig vir 'n professor om 'n leraar van 'n gemeente te wees en om afgevaardigde na 'n Sinode te wees om so praktiese kontak met die kerk se werksaamhede te maak nie. Hy is lid van 'n gemeente waar hy met al die werksaamhede van die kerk kennis kan maak.

6.1.7.3 KKS AANBEVELING 35

Die Sinode besluit om die beskrywingspunt van die Ring van Memel ((KO art 38.2) saam met 'n beswaarskrif van dr CI van Heerden en die uitvoering van 'n opdrag deur die 1990 Sinode aan die KKS, VERSLAG pt. 5 aanbeveling te behandel.

6.2 Wysiging van Sinodebesluite

6.2.1 Dr MFM Pretorius:

(vgl. "Wie mag in 'n AP kerk preek?" KO 1990 Bylae 1).

Die Sinode word versoek om die besluit rakende preke deur ouderlinge in ander AP kerke te heroorweeg.

6.2.1.1 Motivering

Die beslissing deur die Sinode nl. dat ouderlinge van gemeente A nie in gemeente B 'n leespreek mag hou nie plaas sommige gemeentes in 'n moeilike posisie.

'n Gemeente mag op 'n gegewe Sondag, weens omstandighede, nie 'n ouderling hê om 'n leespreek te lewer nie, as 'n ouderling van 'n buurgemeente dan nie mag uithelp nie, gaan daardie gemeente sonder 'n diens.

6.2.1.2 **KKS AANBEVELING 36**

Die Sinode besluit om die beskrywingspunt van Dr MFM Pretorius (Wie mag preek in 'n AP Kerk?), aangesien dit laat deur die KKS ontvang is, te behandel soos in die Addendumverslag van die KKS aanbeveel.

6.2.2 **Prosedure by opname van lidmate (vgl. KO 1990 Bylae 2)**

Ring van Lichtenburg :

6.2.2.1 Inleidende paragraaf bly dieselfde.

Punt 1 word soos volg gewysig:

- 1. Bly dieselfde.
- 1.1 Bly dieselfde.
- 1.2 Bly dieselfde.
- 1.3 Indien die persoon hom steeds met KO Arts. 1, 2 en 3 vereenselwig berig die predikant/ouderling hiervan aan die kerkraad en word sy attestaat sonder verwyl by die erediens afgelees en word hy as volle lidmaat opgeteken en verwelkom.
- 1.4 Verval.
- 1.5 Verval.

6.2.2.2 Motivering

'n Attestaat wat uitgereik is deur en namens 'n kerkraad, is 'n getuienis oor die leer en lewe van 'n lidmaat. Die attestaat mag nie deur 'n volgende kerkraad in twyfel getrek word nie. Indien gehandel word volgens bogenoemde wysiging, word geleentheid geskep dat deur die predikant/ouderling seker gemaak kan word dat die betrokke persoon hom nog vereenselwig met die leer en belydenis van die kerk. Indien dit wel die geval is, mag daar geen rede wees om sy lidmaatskap verder onderhewig te maak aan die goedkeuring deur die gemeente, wat hom buitendien nie ken nie. Indien gehandel sou word volgens 1.4 en 1.5 van die Prosedure (soos in 1990 Kerkorde) sou dit beteken dat 'n attestaat van 'n kerkraad deur 'n volgende kerkraad betwyfel word en dat met 'n lidmaat gehandel word asof hy oorkom vanuit 'n ander kerk, soos in punt 2.

6.2.2.3 KKS Kommentaar

Inderdaad kom 'n lidmaat met 'n attestaat uit 'n ander AP Kerk. Verder mag die attestaat aantekeninge bevat wat die lidmaatskap en hantering daarvan deur die kerkraad raak. Dit is gevolglik nie die attestaat van die vorige kerkraad wat in twyfel getrek word volgens Bylae 2 nie,

tensy dit daar ingelees word. Dieselfde geld vir die vraag of die getuienis van goeie leer en lewe nog geld. Wat Bylae 2 wel voorsiening voor maak, is dat die attestaat deur die kerkraad en gemeente na behore hanteer sal word. Die kennis dat die lidmaat wel met attestaat oorkom, na die nakoming van die vereistes van Bylae 2, sonder enige beswaar van die kerkraad en gemeente, is vir die lidmaat self én vir die gemeente bevorderlik en tot vreugde.

6.2.2.4 KKS AANBEVELING 37

Die Sinode besluit om die beskrywingspunt van die Ring van Lichtenburg (KO 1990, Bylae 2), aangesien dit laat deur die KKS ontvang is, te behandel soos in die Addendumverslag van die KKS aanbeveel.

6.2.3 Aftree-ouderdom van leraars

Ring van Lichtenburg :

6.2.3.1 Die Sinode besluit om die aftree-ouderdom van leraars op 65 jaar te bepaal. Na emeritaat kan leraars nog hulpdiens in gemeentes verrig maar net in tydelike hoedanigheid.

6.2.3.2 Motivering

Met die toenemende aantal leraars wat tot die bediening in die APK toetree, moet vroegtydig ruimte geskep word vir standplase vir die leraars. Leraars wat 65 jaar bereik het kan nog waardevolle hulpdiens verrig waar daar nood is. Eredienste, bidure en besoeke kan nog behartig word. Maar 'n leraar bo 65 jaar is gewoonlik nie meer in staat om aan al die eise van die bediening te voldoen nie en behoort plek te maak vir 'n jonger leraar.

6.2.3.3 KKS AANBEVELING 38

Die Sinode besluit om die beskrywingspunt, aangesien dit laat deur die KKS ontvang is, te behandel soos in die Addendumverslag van die KKS aanbeveel.

6.2.4 Naam van Kerk

Ds AJ van Niekerk :

6.2.4.1

1. Die Sinode besluit in beginsel dat die naam van die kerk verander word na: HERENIGDE GEREFORMEERDE KERK, met behoud van die onderskrif: ('n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners).

2. Die Sinode besluit dat die noodsaaklikheid en die dringendheid van die voorgestelde naamsverandering onmiddellik onder die aandag van al die gemeentes gebring word, sodat die voorgestelde verandering nog in hierdie jaar afgehandel kan word, selfs al sou dit 'n spesiale sinodesitting vereis.

6.2.4.2 Motivering

1. Die voorgestelde nuwe naam sê presies wat ons is. Wat aanvanklik tot stand gekom het onder destydse lidmate van die NG Kerk, het reeds in die klein hereniging geword van behoudende lidmate van al die kerke van gereformeerde belydenis.

2. Die voorgestelde nuwe naam is reeds 'n getuienis teen die ongewenste verdeeldheid van behoudende blanke gelowiges met dieselfde gereformeerde belydenisgrondslag. Alle behoudende blanke gereformeerdes sal ná die naamsverandering met groter vrymoedigheid by die kerk aansluit, sonder dat dit nodig sal wees om elke keer aan hulle te verduidelik dat ons wel gereformeerde is.

3. Sodoende sal die kerk baie vinniger groei en 'n sterk bindfaktor word van behoudende blanke gelowiges onder die Afrikaner - iets wat die drie susterskerke eers was, maar nou nie meer is nie. Sonder daardie kerklike bindfaktor kan die verdeeldheid op ander terreine van die behoudende blankes ook nie besweer word nie.

4. Die huidige naam, hoe dierbaar dit ookal vir ons geword het, skep verwarring. Mense verwar die kerk met die Pinkster Protestante en die destydse nuwe Protestante, en verkeer dikwels onder die indruk dat ons 'n charismatiese sekte is. Hierdie is 'n wesenlike probleem waarmee ons elke dag te doen kry en wat die groei van die gemeentes in die wiele ry.

5. Ons staan op die punt om baie eiendomme te registreer. 'n Naamsverandering sal nou reeds heelwat kostes meebring. As ons na nog 'n aantal jare tot so 'n stap wil oorgaan, sal die koste fenomenaal wees (vgl. die Nuwe Protestante wat na baie jare hulle naam verander het na Evangelies-Gereformeerd), en mag 'n verandering onmoontlik wees.

6. In die daaglikse omgang waar van die kerk *gepraat* word, kom die onderskrif by ons naam nooit ter sprake wanneer die *naam* van die kerk *genoem* word nie. Dit is dus dringend noodsaaklik dat die woord "gereformeerd" direk in die naam geplaas word om ons as gereformeerde te identifiseer.

7. Daar is sprake in Wes-Transvaal en die OVS van *gemeentes* van veral die NG Kerk wat na 'n ander kerkverband soek. Die voorgestelde nuwe naam mag dit selfs bevorder dat *gemeentes* by die kerkverband gevoeg word, of die grootste persentasie van sekere gemeentes, *op voorwaarde* dat alle lidmate van so 'n gemeente art. 3 van die KO onderskryf en dit met hulle handtekening bevestig.

6.2.4.3 KKS AANBEVELING 39

Die Sinode besluit om die beskrywingspunt van ds Van Niekerk (naamsverandering van kerk), aangesien dit laat deur die KKS ontvang is, te behandel soos in die Addendumverslag van die KKS aanbeveel.

6.3 Beswaarskrifte

6.3.1 Beswaarskrif : APK Potchefstroom insake skrapping van Bepaling 40.6 (KO 1989) deur Sinode 1990

6.3.1.1.1 Besluit waarteen beswaar gemaak word:

"Die Sinode besluit dat die sinodale vergadering sy eie voorsitter kies ongeag enige dienstermyne as voorsitter" (kyk onder op bl. 467 van Handeling : 1990).

6.3.1.1.2 Voorstel:

Dat die kerkraad, via die Ring van Klerksdorp, die Sinode versoek om hierdie besluit in herooring te neem, dit daarna te verwerp en die bewoording van ou Bepaling 40.6 weer in die Kerkorde op te neem (as Bepaling 41 F) sodat hierdie uiters belangrike beginsel in ons Kerkorde behoue bly.

6.3.1.1.3 Motivering

1. Die Kerkorde van Dordrecht (1618/19), wat as grondslag vir die APK se Kerkorde dien, reël selfs baie uitdruklik in art. 37 dat twee leraars in 'n gemeente *om die beurt* voorsitter van die kerkraad moet wees - ter voorkoming van die geringste sweem van kerklike hiërargie. Waarom sou die APK hom nou van hierdie belangrike beginsel distansieer?

2. Kritiek teen die APK, uit die mond van vooraanstaande behoudende Afrikaner- en kerkleiers, dat die APK, netsoos die NGK vanouds, in 'n "Pouskerk" ontwikkel, mag nie toegelaat word om pos te vat nie.

3. Sou die Sinode jaar vir jaar dieselfde persoon tot voorsitter verkies, verkry hy nie net die *beeld* en *status* van permanente en bekwaamste voorsitter nie, maar ongetwyfeld ook hiërargiese "bevordering" (terwyl die Skrif leer dat alle ampsdraers gelyk is). Hy word mettertyd die gesaghebbende, permanente verteenwoordiger van "sy kerk", van wie daar verwag word om (namens die hele kerkverband van tyd tot tyd uitsprake te doen.

4. Die AP kerkverband moenie net die Dordtse *Leerreëls* heelhartig aanvaar omdat dit met Gods woord ooreenkom nie, maar ook die inhoud en beginsels van die Dordtse *Kerkorde* - omdat ook dit op die Skrif gebaseer is. Slegs indien die *teendeel* bewys kan word, durf ons daarvan afwyk.

6.3.1.2. KKS AANBEVELING 40

Die Sinode besluit dat die beswaarskrif ontvanklik is vir behandeling deur die Sinode.

6.3.2 Besluit van 1990 Sinode oor KO art. 37.2 (1989)

Beswaarskrif : Dr CI van Heerden

6.3.2.1.1 Artikel 31

Wanneer 'n lidmaat meen dat 'n besluit in stryd is met die Skrif en/of Belydenisskrifte en/of Kerkorde en/of ander Sinodebesuite, kan hy 'n beswaarskrif indien by die betrokke vergadering wat die besluit geneem het, ter motivering vir die verandering van die besluit.

By die vorige Sinode het ek beswaar gemaak teen die verandering van art. 37.2 van die 1989 KO. Ek het kennis gegee dat ek 'n beswaarskrif sal indien. Handeling 1990 p. 504.

Ek maak graag gebruik van die reg om beswaar te maak teen die Sinodebesluit en voer my redes aan, waarna ek sal vra dat die besluit herroep word omdat ek glo dat dit in belang van die APK is.

6.3.2.1.2 Bepaling 58 A.1

Die besluit waarteen beswaar aangeteken word, woordeliks aangehaal.

1. Die besluit is opgeteken in die Handeling van die 4de Sinode van die APK 1990 op bladsye 503-504 - "Aanbeveling 5 goedgekeur:

(a) Die Sinode besluit om na die nuwe art. 9.6 'n nuwe art. 9.7 in te voeg, wat soos volg bewoord is: (die Sinode) bepaal dat 'n teologiese dosent deur 'n kerkraad met uiters beperkte opdrag beroep kan word, met dien verstande dat met die Kuratorium onderhandel word oor die omvang van die opdrag.

(b) Aanbeveling 6 - goedgekeur soos gewysig deur die vlge. amendement: wysig art. 37.2 soos volg: voeg aan die einde by: 'Dit is indien die gemeente nie 'n voltijdse leraar het nie'.

Die gewysigde aanbeveling soos goedgekeur lui dus so:

Die Sinode besluit om art. 37.2 van die KO 1989 soos volg te wysig:

(*Sinode* samestelling 'Die Sinode word saamgestel uit die vlge. afgevaardigdes: 37.1: uit elke kerk (gemeente) die bedienaars van die Woord ...')

art. 37.2: 'n Teologiese dosent moet in adviserende hoedanigheid sitting neem tensy hy met beperkte opdrag aan 'n gemeente verbind is en volgens art. 37.1 deur die kerkraad afgevaardig word. Dit is indien die gemeente nie 'n voltijdse leraar het nie.'

6.3.2.1.3. *Duidelike gronde* wat aangevoer word vir die *beswaar*.

1. Dertien leraars en 14 ouderlinge en diakens het hulle name laat aanteken dat hulle in die minderheid gestem het. Hieruit is dit duidelik dat die *saak nie deeglik beredeneer* kon word nie.

2. Die hele saak is oor die boeg van "*leraar met beperkte opdrag*" gegooi.

Die historiese agtergrond vir "die leraar met beperkte opdrag" was 'n *noodmaatreël* op die eerste twee Sinodesittings om vir *emeriti* wat hulle nie wou beroepbaar stel ook *sittingsreg* deur afvaardiging op die Sinode te kry. Dit was *nooit* bedoel om van toepassing te wees op *dosente* nie.

3. Daar was nog geen *volledige* artikels wat in die Kerkorde die prosedures vir beroep van teologiese dosente kon reël nie.

4. Van 1987 het die Sinode dit goedgekeur dat 'n lidmaat net in een *besondere amp* op 'n keer kon dien. M.a.w. emeriti en dosente kon nie as *ouderlinge* gekies word om afgevaardig te word na 'n Sinode nie.

5. Die Sinode het die hele *beginsel* van "beperkte opdrag" na die KKS verwys om die beginsel kerkordelik te omskryf. Dit is duidelik dat die Sinode nie 'n *tweederangse dominee* in die gemeente wil hê nie. Daar is groot besorgdheid in gemeentes dat die hele saak van "beperkte opdrag" *nie 'n bevredigende reëling is nie*.

6. In die voorwoord van die 1990 uitgawe van die Kerkorde staan die vlge: "Hierdie

uitgawe ... is die vrug van die leiding van die Heilige Gees sedert die stigting van die APK in 1987, waarin die Heilige Skrif, die Drie Formuliere van Enigheid en die Dordtse Kerkorde (1618-1619), in hierdie volgorde, van deurslaggewende betekenis was". Die voorwoord is onderteken deur al die lede van die Kommissie vir Kerkregtelike sake en twee professore wat as adviseurs opgetree het.

7. In die Kerkorde van Dordtrecht 1618-1619 het die Sinode die volgende artikels:

art. 2 van de diensten (ampte).

"De Dienstens zijn vierderley der Dienaren des Woordts, der Doctoren, der Ouderlingen, en de der Diaconen".

art. 3 "Het zal niemant, alhoewel hy een Doctor, ... is, geoorlooft zijn dan dienst des Woordts ende der Sacramenten te betreden, zonder wettelijck daar toe te beroepen zijn ..."

art. 18 "Het ampt der Doctoren ofte Professoren inder Theologie is, de Heilige Schrifture uyt te legghen ende der suyvere Leere tegen de Ketterijen ende doorlinghen voor te staen".

8. Dit is duidelik uit die voormelde artikels uit Dordt dat die Reformatore in die 16de eeu die opvatting gehad het dat daar 4 ampte was.

9. Saam met *Calvyn* onderskei Dordt 4 ampte: Leraars, herders, ouderlinge en diakens. Aan die leraars; wat ongeveer met die profete van die NT op één lyn gestel word, word die taak van die uitleg van die Skrifte toegeken; hulle kan nie Sakramente bedien en die tug toepas nie. *Calvyn* leer dit o.m. met beroep op Ef. 4:11, deur in hierdie teks die herders en die leraars in twee selfstandige kategorieë te beskou.

10. In die artikels van Wezel (1568) word in ooreenstemming met *Calvyn* se opvatting, van die herders onderskei die leraars; hierdie leraars het dieselfde taak as die profete, om nl. te onderwys.

11. Voetius in (p. iv 197) beklemtoon die feit dat professore geen sitting op die Sinode het nie. Hy verklaar: "Ik kan niet inzien dat men tot hiertoe met grond eenig onmiddellik recht van Godswege, of eenig

stellig menschlijk en kerkelijk recht, hetzij van de ander het zij van de Gereformeerde Kerk daarvoor heeft kunnen bijbrengen". (Vertaling H Bouwman - sien Geldenhuys p. 201).

"Aangenomen dat het ambt van den academischen godgeleerde behoort tot den heiligen of kerkelijken dienste, dan mag daarin niet worden begrepen, dat hij niet ook krachtens dat ambt zitting mag hebben in alle provintiale synoden,...". (Vgl. Geldenhuys p. 202).

12. Daar bestaan egter *eenstemmigheid* daaroor dat professore *uitgenooi* behoort te word om die Sinode by te woon met *adviserende* stem, veral waar dit gaan oor *leerkwessies*. Dit is die *gebruik* in die meeste Gereformeerde Kerke. Die Sinode is 'n vergadering van kerke en word saamgestel deur die afgevaardigdes van die gemeentes wat namens hulle handel en beslis. Dit is wel nodig en in belang van die kerk dat die dosente die Sinode dien met hulle advies, kennis en ervaring.

13. In die huidige stelsel word professore nou beroep met *uiters beperkte opdrag*. Nou word hulle *afgevaardigdes*. Die hele betekenis van *advies* verdwyn nou. Hulle kan nie nou as *adviseurs* kerklike drag aantrek en op 'n bepaalde plek in die Sinode wat vir hulle reserveer is gaan sit nie. Hy is nou gewone *afgevaardigde* wat sy standpunt stel en wat afgestem kan word. Die gevaar is dat die *dosente* vanweë hulle *ereposisie* skuldig kan wees aan die oortreding van *artikel 7*; "By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie".

14. Die teologiese dosent se taak is om:

- 1. die *teologie* te beoefen;
- 2. hy moet *publiseer*;
- 3. hy moet beskikbaar wees om in ander gemeentes by geleentheid op te tree;
- 4. sodra hy *afgevaardigde* op 'n meerdere vergadering is, word hy op die kommissies verkies wat geweldig baie van sy tyd insluk. Gemeentes spreek hulle misnoeë uit teen dominees wie se tyd deur Sinodale werk ingesluk word.

Waar kry die professor met beperkte opdrag tyd vir *al* die werk?

- 5. Die dosente het as opdrag van die Sinode gekry die versorging van 'n *teologiese blad*. Die besluit is al twee jaar gelede geneem en daar het nog geen uitgawe verskyn nie.

15. Die dominee-getal is by sy versadigingspunt. Ons het nie meer die *noodmaatreël* nodig wat aan die begin van die kerkstigting geneem is nie.

16. Om te beweer dat ons nie die *dosente* op 'n podium moet plaas los van die gemeente nie, is geen argument wat steek hou nie. Elke dosent is in 'n plaaslike gemeente en as hy *meelewend* is, kom hy in aanraking met die probleme van die kerk wat vir hom *nodig* en *voordelig* is vir sy teologiese besinning.

17. Hoe gaan ons *ontslae* raak van die leraars "met beperkte opdrag" as daar *genoeg* leraars is?

18. 'n Dosent kan mos met 'n gemeente 'n *diensooreenkoms* aangaan wat beperk is, sonder dat hy *beroep* moet word.

19. Dosente met "beperkte opdrag" wat afgevaardigdes na die Sinode is, kan op al die poste van die Sinode kom. Dit is 'n baie ongelukkige ontwikkeling. Jy kan nie *beoefenaar* van die teologie en tegelykertyd *beoordelaar* van jou teologie wees nie.

6.3.2.1.4 Aanbeveling

1. Die Sinode besluit dat sy teologiese professore, die *doktoreamp*, soos Dordt dit stel sal *beoefen*.

2. Die Sinode besluit om die *noodmaatreël* ten opsigte van die leraars met "beperkte opdrag" te beëindig.

3. Gemeentes kan met leraars en dosente 'n bedieningsooreenkoms aangaan, sonder dat dit nodig is om hulle te beroep.

4. Dosente woon die Sinode in *adviserende* hoedanigheid by soos dit in die oorspronklike KO art. 37.2 van 1987 was en soos dit deur Dordt en ander

Sinodes van Gereformeerde kerke in gebruik was.

6.3.2.2 KKS AANBEVELING 41

Die Sinode besluit dat die beswaarskrif van dr CI van Heerden (doctore amp) ontvanklik is vir behandeling deur die Sinode.

6.3.3 Beswaarskrif Ds S Botes i/s Kleredrag

6.3.3.1 Die beswaarskrif verskyn in SKK-verslag.

6.3.3.2 KKS AANBEVELING 42:

Die Sinode besluit dat die beswaarskrif ontvanklik is vir behandeling deur die Sinode.

7. SLOT

Die kommissie vertrou dat hy sy taak tot bevrediging van die Sinode afgehandel het.

Die seën van die Here word u toegebid op die vergadering.

Prof dr FAH van Staden

Ds A S van Jaarsveld

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk Van Christus Onder Blanke Afrikaners)

KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE

GELOOFSBRIEF VIR RING, SINODE EN RKA

Die kerkraad van die Afrikaanse Protestantse kerk (naam van die gemeente) het op sy vergadering, van 199.., as sy afgevaardigdes ooreenkomstig art. 36.1, art. 36.4 en art. 38.1 en 2 van die Kerkorde, die volgende kerkraadslede aangewys om die kerkraad te verteenwoordig op die vergadering van die (vul in Ring of Sinode en RKA) in sitting vanaf en volgende dae te

(Volle name en adresse moet getik of in swart ink en in drukskrif weergegee word:)

Leraar(s):

.....

Kerkraadslede:

Primarij: Oudl/Diak

..... Oudl/Diak

..... Oudl/Diak

Sekundi: Oudl/Diak

..... Oudl/Diak

..... Oudl/Diak

Bogenoemde afgevaardigdes het opdrag om by bogenoemde vergadering aan die beraadslaginge en besluite oor alle sake, wat wettig ter tafel kom, deel te neem, in onderworpenheid aan die Woord van God, die Belydenisskrifte en die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerkverband.

Die kerkraad en die gemeente bid die vergadering God se rykste seën toe op al die werksaamhede en besluite.

Geteken namens die kerkraad op 199...

Voorsitter:

Skriba:

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)***KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE****ONDERTEKENINGSFORMULIER VIR PREDIKANTE/DOSENTE/PROPONENTE
BINNE DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKVERBAND**

Ek die ondergetekende, (volle naam) toegelaat tot die openbare bediening van die Woord van God binne die Afrikaanse Protestantse Kerkverband, *verklaar* hiermee in alle opregtheid voor die Here, dat ek die leer van die Kerkverband, soos saamgevat in die drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht 1618-1619 van harte glo en onderskryf en dat ek heelhartig glo dat gemelde leer in alles met die Woord van God ooreenkom.

Ek *beloof plegtig*, dat ek genoemde leer sal uitdra en getrou sal verdedig. Ek belowe verder dat ek geen leer strydig met of buite die leer in die geheim of openlik sal preek, skrywe, onderrig of op enige manier sal voorstaan en propageer nie.

Ek *verwerp* alle dwalinge wat met gemelde leer in stryd is en belowe om sodanige dwalinge te weerlê en alles wat moontlik is te doen om dit uit die Kerkverband te weer.

Verder *belowe* ek dat, indien dit mag gebeur dat ek later enige bedenking of beswaar teen die gemelde leer sou hê, ek dit nóg in die geheim, nóg mondeling of skriftelik te kenne sal gee, anders as aan die plaaslike Kerkraad en/of aan die Kuratorium waaraan ek verbonde mag wees. Ek onderneem om my te hou aan die Kerkorde soos deur die Sinodes goedgekeur.

Verder *verklaar* ek plegtig dat ek my aan die uitsprake van die bevoegde meerdere kerkvergadering(s) sal onderwerp met behoud van die reg van hoër beroep ooreenkomstig die Kerkorde en bepalings van die Afrikaanse Protestantse Kerkverband.

Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormelde.

Gegee en geteken te op hierdie dag van 19...

Handtekening:

Getuies: 1. 2.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE 16 - 21 SEPTEMBER 1991

AD HOC-KOMMISSIE VOLKERE- VERHOUDINGE, ENS

Geagte Voorsitter en Broers,

U kommissie wens as volg te rapporteer:

1. OPDRAG

"Die Sinode 1990 wys ('n) ad hoc permanente kommissie aan om Skriftuurlike riglyne op te stel oor die volgende sake en dit aan die volgende Sinode voor te lê vir oorweging:

1. Volkereverhoudinge: (Dit sluit in: die voortbestaan al dan nie van volkere, rasseverhoudinge; die skepping van volke; volkseie kerke; is daar in die Bybel verskil tussen "volk" en "nasie"? ens.)

2. Geregtigheid.

3. Kerklike eenheid. (Dit sluit o.m. in: bestaan daar, Bybels gesien, so iets as 'n verskeidenheid van kerke binne een volk tussen gelowiges met dieselfde taal, kultuur en belydenisskrifte; moet die eenheid in Christus tussen verskillende kerkverbande sigbare gestalte vind?)

4. Die verhouding tussen kerk en owerheid.

5. Ander beginselsake wat die ad hoc kommissie(s) aan die volgende sinode wil voorlê.

Die aanbeveling word verder uitgebrei:

Die benoeming van lede op die kommissie word na die Kommissie vir Kommissies verwys met die oog op opname van die volgende persone:

Prof WJG Lubbe

Eksegeet: Prof H Theron

Dogmatikus: Prof R Marè

Kerkregtelike: Prof FAH van Staden

Voorsitter Kerkleer en Etiese norme

Ds DR Schwartz

Ds MC Adendorff en predikante van die APK gemeentes in Pretoria.

(CI van Heerden; JJ Brits)" (Handelinge 1990, bl 547)

2. PERSONEEL

Die volgende persone is deur die Sinode aangewys om op hierdie kommissie te dien:

Proff HS Theron, FAH van Staden, R Marè, HCG Robbertze; dr WJG Lubbe (sameroeper), MFM Pretorius; di MC Adendorff, MP Taute, DR Schwartz, asook die Predikante van Pretoria (di NJ Rautenbach, AP Viljoen, DT van Loggerenberg, AE van den Berg, RMJ Britz).

Prof WJG Lubbe en prof R Marè is onderskeidelik as voorsitter en skriba gekies.

Ds AP Viljoen het op eie versoek van die kommissie bedank weens 'n operasie wat hy ondergaan het.

3. VERGADERINGS

Die kommissie het drie keer vergader: 15 Maart, 8 Mei en 14 Junie.

Tydens die tweede vergadering is 'n kernredaksie verkies wat die resultate van kommissielede moes saamvat in 'n konsep vir die vergadering van 14 Junie. Hierdie kernredaksie het drie maal vergader.

4. BEGROTING

Vir die werksaamhede van die kommissie het die Sinode (1990) nie begroot nie.

Tot met die opstel van hierdie verslag is die volgende fondse aangewend:

Reiskoste: R3,733-50

Totaal: R3,733-50

5. RESULTAAT

Aangeheg as Bylae Volk .A vind u die resultaat van die werksaamhede van die kommissie.

6. AANBEVELINGS

Die huidige ad hoc-komitee kry opdrag om:

6.1 Persklaar:

Die verslag soos voorgelê aan die Sinode na afloop van die Sinode so gou moontlik persklaar te maak met inagneming van alle gedagtes deur lede van die Sinode geopper;

6.2 Publikasie:

die persklaar verslag aan die Publikasiekomitee te besorg vir publisering en verspreiding;

6.3 Titel:

'n gepaste titel vir die verslag as 'n stuk APK-besinning oor Wêreld, Mens en Kerk vandag, te voorsien;

6.4 Tydelike Kommissie:

as Tydelike Kommissie vir Volkereverhoudinge te dien in geval die Sinode sekere sake vir besinning

en aanbeveling tydens die sitting na hom verwys.

7. SLOT:

Die kommissie vertrou dat hy hiermee sy opdrag uitgevoer het en bid die Sinode die seën van die Here toe.

Prof WJG Lubbe (voorsitter)

Prof R Marè (skriba)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

AD HOC-KOMMISSIE VIR VOLKERE- VERHOUDINGE, ENS

1. BEGRIPPE, RAS, VOLK EN NASIE IN SKRIF EN PRAKTYK

1.1 Inleidende Opmerkings

Die Bybel is nie ’n handboek waarin onderwerpe behandel of begrippe omskryf word nie. Daarom word die kwessie van volkereverhoudinge ook nie as spesifieke onderwerp behandel nie. Vandag moet ons baie ou gegewens uit die Bybel vir ons omstandighede interpreteer. Ook moet ons beseft dat dieselfde Bybelse uitsprake vandag deur verskillende mense verskillend geïnterpreteer word. En tog mag ’n kerk hom nie van sy verantwoordelikheid losmaak om in ’n krisistyd soos tans, Bybelse riglyne duidelik uit te spel om aan sy lidmate koers te gee nie.

Die goddelike boodskap wat op Skrif gestel is deur die geïnspireerde skrywers, het ten doel om die groot verlossingsdade van God in die geskiedenis mee te deel, en nie om aan volkereverhoudinge voorrang te gee nie. Dit word veral duidelik uit die feit dat verskillende skrywers in verskillende tye anders oor hierdie sake geskryf het. As ons die begrip "volk" as voorbeeld neem, dan sien ons dat volk in die tyd van die ou aartsvaders met hul nomadiese wyse van bestaan meer ’n stammegemeenskap beteken het. Toe Moses vir Farao gesê het om die "volk" te laat trek, het hy diegene bedoel wat onder die Egiptiese slawejuk gebuk gegaan het.

Gedurende die tyd van die Rigters was daar klaarblyklik ’n stelsel van stammegemeenskappe waar elke stam omtrent as volk op sy eie geopereer het. Na die skeuring van Dawid se ryk het daar twee onderskeibare volke, nl Juda en Israel, in Kanaän na vore getree. In die na-ballingskapstydperk is die begrip Israel aangewend vir die geloofsgemeenskap en sien "volk" op diegene wat die wet van die Here in stand hou. Hieruit is dit duidelik dat die getuigenis van elke skrywer teen sy eie agtergrond in historiese konteks verklaar moet word.

Ons moet verder in gedagte hou dat ons nie twintigste-eeuse begrippe soos ras of volk of nasie netso kan oordra op die soort Bybelse begrippe nie. Ons moet eers die begrip ontleed binne sy Bybelse konteks en wat dit toe beteken het. Eers daarna kan ons vir onself uitmaak wat dit vir ons beteken.

Ten slotte moet ons tog ook die noodsaaklikheid raaksien om te besin oor volkereverhoudinge, en dan is veral die Bybelse insigte vir ons belangrik.

1.2 Die Begrippe "Nasie" en "Volk" in die O.T.

1.2.1 ’n Historiese agtergrond m.b.t. die begrippe "nasie" en "volk":

Ons moet in gedagte hou dat die Ou Testamentiese skrywers nie alleen dit onnodig geag het om hulle begrippe te definieer nie, maar hulle het ook in die verskillende tye waartydens hulle geskrywe het, verskillende opvattinge van die begrippe gehad. Wanneer die Deuteronomistiese skrywer of selfs later die Priesterskrywers hulle geskrifte die lig laat sien, skrywe hulle oor die skepping en

die geskiedenis van Israel, en dan gebruik hulle die begrippe "volk" en "nasie" nie slegs soos hulle dit in hulle tyd ervaar het nie, maar hulle wend die begrippe ook vanuit hulle spesifieke teologiese doelwitte aan.

Nadat Jakob se nageslag onder Josua in die land Kanaän ingetrek het, het hulle onder die verskillende bevolkings van daardie land gaan woon (vgl Rigt 1 en 3:5-6). Die bewoners van die landgebied het hulself in stammegemeenskappe georganiseer. Die stamme het hul eie regeringstelsels gehad wat as stadstaatstelsels beskrywe kan word. Die onderskeie stamme het ook hul eie heilighede gehad. (Rigt 17:10). Soms het die stamme saamgespan teen gemeenskaplike vyande (Rigt 4 en 5), en soms het hulle ook teen mekaar oorlog gevoer (Rigt 20). Wanneer die Bybelskrywers oor hierdie tydperk geskrywe het, het hulle van die begrippe "volk" (Rigt 2:4) en "nasie" (Rigt 3:1) gebruik gemaak. Vanuit ons moderne begrip van wat 'n "volk" of 'n "nasie" is, kan Israel tot op hierdie stadium nog nie as 'n "volk" beskou word nie.

Ons moet daarop let dat wanneer daar van "nasie" gepraat word, dit gewoonlik gaan oor "vreemde nasies". Trouens die begrip "nasie" het byna deurgaans 'n negatiewe konnotasie. Die vyand teen wie daar gemeenskaplik opgetree is, word "nasie" genoem (Rigt 3:1, vgl Amos 6:1, Joël 1:6, Obadja 1:2 en Neh 6:16). Israel word 'n "sondige nasie", 'n "volk swaar van skuld" genoem (Jes 1:4).

Dit was eers Dawid wat werklik daarin kon slaag om 'n staatsbestel te skep waarin die verskillende stamme opgeneem kon word. Tydens sy en Salomo se regering was daar 'n "staatsnasie" op die Palestynse bodem. Kort na Salomo se dood het hierdie "sentrale regering" egter uiteengespat en was daar nou van twee afsonderlike regerings in een land sprake. In hierdie tyd was die "volk" die onderdane van die koning. Die gedagte dat Israel 'n "volk" is, het homself in hierdie tyd gevestig. Tydens die optrede van die profete, eers in die noordelike en later ook in die suidelike ryk, is die "volk" aangespreek as die volk wat in 'n verbondsverhouding met God staan.

God het aan die aartsvader Abraham 'n land en 'n nageslag belowe (Gen 15). Hy het met die aartsvaders 'n verbond gesluit (Gen 17:4-9). Hy sal vir hulle 'n God wees, maar dan moet hulle vir Hom 'n volk wees (Gen 17:9). Die profete wys die Godsvolk op hulle ontrou en dat hulle straf uit die hand van die Here kan verwag. Die profeet Hosea se kinders se name "Ammi" (my volk) en "Lo-Ammi" (nie my volk nie) dui die duidelike verband tussen volk en verbondsverhouding met God aan. Ander volkere word ook as "volk" aangedui (Hos 9:1, Joël 2:2) en daar word gepraat van die inwoners van Juda as "die volk van die land" (Jer 1:18). "Volk" is dus ook in die sekulêre sin van die woord aangewend. Ons moet egter daarop let dat wanneer daar van "die volk van die land" gepraat word, hierdie term die plattelandse inwoners van Juda teenoor die stadsinwoners van Jerusalem bedoel.

Met die val van Jerusalem voor die magte van die Babiloniërs in 586 v.C. het die monargale regeringsvorm in Palestina finaal tot 'n einde gekom. Die boonste laag van die bevolking is weggevoer na Babilonië.

Tydens en na die ballingskap het die begrip "volk", maar dan veral "Godsvolk" nog sterker op die voorgrond getree. Daar word veel gemaak van die volksgedagte, maar dan nog meer so wat betref die gedagte van die Godsvolk. Die Jode wat in ballingskap weggevoer is, het hulle Jerusalemse burgerskap verloor. In Ps 87 word hulle egter deur die Koragitiese psalmdigter daarvan verseker dat Jerusalem hulle "moederstad" is (Ps 87:5). Al bevind hulle hul in verstrooiing onder ander volkere het die Allerhoogste hulle name opgeskrywe in 'n boek (Ps 87:6). Hierdie boek is egter nie 'n boek wat aangelê is a.g.v. 'n stammeregister nie, maar is 'n boek "van die lewe" waarin "regverdiges opgeskrywe word" (Ps 69:29). Die beloftes van die volk wat weer op Sion sal versamel, is 'n belofte aan hulle wat die geboorte van die Here hou deur in sy vrese te wandel (Jes 60:4, vgl met Jes 59).

Toe die Persiese koning Cyrus (Kores) toestemming verleen het dat die bannelinge na Juda kon terugkeer, het nie almal teruggekeer nie. Joodse kolonies het in Babilonië en Egipte agtergebly. Die teruggekeerde bannelinge het hulself in

haglike omstandighede bevind. Juda was deel van die Samaritaanse provinsie in die Persiese ryk. Tussen die Jode en die Samaritane was daar spanning. Die Jode wat nie in ballingskap weggevoer is nie, was eweneens met argwaan teenoor die teruggekeerde Jode vervul. Deur die optrede van profete soos Haggai en Sagaria het daar egter in 'n mate versoening tussen die twee groepe Jode gekom. Die tempel is herbou en onder leiding van Nehemia is die mure van Jerusalem herstel.

In die geskiedenis van die Jode was daar van tyd tot tyd 'n opflukking van die gedagte om weer onafhanklik te wees. Dit het onder andere gelei tot die bloedige Makkabese opstande. Die leiers van die groepe wat die juk van vreemde oorheersing wou afwerp, het die beloftes van Jesaja, van 'n Messias wat sou kom, letterlik opgeneem asof die Here daarmee 'n politieke verlosser sou belowe het. Tog sien ons dat die Here nêrens politieke verlossing belooft het nie. Sy volk is diegene wat in die verbondsverhouding met Hom staan en wat sy gebooi gehoorsaam. Hy self regeer hierdie volk.

1.2.2 Die Begrippe "Nasie" en "Volk" in Genesis 1 tot 11

Wanneer ons die eerste vyf boeke van die Bybel as 'n geheel neem, moet ons raaksien dat die kern van hierdie literêre eenheid in Eksodus 1 tot 18 lê. Die volksgeskiedenis van Israel word gegrond in die verlossing uit Egipte. Genesis 1 tot 11 dien dan as inleiding om uiteindelik by hierdie punt uit te kom. In hierdie hoofstukke word vanuit die werklikhede van die lewe in hierdie wêreld teruggekyk op die skepping en die oertyd, die sonde en die gevolge daarvan, die ontstaan van die dood, groot wêreldkatastrofes, die spraakverskeidenheid en die verstrooiing van die volkere, die ontstaan van kultuur, en die verwydering tussen mens en God.

Aan ons word berig hoe die mens vanaf Adam (Gen 1) deur Set tot Noag en uiteindelik tot by Abraham (Gen 11) gekom het. Vanaf Gen 12 word die geskiedenis vanaf Abraham voortgesit. Dit gaan in Gen 1-11 oor die geskiedenis van die wêreld en die mense van die wêreld. Tog handel hierdie geskiedenis ook oor die seëninge van God, die straf van God en

die genade van God wat die mens ondervind het.

Met hierdie gedagtes as agtergrond kan nou na Gen 11 gekyk word. Dit blyk duidelik uit Gen 11 dat die mens gesondig het deur die toring van Babel te bou. Die gevolg van die sonde van die mense was die taalverwarring en die verstrooiing oor die aarde (Gen 11:8). Die oordeel van God gaan oor die sondige begeerte van die mens om tot in die hemel te reik. Die mens het gesondig deur aan God gelyk te wil wees. Dit het tot uiting gekom in die feit dat hulle die opdrag om die aarde te vul (Gen 1:28; 9:1) verontagsaam het (Gen 11:4). God straf hierdie hoogmoed van die mens deur onder hulle 'n taalverwarring te stuur. Mense kan mekaar nie verstaan nie.

Om nou uit hierdie gegewens die gevolgtrekking te maak dat die taalverskeidenheid die gevolg van sonde is en daarom uit die weg geruim behoort te word, is nie so eenvoudig nie. In Gen 1 tot 11 word gehandel oor sonde, straf, maar ook genade en die seëninge van God.

* Wanneer God die straf oor Adam en Eva uitspreek, dan lê die genade juis verskuild in die oordeelsaankondiging. Die siang se kop sal vermorsel word, die mens kan kinders hê, en die mens kan arbei.

* Wanneer die straf op Gen 6 voltrek word, dan is God besig met sy reddingsaksie. Noag en sy gesin word gered en het 'n nageslag en God sluit 'n verbond met Noag (Gen 7-9).

* Wanneer die straf op die toring van Babel aangekondig word, dan lê die genade van God ook verskuild in hierdie strafaankondiging. Die volkere het afstammeling en uit alles wat gebeur het, kom dit dan so dat Israel ook as volk wat God vir Hom gekies het, na vore tree as 'n Godsvolk, met 'n eie taal en eie land.

Met vrymoedigheid kan gesê word dat die taleverskeidenheid God se genadige beskikking was om die mensdom in sy geheel te seën. So het God die verbond met Abraham gesluit. So het die Godsvolk na vore gekom, en deel van die verbond is die handeling van God met sy volk in die geskiedenis en uiteindelik loop dit uit op

die verlossing wat ons in Christus Jesus kan ervaar.

1.2.3 Grense van Nasies en Volkere in Deut. 32:8

In ooreenstemming met die hermeneutiese vertrekpunt wat ons vir ons vasgestel het, moet daar eers gevra word wat die doel van die Bybelskrywer was wat die goddelike openbaring ontvang het. In die boek Deut. gaan dit nie om ons oor die ontstaan van volkere te leer nie, maar wel oor die uitverkiesing van Israel as God se volk. In hierdie Mosespsalm is die tema: Die Here het sy volk reeds in die skeppingstyd uitgekies, sy volk behoort reeds vanaf die skepping aan Hom en Hy gee reeds vanaf die skepping besondere aandag aan sy volk. Sy sorg word vergelyk met die sorg van 'n arendouer vir sy kuiken in sy nes (Deut 32:11), hulle is God se oogappel (Deut 32:10), sy afgemete erfdeel (Deut 32:9).

Die grondgebied wat hulle nou gaan betree, is reeds vir hulle uitgemeet. Toe God die landsgrense van die volkere vasgestel het, toe het Hy vir hulle 'n land bepaal. Hulle staan nou op die punt om in die beloofde land in te trek, en in hierdie land wat God aan hulle vadere beloof het, moet hulle voortdurend in ag neem dat hulle in 'n verbondsverhouding met Hom staan. Hulle word skerp daaraan herinner hoe ondankbaar hulle in die verlede was en word vermaan om die wet van die Here te onderhou.

Uit Deut 32:8 leer ons dat God nasies en volkere tot stand laat kom het en dat Hy die landsgrense van volkere vasstel. Die beginsel van volkereverskeidenheid is hier baie duidelik. Dit is deel van sy seën, want sodoende het Hy die volk Israel as sy erfdeel uitgekies en aan hulle 'n eie land gegee.

1.3 BEGRIPPE "VOLK", "NASIE", "GESLAG", "STAM", EN "MENSE" IN DIE NUWE TESTAMENT

1.3.1 Laos (Volk):

Daar is 4 betekenisse te onderskei:

- (i) Mense in die algemeen, soos in 'n versamelde skare; ook bevolking.
- (ii) Die gelowiges as die volk van God (soos ook die volk Israel).
- (iii) Die mense as onderskeie van die regeerders, leiers, priesters, ens.
- (iv) Mense as volk, d.w.s. van dieselfde afkoms en taal.

Belangrik is hier dat veral in die verbinding "volk van God" as produk van 'n besondere verkiesing LAOS gebruik word (Hand 15:14, 1 Pet 2:9).

1.3.2 Ethnos (nasie)

Hier word veral 3 betekenisse onderskei:

- (i) Algemene betekenis van "mense", "inwoners", "bevolking".
- (ii) In die meervoud: heidene, heidennasies, onderskei van Israel of Jode of gelowiges. Dit kan ook verwys na die Christene uit die heidendom, en so ook na die heidens- Christelike gemeentes en hul lede.
- (iii) Nasie of volk (soos Joodse volk, ook God se volk, of gelowige volk teenoor die heidene).

Die volgende opmerkings is hier van pas:

(a) Hoewel Woordeboeke onderskei tussen 3 betekenisse is dit baie moeilik om in die teks altyd te weet wanneer welke betekenis bedoel word.

(b) Daarom is daar ook in die Afrikaanse vertalings nie duidelike onderskeiding nie. Vertalings soos "nasie" en "volk" word gebruik sonder enige sigbare rede waarom die een of die ander verkies word.

(c) In die algemeen sien veral die meervoudsvorm van ETHNOS op die heidene, heidennasies, al word dit deurgetrek na die Christene uit die heidene.

(d) "Volk" en "nasie" word nie duidelik van mekaar onderskei nie. So word bv vir "my volk" ETHNOS gebruik waar mens eerder LAOS sou verwag het.

(e) Soms word ETHNOS en LAOS langs mekaar in dieselfde sin aangetref, en hier word eerder die totale mensdom bedoel as wat die twee begrippe teenoor mekaar gestel word (Hand 4:25, 26:23; Rom 15:10, 11).

1.3.3 Genos (geslag)

Dit het die volgende betekenis:

- (i) Familie, dus 'n bepaalde verwantskap (Hand 7:13)
- (ii) Afstammeling, nakomeling (Hand 4:6, Opb 22:16)
- (iii) Geslag:
 - * (a) As aanduiding van 'n soort (Mk 9:29)
 - * (b) Volksgenote, stamgenote (Gal 1:14)
 - * (c) As volk (Mk 7:26, 1 Pt 2:9)
- (iv) Afkomstig uit (bv Pontus, Hd 18:2, Alexandrië Hd 18:24)

Die volgende moet opgemerk word:

(a) Die onderliggende betekenis dui 'n bepaalde afstamming of verwantskap aan, soos familieskap, volksgenote of selfs stamgenote.

(b) Daar is effense verskille tussen OAV en NAV, maar dis nie wesenlike verskille nie. Soms gebruik NAV net 'n meer beskrywende woord, soos "nakomeling" in plaas van "geslag", en ook "stam af" in plaas van "geslag" (vgl Hd 17:28 en 29).

1.3.4 Fule (Stam)

(i) Woordeboeke ken slegs die betekenis "stam" soos "die stamme van Israel". Daar is egter die oordragtelike betekenis van "stamme van die wêreld" en dan beteken dit bykans dieselfde as "volkere".

(ii) In die Afrikaanse vertalings stem albei ooreen in die vertaling "stam", behalwe in Mat 24:30 waar NAV "volkere" en Opb 1:7 waar OAV "geslagte" het en NAV "volkere".

(iii) "Stam" dui 'n besliste verwantskap aan, veral in kombinasies soos "stam van Benjamin", of ook "stamme van Israel".

In Mat 24:30 beteken "stamme van die aarde" eintlik "volkere".

In Opb beteken dit behalwe "stam" in enger sin, ook "volkere" (soos bv in Mt 24:30), daarom is die vertaling "geslagte" in Opb 1:7 deur OAV nie korrek nie.

1.3.5 Demos (mense)

(i) Dit is volgens Woordeboeke die "gewone mense, die skares, selfs die gepeupel", d.w.s. die skares wat vir 'n besondere doel bymekaar gekom het.

(ii) Die begrip kom slegs 4 keer voor in die NT en wel in Handeling, en beteken in al die gevalle "skare".

1.4 Samevatting van bevindings m.b.t. OT en NT

1.4.1 Die Skrif is nie 'n volkekundige handboek nie, en moet ook nie so gebruik word nie.

1.4.2 Die begrip "ras" word nie in die Ou of Nuwe Testament gebruik nie. Die naaste wat die NT daaraan kom, is die begrip "stam".

1.4.3 Die begrip "volk" in die OT word gebruik om

- (a) in die sekulêre sin van die woord, volke mee aan te dui;
- (b) om die volk van die land teenoor die volk van die stad aan te dui;
- (c) om die volk van God mee aan te dui

1.4.4 Die begrip "volk" in die NT dui aan:

- (a) Mense in die algemeen;
- (b) die gewone mense as onderskeie van die regeerders, leiers, priesters ens.;
- (c) Mense as volk, d.w.s. van dieselfde afkoms en taal;
- (d) die gelowiges as die volk van God, ook om 'n besondere verkiesing aan te dui.

1.4.5 Die begrip "nasie" word gewoonlik in die OT in negatiewe sin gebruik, dit is die "vreemde nasies" en die volk Israel wat gesondig het word as "nasie" aangedui.

1.4.6 In die NT dui die meervoudsvorm heidene of heidennasies aan. Dit kan egter ook bloot volk beteken. Daarom word ook nie duidelik tussen "volk" en "nasie" onderskei nie.

1.4.7 Die volkereverskeidenheid word as beginsel gehandhaaf in sowel die Ou as Nuwe Testament. In beide Deut 32:8 en Hand 17:26 word selfs eie grondgebiede met eie grense erken.

1.4.8 In die OT is die "volk van God" die verbondsvolk en hoofsaaklik gebonde aan die Israelitiese volk.

1.4.9 In die NT is die "volk van God" 'n teologiese begrip en dui op 'n "uitverkore volk" wat kom uit al die volkere, nasies, stamme en tale. Kragtens God se uitverkiesende genade soos dit in Christus gerealiseer het, is die kerk 'n eenheid wat deur gemeenskaplike geloof saamgebond is. Maar die eenheid is nie tot 'n bepaalde gebied of 'n bepaalde tyd beperk nie. Die eenheid omvat die ganse wêreld en strek hom oor die eeue heen uit.

1.4.10 Dit bring mee dat nie net die verskeidenheid nie, maar ook die geskeidenheid gehandhaaf bly tot die einde. Daar is geen uitspraak dat stamme of volkere sal opgehef word t.w.v. die "eenheid" nie.

1.5 Die Begrippe, Ras, Volk en Nasie histories en hedendaags

Volgens HAT is "ras" 'n biologiese eenheid, "volk" 'n kulturele eenheid, en "nasie" 'n "politieke" eenheid.

Daar is nie verskil van opinie oor die begrip "ras" nie. So omskryf beide die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (VAW) en HAT "ras" as "geslag, soort, afstamming"; dus 'n groep mense, diere, plante, verbind deur 'n gemeenskaplike afkoms, en gekenmerk deur min of meer vaste erflike eienskappe, deur ooreenkoms wat belange, gewoontes en uiterlik betref:

die Germaanse, Anglo-Saksiese, Hebreeuse ras. Daarom kan ons ook van 'n Afrikaanse ras praat, onderskeie van ander rasse.

M.b.t. die begrippe "volk" en "nasie" is daar grootskaalse verwarring in die hedendaagse spreektaal. So verklaar die VAW die begrip "volk" as nasie, en die begrip "nasie" as mense van dieselfde stam wat in die reël dieselfde taal praat en dieselfde sedes het. HAT daarteenoor verklaar weer "volk" as 'n groep mense wat deur eenheid van taal en historiese ontwikkeling 'n duidelike besef van samehorigheid besit. "Nasie" is volgens HAT 'n groep of enkelinge wat tot dieselfde staat behoort, wat 'n politieke eenheid vorm; elke willekeurige versameling mense wat onder dieselfde politieke organisasie staan:

Die Switserse *nasie* omvat gedeeltes van verskillende *volke*.

Dit is verder duidelik dat in die huidige tyd ander betekenisgeheg word aan "volk" en "nasie" as bv enkele dekades gelede. So is daar gepraat van die Afrikanernasie, en dan is bedoel die wat kragtens hul afkoms en hul taal tot 'n duidelik onderskeibare groep behoort. Daar kon dan gesing word: " 'n ieder nasie het sy taal", en ook: "met ons land en met ons nasie sal dit wel wees". So het iemand soos DJ Kotze in 1968 "nasie" beskryf as: " 'n Groep mense wat in 'n bepaalde land gebore is en derhalwe geografies en biologies aan mekaar verwant is. Vandag egter word dit deur die Regering aanvaar dat "nasie" alle bewoners van Suid-Afrika insluit.

Die vraag is nou hoe ons die lyne van die Skrif na die hedendaagse situasie kan deurtrek. Ons het gesien dat "volk" en "nasie" nie in die Skrif afgegrens word nie, behalwe waar die "volk van God" ter sprake is. Maar of daar nou van "nasies" of "volke" sprake is (Deut 32:8 gebruik beide) word een saak duidelik gestel: God laat volkere (of nasies) ontstaan en Hy gee aan hulle eie lande om in te woon en te ontwikkel. So kom 'n eie identiteit tot stand, en hierdie eiesoortigheid sal bly voortbestaan tot aan die voleinding.

Daarom is een "nasie" in die sg. nuwe Suid-Afrika 'n onding, omdat die verskeidenheid nooit opgehef kan word nie, want dit gaan teen die Godgegewe natuur van mense in. Die Afrikanervolk is skepping van God en kan net tevrede wees as hy homself gelyk bly.

Die Afrikanervolk kan in die lig van die Skrif sy ontstaan en voortbestaan sien as die genadige beskikking van God. Die verskeidenheid van volkere in Suid-Afrika is ook deel van die genadige beskikking van God, en dit is nie 'n straf nie, maar 'n uitdaging deur God aan ons gestel om sy seën te laat deurwerk na die ander volkere.

1.6 Die Ontstaan en Voortbestaan van Volkere

1.6.1 Vermengbaarheid en Verskeidenheid

Die geskiedenis bevestig die waarheid dat die volke wat hul identiteit bewaar het, in die Naam van die Here in staat was om voordeel vir hulself en hul buurvolk te bring. Diegene wat die skeiding opgehef het, het ondergegaan.

Vermenging het egter wel plaasgevind met die gevolg dat nuwe volke ontstaan het. Die bekendste voorbeeld uit die Skrif is die van die Samaritane. In die Skrif word vermeld as voorbeeld die huwelik van Moses met 'n Kusitiese vrou (Num 12:1), Boas trou met die Moabitiese Rut. Dit word as uitsonderings bloot vermeld en word nie as normatief voorgelê nie.

Andersyds is daar die realiteite van kulture wat net nie suksesvol vermengbaar is nie (bv Dan 2:43). Yster en klei wil net nie meng nie. Daarom is vermenging die uitsondering en is die getal aparte volke telkens vergroot. Ook die Christendom met sy universalisme het in die eeue van sy bestaan nie gelykskakelend op die volkerewêreld ingewerk nie. Die verskeidenheid van aparte volkere het bestendig bly voortbestaan en is selfs deur die ontstaan van nuwe volke verryk.

1.6.2 Voortbestaan van rasse en volke

Volgens die Skrif verloor 'n mens nie sy nasionaliteit wanneer hy 'n Christen word nie, maar behou dit tot in die hiernamaals (Opb 7:9, 21:3, 21:24, 26).

As algemene beginsels is vasgelê dat Gods vloek op die opheffing van grense rus, maar sy seën op die eerbiediging daarvan. Die volk wat getrou sy identiteit behou, kan reken op die seën van die Here. Hierdie waarheid is in die

Christendom bevestig. Die Here wat die afsonderlikheid van die volke gewil het, het ook die volke wat sy bepaling eerbiedig het, ryklik geseën en tot seën vir die mensheid in die algemeen gebruik.

Na aanleiding van Hand 17:26 sê Calvyn: "Net soos in 'n leërafdeling elke kompanjie en afdeling sy eie plek het, so ook is die mense op so 'n wyse op die aarde gestel dat elke volk binne sy bepaalde grense ingesluit is".

Dit is ondenkbaar dat die Here die aparte volke met geen ander doel sou laat ontstaan het nie as net dat hulle in die loop van tyd weer tot 'n eenheid sou saamsmelt. Natuurlike verkeer tussen die volke word in die Skrif veronderstel as een van die voorwaardes vir die bewaring van vrede op aarde, maar daarmee is nog geensins bedoel dat die grense en skeidings uitgewis moet word nie.

'n Volk se voortbestaan word bedreig en beëindig in geval van volharding in sonde. Dit geld die verbondsvolk (2 Kon 17:18) en heidenvolk (Lev 18:25, 28, Jona 3:4).

1.6.3 In die Geskiedenis en Vandag

Die ou Romeine het al eeue gelede namens alle mense vir alle tye gesê: "Dis soet om vir die vaderland te sterwe." Waarom is "die vaderland" iets besonders? Omdat dit die simbool, ja, die waarborg is van onbelemmerde vryheid. Eie vryheid sonder eie vaderlandsbodem kon geen volk op aarde geniet nie. Geen wonder nie dat deur die eeue heen, ook in ons eie geskiedenis, vaderland en vryheid steeds 'n onlosmaaklike twee-eenheid in die harte van volksgenote was.

Die geskiedenis leer ons dat daar een voortstuwende krag is wat uitstaan bo alle ander en dit is nasionalisme. Dit het volkere laat opstaan uit die puin. En dit het volkere gevoer tot ongekeende hoogtes. Nasionalisme het nog altyd die mooiste en edelste in volkere se bestaan na vore gebring.

Gesonde nasionalisme kan nooit los gesien word van 'n volk se geloof dat hy uit God se beslissing daargestel is nie. Hierdie geloof het 'n doelgerigtheid tot gevolg gehad. Dit was ook die geesteskrag wat steeds die aansporing was.

Ook het die geskiedenis getoon dat volkere strewe na 'n eie identiteit: 'n eie taal en 'n eie kultuur. Hierdie dinge word kosbaar en belangrik genoeg om met jou bloed te verdedig.

Verder het die geskiedenis geleer dat volkere tot 'n val kan kom, verneder kan word, onderdruk kan word. Maar 'n volk verdwyn nie, en solank daar nog volksgenote oor is, bly sy eie identiteit voortbestaan.

Vandag is dit belangrik om te stry vir die handhawing van die eie volkslewe, eie kultuur, eie taal, dus eie identiteit. Dit word bedreig, maar dit kan en moet oorleef. Om te handhaaf en te hou, om die erwe van die vaders vir die kinders te behou, is die minste wat God van 'n volk verwag. Dit het die geskiedenis ons geleer. Wie onverskillig hierteenoor staan, handel teen die wil van God, teen die natuurlike ontwikkeling, teen die gang van die geskiedenis.

1.6.4 Riglyn vir vandag

1.6.4.1 Dankbare aanvaarding van die eie ("U meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval").

1.6.4.2 Eerbiediging van die onderskeid van ander. In nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself (Fil 2:3), en alle trots en roem op die eie betuel deur die wete: die mens sien wat voor oë is, maar God sien die hart aan (1 Sam 16:7).

1.6.4.3 Aanvaarding van sorg vir die eie as eerste en hoogste verantwoordelikheid op die terrein van naasteliefde ("Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige" - 1 Tim 5:8) sonder om daarmee die liefde en sorg vir die verre naaste te negeer (Luk 10:25-37). Dieselfde prioriteite word op die terrein van die geestelike sorg gevind. Die apostels as Jode moet getuies van Christus wees in Jerusalem, die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde (Hand 1:8).

1.6.4.4 Die kerk onder elke volk het 'n hoë verantwoordelikheid. Net soos die opdrag in die verlede aan 'n individu om skatte in die hemel bymekaar te maak (Mat 6:20), lok vanuit die ewige toekoms dieselfde moontlikheid op nasionale vlak (Openb 21:24-26).

1.6.4.5 Selfbehoud van 'n volk sonder meer mag nooit motief vir godsdiens wees nie - dit lei tot iets soos bevrydingsteologie.

1.6.4.6 Behoud van die eie volk met die bedoeling om tot eer van God te lewe en te presteer, moet altyd rigsnoer vir die kerk se arbeid onder sy eie volk bly. In so 'n geval is selfbehoud van die volk neweproduk van 'n gesonde verhouding met God, en nie hoofdoel in sigself nie.

1.6.4.7 Om die ware godsdiens onder elke volk ten beste te bevorder, moet rekening gehou word met God se formule daarvoor: "En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek" (Hand 17:26-27).

Daarin lê nie alleen die beste moontlikhede vir onderlinge vrede nie, maar ook vir die voortbestaan van die verskillende volke tot eer van God.

1.7 Rasse en volkereverhoudinge

'n Christen besin oor die verhoudinge tussen rasse en volkere uitgaande van die feit dat alle mense skepsele van God is. Goed en na Gods beeld geskape maar ongelukkig ook verdorwe vanweë die eerste mensepaar se val en ongehoorsaamheid in die paradys. Daar is die mens se natuur só bederf dat hy tot niks goed in staat is nie, ja dat hy moet erken: Ek haat God en my naaste. (H.K. vraag en antwoord 5)

Ons kan dus ook verder sê dat die Christen staan op 'n ander manier in verhouding tot die medegelowiges as tot die ongelowige heidene. Ja, as gevolg van die rasse en kultuurverskille is my verhouding as Christen uit 'n sekere ras ook anders teenoor 'n Christen van 'n ander ras. Dit kan beweer word dat mens kan onderskei tussen verhoudinge van gelowiges uit dieselfde ras en volk; tussen verhoudinge van gelowiges en ongelowiges uit verskillende rasse en volkere; tussen verhoudinge van ongelowiges uit dieselfde ras en volk en laastens tussen verhoudinge van ongelowiges uit verskillende rasse en volkere.

In hierdie afdeling gaan dit veral oor die verhouding tussen die gelowige blanke Afrikaners en gelowiges uit ander rasse- en volkeregroepe. Verder word ook aandag gee aan gelowige blanke Afrikaners se verhoudinge met ongelowiges uit alle rasse en volkere.

Wat betref ons verhouding tot die gelowiges uit ander rasse en volke, kan ons die volgende sê:

1. Dat ons voor God absoluut gelykwaardig is want by God is daar geen aanneming van die persoon nie. (vgl Rom 10:12; Gal 2:6)
2. Dat ons teen onself (ons eie volk) en teenoor die gelowiges uit ander rasse en volke sou sondig indien ons sou maak of daar geen ras-, kultuur- en taalverskille tussen ons is nie.
3. Dat ons nie meerderwaardig (of minderwaardig) teenoor hulle moet wees nie, maar net besef dat ons andersoortig is.
4. Dat ek die gelowige uit 'n ander ras moet respekteer vir wat hy is, bv rasegte Zulu of Rus.
5. Dat die gelowiges uit ander rasse en volke ons (as gelowige blanke Afrikaners) ook moet respekteer vir wat ons is.
6. Dat ek moet glo dat God dit so gewil het dat daar verskillende rasse en volke sal wees (vgl Deut 32:8)
7. Dat ek moet glo dat God ook grense tussen rasse en volke gestel het (Hand 17:26) en dat ek daardie grense moet eerbiedig.

Wat betref ons verhoudinge met ongelowiges uit alle rasse en volke moet ons veral twee sake nooit uit die oog verloor nie.

1. Dat God self vyandskap gestel het tussen die saad van die vrou (die gelowiges) en die saad van die slang (die ongelowiges) (Gen 3:15). Ek mag my dus nie verbroeder met die ongelowige nie.
2. Dat ons 'n opdrag van God het om die verlossingsboodskap aan alle volke en tale en nasies te verkondig (Matt 28:19 en Hand 1:8).

Die feit dat God self die vyandskap tussen gelowige en ongelowige gestel het, word so maklik deur mense vergeet, veral wanneer hulle begin praat van menseregte en maak asof alle mense op aarde gelyk is en daarom dieselfde behandel moet word.

Ons moet wel volgens die opdrag van Jesus (Matt 28:19) die evangelie aan die ongelowiges verkondig. Daarom mag ons ook nie niks met die ongelowiges te doen wil hê nie. Nee, ons moet gedring deur die Heilige Gees, ywerig die verlossing in Jesus Christus aan hulle verkondig. Dit beteken nie dat ek eers die ongelowiges uit ander rasse en kultuurgroepe my kultuur en beskawingspeil moet aanleer nie. Nee ek moet die suiwer evangelie verkondig sodat wanneer hy tot bekering kom hy nog steeds bv 'n rasegte Zulu of Rus kan wees en die evangelie verder onder sy ras en volksgenote kan verkondig.

1.8 Die Afrikanervolk

Die Afrikanervolk is hoofsaaklik gevorm deur die Nederlanders, Duitsers en Franse wat hulle sedert 1652 aan die suidpunt van Afrika gevestig het. Die Duitsers en Franse is vinnig deur die Nederlanders opgeneem, met die gevolg dat die Nederlandse taal en tradisies die grondslag gelê het vir die nuwe volk, die Afrikanervolk, wat aan die ontwikkel was.

Die grondslae van die Afrikanervolk is tradisioneel gelê deur die volgende faktore:

- 1. Hy het ontstaan uit blanke volkere.
- 2. Afrikaans het as moedertaal ontwikkel en is as sodanig gehandhaaf.
- 3. 'n Eiesoortige kultuur is ontwikkel.
- 4. 'n Streng godsdienstige agtergrond was een van die vormende invloede en voortdurende geestelike bearbeiding het hieraan beslag gegee.
- 5. Tradisioneel is die geloof in God as Vader, Seun en Heilige Gees en die Bybel is die hoogste norm vir hulle lewens.

- 6. Die Afrikanervolk is nie soseer terug te voer slegs na 'n volksplanting nie, maar is eerder 'n volkswording soos bestier deur God.

2. KERK EN VOLKSEIE KERK

2.1 Volkseie Kerk Skriftuurlik bepaal

Die APK handhaaf:

1. Die lotgevalle van 'n volk word deur God beskik. Immers, niks in hierdie wêreld gebeur sonder Gods beskikking nie (NGB 13).
2. 'n Volk mag liefde hê vir dit wat sy eie is: eie volk, eie kultuur, eie taal, eie land, eie organisasies, eie verenigings, eie kerk. Immers, niks kom per toeval oor ons nie maar alles deur die beskikking van ons goeie hemelse Vader (NGB 13).
3. By die geboorte van Jesus (Lk. 2:29-32), sy kruisdood, sy opstanding (Lk. 24:46-47; Mt. 28:18-20), by Pinkster (Hd. 2:1-13, by die oordeelsdag (Op. 14:6-7), en by die ingaan van die verlostes in die nuwe Jerusalem figureer volke, tale en nasies. Die bestaan van die volkseie is 'n godgewilde werklikheid.
4. Geen mens word in die Bybel verplig om sy volkseie prys te gee wanneer hy 'n Christen word nie. Paulus sê sonder skroom: Ek is ook 'n Israeliet, uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin (Rom. 11:1). Die Skrif eis nêrens 'n wêreldwye kerk waarin al die nasies moet opgaan nie.
5. Die Afrikanervolk het binne die Raadsplan van God ontstaan. God beskik oor volkere en nasies (Dt. 32:8; Hd. 17:26; Ps. 67:5; Ps. 82:8; Ps. 96:10, 13; Sondag 10). Daarom is die bewaring van die volkseie Bybels verantwoord.
6. God neem mense uit volke aan, sonder om hul volkskap op te hef (Hd. 10:34, 35; Rm. 4:17, 18; Rm. 10:11, 12; Rm. 1:16; Gl. 3:26-28; 1 Kor. 9:20-21).
7. Ons natuurlike verbondenhede, soos gesin, volk, taal, ens. is nie deur Christus se koms tot niet gemaak nie, maar deur geloof in Hom word hierdie verbondenhede geheilig, dit wil sê aan God toegewy
8. Tydens die Reformasie was volk en kultuur belangrik in die kerk: in Straatsburg was daar 'n Franssprekende en 'n Duitssprekende Gereformeerde kerk (1538); in London was daar Gereformeerde kerke vir verskillende volks- en taalgroepe; ook in Geneve. So is die kerkgebou, Austin Friars, al vir eeue die sentrum van die kerklike lewe van Nederlanders in London. En die NG Kerk stuur gereeld 'n leraar na sy Afrikaanse lidmate in die buiteland, veral Europa. Die verinheemingsbeginsel is deur die eeue heen aanvaar: in elke volk vorm die gelowiges 'n eie kerk met eie aanbiddingswyse (ooreenkomstig die eie aard, tradisies, wese). Volkere word in hulle gelowiges gered. Dit verskeur hoegenaamd nie die liggaam van Christus nie.
9. Daar bestaan 'n geloofseenheid, deur die Heilige Gees gesmee, tussen almal wat deel uitmaak van die algemene kerk, ongeag volks-, taal-, kultuur-, tydverskille. Hierdie eenheid kan nie vernietig word nie. Dié eenheid word in elke plaaslike kerk in eie volksverband beleef.
10. Alhoewel Mt. 28:19 nie 'n volkseie kerk voorskryf nie, dui dit duidelik op volkseie kerke. Dit wys volkseie kerke beslis nie af nie.
11. Die liturgiese formuliere van die Gereformeerde kerkfamilie gaan uit van *geslagte* - en daarmee van volke.
12. Die kerk word nie deur God opgeroep tot een institutêre wêreldkerk of internasionalisme nie. 'n Mens bly lid van 'n bepaalde volk. Die geloof hef volkskap net so min op as wat geloof die mens se geslagtelikheid of sy huwelik of gesin ophef.
13. Die kerk mag nie vir politieke doeleindes misbruik word om 'n volk te ondergrawe nie.

Die APK verwerp

1. dat liefde vir die Godgegewe eie noodwendig rassisme is;

2. dat liefde vir die eie agting, respek en liefde vir ander volke en groepe uitsluit;
3. dat die kerk vry móét bly van 'n eksklusief etnieskulturele gebondenheid;
4. dat die eenheid van volke, wat in Christus bestaan, plaaslik institutêr sigbaar uitgedruk móét word;
5. dat dit in stryd sou wees met Christelike geregtigheid om 'n volkseie kerk te hê;
6. dat die voortbestaan van 'n eie volk in stryd is met die liefde vir God of ons gemeenskap met Christus.

2.2 Kerklike Eenheid en Verskeidenheid

2.2.1 Waarin is *eenheid* en *algemeenheid* geleë?

2.2.1.1 *Die Twaalf Artikels* (Apostoliese geloofsbelydenis) lui hieroor: Ek glo aan 'n heilige, *algemene*, Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges;

Die Geloofsbelydenis van Nicea lui op dié punt:

Ons glo aan een heilige, *algemene* kerk, gegrond op die leer van die apostels ...

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art. 27) sê hieroor:

Ons glo en bely 'n *enige* katolieke of *algemene* kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo ... Hierdie kerk was daar *van die begin* van die wêreld af en sal *tot die einde* daar wees ... is *oor die hele wêreld* versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil *in een en dieselfde Gees*, deur die krag van die *geloof saamgevoeg en verenig*.

Die Heidelbergse Kategismus (vr. 54) sê hieromtrent: Dat die Seun van God vir Hom 'n *gemeente* wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord *in die eenheid van die ware geloof, van die begin* van die wêreld af *tot die einde toe* vergader, beskerm, en onderhou, en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.

2.2.1.2 As ons na hierdie geloofstukke luister, is daar net *EEN* kerk: *een* omdat daar net *een ware geloof in een Verlosser* is, omdat hierdie kerk deur *een en dieselfde Gees* saamgevoeg is, omdat hierdie gemeente tot die ewige lewe uitverkies is, omdat die Seun van God hierdie gemeente vir Hom vergader. Paulus brei verder uit op dié eenheid as hy praat van "een liggaam ... een doop ... een God en Vader wat oor almal en deur almal en in almal is" (Ef. 4:4-6) ... almal deur een Gees gedoop ... almal van een Gees deurdronge (1 Kor. 12:13).

2.2.1.3 Hierdie *eenheid* is ook geleë in die *gemeenskap van die heiliges*: in die feit dat die gelowiges *elkeen* afsonderlik maar ook *almal tesaam, met Christus gemeenskap het*, dat die gelowiges *elkeen* afsonderlik maar ook *almal tesaam, deel het aan Christus en al sy gawes* (Hk. Vr. 55; 1 Joh. 1:3; Rom. 8:32; 1 Kor. 12:12, 13; 1 Kor. 6:17).

2.2.1.4 Die eenheid van die kerk van Christus is ten diepste geleë in die *eenwesenheid* van die Drie-enige God (Mat. 28:19; 2 Kor. 13:13; 1 Joh. 5:7). Soos God Drie-enig *een in wese* is, so is ook sy kerk wat uit die Drie-enige God voortkom, *een in wese*, en dié kerk het gemeenskap met die Drie-enige God (1 Joh. 1:3).

2.2.1.5 Gelowiges handhaaf hierdie eenheid deur hulle *liefde* vir mekaar (Joh. 13:35; 1 Kor. 13) ... deur die band van die *vrede* (Ef. 4:3; 1 Kor. 7:15; Hebr. 12:14; Rom. 12:18; 2 Kor. 13:11; 1 Thess. 5:13; Matt. 5:9) ... deur *eensgesind* te wees: een in liefde, een van siel, een van sin (Fil. 2:2); *deurdat elkeen sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid* van die ander lede *aanwend*. (HK. Vr. 55; 1 Kor. 12:21; 1 Kor. 13:1, 5; Fil. 2:4-8).

2.2.1.6 Die *algemeenheid* van die kerk van Christus is geleë in die feit dat hierdie kerk daar was *van die begin* van die wêreld af en *tot die einde* daar sal wees; dat die kerk *nie gebonde is aan sekere persone* of *sekere plekke* nie, maar *oor die hele wêreld versprei is*, (NGB 27); dat hierdie kerk deur God van *ewigheid af uitverkies* is (Dordtse Leerreëls I.6; Hand. 15:18; Ef. 1:4, 5); dat hierdie kerk *uit die hele menslike geslag* deur Gods Seun vergader is, *bekerm* word en *onderhou* word (HK. Vr. 54), dat wie *lid* van hierdie

kerk word, dit ewig sal bly (HK. Vr. 54; 1 Kor. 1:8; Joh. 10:28; 1 Joh. 1:17).

2.2.2 Die Kerk onsigbaar en sigbaar

Die kerk as liggaam van Christus wat van ewigheid af deur God uitverkies is in Christus (HK. Vr. 54; NGB. 16; Ef. 1:4), is *as liggaam van uitverkorenes onsigbaar* vir mense-oog (Hand. 15:18). Op God se tyd verseker Hy die uitverkorenes van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid. Dit doen hy deur die onfeilbare *vrugte van die uitverkiesing* in hulle te bewerk. Hierdie vrugte is 'n ware *geloof in Christus*, die kinderlike *vrees van God*, die *droefheid oor sonde* volgens die wil van God, die *honger en dors na die geregtigheid* (DL 1.12). Wanneer hierdie vrugte van die uiverkiesing vir die gelowige waarneembaar word, het die onsigbare kerk ook sigbaar geword. Die onsigbare kerk is ware en volkome kerk. Die sigbare kerk sluit helaas ook veel, velerlei en vele in wat onwaaragtig en onvolkome is.

2.2.3 Is sigbare eenheid verpligtend?

(a) Sigbare eenheid van Christus se kerk op aarde kan nie verpligtend wees nie omdat dit *onmoontlik is*. Dié kerk is immers daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees (NGB. 27). Vir die kerk van die teenwoordige tyd is dit onmoontlik om *sigbaar* saam te vergader met die kerk van voorgeslagte en die kerk van nageslagte. *Tydsverskille* maak dus sigbare eenheid onmoontlik.

(b) *Ruimteverskille* maak dit eweneens onmoontlik vir die kerk van Christus om in sy totaliteit sigbaar te wees. Dié kerk is immers *oor die hele wêreld versprei* (NGB. 27). En vir die kerk oor die hele aardbol versprei is dit onmoontlik om *sigbaar* saam te vergader op een plek.

(c) Sigbare eenheid is nie verpligtend nie omdat die wesenlike eenheid van die kerk nie lê in wat sigbaar is nie, maar in wat onsigbaar is: in die eenheid van die *uitverkiesing* (Ef. 1:4; DL. I. 6), in die eenheid van *ware geloof in een Verlosser*, (HK. Vr. 54), gebind (Ef. 4:3), gedoop en deurdronge van *een Gees* (1 Kor. 12:13), met *een God en Vader* (Ef. 4:4-6). Die eenheid is ook geleë in die *gemeenskap van die heiliges* (HK. Vr. 55; 1 Joh. 1:3; Rom 8:32; 1 Kor. 12:12-13; 1 Kor. 6:17).

Maar ten diepste is die eenheid geleë in die *eenwesenheid* van die Drie-enige God (Mat. 28:19; 2 Kor. 13:13; 1 Joh. 5:7; Joh. 17:11, 21, 22, 23).

2.2.3.1 Is 'n verskeidenheid van kerke regverdigbaar?

(a) 'n Verskeidenheid van kerke is regverdigbaar omdat verskeidenheid 'n *wesenlike kenmerk van God Drie-enig*, van sy *Skepping* en dus ook van sy *mensdom* is. En onder hierdie mensdom met sy verskeidenheid vind Gods kerk gestalte.

(aa) In die *Drie-enigheid* is daar *eenheid* (eenwesenheid) maar tegelyk ook *verskeidenheid* (Drie Persone) (Mat. 28:19; 2 Kor. 13:13; 1 Joh. 5:7). By God Drie-enig is die eenheid absoluut (onbeperk) en die verskeidenheid (drie Persone) in die een goddelike wese is ook absoluut. Die eenheid is daarom nie minder as die verskeidenheid nie, en die verskeidenheid is nie minder as die eenheid nie. Die een is dus nie ondergeskik aan die ander nie.

(ab) Verskeidenheid is ook 'n wesenlike kenmerk van God se skepping; lig en duisternis (Gen. 1:3-5); waters en waters (Gen. 1:6-8); see en aarde (Gen. 1:9-10); plante volgens hulle soorte (Gen. 1:11-13); ligte vir nag en vir dag (Gen. 1:14-19); waterwesens volgens hulle soorte, en voëls volgens hulle soorte (Gen. 1:20-23); wesens op die aarde volgens hulle soorte (Gen. 1:24-25); mense - man en vrou - (Gen. 1:26-28). En God het alles "baie goed" gevind wat Hy gemaak het. Maar die mens het in sonde geval, en 'n vloek op homself en die aarde gehaal. God stuur die sondvloed maar behou oorblyfsels van sy skeppinge.

En toe die mense, strydig met Gods bevel om die aarde te vul (Gen. 1:28), 'n toring bou om bymekaar te bly (Gen. 11:4), gryp God in, verwar hulle taal en verstrooi hulle oor die hele aarde (Gen. 11:5-9). So bring Gods Voorsienigheid 'n verskeidenheid volkere tot stand (Deut. 32:8, 43; Hand. 17:26). Dié verskeidenheid moet as beskikking van God eerbiedig word. En die verskeidenheid van volkere en nasies sal daar wees tot die einde van hierdie aardse bedeling (Openb. 5:9).

(ac) God voltrek sy verlossingsplan, sy herskepping en vernuwung, binne die

verskeidenheid van volkere, tale en nasies (Mat. 28:19-20; Hand. 2; Hand. 17:26-28; Openb. 7:9; 14:1-5; 21:3, 24, 26). Sy uitverkorenes en verlostes uit die verskeidenheid van volkere behou hul volksverbondenheid en kultuurgestaltes. Immers, Gods herskeppingswerk hef sy skeppingswerk en voorsienigheidswerk nie op nie maar heilig dit. So ontstaan dan ook die inheemse kerk, eie aan en ingerig volgens 'n bepaalde volk se eie aard. Eiesoortigheid gee aan elke volk nie net eie bedieningsbehoefes nie, maar bring noodwendig mee 'n eie kultuurgestalte vir die kerk van Christus onder elke volk. So is dit vanselfsprekend dat by alles wat van Gods kant *eenheid* in die kerk van Christus waarborg, daar ook kragtens God se Godgewilde verskeidenheid, 'n verskeidenheid van kerke voortkom en voortbestaan tot aan die einde van tye. 'n Verskeidenheid van kerke is dus volkome regverdigbaar.

2.2.3.2 Is 'n verskeidenheid van kerke binne dieselfde kultuurgroep en binne dieselfde belydenisgroep regverdigbaar?

Die antwoord op hierdie vraag is **ja**, en wel om die volgende redes.

(a) Binne dieselfde kultuurgroep en binne dieselfde belydenisgroep is daar, juis as gevolg van die Godgegewe verskeidenheid, nog altyd verskil van begrip, verskil van aksent, verskil van uitleg en derhalwe verskil van oortuiging. In 'n wêreld gebroke weens sonde, beskik geen mens, ook nie die weergebore mens, oor die volle waarheid nie. Verskille sal daar dus nog altyd wees selfs in 'n herskape volk van God. En op voetspoor van die verskille sal 'n verskeidenheid van kerklike groeperinge volg. Dis noodwendig en dis begryplik. Die uitdaging aan die verskeidenheid van kerklike groeperinge is egter om hul *eenheid* in Christus te handhaaf deur *liefde*, *vrede*, eensgesinde *trou en toewyding* aan die Koninkryk van God; diens aan mekaar deur die *liefde* (kyk hierbo 1.5.1.5).

2.2.3.3 Die getuienis deur die eenheid (Joh. 17:23)

Die getuienis van eenheid wat Christusgelowiges in hierdie liefdelose wêreld indra, is juis hulle onderlinge liefde. "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is as julle *liefde* onder mekaar

het" (Joh. 13:25). Nie fisiese saamwees nie maar bande van liefde wat bind ondanks verskeidenheid en ondanks verskille, is die getuienis wat die wêreld oortuig. Christus het self alle gehoorsaamheid aan God en alle pligte teenoor medemense, saamgevat in een woord: *liefde*. En wat ware liefde is, leer 1 Kor. 13. 'n Gesindheid van liefde vir God en alle mense, maar veral teenoor huisgenote van die geloof - dis die getuienis wat die liefdelose wêreld oortuig soos niks anders nie.

2.3 Die sogenaamde verskeurdheid van kerke

In verband met die begrip "kerk" (ekklesia), word in die Nuwe Testament onderskei tussen die onsigbare of universele kerk en die sigbare kerk (organisasie en instituut).

Die onsigbare of universele kerk

Die universele kerk bestaan uit alle uitverkorenes in Christus, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe deur Hom vergader is uit die hele menslike geslag wat oor die wêreld verstrooi is en ongebonde is aan plek of persone en wat met hart en wil in die Heilige Gees deur die geloof in Christus verenig is. Dit is 'n geloofsgemeenskap en 'n geloofseenheid in Christus. Die geloof in Christus is die band. Hier is geen sprake van sigbaarheid, van 'n organisasie, 'n instelling of instituut met strukture nie. Dit is daarom onmoontlik dat daar ooit sprake kan wees van enige verdeeldheid of verskeurdheid ten opsigte van die onsigbare kerk.

Die sigbare kerk

Die sigbare geïnstitueerde kerke verteenwoordig die georganiseerde kerklike lewe, die instituut met sy inrigting, strukture, regering, ampte, bedieninge ens. In die instituut figureer mense as belydende lidmate. Sigbare kerke as institute bestaan oor die wêreld onder alle rasse, nasies en volke in 'n verskeidenheid strukture.

Nêrens in die Nuwe Testament word verklaar dat geloof in Christus (Christenskap) die *identiteit* van mense ten opsigte van ras, nasie en volk *ophief*

nie, vgl. Kol. 3:11; Fil. 3:5; Op. 7:9.
Geloof in Christus wis nie identiteite uit nie
en *dwing nie tot 'n sigbare eenheid nie*.

Deur die eeue het daar 'n groot
verskeidenheid sigbare, geïnstitueerde
kerke oor die wêreld onder die rasse,
nasies en volke tot stand gekom wat nie
almal dieselfde leer bely en dieselfde
belydenisskrifte onderskryf nie en ook nie
almal volgens dieselfde
kerkregeringstelsel ingerig, gestruktureer
en regeer word nie. Hierdie verskille is
meermale radikaal. Juis daarom kan daar
ten opsigte van 'n groot verskeidenheid
van dié kerke geen sprake van 'n eenheid
wees nie, maar 'n *pluriformiteit van kerke*.
Enige poging tot eenheidskepping tussen
dié kerke sal kunsmatig, gedwonge en
fataal wees. Dit is 'n *natuurlike
verskeidenheid, wat nie as 'n
verskeurdheid bestempel kan word nie*.

Die verskeidenheid van geïnstitueerde
kerke bestaan ook as gevolg van
leerstellige verskille en verskil van
kerkregeringstelsel binne dieselfde ras,
nasie of volk. Aan die anderkant is daar
geïnstitueerde kerke onder verskillende
rasse, nasies of volke, wat dieselfde leer
bely en belydenisskrifte onderskryf en
dieselfde kerkregeringstelsel toepas, maar
wat juis *vanweë taal-kultuur-historiese en
ander verskille nie een kerkformasie kan
skep nie*. Die verskille noodsaak 'n
verskeidenheid, wat nie as verskeurdheid
gebrandmerk kan word nie.

Die Skrif, die skepping en die geskiedenis
verkondig die feit dat *God se geskapene
in alle opsigte* (plante, diere, mense ens.)
'n verskeidenheid van die begin af toon.
Die sigbare geïnstitueerde kerke onder
mense toon oor baie eeue heen dieselfde
verskeidenheid. Die teenswoordige
aandrag tot eenheid is daarom strydig
met die Skrif en geskiedenis. Om die
verskeidenheid in verband te bring met
verskeurdheid is sonder substansie. Hoe
kan leerverskille en verskillende
kerkregeringstelsels byvoorbeeld in
verband gebring word met "sondige
verskeurdheid"?

3. KERK EN OWERHEID

3.1 Wat die Skrif en die Belydenisgeskrifte leer

3.1.1 Instelling van God:

Die Skrif sê 'n owerheid is 'n *instelling van God* (Rom 13:1, 2; Dan 2:21, 37; Joh 19:11), 'n *dienaar van God jou ten goede* (Rom 13:4). 'n Owerheid is 'n beskikking van God ten goede vir alle onderdane, Christen en nie-Christen. Wie dus 'n *owerheid weerstaan*, weerstaan 'n mag deur God ingestel en sal *oordeel ontvang* (Rom 13:2). 'n Owerheid is 'n *voorwerp van vrees* vir die kwaaddoener, *straf* die kwaaddoener, *wreek hom* op die kwaaddoener, ja, *dra selfs die swaard* (Rom 13:4; 1 Pet 2:14). 'n Owerheid *gee lof* aan die een wat goed doen (Rom 13:3); *hef ook belasting* as dienaar van God (Rom 13:6). 'n Owerheid is *geregtig op onderdanigheid en gehoorsaamheid* (Rom 13:1-5; 1 Pet 2:13-14; Titus 3:1) maar 'n Christen moet *aan God meer gehoorsaam wees* as aan die mense (Hand 5:29; Hand 4:19-20). 'n Christen moet vir sy owerheid/owerhede voorbidding doen sodat ons 'n stil en rustige lewe kan lei (1 Tim 2:2). God het dus ter wille van, en tot heil van die mensdom, vir mense owerhede beskik, sodat owerhede die losbandigheid onder mense in bedwang kan hou en die goeie orde kan handhaaf. Vir dié doel het God die owerheid die swaard in die hand gegee om kwaaddoeners te straf (Rom 13:4) en die deugsames te beskerm. 'n Owerheid wat nie rekening hou met die verdorwenheid van die mens nie, maar aan die sondige mens bepaalde "goddelike" regte toeken, loop 'n pad van selfvernietiging.

3.1.2 Belydenisskrifte:

Die *Belydenisskrifte* (BSS) is getrou aan bogenoemde Skrifgegewens en *lig hulle verder toe*. Die BSS sê waarom God owerhede ingestel het naamlik *weens die verdorwenheid van die mens*. (NGB 36, 14, 15, 23, 33; HK So 2 (vr 5), So 3 (vr 7); DLL 1.6, 1.7, 3/4.1-3, 10, 16). Daarom word van die owerheid verwag "om die Woordbediening te beskerm om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die Antichris te vernietig en die Koninkryk van Jesus Christus te bevorder en orals te laat

verkondig sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel" (Nederlandse Geloofsbelydenis 36).

Die owerheid is dus geroep om die Kerk in staat te stel om met woord en daad valse godsdienste aan die kaak te stel, te bestry en die Antichristelike magte te vernietig. Die owerheid moet dus die Kerk beskerm om sy goddelike roeping uit te voer (NGB 14, DLL 3/4.4)

Maar ook van die onderdane en die Kerk word verwag dat aan die owerheid *eer, liefde en trou* betoon moet word, dat ek my aan hulle *goeie leer en tug* met gehoorsaamheid moet onderwerp, en met hul *gebreke* geduld moet hê omdat God my deur hulle wil regeer (HK, 5e gebod, So 39). Die BSS sê die owerheid moet *losbandigheid bedwing*, alles onder mense moet *ordelik verloop*, en die *deugsames* moet *beskerm* word (NGB 36). Die BSS sê 'n staatsowerheid moet aan die *staatsbestuur* aandag gee (NGB 36). Die BSS sê 'n owerheid moet die *Woordbediening beskerm en sodoende*

- afgodery en valse godsdiens teengaan en uitroei;
- die ryk van die Antichris vernietig;
- die ryk van Jesus Christus bevorder en laat verkondig sodat God deur elkeen geëer en gedien kan word (NGB 36).

Die BSS sê dat elkeen (elke Christen-onderdaan) die plig het om vir owerhede *voorbidding te doen* "dat die Here hulle in hulle handelinge mag bestuur ..." sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en eerbaarheid (1 Tim 2:2) (NGB 36). Die BSS sê ons (as Christene/belyers) *verfoei ... alle oproerige mense ... almal wat owerheidsgesag en regeerders wil verwerp* en die *regsorde omver wil stoot ...* en die *gemeenskaplike besit* van goedere invoer en die *eerbaarheid* wat God onder mense ingestel het, versteur (NGB 36), en om aan die owerheid onderdanigheid en eer te bewys, en om die owerheid te gehoorsaam in alles wat nie strydig is met Gods Woord nie (NGB 36), want "ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan mense" (Hand 5:29). Ook verwag God van die onderdaan en die Kerk om vir die owerhede *voorbidding te doen* "dat die Here hulle in hul handelinge mag bestuur

.... sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en eerbaarheid (1 Tim 2:2, NGB 36).

Die Kerk het dus die roeping om getrou te bly aan die verkondiging van die Woord, getrou te bly aan eerbetoen aan die owerheid, onderdanig te wees en voorbidding te doen vir die owerheid.

Nooit mag die Kerk egter sy profetiese roeping vergeet nie. Die welsyn van die Koninkryk van God moet altyd eerste staan en daarmee saam die beginsels en die eise van die Woord van God. Die kerk mag nie bondgenootskappe sluit wat mag lei tot ontrouheid aan die wil van God nie.

3.1.3 Verantwoordelike owerheid

Bybelse beginsels in die staatsbestel mag nie verruil word vir nie-Christelike wêreld- en lewensbeskouings nie. Op hierdie wyse sou die Christen-owerheid ontrou wees aan die verantwoordelikheid wat God op sy skouers plaas.

Ten diepste is dit God wat oor elke volk regeer. Hy stel regeerders aan met bepaalde gesag en verantwoordelikheid. In 'n demokratiese volksbestel ontvang die volk ook regte en verantwoordelikhede. Beide partye is in die laaste instansie aan God rekenskap verskuldig.

'n Owerheid wat nie die "heilige Woordbediening beskerm om sodoende alle afgodery en valse godsdienste teen te gaan" nie, maar in der waarheid meewerk aan die uitbreiding daarvan, loop gevaar om sy goddelike regeermag te verbeur - nie van die kant van die mens nie, maar van Hom wat dit genadiglik gegee het.

Om godsdienste daarom gelyk te stel asof die Christelike godsdiens maar net een van die baie godsdienste is, is om die waarheid van die Woord van God soos in ons Belydenisskrifte saamgevat word, te minag. Dit is en bly die Christen se taak om die absoluutheid van die Koningskap van Christus op elke lewensterrein te proklameer. Hierin moet 'n Christelike owerheid die kerk erken en steun.

Dus kan geen Christelike owerheid ter wille van die sogenaamde aardse "vrede" die Kerk onbeskermd laat deur o.a. die owerheid aan die antichristelike magte te oorhandig nie. Daarteen moet die Christen met al die kragte tot sy

beskikking weerstand bied. Sou 'n owerheid hierin ontrou raak is dit die roeping van die Christen om deur die middele daarvoor bestem, 'n ander (Christelike) owerheid daar te stel. God het in Suid-Afrika vir ons 'n staatsbestel gegee wat aan die Skrif getrou was. In die verlede het wetgewing t.o.v.

Sondaghandel en -sport, huwelik en egskeding, Christelike Nasionale Onderwys (om 'n paar te noem) met die eise van die Woord van God rekening gehou. Aan die hand van die Woord, is ook erkenning gegee aan die bestaan van die verskeidenheid van volkere soos God gewil het.

3.1.4 Algemene opmerkings

3.1.4.1 Humanisme:

Aangevuur deur 'n humanistiese versugting na menseregte, kan 'n owerheid die volk wat hom verkies het, aansien vir 'n massa enkelinge. Dit kan daartoe lei dat volksverbande en sosiale strukture geminag word om plek te maak vir identiteitsloosheid en veragting van kultuur en geskiedenis.

3.1.4.2 Kontrakbreuk:

'n Owerheid wat deur 'n volk verkies is, moet sy ooreenkoms met daardie volk in ere hou. Verkiesingsbeloftes is nie truiks om kiesersteun te werf nie, maar is deel van die ooreenkoms. Wie nie daarby hou nie, oortree die negende gebod en staan skuldig voor God. Verder kom dit neer op kontrakbreuk met die kiesers.

Die volk wat nie sy kiesreg as 'n verantwoordelikheid komende van God beskou nie en die owerheid toelaat om sy gesag te misbruik, staan skuldig voor God. En God straf so 'n volk.

3.2 Verset teen die owerheid

3.2.1 Inleidend

Hier word nie oor alle soorte geweld gehandel nie, maar gekonsentreer op die vraag of geweld teen die owerheid Bybels geregverdig kan word. Tog is dit belangrik om op die volgende te let:

Protes: dit is 'n nie-geweldadige optrede teen 'n besluit, wet, opinie, daad in die vorm van 'n afkeurende gesindheid,

kritieklewing, geskrifte. In hierdie optrede is iets positiefs.

Verset: Dit is ook 'n nie-geweldadige optrede, maar sterker as protes. Die klem val hier maar op die negatiewe: weiering om te aanvaar, om saam te werk. Verset wil verwerp en teenwerk.

Burgerlike ongehoorsaamheid: Dit is 'n openbare onwettige, nie-geweldadige aksie van morele protes teen 'n bestaande wet of wette of dele daarvan.

3.2.2. Skrifuitsprake

Natuurlik is dit vir 'n Christen en vir die Christelike kerk deurslaggewend wat die Skrif ons leer ten opsigte van ongehoorsaamheid, verset, protes en geweld teen die staat.

Romeine 13:1-7:

Toe Paulus die Romeinebrief geskryf het, was keiser Nero nog nie die vervolger van Christene nie. Wat ons in Rom 13:1-7 het, is geskrywe teen die agtergrond van 'n normale regering (al was dit 'n heidense een) wat misdadigers straf (vers 3-5) en getroue, goeie burgers beskerm (vers 3-5).

God beveel onderwerping aan die owerheid. Dit geld vir Christene én heidene. Die vraag is egter: geld dit nog as die owerheid sy mag misbruik, as hy nie met die mag wat hy van God ontvang het, optree nie, maar sy eie menslike dwase mag afforseer?

Dis nie wat die Woord hier leer nie. Wanneer die owerheid dan so optree dat die gewete van die gelowige vir hom sê (vers 5) dat dit nie in ooreenstemming met die wil van God is nie, kan die voorskrif vir onderwerping nie vir hom geld nie. Natuurlik moet sy gewete gevorm wees deur die Skrif self. Ons mag nie blote subjektiwisme daaraan koppel nie.

'n Owerheid versaak sy roeping wanneer hy 'n dienaar van afgode word. As die gelowige dan gehoorsaam is aan besluite van die owerheid wat in die uitvoering daarvan juis nie God sal vereer nie, het hy die owerheid liever as vir God.

Handelinge 4:19, 5:29 en Mt 10:37:

Die inhoud van hierdie gedeeltes kom hierop neer: Daar is 'n perk in ons

gehoorsaamheid aan die owerheid. Wanneer die owerheid, en soveel te meer dié een wat hom beroep op Christelikheid, van sy onderdaan eis of iets verwag wat in stryd met die wil van God is, mag die gelowige daardie owerheid in daardie saak nie gehoorsaam wees nie.

1 Petr 2:13-17:

Net soos in die geval van die Romeinebrief, is hierdie brief van Petrus voor die jaar 64 nC geskryf - dus voor die Christenvervolginge van Nero in Rome.

Wanneer die apostel handel oor "menslike verordeninge" beteken dit instellinge tot instandhouding of handhawing van lewe en orde in die samelewing. Dit moet gaan om die lewe van die onderdane te beskerm, dit 'n kwaliteitslewe te maak of te laat bly, en nie die gevolg hê dat lewens geminag word en bedreig word nie. Dan sou dit nie meer tot die eer van God wees nie.

3.2.3 Die Vyfde Gebod

3.2.3.1 Onderworpenheid:

Die owerheid moet geëer word, liefde en trou moet bewys word en onderworpenheid aan hulle goeie regering word gevra. Met die swakhede en gebreke van die owerheid moet daar geduld wees.

3.2.3.2 Geduldig:

Verset en geweld teen die owerheid moet daarom alleen te sprake kom nadat alle ander weë geduldig gevolg is, maar nie geslaagd was nie. Dit alleen ook eers wanneer die owerheid die onderdane nie meer met die "goeie leer" regeer nie.

3.2.3.3 Selfbeheersing:

Dit betaam Christene om te onthou dat "God ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Tim 1:7); dat "die vrug van die Gees ... selfbeheersing is" (Gal 5:22); dat 'n Christen by wie selfbeheersing ontbreek, as "blind en kortsigtig" bestempel word deur Gods Woord (2 Pet 1:9).

3.2.3.4 Voorbidding:

'n Christen moet hom voor God kan verantwoord dat hy vir sy owerheid/owerhede ernstig voorbidding gedoen het en steeds doen. (1 Tim 2:2)

3.2.3.5 Absolute eerbied vir die owerheid?:

Absolute eerbied kom net God toe. As die draer van die swaardmag sy mag misbruik deur self die misdadiger te word en deur te dood (in plaas van die doodslag met die dood te straf), tree daardie owerheid nie volgens die wil van God op nie en word dit 'n roeping om so 'n owerheid met een wat waardig die wil van God sal regeer, te vervang - al kos dit geweld. Ons moet God meer gehoorsaam wees as mense (Hand 4:10, 5:29).

3.2.4 Verset

'n Christen mag 'n owerheid weerstaan as dit vir so 'n Christen duidelik geword het

- a) dat sy gehoorsaamheid aan God deur sy gehoorsaamheid aan sy menslike owerheid belemmer of uitgeskakel word. 'n Christen moet immers altyd aan sy God meer gehoorsaam wees as aan mense (Hand 5:29);
- b) dat 'n owerheid sy plig as owerheid deur God hom opgelê, versuim en dus nie meer op onderdanigheid en gehoorsaamheid van sy onderdaan aanspraak het nie. (Vir 'n owerheid se plig, kyk hierbo 3.1);
- c) dat meer mense as hyself en meer belange as net sy eie belange deur die pligsversuim van 'n owerheid in die slag bly. God gebied immers 'n Christen om "alles wat sy naaste kan benadeel, sover moontlik (te) probeer voorkom" (HK So 40, Vr 107).

Wanneer 'n Christen hom voor God kan verantwoord dat protes tevergeefs was en niks behalwe verset vir hom oorbly nie, bewandel hy eers die weg van lydelike verset sover moontlik, en wend hom daarna as laaste uitflug tot geweld. Maar alvorens hyself tot geweld oorgaan, raadpleeg hy eers mede-Christene en veral mede-Christene wat as geestelike leidsliede erken word.

3.2.5 Verset in die kerkgeskiedenis

3.2.5.1 Doodsvyande:

Die kerkgeskiedenis leer dat opstand gevolg het telkens nadat die gelowige sy doodsvyande en hul werke in die optrede van sy owerheid gesien het.

3.2.5.2 Lombardiërs:

So vind ons in die kerkgeskiedenis reeds in 1218 die versetbeweging van die Lombardiërs en die Waldense van Lyon, dan die militêre verset van die Hussiete aan die begin van die vyftiende eeu in Bohemië (vandag Tsjeggo-Slowakye), daarna die Hugenote in Frankryk en die Geuse in Nederland teen die Spaanse oorheersing.

3.2.5.3 Teoloë:

In die worsteling met hierdie vraagstuk het verskeie teoloë na vore getree soos onder andere M Luther, H Zwingli, J Ponet, J Calvyn en die grondlegger van die gereformeerde versetleer Philippe de Mornag du Plessis in sy geskrif *Vindicae contra tyrannos* (1579).

3.2.5.4 Resente tyd:

In meer resente tyd kan name genoem word van onder andere A Kuyper, J Douma en in Suid-Afrika JD du Toit, WJ de Klerk en LP Vorster.

3.2.6 Blanke opstand in Suid-Afrika

3.2.6.1 Provokasie:

Die geskiedenis van die Blanke (Hollander/Afrikaner) in Suid-Afrika bewys onteenseglik dat opstand en gewapende opstand telkens deur die owerheid of owerheidsinstansies geprovokeer is.

3.2.6.2 Redes:

Die geskiedenis van dusdanige opstande, gewapende opstand en geweld oortuig dat die provokasie tot inhoud gehad het: onreg, verontregting (die Kaapse patriot-beweging), ekonomiese uitbuiting (Adam Tas e.a teen WA van der Stel), belediging, brutaliteit (Slagtersnekrebellie), miskenning van volksnasionalisme, miskenning van selfbeskikking en die aantasting van vryheid en onafhanklikheid (Groot Trek, Eerste Vryheidsoorlog, 1914 Rebelle).

4. MENS EN MEDEMENS

4.1 Versoening

4.1.1 Ou Testament:

4.1.1.1 Algemeen:

Die woord "versoening" vind sy oorsprong in die regspraak. Een party oortree teenoor 'n ander en kom hom te na. Deur 'n kofêr, 'n soenoffer, te betaal, kom die skuldige party sy verpligtinge teenoor die eiser na sodat daar weer versoening tussen die twee partye bestaan. Die kwaad is dan deur die boetedoening goed gemaak en bedek. Die Hebreeuse woord kofêr laat ruimte om as "bedek" en "weg te was" vertaal te word.

"Versoening" dui dus aan "vervangingswaarde" of "ruilwaarde". Om te versoen beteken dan: om die vereiste ruilwaarde aan te bied. (Vgl Jakob se versoeningshandeling teenoor Esau [Gen 32:20] nadat hy die eersgeboortereg en -seën van Esau geneem het [Gen 27:36]).

4.1.1.2 Binne die verbondsgemeenskap:

Die verhouding tussen mens en God is versteur as gevolg van die sonde, die heiligheid van God geëis dat daar versoening moet kom: 'n lewe moet gegee word. God het dit so verordineer dat die bloed (siel) van 'n offerdier hierdie sonde sou versoen (Lev 17:11).

Nadat 'n misdaad teenoor 'n medegelowige gepleeg is, het die wet van God bepaal dat 'n kofêr gebring moes word. Die gedagte daaragter was om die ewewig wat deur die misdaad versteur is, weer te herstel. Die reël wat gegeld het was: oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand (Ex 21:24).

Nooit is die versoening tussen geloofsgenote gesien as 'n private aangeleentheid tussen die klaer en die eiser nie. Versoening was nodig omdat die vergryp teen die naaste ten diepste 'n vergryp teen God was. Regspraak en versoening geskied dus voor die priester. Versoening was 'n Verbondsaangeleentheid.

As algemene reël het gegeld dat Gods wet bepaal het dat die reg in sy volk alleen gehandhaaf kon word indien daar

versoening gedoen word deur die gee van 'n lewe (Hebr 11:22).

4.1.2. Nuwe Testament:

4.1.2.1 Hellenistiese wêreld:

In die Hellenistiese wêreld het die gedagte geleef dat die mens sekere handeling moes uitvoer om die guns van die gode te wen. Versoening was dus 'n saak wat aan die willekeur van die mens oorgelaat is.

4.1.2.2 Nuwe Testament:

Die gedagte dat die mens homself met God en sy naaste kan versoen, bestaan nie in die Nuwe Testament nie.

Die Nuwe Testament laat val die klem, anders as in die Hellenistiese wêreld, op die versoeningshandeling van Góð teenoor die mens (2 Kor 5:18,19,21). Dis nie nodig dat die mens Gods goeie guns probeer wen nie, omdat Hy reeds aan die kant van die sondaar staan.

In die Nuwe Testament kom die offerdiens van die Ou Testament tot vervulling in Jesus Christus. Hy gee sy lewe as volmaakte offer wat nooit herhaal sou word nie (Hebr 9:11-15). Jesus tree as Middelaar op om die sonde van die volk te versoen met sy eie bloed. Hierdie offer beweeg God nie tot genade nie, maar Hy aanvaar dit omdat Hy genadig is.

In 2 Kor 5:18-21 spel die apostel die versoeningswerk van die Versoener uit: aan die kruis is die ruilwaarde vir ons sonde aangebied. Christus het ons sondes vir Homself toegeëien en daarteenoor sy geregtigheid aan ons geskenk. Hieruit volg dat God aan die apostels die bediening van die versoening gegee het.

Die bediening van die versoening is dus ver van die algemene begrip van versoening wat vandag bloot "brug bou", "handevat of "vrede maak" beteken.

Die "bediening van die versoening" is alleen moontlik wanneer Christus, die gekruisigde, as Middelaar en Versoener tussen God en die sondaar, en tussen sondaar en sondaar, versoenend werk.

Dat Christus die hilasmos (versoening) vir ons sonde is, is 'n feit wat herleibaar is na die liefdesdaad van God: Hy het ons liefgehad toe ons nog sondaars was (Rom 5:8). Wie dus in die regte verhouding met

God wil lewe, moet hom met God laat versoen (2 Kor 5:20) en deur geloof gereinig word deur die bloed van Christus (Hebr 10:22).

Versoening tussen mense sonder Christus is nie moontlik nie. Die sondige natuur van die mens waarborg onmin en tweedrag. Christus alleen skenk die nuwe natuur en daarmee die moontlikheid tot versoening tussen broers. So word die Christen opgeroep om hom met sy broer te versoen voordat hy voor God gaan staan (Matt 5:23,24 en 6:11).

Wanneer daar na die "broer" verwys word, veronderstel dit dat God die Vader is. Wie God nie as Vader ken nie, is nie sy kind nie. Daar is geen versoening tussen gelowige en ongelowige moontlik terwyl Jesus Christus nie Versoener van beide is nie. God self verbied versoening tussen gelowige en ongelowige (2 Kor 6:14, 2 Kron 19:2).

4.1.3 Samevatting:

4.1.3.1. God en mens:

Versoening in die Bybel het by uitstek te make met die herstel van die gebroke verhouding tussen God en mens.

4.1.3.2. Sonde:

Die verhouding tussen God en mens is gebroke vanweë die sonde (rebellie) van die mens teenoor God.

4.1.3.3. Liefde van God:

Versoening van sonde lê nie in die wil van die mens nie, maar in die liefde van God.

4.1.3.4. Jesus Christus:

Versoening tussen mense is alleen moontlik as die versoeningsdaad van Jesus Christus dit heilig. Slegs op hierdie wyse word versoening tussen mense 'n Bybelse opdrag.

4.1.3.5. Humanisme:

Van versoening as horisontalistiese, humanistiese "uitreik" na mekaar, weet die Bybel nie.

4.1.3.6 Geen onheilige bondgenootskappe:

Wanneer daar op Christene 'n appèl tot versoening gemaak word, mag sodanige versoening nie lei tot bondgenootskappe met hulle wat Christus as Versoener nie ken nie.

4.2 Naasteliefde

4.2.1 Inleiding

Die tweede groot gebod eis: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Lev 19:18, Matt 19:19, 22:39, Mark 12:31, Luk 10:27). Vrae wat hieruit voortspruit is: "Wat word bedoel met liefde", en: "Wie is my naaste?"

4.2.1.1 Wat is die liefde?

4.2.1.1.1 Dit is die nakoming van die tweede tafel van die wet, dus sluit dit in die 5e tot 10e gebod. Gesag moet eerbiedig word; huwelikstrou, -reinheid en -kuisheid moet gehandhaaf word; ander se besittingsreg moet eerbiedig word; die ander se goeie naam moet beskerm word deur die waarheid; en ek moet tevrede wees met wat ek het (Rom 13:8-10).

Binne hierdie riglyne lê die Skrif enkele aksente:

Rom 12:9-19: Hier word beklemtoon dat die liefde opreg moet wees (:9), eerbied teenoor mekaar (:10), help in ander se nood (:13), wees gasvry (:13), seën dié wat vervolgers is (:14), wees bly saam met dié wat bly is, en treur saam met die wat treur (:15), wees eensgesind en nederig (:16), wees goedgesind teenoor alle mense (:17) en leef in vrede met alle mense (:18), moenie wraak neem nie (:19).

1 Kor 13:4-7: Die liefde is geduldig, vriendelik, nie afgunstig, grootpraterig of verwaand nie. Dit handel ook nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie, verbly hom nie oor die onreg nie, verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles en verdra alles.

Gal 5:13 en Fil 2:3-4: Dien mekaar in liefde, dws moet niks uit selfsug en eie eer doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoë ag as homself; elkeen moet nie net aan sy eie belang dink nie, maar ook aan die ander (vgl Ef 4:2). Wees dus goedgesind en hartlik teenoor mekaar en vergewe mekaar (Efe 4:32).

Joh 15:12-13: Jesus se opdrag is: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet; niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriend (= wat hom liefhet) aflê.

Matt 22:39 en Mark 12:30-31: Hier kom die gebod voor: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Dit beteken (in die lig van bostaande) nie dat jy jouself moet liefhê en dan jou naaste net so veel nie. Dit beteken egter dat jy jou naaste sal liefhê asof dit jouself is wat jy liefhet: plaas jou naaste in jou plek - soos Jesus dit self gesê het: "Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen; want dit is die wet en die profete." (Matt 7:12). Anders gestel: "Soos wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen." (Luk 6:31)

4.2.1.1.2 Die liefde vir mekaar binne die dissipelkring (Joh 13:34-35) moet die kenteken wees waaraan die dissipels as dissipels van Jesus uitgeken kan word. Die patroon waarop hierdie liefde uitgevoer moet word, is die liefde wat Christus vir hulle het (Joh 13:17). Die liefde vir mekaar moet opreg wees en kom uit 'n hart deur Jesus gereinig (1 Petr 1:22). Die liefde wat God vir ons het en wat Hy in Jesus Christus bewys het, moet die aansporing tot die onderlinge liefde wees (1 Joh 4:11, 12).

4.2.1.1.3 Die liefdesgebod eis ook dat jy jou vyand sal liefhê. Dit beteken dat daar in plaas van vergelding verdraagsaamheid sal wees, en in plaas van 'n oog vir 'n oog, moet daar selfs 'n hou teen die ander wang verdra word (Matt 5:38-39, 44; Luk 6:27-29). Daar moet nie wraak geneem word teen die vyand nie, maar die vergelding moet aan God oorgelaat word. As die (oorwonne) vyand in jou hand is, moet jy hom versorg met kos en water (Rom 12:19-20).

Dit beteken egter nie 'n passiewe houding teenoor alle vyande nie. Die Ou Testament is vol van voorbeelde wat duidelik uitwys dat die liefdesgebod ook die beskerming van die eie (familie en volksgenote) insluit. So word in Deut 20 voorskrifte gegee met betrekking tot oorlog. Dit is egter steeds die taak van die owerheid om in die oorlogsituasie leiding te neem (Rom 13:1-8, 1 Petr 2:13-7). Niemand mag hom in tye van oorlog afsydig hou nie. Maar wie teen die vyand veg, moet dit doen in opdrag van sy owerheid. Daarom kan oorlog 'n regverdige oorlog wees - wat as dryfveer het die gebod van die liefde.

Ek mag nooit my eie klein oorloggie voer teen my persoonlike vyande nie. Maar as die owerheid my oproep tot die stryd, mag ek nie ongehoorsaam wees nie. As my land bedreig word, moet ek die wapen opneem.

4.2.1.2 Wie is my naaste?

4.2.1.2.1 Volksgenote en Geloofsgenote: In die Ou Testament is die vertrekpunt van die wetgewing die feit dat my volksgenoot my naaste is na wie se belange omgesien moet word en wat beskerm moet word (vgl oa Lev 19:18).

In die Nuwe Testament word die klem gelê op die geloofsgenoot (vgl o.a. Gal 6:10). Die eerste Christelike gemeentes se primêre taak was dan ook om mekaar by te staan en te versorg (vgl bv Hand 6). Dit was juis hierdie onderlinge liefde en besorgdheid oor mekaar wat in die wêreld die oog gevang het. So moes die gelowiges dan ook vir die vyandige wêreld 'n voorbeeld stel.

4.2.1.2.2 Broederliefde:

Die opdrag tot broederliefde sluit baie nou aan by bogenoemde. Benewens 1 Petr 1:22 en 2:17 is daar oa in 1 Joh 2:10 en 4:20-21 ernstige uitsprake oor die broederliefde. Die broer is dus my medegeloofsgenoot wat saam met my deel in die Vaderskap van God (Joh 1:12, Mark 3:34-35). Die dissipelkring en die gemeente is 'n hegte broederskap wat mekaar se broers en susters is. Daarom het die broer teenoor die ander 'n verantwoordelikheid. Dus is my broer ook my naaste (my naaste is egter nie altyd my broer nie).

4.2.1.2.3 Matt 25:31-46

As ons hierdie perikoop lees, kom die vraag op: wie word hier bedoel en wat wil dit vir ons sê?

Dit is duidelik dat Jesus wil aantoon dat die wêreld se mense verdeel is in twee hoofgroepe wat duidelik te onderskei is van mekaar: die wat aan sy Koninkryk behoort en dié wat vervloektes is.

Die onderskeidende kenmerk is of die geleentheid om aan 'n medemens 'n weldaad te verrig, aangegryp word al dan nie. Diegene wat gedring word deur die liefde van Christus vind dit vanselfsprekend om na die minderbevoorregte om te sien (vgl ook

Heb 13:1-3). Dus word die gelowige juis uitgeken wat elke geleentheid om aan 'n medemens goed te doen aangryp.

Hier word nie gepraat van naaste of naasteliefde nie. Hier is dit die mens in nood wat saak maak.

4.2.1.2.4 Luk 10:29-36

Jesus antwoord die wetsgeleerde se vraag "En wie is my naaste?" met 'n gelykenis. Aan die einde van die gelykenis is die vraag egter omgekeer en word dit geïmpliseer: vir wie is ek 'n naaste? Dan is my naaste die mens in nood wat my pad kruis. Ook hier weer val die klem op die mens in nood.

Al is die mens in nood dan ook my vyand, is hy my naaste, of kan ek dan vir hom 'n naaste wees (Rom 12:19-20).

4.2.1.2.5 Samevattend

My naaste is dus diegene wat naaste aan my is: my volksgenote en geloofsgenote. Hier lê my eerste verantwoordelikheid. Die broers en susters moet na mekaar se belange omsien. So is dit bedoel om te wees.

As die mens in nood egter my pad kruis, is hy op daardie oomblik my naaste. Dan maak dit nie saak wie of wat hy is nie.

4.2.2 Wat is dan naasteliefde?

Naasteliefde is 'n bepaalde wyse van optrede wat spruit uit 'n sekere gesindheid. Omdat Jesus aan my die liefde van God kom toon het, moet ek ook aan ander liefde betoon. Liefde is dus iets wat gedoen word, aksie, optrede. In die kring van die volks- en geloofsgenote is dit 'n wyse van lewe, verantwoordelike gemeenskapslewe.

Die liefde van God in Christus is egter so groot dat daar ook 'n oop oog moet wees vir die mens in nood al behoort hy nie aan my hegte kring nie.

4.3 Skuldbelydenis

Die gedagte van jou skuld (of sonde) te bely, kom slegs voor in jou verhouding tot God (ook in OT).

Jak 5:16 is hier die uitsondering. Dog hier is dit uit die konteks beter te begrype as

dit daarom gaan dat in die kring van gelowiges mense openlik voor mekaar hul sondes teenoor God begaan, bely. Let veral op die voorafgaande vers. Verder kan die werkwoord beteken "erken", en laat die Grieks dit toe om hier te verstaan: "erken julle oortredings teenoor mekaar begaan". Dus is "skuldbelydenis" gereserveer vir belydenis van sonde teenoor God.

In hierdie verband is "vergifnis" belangrik. Op die gelowige word die verantwoordelikheid gelê om sy broer te vergewe as die een iets teen die ander het. Maar belydenis is nooit 'n voorwaarde nie.

Van "versoening" tussen mens en mens is slegs in Mat 5:24 en 1 Kor 7:11 sprake, en twee verskillende woorde word gebruik. In Mat 5:24 val die klem op verandering van gesindheid, dus moet gestreef word daarna om die broer se gesindheid te verander. In 1 Kor 7:11 gaan dit oor versoening tussen man en vrou wat na skeiding weer by mekaar uitkom.

4.4 Geregtigheid

4.4.1 In die Ou Testament

Geregtigheid is 'n juridiese begrip. Wie oordeel dat hy onregverdig behandel is, kon hom beroep op die regspraak. Van die regspraak is verwag dat dit regverdig, dit is: na die Wet van God, moes oordeel.

Israel het geen universele geregtigheidsbegrip geken nie. 'n Mens is alleen regverdig behandel as hy ontvang wat na die belofte van God hom toekom. Vir die Ou Testamentiese mens was die geregtigheid nie in homself of 'n sisteem gesetel nie, maar in die verbondshandeling van God met sy uitverkorenes. Sy geregtigheid was die waarborg vir die verbond.

Die geregtigheid wat Israel geken het, was dus geen algemeen-sedelike norm van geregtigheid nie. Wat dus vir ander volke as geregtigheid gegeld het, was nie noodwendig van toepassing op Israel nie.

Geregtigheid is gesetel in die soewereine handeling van God wat kragtens sy verbond van sy kinders verwag het om

geregtigheid aan Hom en mekaar te bewys.

Waar hierdie eis teenoor God nie nagekom is nie, het Hy in sy geregtigheid hulle gestraf (bv deur ballingskap). Sou hulle kragtens hierdie geregtigheid mekaar te ná kom, tree die profete op met striemende boodskappe (vgl bv die optrede van Amos).

"Sosiale" ongeregtigheid van die Ou Testament verwys dus primêr na optrede van een verbondsgelowige teenoor 'n ander. Uitbuiting van bv weduwees, wese, minderbevoorregtes, ens was ten diepste 'n vergryp teen God omdat sy wet oortree is.

Van sosiale ongeregtigheid in sy hedendaagse betekenis waar dit vertolk word as vergryp teen die regte van die individu, weet die Ou Testament nie.

4.4.2 Nuwe Testament

Wanneer die Nuwe Testament praat oor die geregtigheid van God, word daar gewys op die geregtigheidshandeling van God in Jesus Christus: Hy het die wêreld so lief dat Hy sy Seun gee sodat dié wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie maar die ewige lewe kan hê (Joh 3:16).

Geregtigheid van die Ou Testament is in die Nuwe Testament gekonsentreer in die Middelaarswerk van Jesus Christus.

Wanneer die sondaar van sy sonde geregverdig word, beteken dit dat God sy Seun straf in die plek van die sondaar. Wie geregverdig is, is vrygespreek van die straf van die sonde, want God het Hom wat geen sonde geken het nie, vir ons sonde gemaak (2 Kor 5:21).

Wanneer God die mens in Christus regverdig verklaar, leef die mens in 'n nuwe verhouding tot God: sy skuld is hom vergewe, nie op eie verdienste nie, maar uit genade. Wie dus roem, moet in Christus roem (Rom 3:27)

Die nuwe verhouding waarin die mens leef, plaas hom ook in 'n nuwe verhouding met betrekking tot sy medegelowige: hulle word kinders van dieselfde Vader en deel kragtens die geloof in Christus in al sy weldade.

Hierdie nuwe verhouding tot die medegelowige moet gekenmerk wees deur die gesindheid van Christus (Fil 2:2,5). Partyskappe en verdeeldheid word daarom afgekeur (1 Kor 3).

Soos in die Ou Testament, bestaan daar ook in die Nuwe Testament geen universele geregtigheid nie. Sosiale geregtigheid in algemene terme bestaan daar dus ook nie. Wat wel geld, is dat die kind van God teenoor dié wat glo, sowel as dié wat nog buite staan, moet optree met 'n Christelike gesindheid gelouter deur die wet van God (Matt 22:37-40). Van sosiale geregtigheid gekoppel aan menswaardigheid en mensereg, weet die Nuwe Testament nie.

4.4.3 Slotsom:

4.4.3.1 Verbondsgod:

Bybelse geregtigheid setel in die vrymagtige handeling van die Verbondsgod.

4.4.3.2 Aanneming as kind:

Kragtens die uitverkiesende genade van God bewys Hy sy geregtigheid daarin dat Hy die mens uit sonde red, hom die skuld nie meer toereken nie, en hom aanneem as kind.

4.4.3.3 Alledaagse lewensverbande:

Kragtens Gods geregtigheid, eis Hy van sy kinders dat hulle in alledaagse lewensverbande teenoor mekaar as begenadigde sondears sal optree. Hierin is die mens 'n navorger van Christus, nie 'n na-aper nie.

4.4.3.4 Genadewerk van God:

Sosiale geregtigheid, of sosiale onreg aan die ander kant, is gesetel in die genadewerk van God en nie in die menswaardigheid of mensereg van die medemens nie.

4.4.3.5 Nie politieke begrip:

Dis belangrik om te besef dat die Bybelse begrippe "geregtigheid" en "regverdigheid" 'n ander betekenis het as wat tans in 'n politieke konteks daaraan gegee word. Dit mag nie maar netso op die hedendaagse samelewing toegepas word nie.

4.5 Die mens: gelyk, ongelyk of gelykwaardig?

4.5.1 Gelykwaardig:

Is alle mense werklik gelyk soos wat so dikwels verkondig word? Nee, beslis nie! Die Woord van God lewer wel voldoende getuigenis dat die mens gelykwaardig is in die opsig dat daar by God hoegenaamd geen aanneming van die persoon is nie (vgl Gal 2:6; Kol 3:25 en 1 Pet 1:17). Dit kom daarop neer dat God alle mense se siele gelyk geskape het en dat geen persoon daarop kan roem dat sy siel van meerdere waarde is as dié van 'n ander nie, soos wat die Israel-Visie byvoorbeeld leer nie.

Christus se soenverdienste is vir alle mense. Hy het immers vir die hele wêreld se sonde gesterf (Joh 3:16). Verder is Sy liefde en lankmoedigheid ook daar vir alle mense en het Hy geen behae daarin dat een persoon verlore gaan nie (Eseg 33:11). Dus is daar, op grond van die Bybel, geen verdere saak nie - God skep die mens *gelykwaardig*.

4.5.2 Gelykheid en ongelykheid

Maar nou moet ons twee begrippe nie met mekaar verwar nie. Gelykwaardigheid impliseer nie noodwendig gelykheid nie. Dit is byvoorbeeld onwaar dat alle mense op aarde gelyk is. Die Bybel asook die sekulêre geskiedenis lewer voldoende bewys dat die mensdom ongelyk is. Dit hang ten nouste saam met duidelik aanduibare eksterne faktore soos ongelykheid in opvoeding, ambisie, verantwoordelikheid, produktiwiteit ensovoorts. Is die lui dienskneg in die gelykenis van die talente (Matt 25:14-30) dan gelyk aan dié wat gewoeker het met hul talente? Nee, beslis nie. Christus sê van hom: "En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis..." (Vers 30). Hierdie kneg se ongelykheid is die direkte resultaat van sy onverantwoordelikheid in vergelyking met die ander twee se ywer waarvoor hulle beloon word.

Die ongelykheid onder mense is ook waar te neem in die feit dat God nasies en volke skep wat in baie gevalle opsigtelik groot van mekaar verskil. Dit bring noodwendig 'n ongelykheid onder mense. Laasgenoemde hang saam met

aangebore faktore soos byvoorbeeld godsdienstige-, kulturele- en psigologiese verskille.

Hierdie aangebore verskille maak dat rassevermenging nooit sal slaag nie. Oral waar hierdie faktore geïgnoreer is en rassevermenging as 'n God-gewilde utopia voorgehou is, het rassiespanning en rassebotsing voorgekom. Mens kan jou nie losmaak van hierdie wesensverskille nie en God verwag dit ook nêrens van ons om so vir Hom aanvaarbaar te wees nie.

4.5.3 Andersheid

Mag die blanke hom bo 'n nie-blanke verhef? Nee! Op grond van die gelykwaardigheid van alle siele voor God durf geen blanke vir die nie-blanke sê dat hyself 'n beter mens as hy is nie. Die blanke is wel vanweë aangebore ongelykhede 'n *anderste* mens. Daarvoor hoef die blanke nie om verskoning te vra of 'n skuldbelydenis te doen nie. God het ook die blanke, soos vir elke ander ras, deurdat Hy hom onder 'n bepaalde ras, volk, nasie of familie geplaas het met 'n eie unieke waardesisteem, so anders gewill!

God gee hierdie onderskeidinge soos wat Hy in Gen 11 mense wat in weerwil van die trekbevel (Gen 1:28) almal eenders wou wees, deur 'n ongelykheid in taal uitmekaar laat gaan. God gee vandag nog hierdie onderskeidinge en wie hierdie onderskeidinge gelyk wil skaaf, bou aan 'n tweede toring van Babel en sal dieselfde gevolge moet dra.

4.5.4 Humanisme, Marxisme en Liberalisme

Vanwaar kom dan die bose strewe om gelykheid onder ongelykes te probeer afdwing? Dit is 'n duidelike set van Satan wat veral sedert die Franse Rewolusie in 1789 in alle erns die aandag van die wêreld begin geniet het toe die ateïs-filosoof Jean Jacques Rousseau die era van die Liberalisme ingelei het met die slagspreuk: *vryheid, gelykheid en broederskap*. Hiermee wou hy uiting gee aan die mondigheid en waardigheid van die mens en open hy die deur na 'n filosofie wat as die Humanisme bekend sou staan. Laasgenoemde het met sy sieklike klem op die feitlike verafgoding van die mens 'n uiters effektiewe

teenvoeter vir die Christelike godsdiens geword.

Die Humanisme het op sy beurt weer baie booshede gebaar soos byvoorbeeld die Marxisme. Laasgenoemde is van huis uit ateïsties en het geen oog vir die geestelike nie. Dit lê oneindig swaar klem op die stoflikheid van die mens en die gevolg is dat die gelykheid van alle mense hand aan hand gaan met 'n sieklike oorbekiemtoning van horisontale versoenings tussen mense en daadwerklike pogings van ontspoorde kerklui om kerklike meganismes te vind waardeur geestelike eenheid in weerwil van die Woord van God sigbaar gedwing moet word. Hier word gepoog om die grense wat God daar gestel het tussen volke en kultuurgroepe (Deutr 32:8; Hand 17:26) uit te wis.

4.6 Rassisme

4.6.1 Algemeen

Sommige kerklike vergaderings en geskrifte het die term "rassisme" vanuit die politieke arena die kerk binne gesleep om daaraan 'n godsdienstige betekenis te probeer gee. Dit is eintlik 'n politiese term wat in hedendaagse gebruik dikwels willekeurig gelaai en ontlai word.

4.6.2 Die Skrif

God het die plante, bome, diere, visse en mense in 'n groot verskeidenheid in elke soort geskape. God self skep volke, rasse en nasies (Deutr 32; Hand 17:26; Open 21).

Die mens as kroon van God se skepping het opdrag onder die seënende hand van God om te vermeerder en te heers oor die skepping (Gen 1:38). Dit is nl die mens se Kultuurtaak.

4.6.3 Positief

God skep elke mens in 'n bepaalde ras, en daarom behoort een ras 'n ander te respekteer en moet elke mens trots wees op sy Godgegewe ras.

Ondanks hierdie onderskeid, is geen mens wat opreg in Christus glo op grond van sy rasverband of volksverband uitgesluit uit die Koninkryk van God nie.

God verwag van die mens agting en dankbaarheid vir sy besondere gawes, in nederige erkenning teenoor die Gewer dat alles slegs gawes is, en dus geen rede tot selfverheffing is nie.

Rassegevoel is 'n gevoel van rasondersheid, rasidentiteit, 'n rasbesef of rasbewustheid en kan dus nie as sodanig as rassisme getipeer word nie.

4.6.4 Negatief

Eers wanneer een ras of volk homself as meerderwaardige skepping van God bo ander rasse of volke beskou, het ons met rassisme te doen. Dit sou spruit uit rassehoogmoed, terwyl geen vorm van hoogmoed te rym is met die Woord van God nie.

As die een ras homself verder meerderwaardig ag bo 'n ander daarin dat die Evangelieboodskap by uitstek (of selfs makliker) by hom ingang vind, het ons met rassisme te doen wat die uitverkiesende genade van God misken (Dortse Leerreëls 1:9 - Verwerpings).

Sou volksliefde daarop gerig wees om die eie volkskultuur te bewaar en te skep, moet dit baie beslis van die negatiewe betekenis van rassisme onderskei word.

4.7 Nasionalisme

4.7.1 Inleiding

God het nasies geskape. Elke volk is 'n samestelling van huwelik-, gesins-, en familieverbande. Die verontagsaming van hierdie fundamentele verbande met gepaardgaande kulturele en ander spanninge, moet ten sterkste afgewys word.

Wie uitgaan van die standpunt dat 'n volk bloot die versameling van enkelinge is waarin bogenoemde verbande ontken of geminag word, betree die weg van die liberalisme wat 'n spoor van verwoesting agtergelaat het vir hulle wat daarmee geëksperimenteer het.

4.7.2 Betekenis

Nasionaal beteken betreffende 'n nasie, dws inheems, behorende tot 'n nasie. Dit beteken verder nasieverbonde of

nasie-eg. Daarby word raseg nog bygevoeg. In die Afrikaanse taal is die terme volk en nasie altyd nog sinoniem. So kry ons dit in die Volkslied "Die Stem van Suid-Afrika", in die Parlement waar daar gebid word vir "ons wat hier as verteenwoordigers van die volk vergader is", ensovoorts. 'n Nasie is mense van dieselfde stam wat in die reël dieselfde taal praat en dieselfde sedes het.

Die nuwe betekenis wat sommige politici daaraan gee, nl dat dit 'n staatkundige begrip is wat al die inwoners van 'n staat aandui (ongeach stam, ras ens.), is 'n nuwe betekenis. Die meerderheid woordeboeke sê duidelik dat volk en nasie dieselfde begrippe is.

4.7.3 Moderne "nasionaisme"

Moderne "nasionaisme" wil die regte van 'n volk of nasie hom ontnem, terwyl die sogenaamde regte van die individu voorop staan. Dit hou in dat 'n nuwe "nasionaisme" ontstaan wat histories vasgelegde en kultuurgebonde gebieds- en landsgrense, asook bodemgehegtheid minag.

Die noodwendige wat hieruit voortvloei, is die aansluiting by die globalisme, universalisme en internasionaisme van die New Age Beweging wat die mens as planetariese wese wil voorberei om sy godsdienste, eie kultuur, eie identiteit en eie volksverbondenheid te verwerp. Volksnasionaisme staan in die weg van die Nuwe Wêreldorde.

4.7.4 Volksnasionaisme

Soos reeds genoem, word uitgegaan van die standpunt dat God die Skepper van nasies met elk sy eie woongebied is. Waar nasionaisme 'n liefde vir 'n eie nasie of 'n gevoel van nasiebewustheid beteken, kan dit nie as sondig afgemaak word nie. Trouens, om die eie volkswaardes te koester en uit te bou, is deel van die kultuuropdrag van die mens.

Nasionaisme wat die liefde vir die eie is, beteken dus hoegenaamd nie dat ander volke daarmee gehaat word nie. Inteendeel, die trekkragte waardeur mense by hulle eie volksgenote aansluit en ander uitgesluit word, leer volke om ook die eie van 'n ander volk te waardeer.

Dis nie nasionalisme wat sonde is nie, maar die vergryp daarteen. Sodra die een volk probeer beslag lê op dit wat kultureel en histories tot die ander behoort, het dit deur die geskiedenis aanleiding gegee tot bloedige oorloë.

4.8 DISKRIMINASIE

4.8.1 Inleiding

Om te diskrimineer is om met onderskeid te behandel, te onderskei of 'n verskil te maak.

Diskriminasie in die Christelike etiek is die vermoë wat God deur sy Gees aan sy kinders gee om te kan onderskei tussen goed en kwaad.

Soos met rassisme en nasionalisme, het diskriminasie in die hedendaagse gebruik dikwels 'n politieke term geword wat na willekeur van betekenis voorsien word.

4.8.2 Positief

Wanneer daar 'n keuse tussen goed en sleg gemaak moet word, word daar in der waarheid gediskrimineer. Dit is verder wel diskriminasie as bv openbare kleedkamers vir mans of dames gereserveer word of as by openbare plekke die reg van toegang voorbehou word. En tog moet enigeen erken dis noodsaaklik en positief. Dit is juis om goeie sedes en gedrag te verseker!

4.8.3 Negatief

In die hedendaagse taalgebruik word die woord byna deurgaans met negatiewe (politieke) betekenis gevul. Hiervolgens sou almal wat hom graag met 'n bepaalde volk vereenselwig, teen ander volke diskrimineer: maw hulle (noodwendig) as minderwaardig ag.

Sekere kulturele en politieke regte wat 'n bepaalde volk vir homself toeëien om eksklusief vir lede van daardie volk uit te hou, word dan vertolk as diskriminasie. Op hierdie wyse word volksnasionisme onder verdenking geplaas en die morele basis vir 'n volk om hom te beroep op die eie, word hiermee bevraagteken. Om slegs 'n negatiewe betekenis aan diskriminasie te heg, is om die betekenis te verskraal en ons te beroof van woorde wat 'n saak positief kan beskryf.

Soos reeds gesê by die paragraaf oor rassisme, sou diskriminasie wat spruit uit 'n inherente gevoel van meerderwaardigheid, as negatief afgewys moet word. Wanneer dit egter spruit uit gesonde volksnasionisme, is dit eties geregverdig.

4.9 MENSEREGTE

4.9.1 Menseregte in die algemeen

4.9.1.1 *Menseregte - sy herkoms:*

Die begrip menseregte kom op as vrug van die "Verligting" van die 18e eeu en vind sy historiese neerslag vir die eerste keer in die Amerikaanse "Declaration of Independence" (1776), asook in die "Declaration des droits de l'Homme et du Citoyen" (1789 - Verklaring van die regte van die mens en van die burger). Die begrip kom op uit liberale en humanistiese denke, uit 'n klimaat wat vreemd is aan die Bybel en die God van die Bybel, uit 'n revolusionêre klimaat. Die begrip menseregte verheerlik die outonomie van die mens, ruk hom los van God, en stel die mens op die troon waar God behoort te wees.

4.9.1.2 *Menseregte en die Bybel:*

4.9.1.2.1 Die begrip menseregte kom nie in die Bybel voor nie. Al sou Christelike kerke wêreldwyd die begrip steun, bly die feit staan: menseregte is geen Bybelse begrip nie.

4.9.1.2. Die begrip menseregte se mensbeeld is vreemd aan die mensbeeld van die Bybel. Nie die mens se "regte" nie, maar die begenadigde mens se voorregte - bevoorreg deur God - is die Bybel se uitgangspunt oor die mens.

4.9.1.2.3 Volgens die Bybel het die mens (en alle mense soos hy) gesondig en ontbreek dit die mens (en alle mense soos hy) aan die heerlikheid van God (Rom 3:23). Volgens die Bybel begenadig God alle mense (as sy skepsele) met vele aardse voorregte. Boonop begenadig Hy sommige met geloof in Christus as Saligmaker, en begenadig Hy dus dié sulkes met vergifnis van sonde, ewige lewe by God, 'n nuwe heerlikheid in Christus - kortom, met 'n nuwe vrede met God en medemens. Hierdie verlose mense eis nie regte op nie maar ag dit sy voorreg om te dien en te gee - aan God en

sy medemens. Hy dien en gee soos God van hom vra - in dankbare gehoorsaamheid aan God wat hom so ryklik begenadig het. Die mens kan sy eie heil nie beter dien en sy medemens se heil nie beter dien as wanneer hy vrede gevind het nie - vrede met God en vrede met sy medemens - deur Christus Jesus.

4.9.1.2.4 Die mens se ware heil lê dus nie in 'n versameling van regte wat aan hom toegeken word nie, maar in voorregte wat God hom skenk as hy met God vrede maak. En 'n mens wat waarlik met God vrede het, het ook met sy medemens vrede en doen aan sy medemens soos hy verlang dat sy medemens aan hom moet doen (Luk 6:31).

4.9.1.2.5 'n Christen wat meedoen aan die uitspel van "die regte van die mens", fokus nie op God nie maar op die mens; verruil die mens se ware heil vir 'n valse, aardse heil, en verspeel sy geleentheid om "vrede met God deur Christus" te verkondig. Die mens se ware heil lê tog nie in wat hy met 'n versameling van regte vir sy aardse bestaan kan opeis nie, maar in sy vrede met God en medemens deur Christus, vir tyd en ewigheid.

4.9.1.2.6 Voorstanders van menseregte beweer dat wat menseregte inhou, ooreenkom met Christelike sedelike norme. Maar al sou dit so wees beteken die aanvaarding van sedelike norme vir die verhouding tussen mens en mens nog nie aanvaarding van Christus en sy heil nie. Die gunstigste lewensomstandighede en die hoogste sedelike opvattinge kan 'n mens nog nie die saligheid besorg nie. Slegs "hy wat die Seun het, het die lewe (Joh 3:36).

4.9.1.2.7 Ewe min as sedelike norme kan die sogenaamde menswaardigheid van die mens sy siel red. Die mens se ware "menswaardigheid" lê in sy verhouding met God, in sy vrede met God en medemens. Die Christen en Christelike Kerk wat die mens die hoogste diens wil bewys beklemtoon nie sy "menseregte" nie maar die noodsaak van sy vrede met God deur geloof in Jesus Christus. Nie soetsappige streling van die mens en sy "waardigheid" nie maar beklemtoning van sy behoefte aan 'n wesensdiepe bekering tot God deur geloof in Jesus Christus - dis die mens se ware heil en dis die Christelike Kerk se ware boodskap

waarmee God hom bevoorreg en waartoe God sy Kerk roep in hierdie wêreld.

4.9.1.2.8 'n Christen respekteer nie sy naaste se "regte" en "menswaardigheid" om die naaste so 'n besondere mens is nie, maar omdat God die Christen roep tot liefde vir sy medemens en deur sy Gees toerus tot liefde vir die medemens. Die medemens het nie "reg" op hierdie liefde van sy medemens nie, hy word deur God bevoorreg met die liefde van 'n medemens.

4.9.1.2.9 Die tien gebooie (Ex 20) is nie deur God bedoel om mense se "regte" teenoor mekaar te beskerm nie maar om die mens tot gehoorsaamheid aan God op te roep, en te wys op sy roeping jeens God en mens.

4.9.1.2.10 Christene wat nie-Christene help aan menseregte bewys hulle nie 'n diens nie maar 'n ondiens. Nie "menseregte" maar vrede met God deur Jesus Christus is elke mens se eerste en diepste behoefte.

4.9.1.2.11 Die sug van Christene om met nie-Christene saam te praat oor "menseregte", is 'n ydele sug en 'n roepingsversaking. Christene mag nie ingesuij word in 'n spel met modewoorde en modebegrippe van die moderne mens nie. En Christene bewys nóg die Koninkryk van God nóg mense enige diens deur te soek na Christelike ekwivalente vir wêreldse begrippe.

4.9.1.2.12 'n Christelike Kerk wat meesing in die koor van mense oor "menseregte", speel op die kantlyn van die veld waar sy ware roeping lê. Sy ware roeping is om God se gawe in Christus, 'n gawe waarmee hyself bevoorreg is, aan die wêreld te verkondig, 'n wêreld wat sonder Christus verlore gaan en verstoke is van sy vrede met God en mens, ondanks sy mooiste formules oor "menseregte."

4.9.2 Menseregte in die RSA

4.9.2.1 Die "Akte van Menseregte" In die RSA word in die jongste jare hard gewerk aan, en veel gepraat en geskryf oor die behoefte aan 'n handves van menseregte vir die RSA, en wat die inhoud van so 'n handves behoort te wees. Hier volg nou die SA Regskommissie se gepubliseerde "Akte van Menseregte".

AFDELING A

Fundamentele regte

Die regte omskryf in Afdeling A hiervan is fundamentele regte wat iedereen in die Republiek van Suid-Afrika toekom en geen wetgewing of uitvoerende of administratiewe handeling van enige aard mag daarop inbreuk maak nie, behalwe soos in hierdie akte bepaal.

Artikel 1

Die reg op die lewe: Met dien verstande dat wetgewing voorsiening mag maak vir die diskresionêre oplegging van die doodvonnis in die geval van die mees ernstige misdade.

Artikel 2

Die reg op menswaardigheid en regsgelykheid wat insluit dat daar nie gediskrimineer word op grond van ras, kleur, taal, geslag, geloof, etniese, afkoms, sosiale stand, geboorte, politieke of ander opvattinge of gebreke of ander natuurlike eienskappe nie: Met dien verstande dat wetgewing of uitvoerende of administratiewe handeling toelaatbaar is waardeur voorsiening gemaak word vir die verbetering, op 'n tydelike basis, van die toestand waarin persone of groepe verkeer wat weens historiese redes 'n agterstand beleef en wat redelikerwys nodig is.

Artikel 3

Die reg op 'n goeie naam en aansien.

Artikel 4

Die reg op psigiese- en liggaamlike integriteit.

Artikel 5

Die reg om juridies, ekonomies en kultureel erken te word as die draer van regte en verpligtinge en met die bevoegdheid om aan die regs-, handels- en kulturele verkeer deel te neem.

Artikel 6

Die reg op privaatheid wat insluit dat die eiendom of woon- of werkgebied van 'n persoon nie arbitrêr betree mag word nie, dat hy nie arbitrêr gevisenteer mag word

nie, dat daar nie arbitrêr op sy eiendom of besittings beslag gelê mag word nie, en dat daar nie op arbitrêre wyse inmenging met of onderskepping van sy korrespondensie of ander vorme van kommunikasie mag plaasvind nie.

Artikel 7

Die reg om nie in slawerny gehou te word of aan gedwonge arbeid onderwerp te word nie. Met dien verstande dat wetgewing voorsiening mag maak vir sodanige arbeid as wat voorgeskryf mag word om verrig te word tydens aanhouding voortspruitende uit gevangenisstraf opgelê deur 'n geregshof, of sodanige militêre of burgerlike diensplig as wat redelikerwys in 'n demokratiese staat aanvaarbaar is.

Artikel 8

Die reg op vryheid van spraak en om inligting te bekom en te versprei.

Artikel 9

Die reg om vrylik wetenskaplike navorsing te doen en kuns te beoefen.

Artikel 10

Die reg om vrylik 'n keuse met betrekking tot onderwys en opleiding uit te oefen.

Artikel 11

Die reg op die integriteit van die gesin, vryheid van huweliksluiting en die instandhouding van die huweliksinstelling.

Artikel 12

Die reg om vrylik binne die Republiek van Suid-Afrika te beweeg, op enige plek daarin te woon, te werk, of 'n wettige besigheid, beroep, ambag of ander aktiwiteite te beoefen.

Artikel 13

Die reg van elke landsburger om nie

- (a) arbitrêr 'n paspoort geweier te word nie;
- (b) uit die Republiek van Suid-Afrika verban of uitgesit te word nie;
- (c) verhoed te word om te emigreer nie.

Artikel 14

Die reg om vry en op 'n gelyke basis deel te neem aan die ekonomiese verkeer wat insluit die bevoegdheid om handelondernemings te stig en te onderhou, eiendom en produksiemiddele te verkry, dienste teen vergoeding aan te bied en om wins te maak.

Artikel 15

Die reg op private eiendom: Met dien verstande dat wetgewing onteiening in die openbare belang en teen betaling van billike vergoeding wat in die geval van 'n dispuut deur 'n geregshof vasgestel word, kan magtig.

Artikel 16

Die reg om vrylik te assosieer met ander groepe en individue.

Artikel 17

Die reg van elke persoon of groep om hom te disassosieer van ander individue of groepe: Met dien verstande dat indien sodanige disassosiasie diskriminasie daarstel op grond van ras, kleur, godsdien, taal of kultuur, geen openbare of staatsfondse direk of indirek ter bevordering van die belange van die persoon of groep wat aldus diskrimineer, beskikbaar gestel mag word nie.

Artikel 18

Die reg van landsburgers om vrylik politieke partye te stig, daaraan te behoort, op vreedsame wyse hul politieke oortuigings uit te leef en om tot wetgewende, uitvoerende en administratiewe ampte benoem en verkies te word, en om vakbonde te stig en daarby aan te sluit: Met dien verstande dat niemand verplig kan word om aan 'n vakbond of politieke party te behoort nie.

Artikel 19

Die reg om vreedsaam te vergader, vreedsaam demonstrasies te hou en om petisies te verkry en te rig.

Artikel 20

- (a) Die reg van alle landsburgers bo agtienjarige leeftyd op gelykwaardige wyse stemreg uit te oefen ten opsigte van alle

wetgewende instellings en gereelde en periodieke verkiesings en in referendums.

- (b) Die konstitusie bepaal die samestelling van die wetgewende instellings van die land, onderhewig aan paragraaf (a) hiervan.

Artikel 21

Die reg van elke individu om afsonderlik of gesamentlik met ander sy kultuur, godsdien en taal vrylik te beoefen.

Artikel 22

Die reg van elke individu dat geen diskriminasie ten aansien van sy kultuur, godsdien of taal toegepas word nie en dat geen bevoorregting ten gunste van die kultuur, godsdien of taal van ander toegepas word nie: Met dien verstande dat wetgewing die amptelike tale van 'n gebied mag bepaal. Met dien verstande voorts dat wanneer dit in 'n geding, ingestel deur 'n belanghebbende individu of individue, beweer word dat wetgewing of 'n uitvoerende of administratiewe handeling op die kulturele-, godsdienstige- of taalwaardes van enige individu of groep individue inbreuk maak, die hof die gemelde bewering sal bereg met inagneming van die belange van ander individue of groepe van individue.

Artikel 23

Die reg op persoonlike vryheid en veiligheid, wat insluit dat niemand van sy vryheid beroof mag word nie behalwe in die volgende gevalle in in ooreenstemming met 'n algemeen-geldende voorgeskrewe prosedure waardeur sy fundamentele regte op psigiese- en liggaamlike ongeskondenheid nie ontken word nie:

- (a) regmatige arrestasie of aanhouding van 'n persoon bewerkstellig ten einde hom voor 'n geregshof te laat verskyn op grond van 'n redelike vermoede dat hy 'n misdaad gepleeg het of wanneer dit op redelike gronde nodig geag word om te voorkom dat 'n misdaad gepleeg word;
- (b) regmatige aanhouding na skuldigebevinding deur 'n geregshof

of weens die nie-nakoming van 'n wettige hofbevel;

- (c) regmatige aanhouding van 'n persoon ter voorkoming van die verspreiding van aansteeklike siektes;
- (d) regmatige aanhouding van 'n geestesongestelde persoon of een wat verslaaf is aan narkotiese of verslawende middels met die oog op opname, volgens voorgeskrewe prosedure, in 'n inrigting of rehabilitasiesentrum;
- (e) regmatige aanhouding van 'n persoon ter voorkoming van sy ongemagtigde binnekoms of verblyf in die Republiek van Suid-Afrika of met die oog op uitlewering of deportasie van 'n persoon volgens voorgeskrewe prosedure.

Artikel 24

Die reg van elkeen wat in hegtenis geneem is

- (a) om onder menswaardige toestande aangehou en gevoed te word;
- (b) om so gou moontlik in 'n taal wat hy verstaan van die rede vir sy aanhouding en van enige klag teen hom verwittig te word;
- (c) om so gou moontlik ingelig te word dat hy die reg het om te swyg en geen verklaring hoef af te lê nie en gewaarsku te word ten aansien van die gevolge van die aflegging van 'n verklaring;
- (d) om binne 'n redelike tyd, maar nie later as 48 uur of die eerste hof dag daarna voor 'n geregshof gebring te word en skriftelik aangekla of skriftelik van die rede vir sy aanhouding verwittig te word, by gebreke waarvan hy op ontslag uit aanhouding geregtig is, tensy 'n geregshof na bewys van oortuigende redes verdere aanhouding beveel;
- (e) om binne 'n redelike tyd na inhegtenisname deur 'n geregshof verhoor te word en in afwagting daarvan vrygelaat te word, welke vrylating aan borgstelling of waarborge om vir die verhoor op te

daag, onderworpe mag wees, tensy 'n geregshof na bewys van oortuigende redes verdere aanhouding beveel;

- (f) om in verbinding te tree en te konsulteer met regsverteenvoerders van sy keuse;
- (g) om in verbinding te tree met en redelike besoek te ontvang van sy eggenote, familie, naastestaandes of vriende, tensy 'n geregshof anders beveel;
- (h) om nie aan marteling, aanranding of wrede of onmenslike of vernederende behandeling onderwerp te word nie.

Artikel 25

Die reg van elke beskuldigde

- (a) om nie veroordeel of gestraf te word tensy 'n billike en openbare verhoor deur 'n geregshof volgens algemeen geldende proses- en bewysregreëls plaasgevind het nie;
- (b) om onskuldig geag te word totdat die teendeel deur die staat bewys is;
- (c) om te swyg en te weier om tydens die verhoor te getuig;
- (d) om deur 'n regsverteenvoerder van sy keuse bygestaan te word, en indien hy dit nie kan bekostig nie, in ernstige gevalle deur 'n regsverteenvoerder vergoed deur die Staat, verdedig te word;
- (e) om nie 'n onmenslike of vernederende straf opgelê te word nie;
- (f) om nie skuldig bevind te word aan 'n oortreding ten opsigte van 'n handeling of late wat nie 'n oortreding daargestel het op die tydstip toe dit begaan is nie en om nie 'n swaarder straf opgelê te word nie as wat toepaslik was op die tydstip toe die oortreding gepleeg is;
- (g) om nie aan 'n misdadig waaraan hy reeds voorheen skuldig bevind of vrygespreek is, skuldig bevind te word nie, behalwe in die loop van appél- of

hersieningsverrigtinge wat verband hou met die skuldigbevinding of vrypraak;

- (h) om hom op 'n hoër hof as die hof wat hom in eerste instansie verhoor het te beroep by wyse van appél of hersiening: Met dien verstande dat as 'n Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika die hof van eerste instansie was, voorgeskryf mag word dat verlof tot appél van daardie hof of van die Appélafdeling eers verkry moet word;
- (i) om ingelig te word ten aansien van die redes vir sy skuldigbevinding en vonnis.

Artikel 26

Die reg van elkeen wat aan 'n misdaad skuldig bevind is en wat ingevolge 'n vonnis van 'n geregshof gevangenisstraf ondergaan

- (a) om nie aan marteling, aanranding of wrede of onmenslike of vernederende behandeling onderwerp te word nie;
- (b) om onder menswaardige toestande aangehou en gevoed te word;
- (c) om geleentheid gegee te word om te ontwikkel en te rehabiliteer;
- (d) om by verstryking van die termyn van gevangenisstraf deur die geregshof opgelê, vrygelaat te word.

Artikel 27

Die reg om siviele geskille deur 'n geregshof te laat besleg en om 'n beroep te doen op 'n geregshof by wyse van hersiening teen uitvoerende en administratiewe handeling en teen kwasi-geregte besittings.

Artikel 28

Die reg dat die reëls van natuurlike geregtigheid in administratiewe en kwasigeregte verrigtinge toegepas word en dat redes vir 'n nadelige beslissing verstrekkend word.

Artikel 29

Die reg dat die Suid-Afrikaanse reg, insluitende die Suid-Afrikaanse internasionale privaatrecht van toepassing is op alle regsverhoudings wat voor 'n geregshof dien: Met dien verstande dat wetgewing voorsiening kan maak vir die toepassing van die reg van inheemse groepe of die geloofsreg van religieuse groepe in siviele gedinge.

AFDELING B

Artikel 30

Die regte in hierdie akte verleen, mag ingevolge wetgewing beperk word tot die mate wat dit redelikerwys nodig is uit hoofde van staatsveiligheid, openbare orde, openbare belang, die goeie sedes, openbare gesondheid, die regsadministrasie, die regte van andere of ter voorkoming van wanorde en misdaad, maar slegs tot die mate en op 'n wyse wat in 'n demokratiese gemeenskap aanvaarbaar is.

Artikel 31

Die Hooggeregshof van die Republiek van Suid-Afrika is bevoeg om op aansoek van enige belanghebbende persoon wat namens homself of 'n groep belanghebbendes optree, te toets of enige wetgewing of uitvoerende of administratiewe handeling enige van die regte hierin beskryf skend of enige van die beperkings hierin veroorloof, oorskrei (sic!) en, indien wel, om tot die mate wat die skending of oorskreiding (sic) plaasvind, die gewraakte wetgewing ongeldig te verklaar of om die gewraakte uitvoerende of administratiewe handeling ter syde te stel: Met dien verstande dat voltooide uitvoerende en administratiewe handeling waardeur gevolg gegee is aan wetgewing wat ongeldig verklaar is en welke handeling nie die onderwerp van die betrokke geding was nie, nie outomaties verval nie.

Artikel 32

Die bepalinge van hierdie akte is van toepassing op alle bestaande en toekomstige wetgewing en op alle uitvoerende en administratiewe handeling verrig na die datum van die invoering van hierdie akte.

Artikel 33

Die bepalings van hierdie akte, insluitende hierdie artikel kan nie gewysig of opgeskort word nie behalwe met 'n driekwart meerderheid van daardie stemgeregtigdes van elke Huis van die Parlement wat direk deur die kieserskorps gekies is: Met dien verstande dat die byvoeging van verdere fundamentele regte of die uitbreiding van bestaande fundamentele regte, met 'n gewone meerderheid kan plaasvind.

4.9.2.2 *Kommentaar op die "Akte van Menseregte"*:

Die SA Regskommissie se gepubliseerde "Akte van Menseregte" is gepubliseer sodat kommentaar daarop gelewer kan word. Tog is dit so goed as seker dat die stuk, soos dit sal lees, ná oorweging van alle kommentaar, uiteindelik as "Handves van Menseregte" by die RSA-regering aanbeveel sal word. Derhalwe moet die "Akte" nie slegs as 'n debatsdokument nie maar as 'n konsep-handves, wat op die lewens van alle RSA-onderdane ten diepste gaan ingryp, beskou en beoordeel word.

God-loos

Die eerste wat die Christen opval, is dat in hierdie "Akte" God en sy Woord, sy Naam en sy Koninkryk totaal ontbreek. Dit gaan in die "Akte" slegs oor die mens: hy is die middelpunt, hy en sy "regte". Nóg sy herkoms as skepsel van God, nóg sy status as beelddraer van God, nóg sy toekoms as begenadigde of verworping van God, skemer ooit êrens in die "Akte" deur. So 'n mensbeeld (so Godloos, so tydelik, so aards), al word so 'n mens die draer van hoeveel regte gemaak, is vir die Christen totaal onaanvaarbaar. "Die wat My eer, sal Ek eer; maar dié wat My verag, sal veragtelik wees", sê God. Van Christen-burgers moet nie verwag word om 'n Handves wat die fondament lê vir burgers se regte maar wat God ignoreer, uitsluit en verag, te aanvaar nie.

Pligloos

Hoeseer God uitgesluit word uit die betrokke "Akte", kom verder duidelik na vore as die artikels na inhoud gelees word. Slegs eenkeer (Art 5) word terloops gemeld dat die mens ook draer van "verpligtinge" is - sonder enige uitweiding

oor sy verpligtinge. Maar oor die mens se "regte" handel nege en twintig artikels.

So 'n tekening van die mens as draer van menige en menigerlei reg, sonder dat een enkele verantwoordelikheid of plig van die mens by die naam genoem word, is totaal vreemd aan die Bybelse tekening van die mens. Totaal vreemd ook aan die mens soos God hom sien en soos God hom bejeën, en daarom vir die Bybelgelowige 'n totaal onaanvaarbare mens-siening.

Geroepe

Gods Woord teken immers die mens as skepsel van God, geskape tot eer van God, geroepe om sy Skepper te ken en te eër, te eerbiedig, te aanbid, te dien en te gehoorsaam, te loof en te verheerlik. In die vervulling van hierdie roeping - nie in die handhawing van sy veelvuldige regte teenoor ander mense nie - vind die mens sy ware en hoogste bestemming op aarde. Sy status voor God en mens lê veral daarin dat die mens na die beeld van God geskape is, dus beelddraer van God is. Dit is tegelyk sy heerlikheid (God se glans oor hom), en sy verantwoordelikheid (om God se beeld tot eer van God te dra). Die Bybel teken die mens ook as bevoorregte deur God, bevoorreg met alles wat hy is en het en geniet; dat die mens as bevoorregte deur God geroep word om uit dankbaarheid vir sy voorregte, God te verheerlik en sy medemens se heil soos sy eie te bevorder.

Sedelike bodem

Die orde en vreedsame naasbestaan in 'n mensegemeenskap, hoe gevarieerd ook al, hang grotendeels af van die sedelike bodem waaruit die gemeenskap lewe. Uit hierdie sedelike bodem spruit die gemeenskap se regsorde, by name sy wette wat die gemeenskaplike orde en vrede wil verseker. Tot hierdie sedelike bodem in ons RSA-samelewing lewer Christelike sedes, geleer uit die Bybel, ongetwyfeld die grootste bydrae. 'n "Akte" wat God en sy sedelike orde soos geopenbaar in die Bybel, ignoreer, ruk die hart uit die sedelike bodem van die RSA-samelewing. Ruk ook, goed besien, die sedelike fondament waarop die geldende regstelsel van die RSA rus, onder die regstelsel uit vir sover die "Akte" reik.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*)

VYFDE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

KOMMISSIE VIR FINANSIES

A. VIR KENNISNAME

Aan die volgende sake vanaf die sinode is aandag gegee:

1. PERSONEEL

Hierdie kommissie het bestaan uit: di CF Swart (Voorsitter), AJ Taute, JA Jacobs, LD Pienaar (Skriba), brs BFM Rossouw, JS Campher, PJ Uys, CC du Preez en CJ de la Rey. Laasgenoemde is deur die kommissie gekoöpteer.

Oudl DJ Venter (Harrismith) is tydens die konstituering van die kommissie op 21 September 1990 as ondervoorsitter gekies. Hy is egter in Oktober 1990 skielik oorlede. Ds JA Jacobs is as eerste sekundus in sy plek opgeroep as lid van die kommissie. Die Finansiële Kommissie wil hulde bring aan die nagedagtenis van broer Venter. Hy het gedurende sy diensyd op hierdie kommissie wonderlike bydraes gelewer.

2. VERGADERINGS

Die kommissie het 5 keer vergader: 26 Oktober 1990, 20 November 1990, 17 Februarie 1991, 27 Mei 1991 saam met die BRKA en 7 Junie 1991.

3. OPDRAGTE VAN SINODE 1990

3.1 Algemene lasgewing:

(Handelinge bl 492).

3.2 Kommissie se lasgewing:

(Handelinge bl 662).

3.3 Pensioenfonds :

(Handelinge bl 519, 520, 490).

3.4 APK Trustfonds:

(Handelinge bl 511).

3.5 Navraag Oudtshoorn (Handelinge bl 512).

Hieroor het die Finansiële Kommissie besluit:

Gelde wat uit gemeentes wat in kombinasie is, ontvang word, word nie gereken as kontant ontvangste nie. In die boekhouding is dit 'n kontra-inskrywing.

3.6 Rampfonds (Handelinge bl 516) Alimentasiefonds

Aan die rekenmeester is opdrag gegee om gereeld rente by dié fonds te voeg.

3.7 Verslag aan sinode :

(Handelinge bl 509, 514).

3.8 Reëling van vergaderings en bespreking vir etes (Handelinge bl 550)

Die Finansiële Kommissie doen dit van die begin af.

3.9 Toekomstige uitbreiding:

(Handelinge bl 551, 555).

3.10 Begroting ad hoc-kommissies (Handelinge bl 663)

Geen voorlegging is aan die Finansiële Kommissie gemaak nie.

Waar nie hierbo kommentaar gelewer is nie, word die sake in die verslag behandel.

B. VIR GOEDKEURING VAN SINODE

1. UITVOERING VAN LASGEWING (K.O. BL 78)

1.1 Begrotingsbeheer

1.2 Maandelikse inbetaling

Beide bogenoemde is van November 1990, Februarie 1991 en Junie 1991 gedoen.

1.3 Begroting vir Sinode:

Volg in verslag.

1.4 Besteding van sinodale fondse

By elke gewone vergadering is die finansiële state van die vorige kwartaal behandel. Waar nodig, is die nodige adviese gegee. As gevolg van tegniese probleme kan die state van Jan-Maart 1991 nie behandel word nie.

1.5 Advies

Geen adviese is deur kerkrade en ringe aangevra nie.

1.6 Geouditeerde state

Die ouditering van die finansiële state van 1990 is ongelukkig vertraag as gevolg van probleme met rekenarisering. Dit sal DV Augustus behandel word nie, en in 'n aanvullende verslag voorgelê word.

1.7 en 1.8 Besteding deur kommissies

1.8.1 Permanente kommissies is gewys op oorbestedings

Aan die rekenmeester is opdrag gegee om by elke kommissievergadering 'n opgawe van die stand van die betrokke kommissie se besteding te verstrek.

1.8.2 AANBEVELING

Die sinode dra dit aan alle kommissies op om gereeld navraag te doen oor hulle besteding om sodoende binne hulle begroting te werk.

1.9 Dokumentasie

Die kantoor vir rekenkundige dienste is belas met alle dokumentasie. Hier kan gemeld word dat die boekhouding

gerekenariseer word, wat beter en vinniger resultate sal lewer.

1.9.2 AANBEVELING

Die sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel verantwoordelik vir die rekenkundige afdeling.

1.10 Riglyne

Die Finansiële Kommissie oordeel dat die riglyne van 1988 vir die sinodale begroting nog toegepas word.

1.11 Traktementskaal van leraars

Teen die einde van Februarie 1991 is 'n stuk deur br CC du Preez (in opdrag van en goedgekeur deur die Finansiële Kommissie) aan alle kerkrade gestuur. Soos in die stuk gemeld, is aandag gegee aan traktementskale van ander kerke, vergelykende salarisse in ander sektore, inflasiekoers, ens.

1.11.2 AANBEVELING

1.11.2.1 Persentasieverhoging:
Die sinode volstaan met die huidige reëling nl dat kerkrade vir hul eie begrotingsdoeleindes 'n persentasieverhoging vir traktement bereken teen die einde van die jaar. Die Finansiële Kommissie se opdrag is om, indien moontlik voor die einde van Februarie aanbevelings vir die aanpassing van traktementskale aan kerkrade te verskaf.

1.11.2.2. Traktementskale:
Die sinode versoek kerkrade vriendelik en dringend om sover moontlik die aanbevole traktementskale toe te pas, ter wille van eenvormigheid en die uitskakeling van ongesonde kompetisie.

1.11.3 Toepassing van traktementskale:

Die Finansiële Kommissie oordeel dat die Ringe moet aandag gee aan die toepassing van die traktementskale in gemeentes, sowel as probleme hieroor wat nog voorkom.

1.11.4 Pensioenfondsbydraes:

Die Finansiële Kommissie het ook aandag gegee aan die oorbetalings van die pensioenfondsbydrae op grond van die traktementskaal. Op grond van hierdie ondersoek oordeel die Finansiële Kommissie dat die volgende aanbeveling aandag moet kry:

1.11.5 AANBEVELING

*Oorbetalings aan pensioenfonds:
Sou 'n kerkraad nie die traktementskaal vir leraars toepas soos dit aanbeveel word nie, is sodanige kerkraad tog verplig om die voorgeskrewe bedrag op grond van die traktementskaal aan die Pensioenfonds oor te betaal, aangesien dit 'n wetlike verpligting en voorskrif is.*

1.11.6 Traktement vir leraars wat reeds emeritaat aanvaar het:

Die Finansiële Kommissie wil graag ook die volgende besluit van die Sinode 1988 onder aandag van kerkrade bring:

Die sinode handhaaf die aanbeveling van die SKK by kerkrade dat ander kerke se predikante (NGK, NHK of GKSA) onder 65 jaar wat aftree en dus 'n deel van hulle pensioen afstaan, volle traktement ontvang indien hulle in 'n AP Kerk bevestig word. (Notule bl 24).

1.12 Reiskostetariewe

1.12.1 Brandstofpryse:

Die kommissie het na die vorige sinode tweemaal aanbevelings gemaak ten opsigte van tariewe vir reiskoste en reistoelaes. Dit was nodig as gevolg van die veranderinge van brandstofpryse.

1.12.2 Memorandum:

Die Finansiële Kommissie het ook 'n memorandum opgestel vir die berekening van tariewe vir reistoelae op plaaslike gemeentevlak. Die tarief vir sinodale werk (c/km) is 'n gemiddelde syfer en gemeentes se omstandighede kan baie hiervan verskil - daarom die memorandum

as riglyn vir kerkrade (aangeheg as Bylae FK .A).

1.12.3 AANBEVELING 1:

AA Tabelle:

Die sinode versoek kerkrade weer eens om die berekeninge van die AA ten opsigte van motoronkoste te raadpleeg by die vasstelling van reiskoste/reistoelae van predikante in gemeentes.

Die brandstofprys van plekke ver van die kus en PWV-gebied behoort ook in aanmerking geneem te word.

1.12.4 Koste van vergaderings:

Die Finansiële Kommissie het ook probeer maatreëls tref om die koste van vergaderings, ens. so laag moontlik te hou, wel onder die besef dat die sinodale werksaamhede tog ook 'n belangrike plek inneem. Daarom word die volgende aanbeveling aan die sinode voorgelê.

1.12.5 AANBEVELING 2:

Die sinode besluit:

- **(1) Alternatiewe vervoer:**
Indien 'n eiser van alternatiewe vervoer gebruik kan maak (soos byvoorbeeld lugvervoer), sal slegs die laagste bedrag uitbetaal word.
- **(2) Vasgestelde tarief:**
Dit sluit in dat geëis kan word teen die vasgestelde tarief vir vervoer van die eiser se huis na die lughawe en terug asook vanaf die bepaalde lughawe na die Kerkkantoor.
- **(3) Saam reis:**
Indien moontlik, word lede van kommissies versoek om saam te reis.

1.13 Ad hoc-opdragte:

Kyk punt 3 van hierdie verslag.

1.14 Ander opdragte

1.14.1 Pensioenfonds en APK Trustfonds

Die Finansiële Kommissie het vanaf die stigting van die APK Trustfonds voortdurend aandag gegee aan die uitbou van dié Trustfonds sowel as die toepassing van die doelstellings van die Fonds. Aangesien die eerste leraars alreeds 1993 aftree, wil die Finansiële Kommissie by hierdie sinode aanbevelings voorlê in verband met addisionele hulp by die pensioen. Ongelukkig kan Sanlam nie die nodige gegewens en inligting verskaf voor die vergadering van die Finansiële Kommissie op 7 Junie 1991 nie. Hierdie saak sal nou in 'n aanvullende verslag aan die sinode voorgelê word.

1.14.2 Trustees van die Pensioenfonds

Die Sinode 1990 het besluit dat die Trustees uit lede van die Finansiële Kommissie benoem word met die reg om hoogstens 2 lede te koöpteer. Die Finansiële Kommissie het besluit dat die Trustees aan sekere ampte gekoppel word, sodat die name voortdurend na 'n sinode dadelik beskikbaar sal wees.

AANBEVELING

1. Lede:

Die sinode besluit dat die Trustees vir die Pensioenfonds bestaan uit:

- *Die ondervoorsitter van die BRKA;*
- *die Direkteur;*
- *die voorsitter van die FK;*
- *'n lid van die FK;*
- *die rekenmeester.*

2. Sanlam:

Die name van die bogenoemdes word so gou moontlik na 'n sinodesitting deur die Direkteur aan Sanlam verskaf.

(Opmerking: die ondervoorsitter van die BRKA word aanbeveel om die las van die voorsitter nie groter te maak nie).

2. BESKRYWINGSPUNTE

Die volgende beskrywingspunte is behandel met die meegaande aanbevelings.

2.1 Riglyne vir huistoelae aan leraars (Ring van Dendron)

"Die Ring van Dendron versoek die sinode om leiding en riglyne te gee vir die vasstelling van huistoelae vir 'n leraar in gevalle waar kerkrade so besluit".

Die Finansiële Kommissie het hieroor 'n breedvoerige ondersoek ingestel en heg aan hierdie verslag 'n bylae hieroor. (Bylae FK .B).

AANBEVELINGS

2.1.1 Onderskryf:

Die sinode onderskryf die riglyne vir berekening van huistoelae vir leraars soos in Bylae FK .B vervat.

2.1.2 Beroepsbrief:

Die sinode besluit om hierdie riglyne (pte 3.1 - 3.4) as 'n addendum by die beroepsbrief te voeg.

2.1.3 Hersiening:

Die huistoelae sowel as toelae vir telefoon en water en elektrisiteit moet van tyd tot tyd hersien word, soos dit nodig mag wees.

2.2 Daggelde vir kommissievergaderings (Ring van Memel)

"Die sinode besluit om aan leraars wat op sinodale kommissies dien, daggelde te betaal en dat sodanige daggelde aan die gemeentes oorbetal sal word."

AANBEVELING:

Die sinode besluit dat op die huidige tydstip daggelde nie betaal kan word nie.

Motivering

1. Begroting:

'n Ekstra bedrag vir daggelde kan nie op hierdie stadium op die begroting geplaas word nie, veral as gevolg van die uitbreiding in die Kerklike administrasie.

2. Etes:

Die BRKA verskaf juis etes wanneer kommissies vergader, om sodoende koste te bespaar.

3. Verblyf:

Indien lede van kommissies nie verblyf in Pretoria het nie, kan die kerkkantoor genader word om verblyf te reël by lidmate.

4. 15%-Bydraes:

So 'n verhoging in die uitgawe sou 'n verhoging van die bydrae van gemeentes (tot bo 15%) tot gevolg hê.

2.2.4 AANBEVELING 1990:

Die Finansiële Kommissie wil in hierdie verband weer die aanbeveling in die 1990-verslag stel:

Die sinode besluit dat 'n leraar op nie meer as twee kommissies van die sinode dien nie.

2.3 Gestandaardiseerde vorms en riglyne vir spesiale dienste deur leraars gelewer - (Ring Moot-Sentraal)

2.3.1 "Die Sinode versoek dat vanuit die Sentrale Kerkkantoor *standaardvorms opgestel en standaardtariewe* vasgestel word, ten einde 'n professionele werkswyse binne kerkverband daar te stel wanneer leraars

- i) optree as predikers in ander gemeentes
- ii) optree by spesiale geleenthede soos troues, doop, begrafnisse, kerkinwydingsdienste ens.
- iii) optree as spreker/hulp by kampe, konferensies, byeenkomste, vergaderings ens. van ander gemeentes en of ringsverband.

Daar moet *standaardriglyne* bestaan t.o.v. die

- i) hantering van die aangeleentheid, en
- ii) die vergoeding daaraan verbonde.

Hierdie gestandaardiseerde vorms moet aan alle leraars, skribas en kerkrade beskikbaar gestel word vir gebruik".

2.3.2 Ter motivering

1. Optrede in ander gemeentes deur leraars:

Dit word dikwels van leraars verwag om in ander gemeentes by spesiale geleenthede op te tree, sonder dat daar enige riglyne bestaan m.b.t. die hantering van die aangeleentheid en die vergoeding aan die leraar.

2. Versuim deur kerkrade:

Dit gebeur baie dikwels dat gemeentes, skribas en kerkrade nalaat om enige vorm van vergoeding te verskaf en die leraar het nie vrymoedigheid om self navraag te doen en hiervoor te vra nie. Ander amptenare, soos die koster en orreliste se kostes word altyd vasgestel en vergoed.

3. Tans geen standaard:

Aangesien daar op hierdie stadium geen gestandaardiseerde vorms en tariewe bestaan nie, bring dit mee dat elke kerkraad na goeddunke handel en dit het soms verreikende finansiële implikasies vir die leraars wat self groot bedrae reis- en verblyfkostes moet dra.

4. Onduidelikheid uitgeskakel:

Met bogenoemde versoeke staan dit steeds enige leraar vry om nie die kostes of volle kostes te eis nie, indien hy daartoe sou voel, maar skakel onnodige vraery en onduidelikheid van beide die skriba en kerkraad en leraar se kant uit.

In die lig hiervan word die Sentrale Kerkkantoor versoek om dringend aandag aan die saak te gee.

2.3.2 AANBEVELINGS

1. Kerkrade/ringe besluit self:

Die sinode beskou die sake in die beskrywingspunt genoem, as plaaslike aangeleenthede waarvoor gemeentes en/of ringe self moet besluit.

2. Verantwoordelikheid van kerkrade: Kerkrade en lidmate word dringend

versoek om, as iemand vir 'n bepaalde funksie genooi word, te onthou dat die instansie of persoon wat die uitnodiging rig, verantwoordelik is vir toepaslike vergoeding en betaling van reiskoste.

3. Reiskoste:

Die sinode verwys kerkrade na die aanbevole tarief vir reiskoste.

Motiverings deur Finansiële Kommissie:

1. Plaaslike aangeleentheid:

Die Finansiële Kommissie oordeel dat plaaslike instansies self moet besluit oor vergoeding by bepaalde funksies.

2. Nie voorskriftelik:

Die Finansiële Kommissie reken dat ons nie voorskriftelik moet wees oor hierdie sake nie.

3. Vergoeding vir optredes:

Kerkrade en/of lidmate moet wel ingedagte hou dat iemand wat genooi word, vergoed moet word vir uitgawes wat aangegaan is.

2.4 Bonus/Dertiende tjek (Ring van Somerset-Oos)

2.4.1 "Die Sinode beveel by kerkrade aan dat 'n bonus/ 13e tjek nie tui shoort in of by die traktement van 'n bedienaar van die Woord nie."

2.4.2 AANBEVELING

Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt van die ring van Somerset-Oos rakende Bonus/Dertiende tjek vir leraars nie.

2.4.3 Motivering:

1. Beginsel:

Die Finansiële Kommissie kan geen beginselbeswaar vind teen die betaling van 'n bonus of 13e tjek nie.

2. Vergoedingspakket:

So 'n bonus vorm tog deel van die vergoedingspakket (soos ook ander toelaes).

3. Plaaslike kerkraad:
Indien 'n kerkraad 'n ander reëling met sy leraar wil tref, staan dit hom vry.

2.5 Traktementskale (Ring van Moot-Sentraal)

2.5.1 "Die sinode neem met erns kennis van die versoek dat aanbevelings vir verhoging van traktementskale met groter verantwoordelikheid gedoen moet word."

2.5.2 Motivering

1. Waardering:

Hoewel ons hoë waardering het vir die onbaatsugtige diens wat deur permanente kommissies gelewer word is daar tog aanbevelings wat volgens ons mening verdere aandag verg.

2. Nie altyd in belang van plaaslike kerk:
Dit is die plig van elke Kerkraad om 'n wakende oog te hou oor die algehele belange van gemeentes waarin hulle dien. In die lig hiervan word geoordeel dat sekere aanbevelings van finansiële aard nie altyd in die beste belang van alle gemeentes is nie. Ons is van mening dat die hersiening van traktementskale vir leraars nie sonder meer aan die inflasiekoers gekoppel behoort te word, sonder inagneming van inkrementele verhogings nie. In die praktyk en binne die heersende ekonomiese klimaat word eerstens na oorlewing gekyk voordat uitbreidings en salaris aanpassings oorweeg word.

Ons as ring gun ons leraars so 'n verhoging omdat hulle as geroepenes Koninkrykswerk in ons gemeentes verrig.

3. Bepalende faktor by beroepsaanvaarding:

Dit is wel so dat die hersiening van traktementaanpassings as riglyn beskikbaar gestel word. Tog moet daarteen gewaak word dat verskille in die toepassing van riglynaanbevelings, vir 'n leraar die bepalende faktor raak wanneer hy die aanvaarding van 'n beroep na 'n ander gemeente oorweeg.

4. Meer haalbare en deurdagte aanbevelings:

Ons versoek vir meer deurdagte en haalbare aanbevelings is daarop gemik

dat die sinode begrip en aanvaarding sal hê dat dit vir ons en sekerlik ook ander gemeentes, onmoontlik raak om die tempo van traktementverhogings te handhaaf.

2.5.3 AANBEVELING:

Die sinode aanvaar nie die beskrywingspunt van die Ring van Moot-Sentraal rakende die aanbevelings van die Finansiële kommissie oor die traktementskale van leraars nie en volstaan met vorige besluite oor traktementskale.

2.5.4 Motivering van Finansiële Kommissie

1. Ongelukkig:

Sonder om 'n ernstige saak daarvan te maak, voel die Finansiële Kommissie nie gelukkig oor die verwysing "dat aanbevelings vir verhoging van traktementskale met groter verantwoordelikheid gedoen moet word."

2. Sinode 1990:

Die besluit van die sinode 1990 lui: "Die sinode gee aan die FK opdrag om aanbevelings aan kerkrade te besorg vir aanpassing van die traktement van leraars, met inagneming van faktore soos die inflasiekoers en besoldiging by ander instansies en kerke."

3. Br CC du Preez:

Br CC du Preez het vanaf die stigting van die APK die sake van traktementskale en pensioen behartig. Daarom het die Finansiële Kommissie hom nog elke jaar as lid gekoöpteer. In November 1990 is die taak van die ondersoek by ander instansies en kerke aan br du Preez opgedra en is sy aanbevelings so deur die Finansiële Kommissie goedgekeur. Aan hom is ook opgedra om 'n brief met ter saaklike verduidelikings op te stel wat aan kerkrade gestuur is.

4. Eenvormige besoldiging:

Die Finansiële Kommissie wil graag daarop wys dat steeds gepoog word om 'n eenvormige besoldiging te skep om sodoende onnodige en ongesonde "kompetisie" tussen gemeentes uit te skakel en onnodige probleme op hierdie vlak te vermy by die oorweging van 'n beroep.

5. Gereelde verhogings:

Die Finansiële Kommissie het in sy oorweging van die aanbevelings oor traktementskaal uitgegaan van die gedagte om eerder gereeld 'n redelike verhoging aan te beveel. Anders kan dit maklik gebeur dat daar by 'n punt gekom word waar vergoeding agter raak en 'n groot aanpassing gemaak moet word.

6. Vergelyking:

Die Finansiële Kommissie (uit die mond van die ouderlinge op die Finansiële Kommissie) oordeel dat die huidige traktementskaal goed vergelyk met professies wat op dieselfde vlak as dié van 'n bedienaar van die Woord val (bv. skoolhoof en landdros).

7. Tempo:

Die skuld van die besondere "tempo van traktementverhoging" moet by ander instansies gesoek word wat bv. inflasiekoers moet beheer en prysstygings behartig.

2.6 Belasting op toegevoegde waarde (BTW) (Kerkraad Roedtan, Ring van Naboomspruit).

2.6.1 "Die kerkraad is ontsteld oor die inligting beskikbaar aangaande BTW en hoe dit dankoffer- en erediensinsamelings raak.

As die inligting korrek is, besluit die Ring/Sinode dat ons ons nie met sodanige belasting kan vereenselwig nie en versoek die sinode om, indien nodig, die aangeleentheid met die owerheid op te neem."

2.6.2 KENNISNAME:

1. Onduidelik:

Die beskrywingspunt is onduidelik. Die Finansiële Kommissie kan nie aflei of dit handel oor BTW as sodanig of oor die moontlikheid dat die kerk onderhewig sal wees aan BTW nie - by die beskrywingspunt is daar nie verdere motivering of verduidelikings nie.

2. Verdere inligting:

Die Finansiële Kommissie sal probeer om verdere inligting te bekom oor die toepassing van BTW.

2.6.3 AANBEVELING:

Onderzoek i/s BTW:

Die sinode dra dit aan 'n kommissie op om 'n ondersoek te doen na die agtergrond van BTW, as dit is wat in die beskrywingspunt bedoel word.

2.7 Pensioenfonds (Ring van Germiston)

2.7.1 "Die sinode besluit dat in die lig van probleme ondervind deur ds Coetzee te Delmas, 'n omvattende ondersoek ingestel sal word na die predikante- en weduweepensioenfonds. Verslag moet aan die BRKA en kerkrade gedoen word."

2.7.2 KENNISNAME:

Volgens inligting deur ds AJ Taute wat op die Finansiële Kommissie dien, is die probleme wat bestaan het, uitgeskakel en is die nodige uitbetaling aan ds Coetzee reeds gedoen. Die probleme het ontstaan as gevolg van gebrekkige inligting. Met die regte inligting is die sake reggestel.

2.7.3 AANBEVELING:

Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die ring van Germiston rakende probleme wat ondervind is met die Pensioenfonds.

2.8 Sinodale bydrae (heffing)

2.8.1 Die volgende beskrywingspunte handel almal oor bogenoemde saak

2.8.1.1 Kerkraad van Theunissen en Ring van Bloemfontein

"Die sinode besluit dat elke gemeente voortaan slegs 10% bydrae tot die sentrale kas sal oorbetal. Die sinode onderskryf steeds die Finansiële Kommissie se standpunt dat die stelsel van sinodale bydraes so eenvoudig moontlik moet wees sonder onnodige uitsonderings." (Hierdie voorstel is ingedien by wyse van 'n Beswaarskrif. Dit word dus volledig as **Bylae FK .C** by die verslag aangeheg.)

2.8.1.2 Ring van Middelburg

"Ring van Middelburg versoek die sinode om die 15% bydrae aan die SKK en Kuratorium te verminder".

2.8.1.3 Ring van Naboomspruit

Die Sinode besluit om die volgende besluit van die Sinode soos vervat in die Handleiding van die Sinode 1990 p 512 onder 7.2.2 te wysig. Die bestaande besluit lui:

Die Sinode handhaaf sy besluite tot dusver oor sinodale bydrae en bly dus by die reëlings dat 15% van gemeentelike kontantinkomste oorbetaal word. Die Sinode onderskryf ook die Finansiële Kommissie se standpunt dat die stelsel van sinodale bydraes so eenvoudig moontlik moet wees sonder onnodige uitsonderings. Die wysiging verlang, impliseer twee moontlikhede.

1. Dat gemeentelike kontantinkomste rekenkundig korrek omskryf word soos in die opvolgende beredenering vervat en dan sou die besluit met verlening van erkenning aan die rekenkundige beginsel in u voetnota verduidelik kon word.

Motivering

INKOMSTE: Die woord Inkomste dui daarop dat daar'n winsmotief bestaan wat aangewend kan word om uitgawes te kanselleer of om die instelling se finansiële posisie, veral met betrekking tot bedryfsverpligtinge, te verbeter.

Instellings wat geld ontvang, klassifiseer ontvangstes in twee groepe naamlik ontvangstes van 'n kapitale aard en ontvangstes van 'n inkomste aard. Dit impliseer dat alle geld wat ontvang word nie noodwendig inkomstes is nie. So kan 'n instelling byvoorbeeld 'n bate verkoop en geld daarvoor ontvang. So 'n ontvangste is nie 'n inkomste nie.

'n Kerkinstelling het ook ontvangstes wat soos enige ander instelling in inkomstes en ontvangstes van 'n kapitale aard verdeel word.

Inkomstes sluit aan die einde van 'n finansiële jaar af na die Inkomste en Uitgawerekening sodat die wins of die oorskot bepaal kan word. Ontvangstes van 'n kapitale aard, word gekapitaliseer na 'n fondsrekening en die rekening sluit

nie af nie maar word na 'n volgende finansiële jaar oorgedra. 'n Persoon kan byvoorbeeld geld aan 'n instelling gee vir 'n spesifieke doel, bv. om 'n kerk met die geld op te rig. Omdat dit 'n spesifieke voorwaarde van die skenking is, mag daardie geld nie vir enige ander doel aangewend word nie. Dit moet dus na 'n kerkboufonds gekapitaliseer word. In so 'n geval was die skenking nie 'n inkomste nie, maar 'n ontvangste wat gekapitaliseer moet word.

Die kerkreëls van die AP Kerk maak voorsiening dat 'n gemeente Inkomste met 15% belas moet word. Aangesien die voorgaande verduideliking 'n onderskeid moet tref tussen inkomste en ontvangste van 'n kapitale aard, sal dit verkeerd wees om ontvangstes wat 'n gemeente in 'n spesifieke fonds het, te belas.

Die kapitalisering van fondse om dit sodoende van inkomste te skei, is algemene rekenkundige praktyk en word deur alle klubs, kerkinstellings, skole en ander nie-winsgewende instellings toegepas.

'n Instelling mag ook surplus inkomstes kapitaliseer, maar dit geskied nadat die lopende inkomstes afgesluit het teen die Inkomste- en Uitgawerekening en die globale surplus bepaal is. In die geval van die AP Kerk sou al die inkomstes wat so gekapitaliseer word, wel belas word want die spesifieke fondse waarheen die inkomste gekapitaliseer is, is eers bepaal nadat die ontvangstes as 'n inkomste hanteer is. In die geval van die gekapitaliseerde ontvangstes wat nie as 'n inkomste beskou word is daar eers 'n voorwaarde vir 'n spesifieke fonds, voordat die geld ontvang word.

Geld wat dus deur 'n gemeente ontvang word vir byvoorbeeld 'n boufonds of 'n orrelfonds, is dus nie inkomste nie, dus is die 15% bydrae nie daarop van toepassing nie, want die geld wat vir 'n fonds bygedra word is nie inkomste nie.

2. Dat die besluit aldus herskryf moet word:

"Die Sinode besluit om 'n heffing van 15% op alle kerklike (gemeentelike) inkomste te plaas vir administratiewe verantwoordelikheid van die kerke in verband/verbond wat ook die teologiese

opleiding van studente insluit. Vir die doel van berekening is alle gelde wat gemeentelik (plaaslik) as trustgeld hanteer word, uitgesluit. Dit sou insluit:

- 2.1 Gelde van kerkraad ontvang t.o.v. leraarstraktement kragtens 'n bedieningsooreenkoms (Reeds goedgekeur p 512 9.2.2 Hand Sin 1990).
- 2.2 Gelde deur 'n kerk ontvang as bydrae om 'n spesifieke barmhartighedsnood aan te spreek.
- 2.3 Geld deur lidmate voorwaardelik aan die kerk toevertrou om of 'n kerkgebou op te rig, of boumateriaal aan te koop."

Motivering

Indien lidmate 'n erf of boumateriaal of 'n orrel skenk, ontvang die plaaslike kerk genoemde bate sonder benadeling met 15% oorbetalings. Te midde van 'n selfbouskema kan die praktyk geredelik maklik beoefen word. Wanneer per tender gebou word, word die gebruik moeiliker hanteerbaar. Indien egter twee of tien of honderd lidmate besluit om 'n orrel of die dak gesamentlik aan te koop en/of 'n prokureur of die kerkraad benoem om hulle bydrae in trust te hou om genoemde wens uit te voer, dan verskil genoemde handeling in geen opsig van die toegelate reëling te aanvang in die motivering vermeld nie. Tewens die vermoede bestaan dat die SKK 'n erflating uit 'n boedel met 'n spesifieke voorbehoud aldus eerbiedig het, en daarmee die prinsipe toegee het.

Onder punt 2.2 verwys ons graag na 'n bydrae van 'n plaaslike kerk elders in ons land aan 'n kerk in die Springbokvlakte om die nood van gesinne te help verlig. Die kerk wat die bedrag geskenk het, het reeds 15% heffing oorbetaal en die ontvangende kerk moes ook kragtens die bestaande sinodale reëling 15% oorbetaal. Dit is immers 'n immorele reëling wat om regstelling vra.

Aanbeveling

Geld ontvang vir 'n boufonds of orrelfonds is nie onderhewig aan 15% oorbetalings.

2.8.1.4 Ring van Olifantshoek

"Die sinode besluit dat daar nie 15% oorbetalings aan die BRKA van toepassing sal wees op fondse wat op Ringsvlak of gemeentevlak gestig word t.o.v. huisvesting en of inrigtings (tehuise) vir bejaardes nie".

2.8.1.5 Ring van Vereeniging

"Die sinode besluit om gemeentelike insamelings vir boufonds vry te stel van die heffing (15%) op alle kontant-inkomste van die gemeente."

2.8.1.6 Ring van Bloemfontein

"Die Ring van Bloemfontein besluit dat die sinode ernstig oorweeg om:

Wanneer 'n gemeente fisies besig is om 'n kerkentrum te bou, fondse wat direk gegee word vir die bouprojek, vrygestel word van die 15% bydrae."

2.8.1.7 Ring van Moot-Sentraal

"Die sinode keur goed dat finansiële bydraes tot 'n gemeente se boufonds vrygestel is van die 15% bydrae aan die SKK en dat hierdie boufondsbedrag dus uitgesluit word van die bedrag waarop die 15% bydrae bereken word.

2.8.2 Aanloop en agtergrond vir 15% bydraes:

Die Finansiële Kommissie wil graag die aanloop en agtergrond van die huidige stelsel van sinodale bydrae kortliks weergee.

2.8.2.1 Sinode 1987:

- 1. Die sinode stel dit as sy beleid om sy uitgawes te bereken volgens sy inkomste op 'n kontantbasis (bl 20).
- 2. Tien persent van alle gemeentelike inkomste word aan die SKK gestuur vir kantooruitgawes (bl 64)
- 3. Vyf persent van alle gemeentelike inkomste word vir die Teologiese Skool oorbetaal (bl 64).
- 4. Dus word in totaal 'n 15% bydrae aanbeveel - (goedgekeur).

2.8.2.2 Sinode 1988:

In twee verslae van die Tydelike Kommissies vir Finansies is 'n volledige stel riglyne opgestel, waarvan die sinode toe net kennis geneem het. Dit is in 1988 in die verslag aan die sinode opgeneem en deur die sinode goedgekeur.

2.8.2.3 Sinode 1989:

Twee van die besluite wat geneem is, is van belang:

- 1. Die sinode stel dit as beleid dat gemeentes almal dieselfde persentasie van die gemeente se totale geldelike inkomste aan die sinode oorbetaal. Saaklike (eiendomlike) skenkings aan 'n gemeente (soos grond, orrel, nagmaalservies) word nie bereken met die % bydrae nie. Wanneer 'n eiendom wat geskenk is, onprakties geleë is vir die gebruik in die gemeente, kan so 'n eiendom wel vervreem word sonder dat die bedrag wat verkry is vir die vervreemde eiendom bereken gaan word met die % bydrae, met dien verstande dat die fondse aangewend sal word vir 'n meer geskikte eiendom. Sou geskenkte eiendomme wel vervreem word sonder dat die fondse daarvan gebruik sou word vir meer geskikte eiendomme, dan is dit met die % bydrae berekenbaar. (Handelinge Sinode 1989, bl 42, 43)
- 2. Die sinode besluit dat die gemeentebydrae 'n maksimum van 15% van die totale ontvangste van die gemeente bedra en dat kerkrade die bedrag maandeliks sal oorbetaal (bl 93).

2.8.2.4 Groot vrug:

Die gedagte van 15% het gespruit uit besluite van die destydse KVK net na kerkstigting. Hierdie besluite van die sinodes van 1987 - 1989 het geblyk wyse besluite wees, sodat die werksaamhede van die kerkverband tot sover met groot vrug kon voortgaan.

2.8.2.5 Geen uitsonderings:

Die basis van die gedagte was dus: 'n persentasie van gemeente-ontvangste, sonder enige uitsonderings, word as sinodale bydrae oorbetaal.

2.8.3 Die Finansiële Kommissie se kommentaar op die beskrywingspunte

2.8.3.1 Beswaarskrif van die kerkraad van Theunissen en die Ring van Bloemfontein:

1. Die gee van Tiendes:

Die Finansiële Kommissie verwys graag na die studiestuk wat in 1990 voor die sinode gedien het in verband met "*Die gee van Tiendes*". (Agenda bl 279, 280) en na die besluite wat na aanleiding daarvan geneem is (Handelinge bl 499). (Die sinode versoek kerkrade om lidmate aan te spoor om steeds mildelik by te dra tot die uitbreiding van die evangelie).

2. Meer as net 'n tiende:

Die Finansiële Kommissie wil daarop wys dat die Ou Testamentiese volk van God soms meer as net 'n tiende moes gee - selfs tot soveel as drie tiendes.

3. Fondse genoegsaam:

Die afgelope jare het die lidmate so mildelik bygedra dat die fondse genoegsaam was om die Administrasie aansienlik uit te brei, 'n eie gebou aan te skaf en 'n eie teologiese opleiding te behartig.

4. Drastiese verlaging in begroting:

As die gemeente se sinodale bydrae na 10% gemeenteontvangste afgebring word, sal 'n drastiese verlaging in die begroting aangebring moet word.

2.8.3.2 Ring van Middelburg

Die kommentaar by die vorige punt geld hier ook. (Die Ring word ook daarop gewys dat die begroting nie meer verdeel word tussen SKK en Kuratorium nie - dis nou een begroting).

2.8.3.3 Ring van Naboomspruit

1. Kontant-ontvangste:

Die Finansiële Kommissie is van oordeel dat die gees en gedagte van die besluite i.v.m. sinodale bydrae van die begin af was dat "kontant-ontvangste" bedoel is.

2. Winsmotief:

In die kerklike boekhouding van finansies is nog nooit van die winsmotief gebruik gemaak nie.

3. Oorbetalings aan kerkkantoor:
Talle gemeentes (indien nie alle gemeentes) het tot sover hulle regmatige deel van hul ontvangste aan die kerkkantoor oorbetaal.

4. Verantwoordelik teenoor kerkverband:
Van die eerste sinode af is die beginsel beklemtoon dat gemeentes ook 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van die finansiële aspekte van die kerkverband. Daarom is telkens besluit dat die stelsel eenvoudig en sonder uitsonderings moet wees. In dieselfde gees is ook deur die sinode besluit dat die ouditeur 'n sertifikaat moet gee dat 15% van die totale ontvangste aan die Kerkkantoor oorbetaal is. Vergelyk die aanbevelings - 2.8.4.1 en 2.8.4.2.

2.8.3.4 Ring van Olifantshoek

1. Op hierdie stadium kan die Finansiële Kommissie nie hierdie beskrywingspunt aanbeveel nie (vergelyk punt 4 hierbo)

2. Die Finansiële Kommissie sal graag voor die volgende sinode meer noukeurig die saak wil ondersoek (vergelyk aanbeveling 2.8.4.7).

2.8.3.5 Ring van Vereeniging, Bloemfontein, Moot-Sentraal

1. Nie aanbeveel:

Die Finansiële Kommissie oordeel dat hierdie beskrywingspunte nie aanbeveel word nie.

2. Geen uitsonderings:
Die Finansiële Kommissie bly by sy standpunt dat uitsonderings op die stelsel van sinodale bydraes uitgeskakel moet word. Dit maak die stelsel makliker, skakel moontlike skuiwergate uit en vermy onnodige konflik.

3. Uitbreiding in administrasie:
Die Finansiële Kommissie wys verder daarop dat, namate die Kerke (gemeentes) uitbrei (getalle lidmate en getalle gemeentes) die administrasie ook uitbrei. "Ongelukkig" bring dit ook mee dat die kostestying van die administrasie en kantoor in dieselfde mate toeneem. Daarom kan ons geredelik aanvaar dat uitgawes steeds 'n vaste persentasie van inkomste en uitbreiding sal beloop. Hierby kan verwys word na die besluit van die

Sinode 1990 dat ondersoek ingestel moet word na uitbreiding van die kantoorfasiliteite.

4. Beroep op kassiere:
Hier kan ook 'n beroep gedoen word op kassiere om alle oorbetalings gereeld te doen. Dit is teweens die maklikste om die 15%-bydrae maandeliks oor te betaal; dus: sodra dit ontvang word.

5. Pensioen- en mediese fonds:
Die kantoor **moet** aan die begin van die maand premies vir die Pensioenfonds en Mediese skema oorbetaal. Indien 'n gemeente nie betyds sy aandeel inbetaal nie, beteken dit dat die BRKA-fondse hierdie oorbetalings moet subsidieer.

6. BKRA doen administrasie:
Die Ring van Moot-Sentraal word daarop gewys dat die hele administrasie nou deur die BRKA hanteer word, nie meer die SKK nie.

2.8.4 AANBEVELINGS

2.8.4.1 Volstaan by vorige besluite:
Die sinode volstaan by sy vorige besluite i.v.m. oorbetalings van bydrae aan die Sentrale Kerkkantoor. (1988 Handeling bl 42, 43, 93, 1990 Handeling bl 512).

2.8.4.2 Kontant ontvangste:
Die sinode bevestig dat met die begrip "totale geldelike inkomste" bedoel is "totale geldelike kontantontvangste" bedoel is."

2.8.4.3 Kerkvisitasie:
Die sinode versoek Ringe om in hulle kerkvisitasie ernstige aandag te gee dat die beginsels van die sinodale bydrae suiwer toegepas word.

2.8.4.4 Sertifikaat van ouditeur:
Die sinode versoek Ringe om toe te sien dat 'n sertifikaat deur die ouditeur verskaf is dat elke gemeente 15% van sy totale kontantontvangste aan die Kerkkantoor oorbetaal het.

2.8.4.5 Erflatings:
Die sinode dra dit aan die KKS op om ondersoek in te stel na die stelling dat erflatings aan 'n gemeente nie onderhewig is aan 'n oorbetalings van 15% van die erflating aan die Kerkkantoor nie.

2.8.4.6 Oorbetalings:

Die sinode doen weer eens 'n beroep op die kassiere van gemeentes om die oorbetalings aan die Kerkkantoor so vroeg moontlik elke maand te doen - indien moontlik voor die 7e van die maand.

2.8.4.7 Bydraes vir tehuise:

Die sinode versoek die Finansiële Kommissie om ernstige aandag te gee aan die beginsel wat in die beskrywingspunt van Olifantshoek gestel word. (2.8.1.4)

2.8.4.8 Woordoms krywing - Kontantontvangste:

Die sinode aanvaar die volgende woordoms krywing: "Insamelings in 'n gemeente vir bepaalde fondse buite die plaaslike gemeente en wat dadelik direk aan hierdie fondse oorbetaal word, word nie beskou as "kontant-ontvangste" nie. Tans geld dit alleen vir die Alimentasiefonds, die Willie Lubbe Teologiese Studentefonds en SA Bybelgenootskap."

3. BEGROTING 1992

3.1 Oorsig van finansies 1988-1990

3.1.1 Beginsel:

Soos reeds vroeër in die verslag gemeld, hou die Finansiële Kommissie steeds die beginsel voor oë dat die uitgawes van die kerkverband d.m.v. die sinode moet tred hou met die inkomste vanuit die gemeentes. Die Finansiële Kommissie het met die behandeling van die ongeouditeerde state weer eens kennis geneem van baie goeie inkomste vanuit die gemeentes. Daarvoor is ons die Here en die lidmate innig dankbaar. Soos reeds gemeld, is die geouditeerde state nog nie beskikbaar met die opstel van die verslag nie.

Die afgelope 3 jaar se samevatting sien soos volg daar uit: (1990 se syfers is 'n benaderde bedrag - slegs vir vergelyking, die finale syfer sal in die **Addendumverslag** verstrek word).
Tabel 3.1

	Inkomste 15% vorige jaar	Begroting	Werklike uitgawe
1989	R1 136 181 (1988)	R 952 000	R1 008 955
1990	R1 557 750 (1989)	R1 350 000	R1 300 000
1991	R1 900 000 (1990)	R1 800 000	-

Volgens die bedrae wat deur gemeentes inbetaal is, beteken dit dat die *benaderde* ontvangste van al die gemeentes min of meer soos volg was:

1988 R7 500 000

1989 R10 385 000

1990 R12 865 000

By die opstel van die begroting is al die weergelegde riglyne in ag geneem, sowel as die uitbreiding van die administrasie en die omstandighede van gemeentes.

3.1.2 Aanbeveling

Dank:

Die sinode spreek sy innige dank uit:

- 1. teenoor die Koning van die kerk wat die geldelike middele aan lidmate en gemeentes voorsien het;
- 2. teenoor die lidmate wat met soveel blymoedigheid en toewyding hulle dankoffers aan die Here gewy het;
- 3. teenoor die kerkrade en gemeentes wat so getrou die oorbetalings aan die kantoor gedoen het;
- 4. teenoor die personeel wat steeds die boekhouding met soveel sorg en getrouheid hanteer.

3.2 Beraamde ontvangste vir 1992

3.2.1 20% styging:

Uit die tabel by 3.1 blyk dit dat die inbetalings vanaf gemeentes nog elke jaar met meer as 20% gestyg het. Dit kan sekerlik toegeskryf word aan die groei in gemeentetal en lidmatetal.

Die rekenmeester het gemeen dat die ontvangste uit gemeentes vir 1990 in die geouditeerde state naby aan R2 000 000

behoort te wees. Op grond daarvan is besluit om die beraamde ontvangste vir 1991 weer eens met 20% te vermeerder en te begroot vir 'n ontvangste van R2 400 000.

3.2.2 AANBEVELING

Die sinode besluit om te begroot vir 'n syfer van R2 400 000 as kontantontvangste uit gemeentes, sodat die uitgawe vir 1992 ook op R2 400 000 beraam kan word.

3.3 Beraamde uitgawes vir 1992

3.3.1 Opmerkings

3.3.1.1 Dilemma:

Die Finansiële Kommissie het weer in die dilemma gesit: by omtrent alle poste in die begroting word verhoging van uitgawes gevra (a.g.v. inflasie, prysstygings, meerdere behoeftes, ens.) Aan die ander kant word van baie oorde gevra vir verlaging van die koers van bydraes deur die gemeentes. Met die opstel van die begroting is probeer om aan beide standpunte reg te laat geskied, alhoewel 'n verlaging in die koers (%) van bydraes nie aanbeveel kan word nie.

3.3.1.2 Ontwikkeling:

Die Finansiële Kommissie wil die sinode graag daarvan bewus maak dat die AP Kerk nog aan die begin van sy ontwikkeling is. Uitbreiding van die administrasie sal dus nog voortduur, met verhoging van uitgawes.

3.3.1.3 Teologiese Opleiding:

Daar moet steeds in gedagte gehou word dat die sinode besluit het (dus die kerke in verband) om 'n eie teologiese opleiding te behartig, ter wille van die behoudende, Bybelsgefundeerde belydenis en standpunt wat ons handhaaf. Al hierdie fondse kan slegs uit gemeentes kom.

3.4.1.4 Begroting:

Die begrote bedrae word in die eerste deel gegee, met opmerkings en/of motiverings daarna.

(Sien tabelle op volgende bladsye)

3.3.3 Opmerkings

3.3.3.1 Salarisse ingewerk:

Punt 1 Admin: Salarisse - hierby is ingewerk 'n moontlike verhoging van 15%, asook 'n moontlikheid van 'n junior pos wat reeds geadverteer is.

3.3.3.2 Reiskoste:

Punt 2: Reiskoste (Admin) soos reeds vroeër besluit, word die oorskot van hierdie pos in 'n motorvervangingsfonds gestort.

3.3.3.3 Punt 3-4 posgeld, skryfbehoeftes: Hier is die bedrae taamlik verhoog met die oog op tariefverhogings en uitbreiding van die werk.

3.3.3.4 Punt 5 Telefoon:

By die begrote syfer is redelik voorsiening gemaak vir uitbreiding, as 'n nuwe eiendom aangekoop word.

3.3.3.5 Punt 9 - Instandhouding:

Hier is voorsiening gemaak alleen vir die bestaande gebou.

3.3.3.6 Punt 10.11 Munisipale koste en versekering:

Hierdie bedrae is aansienlik verhoog, veral met die moontlikheid van aankoop van 'n eiendom. BTW sal hier ook invloed hê.

3.3.3.7 Punt 12-13 Meubels, toerusting en verbeterings:

Hier word begroot vir die bestaande eiendom.

3.3.3.8 Punt 19 Moontlike addisionele pos:

Die Dagbestuur van die BRKA het by die vergadering van die Finansiële Kommissie gevra om vir so 'n pos te begroot. Besonderhede sal deur die BRKA verstrekk word.

3.3.3.9 Verdere eiendom:

Die BRKA het ook aangevra vir R200 000 vir moontlike veranderinge as nog 'n eiendom bekom word. Die Finansiële Kommissie het geoordeel dat daar groter sekerheid en duidelikheid oor die aangeleentheid verkry moet word. Dit sal in Augustus behandel word en in die aanvullende verslag aandag kry.

NO	ITEM	POS	BEGROOT 1991	AANGEVRA 1992	AANBEVEEL 1992
BRKA					
1	Administrasie	Salarisse	470 000	650 000	650 000
2		Reiskoste	20 000	20 000	20 000
3		Posgeld	12 000	20 000	20 000
4		Skryfbehoeftes	23 000	40 000	40 000
5		Telefoon	15 000	24 000	25 000
6		Oudit	2 000	2 000	2 000
7		Verversings	3 000	3 000	3 000
8	Eiendom	Huur van toerusting	4 000	4 000	4 000
9		Instandhouding	15 000	18 000	20 000
10		Munisipale koste	5 000	9 000	10 000
11		Versekering	5 000	6 000	7 000
12		Meubels en Toerusting	15 000	30 000	30 000
13		Verbeterings gebou	15 000	15 000	15 000
14	Spaarplan Leraars		13 000	13 000	13 000
15	Reiskoste Vergaderings		34 000	40 000	40 000
16	Regskoste			5 000	5 000
17	Diverse		5 000	5 000	5 000
18	Vaalterrein		11 000	-	5 000
			667 000		914 000
19	Moontlike addisionele pos			100 000	100 000
Subtotaal A				1 004 000	1 014 000
SKK					
20	Uitgawe Sinode		30 000	50 000	50 000
21	Bedieningsuitgawes		350 000	350 000	350 000
22	Amptelike blad		120 000	130 000	130 000
23	Reiskoste: vergaderings		35 000	45 000	45 000
			535 000	575 000	575 000
24	Studiefonds			50 000	50 000
Subtotaal B				625 000	625 000
KURATORIUM					
25	Dosentevergoeding		386 000	431 000	431 000
26	Reiskoste Dosente		32 000	32 000	32 000
27	Reiskoste Kuratorium		20 000	24 000	24 000
28	Biblioteekfonds		12 000	40 000	40 000
29	Teologiese Blad		4 000	4 000	4 000
	(Onderrig hulpmiddels)		12 000	-	-
30	WL Studiefonds		-	60 000	60 000
Subtotaal C			466 000	591 000	591 000
ANDER KOMMISSIES					
31	Argief		2 000	-	2 000
32	Barmhartigheidsdienste		4 000	10 000	10 000
33	Bybelvertaling		12 000	12 000	12 000
34	Finansies		7 000	12 000	12 000
35	Gemeentelike Bediening		6 000	6 000	6 000
36	Jeug		14 500	23 7000	17 000
37	Kapelaansdienste		6 000	-	7 500
38	Kerkleer en Etiese Norme		7 000	8 000	8 000

NO	ITEM	POS	BEGROTING 1991	AANGEVRA 1992	AANBEVEEL 1992
39	Kerkmusiek		12 000	16 000	10 000
40	Kerkregtelike Sake		9 000	-	30 000
41	Liturgie		6 000	-	6 000
42	Opvoeding en Onderwys		10 000	10 000	10 000
43	Sending		5 500	109 000	9 000
Subtotaal D			101 000		139 5000
TOTAAL					
BRKA			667 000		1 014 000
SKK			535 000		575 000
KURATORIUM			466 000		591 000
KOMMISSIES			101 000	139 000	
RESERWE- FONDS			31 000		80 500
TOTAAL			1 800 000		2 400 000

3.3.3.10 Punt 20 Uitgawe sinode:

Die begrote bedrag moet aansienlik verhoog word, gereken teenoor uitgawes van die vorige sinodes.

3.3.3.11 Punt 24 Studiefonds, leraars:

Die SKK sal in sy verslag hierdie saak verduidelik. Die Finansiële Kommissie het op grond van die meriete van die saak vrymoedigheid om die bedrag aan te beveel.

3.3.3.12 Punt 28 Biblioteekfonds:

Die Kuratorium behandel hierdie saak in hulle verslag. Die Finansiële Kommissie het vrymoedigheid om die bedrag aan te beveel. (Hier kan die volgende gemeld word: In die begroting vir 1991 het die Kommissie vir Bybelvertaling R3 000 aangevra vir boeke. Op aanbeveling van die Finansiële Kommissie het die Sinode besluit dat dié boeke uit die biblioteekfonds aankoop kan word. Dit het geblyk nie 'n goeie reëling te wees nie, aangesien die lede van die kommissie die boeke tuis moet gebruik).

3.3.3.13 Punt 30 Willie Lubbe Studiefonds:

Die Dagbestuur van die Kuratorium het versoek dat 'n bedrag per begroting aan dié Fonds bewillig moet word. In 'n samespreking is op R60 000 besluit. Die gedagte was nog altyd dat dié Fonds deur vrywillige bydraes gedra moet word. Aangesien die verpligtinge van die Fonds al groter word, is saam besluit om die Fonds op dié wyse te sterk. Die sinode kan weer 'n dringende beroep op gemeentes doen om die sinode-besluit toe

te pas nl. 'n insameling op die Sondag naaste aan 26 Junie.

3.3.3.14 Kommissies:

Na herhaalde versoeke vanaf die Sinode 1990 tot Junie 1991 het dit weer gebeur dat 'n paar kommissies geen begroting ingegee het nie. Dit kan dalk later gebeur dat vir sulke kommissies geen aanbeveling op die begroting gedoen word nie. So 'n optrede bemoeilik die opstel van die begroting en is nie billik teenoor die ander kommissies wat hulle verantwoordelijkheid nakom nie.

3.3.3.15 AANBEVELING

Begroting van kommissies:
Die sinode dra dit op aan elke kommissie om nie later nie as die end van Mei elke jaar sy begroting aan die Kerkkantoor te besorg vir deurgae na die Finansiële Kommissie.

3.3.3.16 Punt 31 Argief:

Geen aanvraag is ontvang nie. Die Finansiële Kommissie beveel (dieselfde bedrag as 1991) aan R2 000.

3.3.3.17 Punt 33 Bybelvertaling:

R8 000 word aangevra vir reiskoste en R4 000 vir aankoop van boeke.

3.3.3.18 Punt 34 Finansies:

Na mate die administrasie en verpligtinge uitbrei, lyk dit asof die Finansiële Kommissie meer as 4 maal per jaar moet vergader.

3.3.3.19 Punt 35 Gemeentebediening:

R500 word aangevra vir verblyf-koste. Tot

dusver is nog nie vir so 'n item begroot nie. Die Kerkkantoorpersoneel is bereid om verblyf by lidmate te reël.

3.3.3.20 Punt 36 Jeug:
R12 000 word aangevra vir "Die Jeugboodskapper". Die Finansiële Kommissie beveel voorlopig R5 000 aan en wil graag die saak met die Jeugkommissie bespreek. (Vergelyk ook punt 3.3.3.24)

3.3.3.21 Punt 37 Kapelaansdienste:
Met 'n telefoniese navraag is die Finansiële Kommissie meegedeel dat die kommissie R7 500 aanvra - geen motivering is gegee nie.

3.3.3.22 Punt 39 Kerkmusiek:
R6 000 word aangevra vir drukwerk (die voorlopige sangbundel). Die Finansiële Kommissie beveel aan dat sulke drukwerk uit die Publikasiefonds gefinansier word, aangesien dit verhaal kan word (vergelyk punt 3.3.3.24)

3.3.3.23 Punt 40 Kerkregtelike Sake:
Geen gemotiveerde aanvraag is ontvang nie. Die Finansiële Kommissie is wel telefonies meegedeel dat die kommissie etlike appèlle moet hanteer wat reeds op vanjaar se begroting 'n oorskryding kan meebring. Aangesien die Finansiële Kommissie bewus is van die dringendheid van sulke sake, word R30 000 aanbeveel.

AANBEVELING

Die sinode word versoek om ernstig te oorweeg om die getal lede van die KKS te verminder.

3.3.3.22 Punt 41 Liturgie:
Geen begroting is ontvang nie. Dieselfde bedrag as 1991 word aanbeveel.

3.3.3.23 Punt 43 Sending:

- 1. Die volle motivering van die kommissie word as Bylae FK .D aangeheg.
- 2. Die Finansiële Kommissie beveel egter weer nie die R100 000 aan nie.
- 3. Die Finansiële Kommissie oordeel dat hier 'n belangrike beginsel op die spel is. Art 47 van die Kerkorde lui o.a. "... sendingwerk is in eerste instansie

die roeping van elke lidmaat van die kerk. Indien wyer belange van die sending dit vereis, kan naburige AP kerke met mekaar skakel."

- 4. Die Finansiële Kommissie oordeel dus dat die sinode nie 'n werksaamheid moet aanpak nie. (Dit geld nie net vir sending nie.)
- 5. Juis daarom het die Finansiële Kommissie in 1990 AANBEVEEL:
* *Die Sinode spreek hom uit oor die beginsel dat 'n kommissie van die sinode 'n werksaamheid soos 'n tentaksie of die oprig van 'n inrigting aanpak.*
- 6. Die Finansiële Kommissie oordeel dat hy nie kan aanbeveel dat fondse bewillig word vir interkerklike aksies nie, aangesien die AP kerk dan nie beheer het oor sulke werksaamhede nie en die besteding van fondse nie.
- 7. Die Finansiële Kommissie is ook huiwerig om fondse aan te beveel vir sake wat nie presies omlin is nie.

3.3.3.24 Publikasies:

Die Finansiële Kommissie het by die BRKA aanbeveel om ernstig te oorweeg om 'n aparte Publikasie-afdeling te skep wat alle publikasies, versending, ens. te behartig.

3.3.4 AANBEVELINGS:

Uit die bespreking van die begroting wil die Finansiële Kommissie die volgende *aanbevelings* voorlê.

1. Dank vir produkte:

Die sinode bedank die talle lidmate wat produkte (o.a. vleis, groente, vrugte) skenk om gebruik te word vir die etes wat voorberei word tydens vergaderings van kommissies.

2. Aankoop van eiendom:

Indien 'n moontlike aankoop van eiendom drastiese veranderinge in die begrote bedrae nodig maak, word dit aan die BRKA en Finansiële Kommissie opgedra om daaraan aandag te gee.

3. Reserwefonds:

Die sinode besluit om vir 1992 nie te

begroot vir die volle som as oorbetaling in die reserwefonds nie (d.w.s. 'n bedrag gelykstaande aan helfte van die gemeente-inbetalings), maar wel vir R80 500.

4. Uitgawebegroting:
Die sinode keur die beraamde uitgawe vir 1992, soos onder punt 3.2.2 aanbeveel, goed.

4. SLOT:

Dit was vir die Finansiële Kommissie aangenaam om sy opgelegde taak uit te voer. Die kommissie vertrou dat hy sy taakopdrag uitgevoer het en bid die Sinode van 1991 die rykste seën van die hemelse Vader toe op al sy beraadslagings en besluite.

Namens die kommissie:

DS C F SWART: Voorsitter

DS LD PIENAAR: Skriba

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

MEMORANDUM IN VERBAND MET BEREKENING VAN REISTOELAE VIR PREDIKANTE IN GEMEENTES

1. AA-TABELLE

Die Sinode het reeds op aanbeveling van die Finansiële Kommissie besluit dat kerkrade die tabelle van die AA as riglyn moet neem vir die berekening van reiskoste en/of reistoelae in diens van gemeentes. Aangeheg hierby is ’n opsomming van hierdie tabelle soos dit op leraars in die AP kerke betrekking het.

10,4
61,8
75,2c

Reistoelae word dus bereken teen 75,2c per km. Sou die leraar dan 30 000 km per jaar reis in gemeentewerk, word die reistoelae op R22 560 per jaar gestel. (of R1 880 per maand).

2. BEREKENING IN PRAKTIESE GEVALLE

A. VASTE KOSTE

Bereken hoeveel km die leraar per jaar reis in belang van gemeentewerk (amptelike ritte) nl. 20 000 km, 24 000 km of 30 000 km gemiddeld per jaar.

Kry die koopprys van die bepaalde motor (kolom links). Sou die motor R36 000 kos en 30 000 km per jaar gereis word is die koste 48c/km.

B. ONDERHOUDSKOSTE

Bepaal die enjin-inhoud in cc. Sou dit byvoorbeeld 2 000 cc wees, is die koste vir 30 000 km per jaar 10,4c/km.

C. PETROLKOSTE

Weer: sou die enjin-inhoud 2 000 cc wees, is die koste 16,8c/km.
Tel die drie syfers bymekaar: 48,0

3. AANPASSING

Die Sinode het ook besluit dat gemeentes wat ver van die hoofsentra geleë is, brandstofpryse in hul omgewing in aanmerking moet neem. Bogenoemde tabelle is in November 1990 bereken en brandstofprys op die Witwatersrand is gebruik.

A VASTE KOSTE			
	c/km. Koopwaarde in verhouding tot jaarlikse afstand afgelê		
Koopwaard	Kilometer		
20 001-22 000	45	38	30
22 001-24 000	48	40	32
24 001-26 000	52	42	34
26 001-28 000	55	46	37
28 001-30 000	58	48	39
30 001-35 000	67	55	44
35 001-40 000	72	60	48
40 001-45 000	80	66	53
B. ONDERHOUDSKOSTE			
Enjin-inhoud (cc)	c/km. Enjin in verhouding met km afgelê		
tot 1300	6.8		
1301-1500	8.8		
1501-1800	9.6		
1801-2000	10.4		
2001-25000	10.8		

2501-3000	13.4
3001-4000	13.7
4001-5000	14.2
C. PETROLKOSTE (12/11/90)	
Enjin-inhoud (cc)	c/km. Gemiddelde verbruik in verhouding met enjingrootte
tot 1300	13.9
1301-1500	14.4
1501-1800	15.4
1801-2000	16.8
2001-2500	18.0
2501-3000	19.4
3001-4000	20.5
4000-5000	21.3

4. GEMEENTES IN KOMBINASIE

4.1 Onderlinge Verdeling:
Gemeentes in kombinasie se kerkrade moet onderling besluit hoe reiskoste (en ander koste) aan 'n predikantspos verbonde tussen die kerkrade verdeel moet word. (Sien riglyn van kombinasie-akte in Kerkorde 1990 bl 64).

4.2 Totale Koste:
Kerkrade moet daarop let dat die totale koste aan 'n predikantspos gewoonlik in berekening gebring word (vergelyk hier die voorwaardes soos vervat in die Beroepsbrief, Kerkorde 1990 bl 56-57 en bl 60-61).

BYLAE FK .B

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK*(’N GEREFORMEERDE KERK VAN CHRISTUS ONDER BLANKE AFRIKANERS)***RIGLYNE VIR DIE BEPALING VAN HUISTOELAE VIR PREDIKANTE IN GEMEENTES**

(Beskrywingspunt Ring van Dendron)

**1. DIE SINODE VAN 1989
HET BESLUIT**

Die sinode beveel dit baie sterk by kerkrade aan om toepaslike huistoelae aan die leraar te betaal in die plek van die voorsiening van ’n pastorie as die betrokke leraar dit sou verkies.
(Handelinge 1989 bl 396 punt 3.2)

2. BEGINSELS:

Die Finansiële Kommissie het van die volgende beginsels uitgegaan by die opstel van riglyne om ’n "toepaslike huistoelae" vas te stel.

**2.1 Kerkraad neem
verantwoordelikheid:**

Die kerkraad en gemeente in wie se diens ’n betrokke leraar is, is verantwoordelik vir die huisvesting van die leraar en sy gesin. Dit word duidelik gestel in Beroepsbrief punt 7 (bl 57 K.O.).

2.2 Ooreenkoms:

Die vasstelling van ’n huistoelae moet met bogenoemde beginsel rekening hou.

2.3 Riglyn:

Die besluit dat ’n leraar sy eie huisvesting voorsien en hy dus ’n huistoelae ontvang, moet deur beide partye (kerkraad en leraar) geneem word. (Vergelyk hier ook Beroepsbrief A punt 7).

2.4 Inflasie en verhogings:

Hierdie aanbevelings van bedrae moet gesien word as ’n riglyn en minimum-bedrae wat betaal word.

2.5 Inflasie:

Toelae vir munisipale koste en telefoon moet rekening hou met inflasie en verhogings en behoort gereeld hersien te word.

2.6 SKK nie as basis:

Die huistoelae en ander toelaes wat deur die SKK voorsien word, kan nie as basis gebruik word nie, aangesien die "reisende leraar" ’n tydelike maatreël is voordat ’n leraar in ’n gemeente bevestig word.

**3. BEREKENING VAN
HUISTOELAE**

Na aanleiding van navraag by ander instansies word die volgende aanbeveel vir die vasstelling van ’n bedrag vir huistoelae.

3.1 Gemiddelde waarde:

Bereken die syfer van die gemiddelde waarde van 'n doelmatige huis in die betrokke dorp of gebied.

3.2 Verband:

Bereken 75% van bogenoemde bedrag as 'n syfer vir 'n verband.

3.3 Rentekoers:

Bereken die paaient op die bedrag in 3.2 genoem teen die heersende rentekoers op huisverbande oor 'n tydperk van 20 jaar.

3.4 Maandelikse huistoelae:

Bereken 75% van die bedrag in 3.3 genoem (die paaient) as 'n maandelikse huistoelae.

4. OPMERKINGS

4.1 By die oorweging van 'n huistoelae moet in gedagte gehou word:

4.1.1 Kerkraad onthef:

dat die kerkraad in so 'n geval onthef word van die uitgawe van aankoop en instandhouding van 'n pastorie;

4.1.2 Bydrae van leraar:

dat die leraar by hierdie riglyn nog 25% op die maandelikse paaiente self moet voorsien.

4.2 Bydrae van leraar:

In gevalle waar 'n leraar reeds 'n huis besit (soos in die geval van diegene wat op 60 jaar afgetree het), word dieselfde riglyne gebruik om die berekening te maak.

4.3 Indien leraar reeds 'n huis besit:

In gevalle waar 'n leraar reeds 'n huis besit (soos in die geval van diegene wat op 60 jaar afgetree het), word dieselfde riglyne gebruik om die berekening te maak.

BYLAE FK .C

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK*(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)***GRAVAMEN: RING VAN BLOEMFONTEIN -
10% IPV 15%**

*Beswaarskrif (gravamen) Van Die Ring
Van Bloemfontein Aan Die Sinode Op 16
September 1991 Tot 21 September 1991.*

**Besluit Van Die Sinode Waarteen
Beswaar Gemaak Word:**

(Hand Sin 1990, 7.2.2; p 512)

"Die Sinode handhaaf sy besluite tot dusver oor sinodale bydraes en bly dus by die reëling dat 15% van gemeentelike kontantinkomste oorbetaal word. Die Sinode onderskryf ook die Finansiële Kommissie se standpunt dat die stelsel van sinodale bydraes so eenvoudig moontlik moet wees sonder onnodige uitsonderings".

VOORSTEL:

Die Sinode besluit dat elke gemeente voortaan slegs 10% bydrae tot die sentrale kas sal oorbetaal. Die Sinode onderskryf steeds die Finansiële Kommissie se standpunt dat die stelsel van sinodale bydraes so eenvoudig moontlik moet wees sonder onnodige uitsonderings.

Motivering

**1. CHRISTUS DIE ENIGSTE
HOOF:**

Christus is die enigste Hoof van die Kerk. Gemeentes op sigself en in sinodale verband het daarom slegs die Woord van die HERE as rigsgaaf. Nêrens leer die Woord van die HERE 'n beginsel van meer as 10% (een tiende) nie (Num 18:26; Neh 10:37; 13:12; Mal 3:10). Die beginsel wat gepaard gaan hiermee, is dié

van die blymoedige gewer (Dt 14:22-29; 15:8, 10; 2 Kor 9:7).

**2. VERMOË EN HEIL VAN
DIE GEWER:**

Die Woord leer dat gereelde insamelings sal geskied na vermoë en tot heil van die gewer en ontvanger (Hd 11:28-30; 1 Kor 9:11-15; 2 Kor 9:1-15).

**3. VERANTWOORDELIKE
WYSE VAN INSAMELING:**

Insamelings en bydraes moet op 'n verantwoordelike wyse geskied - "as 'n dankoffer en nie iets wat afgepers is nie" (2 Kor 9:5).

4. BEREIDWILLIGHEID:

Daar moet bereidwilligheid wees: "Want as die bereidwilligheid daar is, is dit welgevallig volgens wat iemand besit, nie volgens wat hy nie besit nie. Want ek bedoel nie dat daar vir ander verligting moet wees en vir julle verdrukking nie, maar dat volgens gelykheid julle oorvloed in hierdie tyd hulle gebrek kan aanvul, sodat ook hulle oorvloed julle gebrek kan aanvul en daar gelykheid kan wees. Soos geskrywe is: Hy wat baie gehad het, het nie te veel gehad nie; en hy wat weinig gehad het, het nie te min gehad nie" (2 Kor 8:12-15; Ex 16:18).

5. "AFFORSEER":

In die Bondgetuie van September 1990, bladsy 39 laat prof Pikkie Robbertze hom as volg uit:

"Die gevoel was dat die gesag van die Algemene Sinode se besluite onaantasbaar teen beswaarde kerkrade se protes beveilig was. As die kerkraad nie gelukkig is met die besluit nie, moet hy net magteloos toekyk hoe met sy beswaar gehandel word, want die 'kerkordelike' weg waarlangs hy besware moet lug is van meet af gedoem vanweë die gesag wat die kerkverband het, en al die struikelblokke wat op die kerkordelike weg geplaas is".

Op bladsy 36 sê hy:

"So het die sinode se besluite wat betref ooreengekome sake, bindende gesag. Dit geld besluite oor belydenisskrifte, Bybelvertalings, liturgiese formuliere, die liturgiese orde van eredienste, die amptelike Gesangebundel waartoe ooreengekom is, die teologiese opleiding en die kerkorde. Natuurlik is dit nie net hierdie aangeleenthede wat by 'n sinode bespreek word nie, maar besluite oor ander sake moet as adviserend van aard beskou word".

Die moontlikheid bestaan dat 'n Sinode 'n besluit kan "afforseer", wat die blymoedigheid van die hele handeling in sy wortel aantast. Sodanige handeling is strydig met die Woord van die HERE.

6. DORDTSE KERKORDE:

Die Dordtse Kerkorde, art 31 het reeds wal gegooi teen hierdie moontlikheid:

Sinodale besluite: "zal voor vast en bondig gehouden worden. Ten zij dat het bewezen worde te strijden tegen het Woord Gods ..."

7. ONGELUKKIGHEID:

Gemeentes is geensins onwillig om te betaal nie. Maar hierdie debat kom reeds oor die afgelope sinodes heen, ten spyte van ongelukkigheid wat in baie gemeentes veroorsaak word.

Mag die HERE gee dat hierdie aangeleentheid die nodige aandag ontvang wat dit verdien.

Hierdie beswaarskrif is eenparig deur die Kerkraad van Theunissen aanvaar.

DIE RING VAN BLOEMFONTEIN
ONDERSKRYF HIERDIE
BESWAARSKRIF EN STUUR DIT DEUR
AAN DIE SINODE.

Voorgestel:APK Theunissen

Gesekondeer:

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

BEGROTING: PERMANENTE KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE

Die Kommissie vir Sending en Evangelisasie het op sy vergadering gehou op 6 Junie 1991 die volgende begroting opgestel.

(1) Sendingorganisasies en Plaaslike projekte	R100 000
(2) Reiskostes van Kommissielede	7 000
(3) Geestelike Lektuur _____	2 000
	R109 000

Die Kommissie is van oordeel dat sending en evangelisasie nie net ’n blote belangstelling van ’n deel van die kerk behoort te wees nie, maar dat dit ’n wesenlike deel van die opdrag van die kerk moet wees in lyn met die Here Jesus se bevel in Matt. 28 :19. Die Kerk wat nie prakties uitvoering gee aan die Sendingopdrag nie, het ’n stagnante Kerk geword met ’n verengde Koninkryksvisie, waarop God nie die keur van sy seëninge kan uitstort nie.

Die Kommissie meen dat, aangesien die Kerk nog geen duidelike Sendingvelde kon identifiseer nie, finansiële bystand verleen moet word aan reeds bestaande Sendingaksies soos:

- 1. Suid-Afrikaanse Aksie vir Wêreld Evangelisasie,
- 2. Christelike Sending Internasionaal,
- 3. Eilande Sending,
- 4. Christelike Nasionale Hospitaalbond.

Indien die Finansiële Kommissie hierdie bedrag onder item 1 sou aanbeveel vir goedkeuring deur die Sinode word verder gevra dat ’n Sentrale Fonds in die lewe

geroep word vir bystand aan goedgekeurde Sendingorganisasies en plaaslike projekte. Sodanige Fonds sal deur die Finansiële Kommissie geadministreer kan word, maar toewysing van fondse aan goedgekeurde organisasies, en plaaslike projekte sal op versoek van die Kommissie vir Sending en Evangelisasie aan die Finansiële Kommissie, uitbetaal word.

Alle toewysings sal op merietegronslag plaasvind. Alle toewysings van fondse sal behoorlik gemotiveer word deur die Kommissie vir Sending en Evangelisasie.

Die Kommissie vir Sending en Evangelisasie meen dat so ’n Sentrale Fonds meer geloofwaardigheid sal verleen aan die APK wat reeds ge-etiketeer word as ’n Kerk wat eksklusief is en geen Sendingwerk doen nie.

Alleen evangeliese sendingorganisasies met geen verbintenis met die New Age beskouinge of die Liberale en Bevrydingsteologie nie sal oorweeg word vir finansiële bystand uit die Sentrale Fonds.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VYFDE SINODE 16 - 21 SEPTEMBER 1991

VERSLAG: KOMMISSIE VIR DIE ARGIEF, VIDEO’S EN FOTO’S

1. PERSONEEL

Die kommissie bestaan uit ouderlinge AHP Louw (Voorsitter), HLF de Wet, di. J Ries en WM Grové (Skriba).

2. VERGADERINGS

Een vergadering is te Pretoria gehou op 19/2/1991 en ’n telefoonkonferensie op 11/7/1991. Laasgenoemde is so laat eers gehou as gevolg van die Skriba se afwesigheid en siekteverlof van sewe weke.

3. VIR KENNISNAME

3.1 Geen geskikte lokaal:

Die kommissie kon nog geen tasbare werk doen nie omdat ’n geskikte lokaal nog nie beskikbaar was nie. Ander opdragte het agterweë gebly, as gevolg van die verwyderdheid van die kommissie se lede - kyk aanbeveling 4.3.

3.2 Brief met riglyne:

Uit vorige verslae en sinodale besluite is riglyne vir die gemeente se argief opgestel, en ’n bruikbare skema vir die inrig van ’n argief saamgestel. Hierdie stukke word met begeleidende brief uitgestuur na gemeentes en ringskribas.

’n Brief aan die Skriba van elke Sinodale Kommissie is ook uitgestuur.

4. LASGEWING VAN HIERDIE KOMMISSIE

AANBEVELINGS:

4.1 Naam:

Die naam van die kommissie is onnodig lomp. Waarom word een deel van sy opdrag daarin beliggaam? Dis tog gelykwaardig met die ander opdragte.

Aanbeveling:

Die naam is: Kommissie vir die Kerkargief.

4.2 Bewaring van Argiefmateriaal:

By punt 1 van die lasgewing word bygevoeg "sover moontlik".

4.3 Opdrag 7:

Met betrekking tot opdrag 7, vind die lede van die kommissie as gevolg van afstande en oningeligtheid dit moeilik. Daarom die volgende aanbeveling:

By die samestelling van die kommissie word (1) kontinuïteit in gedagte gehou en (2) ’n vyfde lid, woonagtig in/by

Pretoria benoem om as skakel op te tree vir die uitvoering van hierdie opdrag.

5. ANDER SAKE

5.1 KO Bepaling 4:

Die kommissie vra ten opsigte van Bep. 4A verduideliking oor wat bedoel word met "dooplidmaatregister" naas die doopregister en ook 'n "kronologiese doopregister".

5.2 Praktiese uitvoerbaarheid van Bep 4A:

Die kommissie vra ook verduideliking oor die praktiese uitvoerbaarheid van bogenoemde twee registers. Hierdie saak het nie van die Argiefkommissie af in die Kerkorde gekom nie.

6. BEGROTING

Met die verstandhouding dat volgens 'n vorige begroting en daaropvolgende versoek, genoegsaam fondse beskikbaar gehou word vir die doelmatige toerusting van die uiteindelijke argieflokaal, vra hierdie kommissie weer net vergaderingskoste: R1500.00

Indien die Kommissie vir Finansies verhoging in die kilometertarief vir reise voorsien, vra ons dat hulle goedgunstiglik bogenoemde bedrag dermate aanpas.

wg. **WM GROVÉ** (*Skriba*)